

**DIE UITBEELDING VAN SEMITIESE HANDELAARS EN OOGVERF IN DIE
BENI HASANMUURSKILDERY**

deur

HESTER SOPHIA JACOBA ZEELIE

voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

DOCTOR PHILOSOPHIAE in GODSDIENSWETENSKAP

in die vak

BYBELSE ARGEOLOGIE

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: PROF M LE ROUX

MEDE-STUDIELEIER: DR L LAMPRECHT

FEBRUARIE 2020

Studente nommer 497-387-9

VERKLARING

Ek verklaar dat **DIE UITBEELDING VAN SEMITIESE HANDELAARS EN OOGVERF IN DIE BENI HASANMUURSKILDERY** my eie werk is en dat al die bronne wat ek gebruik en aangehaal het, aangedui en erken is by wyse van volledige verwysings.



HANDTEKENING

(MEV HSJ ZEELIE)

28 Februarie 2020

DATUM

VOORWOORD

Eerstens my lof en dank aan my Hemelse Vader wat my die gemoedsrus en deursettingsvermoë verleen het om hierdie studie te voltooi.

Aan my studieleier PROF M LE ROUX my opregte dank vir haar rol as studieleier, haar voortdurende toeganklikheid, meelewendheid, entoesiasme en uitstekende leiding wat hierdie tesis moontlik gemaak het.

Aan my mede-studieleier DR L LAMPRECHT wil ek ook my opregte dank betuig vir haar bydrae as mede-studieleier tot hierdie tesis en vir haar uitstekende taalkundige leiding.

CECILIA BEUKES word bedank vir die taalkundige versorging van hierdie tesis.

IRWIN WERTWIJN word bedank vir die Duitse vertaalwerk.

ELSABE NEL word bedank vir haar waardevolle bydrae as vakreferent deur altyd die mees relevante literatuur te voorsien.

My opregte dank aan my seun ROBERT en my vriendinne HERMINA en HELENE. Hulle volgehoue aanmoediging, beskikbaarheid en voortdurende hulp en ondersteuning was vir my baie kosbaar en onontbeerlik.

Hierdie tesis is 'n huldeblyk aan my ouers, wyle JAN en CHRISTINA VAN ZYL wat sedert my kinderdae by my 'n wye belangstelling in baie dinge gekweek het en my vanaf my vroegste herinnering, altyd aangemoedig het om 'te leer!'

OPSOMMING

Hierdie studie fokus op 'n interpretasie van die *Beni Hasanmuurskildery* en meegaande inskripsie wat in *Graf BH3* in Egipte ontdek is. Die *skildery* dateer uit ongeveer 1892 v.C. en kom voor in die graftombe van die provinsiale goewerneur van die Oryxprovinsie – Khnum-hotep II. Met die *muurskildery* en inskripsie deur die koninklike hofs krywer Neferhotep as vertrekpunt en teoretiese raamwerk, word daar 'n kwalitatiewe ondersoek gedoen na die herkoms, identiteit en rol van die handelaars en ander items, veral oogverf, wat in die *skildery* uitgebeeld word. Benewens die interpretasie van die *Beni Hasanmuurskildery*, steun die studie ook op beskikbare inligting in eietydse teologiese- en argeologiese publikasies.

Deur 'n multi-dissiplinêre benadering te volg, word daar gepoog om meer inligting te bekom oor die geografiese ligging en argitektuur van *Graf BH3*, die belangrikheid van graf-outobiografie, die identiteit van die handelaars en die doel van hulle besoek. Dit blyk dat die *muurskildery* 'n belangrike gebeurtenis in Egipte en die Semitiese wêreld van die premonargale tydperk uitbeeld, en meer spesifiek die tyd en konteks waarin verhale van die sogenaamde 'aartsvaders', soos hulle in die Hebreeuse Bybel beskryf word, afgespeel het. Aangesien daar 'n gebrek aan argeologiese en geskrewe (Bybelse en buite-Bybelse) bronne oor die proto-Israelitiese samelewing bestaan, hoop die studie om 'n bydrae te lewer tot navorsing oor die tydperk, en veral die verhouding tussen die Semiete en Egiptenare.

Spesiale aandag word gegee aan die uiterlike voorkoms van die handelaars en goewerneur, en aan die aard en funksie van elke gebruiksartikel wat in die *skildery* uitgebeeld word, soos die kleredrag, donkies, wapens en musiek-instrumente. Omdat daar in die inskripsie spesifiek melding gemaak word van oogverf, word die belangrikheid van oogverf ten opsigte van magies-religieuse, kultiese, mediese, begrafnis-, ekonomiese (handels-) en kosmetiese gebruike, asook die vervaardiging en samestelling daarvan, breedvoerig ondersoek.

SLEUTELTERME

Beni Hasanmuurskildery, *Graf BH3*, Khnum-hotep II, Semitiese handelaars, 'aartsvadertydperk', handelaars en handelsitems, welwillendheidsgeskenke, blaasbalke, musiekinstrumente, wapens, geografiese oorsprong, oogverf, Puntland, handelsroetes, mediese gebruike, vervaardiging, aanwending, voor- en nadele van oogverf.

SUMMARY

This study focuses on an interpretation of the *Beni Hasan mural* and accompanying inscription discovered in *Tomb BH3* in Egypt. The painting dates back to about 1892 BC and is found in the tomb of the provincial governor of the Oryx province - Khnum-hotep II. With the *mural* and inscription by the royal court writer Neferhotep as point of departure and theoretical framework, a qualitative inquiry is made into the provenance, identity and role of the merchants and other items, especially eye painting, depicted in the painting. In addition to interpreting the *Beni Hasan mural*, the study also relies on available information in contemporary theological and archaeological publications.

By following a multi-disciplinary approach, an attempt is made to obtain more information about the geographical location and architecture of *Tomb BH3*, the importance of tomb autobiography, the identity of the merchants and the purpose of their visit. It appears that the *mural* depicts an important event in Egypt and the Semitic world of the pre-monarchic period, and more specifically the time and context in which stories of the so-called 'patriarchs', as described in the Hebrew Bible, played. As there is a lack of archaeological and written (biblical and extra-biblical) sources on proto-Israelite society, the study hopes to contribute to research on the period, and especially the relationship between the Semites and Egyptians.

Special attention is paid to the external appearance of the merchants and the governor, and to the nature and function of each commodity depicted in the painting, such as the dress, donkeys, weapons and musical instruments. Because the inscription specifically mentions eye makeup, the importance of eye makeup with regard to magical-religious, cultural, medical, economic (trade) and cosmetic uses, as well as the manufacture and composition thereof, is extensively investigated.

KEY TERMS

Beni Hasan mural, *Tomb BH3*, Khnum-hotep II, Semitic merchants, patriarchal period, merchants and trade items, benevolent gifts, bellows, musical instruments, weapons, geographical origin, eye paints, Puntland, trade routes, medical uses, manufacturing, application, advantages and disadvantages of eye paints.

INHOUDSOPGAWE

VERKLARING	ii
VOORWOORD	iii
OPSOMMING	iv
SUMMARY	v
LYS VAN FIGURE	xiii

HOOFSTUK EEN

INLEIDING

1.1	AGTERGROND	1
1.2	PROBLEEMSTELLING EN NAVORSINGSVRAE	4
1.3	DOELWITTE VAN DIE STUDIE	6
1.4	HIPOTESE	7
1.5	STRUKTUUR VAN DIE VERHANDELING	8
1.6	LITERATUURSTUDIE	11
1.6.1	Primêre bronne	11
1.6.2	Sekondêre bronne	12
1.7	BEPERKINGE EN AFBAKENING VAN DIE STUDIE	14

HOOFSTUK TWEE

HISTORIESE EN GEOGRAFIESE AGTERGROND VAN DIE BENI HASANMUURSKILDERY EN DIE HANDELAARS

2.1	INLEIDING	16
2.2	GEOGRAFIESE LIGGING	17
2.3	HISTORIESE AGTERGROND	20
2.3.1	Ontstaan van graf-outobiografieë	20
2.3.2	Ontstaan van die Beni Hasangrafte	22
2.3.3	Ontdekking van die Beni Hasangrafte	223
2.3.4	Vervloekingstekste	25
2.3.5	Graf-outobiografie van Khnum-hotep II	26
2.4	ARGITEKTUUR VAN <i>GRAF BH3</i>	30
2.5	GEBRUIK VAN KLEUR	33
2.6	PLIGTE VAN GOEWERNEURS	33

2.7	UITBEELDING VAN DIE HANDELSGESELSKAP.....	35
2.7.1	Egiptiese amptenare om geselskap te begelei	35
2.7.2	Handelsprotokol en welwillendheidsgeskenke	36
2.7.2.1	<i>Die uitruil van welwillendheidsgeskenke</i>	36
2.7.2.2	<i>Oorhandiging aan heersers of tempels.....</i>	36
2.7.2.3	<i>Die doel van welwillendheidsgeskenke.....</i>	37
2.7.3	Posisie, titel en kleredrag van die leier	38
2.7.3.1	<i>Leier se posisie, naam en titel</i>	38
2.7.3.2	<i>Leier se kleredrag</i>	39
2.7.4	Rol van die bokke.....	41
2.7.5	Posisie van die wagte, vroue en kinders	43
2.8	IDENTITEIT VAN DIE HANDELAARS	45
2.8.1	Verskillende teorieë	45
2.8.1.1	<i>Hyksos.....</i>	46
2.8.1.2	<i>Semiete.....</i>	47
2.8.1.3	<i>Grenspolisie.....</i>	52
2.9	GEOGRAFIESE LIGGING VAN SHUT	52
2.9.1	Trans-Jordanië.....	53
2.9.1.1	<i>Moab.....</i>	53
2.9.1.2	<i>Gilead</i>	53
2.9.2	Die Sinai-Woestyn.....	54
2.9.3	Egipte	54
2.9.4	Die Oostelike Woestyn.....	55
2.10	GEVOLGTREKKING.....	55
2.10.1	Fisiese uitbeelding van die handelsgeselskap	56
2.10.2	Die doel van die handelaars se besoek	57
2.10.3	Die rol van handelaars.....	57
2.10.4	Graftombes en –outobiografieë	58

HOOFSTUK DRIE

UITBEELDING VAN DIE SEMITIESE HANDELAARS EN EGIPTENARE

3.1	INLEIDING	61
3.2	UITERLIKE VOORKOMS VAN SEMIETE EN EGIPTENARE	62
3.3	HAARSTYLE.....	62
3.3.1	Simboliek van hare	63
3.3.2	Versorging van hare	64

3.3.3	Haarstyle van Semitiese en Egiptiese mans	66
3.3.3.1	<i>Haarstyle van Semitiese mans</i>	66
3.3.3.2	<i>Haarstyle van Egiptiese mans</i>	67
3.3.4	Baardstyle van Semitiese en Egiptiese mans	68
3.3.4.1	<i>Simboliek van baarde</i>	69
3.3.4.2	<i>Baardstyle van Semitiese mans</i>	69
3.3.4.3	<i>Baardstyle van Egiptiese mans</i>	71
(a)	Egiptiese koninklikes	71
(b)	Gewone Egiptiese mans	73
3.3.5	Die rol van haarkappers	74
3.4	VROULIKE HAARSTYLE	77
3.4.1	Haarstyle – Semitiese vroue	77
3.4.2	Haarstyle – Egiptiese vroue	79
3.4.3	Pruike	80
3.4.4	Stilering van hare	82
3.4.5	Hoofbedekkings	83
3.5	PERSOONLIKE VERSORGING	84
3.5.1	Versorging van vroue	85
3.5.2	Persoonlike higiëne van Semiete	86
3.5.3	Persoonlike higiëne van Egiptenare	87
3.6	VERSORGING VAN SEMIETE EN EGIPTENARE SE HANDE EN VOETE ... 88	
3.6.1	Versorging van Semiete se hande	88
3.6.2	Versorging van Egiptenare se hande	89
3.6.3	Versorging van Semiete se voete	90
3.6.4	Versorging van Egiptenare se voete	92
3.7	VOORBEREIDING VAN DIE GELAAT	93
3.7.1	Semiete se gebruik van velsorgmiddels	93
3.7.2	Egiptenare se gebruik van velsorgmiddels	94
3.7.3	Gesigmaskers	95
3.7.3.1	<i>Voorkoming van plooië</i>	96
3.7.3.2	<i>Donkiemelk</i>	97
3.8	KLEREDRAG	98
3.8.1	Doel van kleredrag	98
3.8.2	Simboliek van ‘Israelitiese’ kleredrag	99
3.8.3	Leier se kleredrag	99
3.8.4	Kleredrag van Semiete, Egiptenare en wagte	101
3.8.4.1	<i>Kleredrag – Semitiese mans</i>	101

3.8.4.2	<i>Kleredrag – Semitiese vroue</i>	101
3.8.4.3	<i>Kleredrag – Egiptiese mans</i>	102
3.8.4.4	<i>Kleredrag – Egiptiese vroue</i>	103
3.8.4.5	<i>Wagte se kleredrag</i>	104
3.9	SKOENE.....	105
3.9.1	Semiete se skoene en sandale	106
3.9.2	Wagte se sandale	107
3.9.3	Egiptenare se sandale	108
3.10	GEVOLGTREKKING.....	109
3.10.1	Voorkoms van karavaanlede en Egiptenare	109
3.10.2	Haar- en baardstyle	111

HOOFSTUK VIER
HANDELS- EN ANDER ITEMS SOOS UITGEBEELD IN DIE BENI
HASANMUURSKILDERY

4.1	INLEIDING	113
4.2	ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN HANDEL	114
4.3	ARGELOGIESE EN LITERÊRE GETUIENIS VAN HANDEL.....	115
4.4	SIENING EN ROL VAN HANDELAARS	118
4.4.1	Siening van handelaars	118
4.4.2	Rol van handelaars	121
4.5	OOGVERF.....	122
4.5.1	Mynbouspesialiste	123
4.5.2	Ontginning van kopererts	124
4.6	ANDER ITEMS OF MOONTLIKE HANDELSPRODUKTE.....	125
4.6.1	Blaasbalke	125
4.6.2	Musiekinstrumente	129
4.6.2.1	<i>Die rol van musiek</i>	129
4.6.2.2	<i>Snaarinstrumente</i>	131
4.6.3	Wapens	134
4.6.3.1	<i>Soorte wapens</i>	135
(a)	Langafstandwapens	136
(b)	Medium-afstand wapens	137
(c)	Kort-afstand wapens.....	137
4.6.4	Tekstiele en vroue se deelname aan handel	138
4.6.5	ANDER ARTIKELS	141
4.6.5.1	<i>Gooihout</i>	141

4.6.5.2	<i>Tou en watersak</i>	142
4.7	DONKIES	142
4.7.1	Donkies as pakkdiere	1423
4.7.2	Donkies vir seremoniële en rydoeleindes	144
4.7.3	Donkiekaravane	145
4.8	BETAALMIDDELE, MATE EN GEWIGTE	147
4.8.1	Betaalmiddele	147
4.8.2	Mate- en gewigte	149
4.9	DOEL VAN DIE BESOEK	150
4.10	GEVOLGTREKKING.....	151
4.10.1	Status en identiteit van die Beni Hasanhandelaars	151
4.10.2	Mynbou	152
4.10.3	Handelsitems	153
4.10.4	Die belangrikheid van donkies	154
4.10.5	Die impak van handel	155

HOOFSTUK VYF GEBRUIKE, SAMESTELLING EN GEOGRAFIESE OORSPRONG VAN OOGVERF

5.1	INLEIDING	156
5.2	GEBRUIKE VAN OOGVERF.....	157
5.2.1	Magies-religieuse gebruike van oogverf	157
5.2.2	Kultiese gebruike van oogverf	1612
5.2.3	Mediese gebruike van oogverf	162
5.2.3.1	<i>Oogverf as voorkomende maatreël</i>	163
5.2.3.2	<i>Bekamping van oogsiectes volgens die Eybers Papyrus</i>	166
(a)	Voorskrifte uit die <i>Eybers Papyrus</i>	166
(b)	Herstel van sig	167
(c)	Blindheid	1689
(d)	Die bekamping van oogkwale	169
5.2.3.3	<i>Kwaliteit van oogverf</i>	170
5.2.4	Kosmetiese gebruike van oogverf	172
5.2.4.1	<i>Egipte</i>	172
5.2.4.2	<i>Ou Nabye Oosterse volke</i>	172
5.2.5	Begrafnisgebruike van oogverf	174
5.3	CHEMIESE SAMESTELLING VAN OOGVERF.....	175
5.3.1	Kohl	175

5.3.2	Malagiet en galena	176
5.3.3	Antimoon	177
5.3.4	Sinteties vervaardigde oogverf	178
5.3.5	Ander soorte oogverf	179
5.4	GEOGRAFIESE OORSPRONG VAN OOGVERF	180
5.4.1	Egipte	181
5.4.1.1	<i>Malagiet</i>	181
5.4.1.2	<i>Galena</i>	182
5.4.2	Puntland	183
5.4.2.1	<i>Ekspedisies na Puntland</i>	183
(a)	Koning Sahure.....	183
(b)	Harkuff	184
(c)	Koningin Hatshepshut	184
5.4.2.2	<i>Moontlike liggings van Puntland</i>	184
(a)	Nubië, Oostelike Soedan, Eritrea, Ethiopië en Somalië.....	186
(b)	Jemen.....	187
(c)	Palestina en Fenisië	187
(d)	Khent Hunnefer	188
(e)	Mosambiek	188
5.5	PLEKKE WAAR HANDEL GEDRYF WAS	189
5.6	PROBLEME EN GEVARE	190
5.7	BELANGRIKE HANDELSROETES VIR DIE VERVOER VAN OOGVERF EN ANDER HANDELSITEMS	192
5.7.1	Die Via Maris	194
5.7.2	Die Koningsweg	194
5.7.3	Die Weg van Shur	196
5.8	BELANGRIKE HANDELSROETES TER SEE	199
5.8.1	Agtergrond tot langafstand seeroetes	199
5.8.2	Middellandse Seeroete	199
5.8.3	Indiese Oseaanroete	201
5.9	GEVOLGTREKKING	205
5.9.1	Gebruike en belangrikheid van oogverf	205
5.9.2	Chemiese samestelling van oogverf	207
5.9.3	Handelsroetes en wyse van vervoer	208

HOOFSTUK SES
DIE VERVAARDIGING EN AANWENDING VAN OOGVERF DEUR DIE SEMIETE
EN EGIPTENARE

6.1	AGTERGROND	210
6.2	ARGEOLOGIESE EN LITERÊRE GETUIENIS	211
6.3	AGTERGROND TOT DIE SKOONHEIDSINDUSTRIE.....	213
6.4	AGTERGROND TOT DIE GEBRUIK VAN OOGVERF.....	214
6.5	OOGVERF.....	215
6.5.1	Semitiese gebruik van oogverf	215
6.5.1.1	<i>Direkte Bybelse verwysing.....</i>	216
6.5.1.2	<i>Indirekte Bybelse verwysings.....</i>	217
6.5.1.3	<i>Buite-Bybelse verwysings</i>	218
6.5.2	Egiptiese gebruik van oogverf.....	219
6.5.3	Skakerings, vervaardiging en aanwending van oogverf.....	220
6.5.3.1	<i>Skakerings van oogverf.....</i>	220
6.5.3.2	<i>Vervaardiging van oogverf.....</i>	221
6.5.3.3	<i>Aanwending van oogverf.....</i>	222
6.5.3.4	<i>Nadele van oogverf.....</i>	225
6.5.4	Implemente vir die vervaardiging en aanwending van oogverf	226
6.5.4.1	<i>Palette.....</i>	227
6.5.4.2	<i>Vorm en versiering van palette.....</i>	227
6.5.4.3	<i>Mengbakkies</i>	230
6.5.4.4	<i>Spatels en kosmetiekkissies.....</i>	232
6.5.4.5	<i>Houers vir oogverf.....</i>	235
6.5.5	Hipotese vir die oorskakeling van groen na swart oogverf	238
6.5.5.1	<i>Gesigverwe</i>	240
6.5.5.2	<i>Lipverf.....</i>	242
6.5.5.3	<i>Naelverf.....</i>	244
6.5.5.4	<i>Verf as permanente versiering.....</i>	244
6.6	DIE ROL VAN KOSMETOLOË	245
6.7	GEVOLGTREKKING.....	248
6.7.1	Die vroegste gebruik van oogverf	248
6.7.2	Die vervaardiging van oogverf.....	248
6.7.3	Die aanwending van oogverf	249
6.7.4	Implemente en houers vir die vervaardiging, gebruik en aanwending van oogverf.....	250

6.7.5	Die voor- en nadele van oogverf	251
--------------	--	------------

HOOFSTUK SEWE
GEVOLGTREKKING

7.1	METODOLOGIE	252
7.2	DIE HISTORIESE EN GEOGRAFIESE AGTERGROND VAN DIE <i>BENI HASANMUURSKILDERY</i> EN DIE HANDELAARS (HOOFSTUK TWEE).....	253
7.3	DIE UITBEELDING VAN DIE HANDELAARS EN EGIPTENARE (HOOFSTUK DRIE).....	255
7.4	DIE UITBEELDING VAN HANDELS- EN ANDER ITEMS (HOOFSTUK VIER)	257
7.5	GEBRUIKE, SAMESTELLING EN GEOGRAFIESE OORSPRONG VAN OOGVERF (HOOFSTUK VYF)	260
7.6	VERVAARDIGING EN AANWENDING VAN OOGVERF (HOOFSTUK SES)	261
7.7	TEN SLOTTE	261
7.7.1	Oogverf.....	261
7.7.2	Die identiteit van die handelaars	263
7.7.3	Die ‘aartsvaders’	265
	BRONNELYS	267
	AFKORTINGS	267
	WERKE GERAADPLEEG	269
	ARTIKELS ELEKTRONIES VERKRY.....	284
	FOTOS ELEKTRONIES VERKRY	285

LYS VAN FIGURE

Fig. 2.1	Wit Oryx.....	18
Fig. 2.2	Geografiese ligging van Beni Hasan en Oryxprovinsie	19
Fig. 2.3	Beni Hasanhandelaars	24
Fig. 2.4	Neferhotep se dokument.....	26
Fig. 2.5	Khnum-hotep II se aantreklike en indrukwekkende profiel	27
Fig. 2.6	Osiris.....	28
Fig. 2.7	Anubis.....	28
Fig. 2.8	Uitleg van <i>Graf BH3</i>	30
Fig. 2.9	Ibsha se deftige ampsgewaad met ontblote skouer.....	40

Fig. 2.10 Swart Obelisk van Salmaneser .	41
Fig. 2.11 Uittreksel uit Swart Obelisk.....	41
Fig. 2.12 Capra Ibex Nubiana.....	42
Fig. 2.13 Gazella Dorcas.....	42
Fig. 3.1 Haarstyl van Semitiese mans.....	66
Fig. 3.2 Koning Assurbanipal.....	70
Fig. 3.3 Koning Assurbanipal.....	70
Fig. 3.4 Skoongeskeerde Thutmoses III.....	72
Fig. 3.5 Koningin Hatshepsut.....	72
Fig. 3.6 Prins Rahotep.....	73
Fig. 3.7 Koningin Kawit se hare word gestileer.....	76
Fig. 3.8 Haarstyl – Semitiese vroue.....	77
Fig. 3.9 Krultang.....	80
Fig. 3.10 Pruik met pruikhouer.....	81
Fig. 3.11 Verskeidenheid manlike pruike.....	81
Fig. 3.12 Lagisreliëf.....	84
Fig. 3.13 Voetbad.....	90
Fig. 3.14 Wagte se kleredrag.....	104
Fig. 3.15 Skoene van Semitiese vroue.....	107
Fig. 3.16 Wagte se leersandale.....	108
Fig. 3.17 Gepunte Egiptiese sandale.....	131
Fig. 3.18 Egiptiese sandale van papyrus.....	108
Fig. 4.1 'Blaasbalke' in die Beni Hasanskildery.....	126
Fig. 4.2 'Blaasbalke' in die Beni Hasanskildery.....	126
Fig. 4.3 Draagbare blaasbalk funksioneer met gebruik van voete.....	127
Fig. 4.4 Deursnee van blaasbalk.....	128
Fig. 4.5 Blaasbalke vir industriële gebruik.....	128
Fig. 4.6 Lierspeler in Beni Hasanskildery.....	130
Fig. 4.7 Sumeriese lier.....	132
Fig. 4.8 Die danser van Dan.....	133
Fig. 4.9 Saamgestelde pyl en boog.....	136
Fig. 4.10 Voorste gedeelte van eendbekstrydbyl.....	137
Fig. 4.11 Jagtoneel met gooihout.....	141
Fig. 4.12 Hacksilber.....	148
Fig. 4.13 Geweegdesilwerstukke.....	148

Fig. 5.1 Horus.....	159
Fig. 5.2 Ra.....	159
Fig. 5.3 Verskeidenheid Egiptiese amulette	160
Fig. 5.4 Leyden Papyrus	161
Fig. 5.5 Uittreksel uit <i>Eybers Papyrus</i>	166
Fig. 5.6 <i>Galena</i> in natuurlike vorm	171
Fig. 5.7 Assiriese mans	173
Fig. 5.8 Sumeriese man.....	173
Fig. 5.9 Antimoon in natuurlik vorm.....	177
Fig. 5.10 Illustrasie van ‘n skip van Hatshepshut se ekspedisie	185
Fig. 5.11 Seëvierende soldate van Puntland-ekspedisie	185
Fig. 5.12 Internasionale handelsroetes in Palestina	195
Fig. 5.13 Geografiese ligging van koperproduserende plekke	197
Fig. 5.14 Internasionale handelsroetes oor land en ter see	202
Fig. 6.1 Aanwending van oogverf	224
Fig. 6.2 Donkerkleurige Egiptenaar.....	225
Fig. 6.3 Koningin Nefertiti	225
Fig. 6.4 Rooi See skulp.....	228
Fig. 6.5 Oogverf-implemente.....	228
Fig. 6.6 Narmerpalet	228
Fig. 6.7 Voëlnestipe palet	229
Fig. 6.8 Mengbakkies	231
Fig. 6.9 Mengbakkie met stamper	231
Fig. 6.10 Spatel van hematiet.....	232
Fig. 6.11 Meervoudige kohlhouer met spatel	232
Fig. 6.12 Ronde punt spatel	233
Fig. 6.13 Skerp punt spatel	233
Fig. 6.14 Kosmetiekkissie.....	234
Fig. 6.15 Bobbejane met mandjies oogverf	236
Fig. 6.16 Vergulde skulp.....	236
Fig. 6.17 <i>Tridacna Squamosa</i> skulpe	236
Fig. 6.18 Kohlhouer - koningin Tiye	237
Fig. 6.19 Kohlhouer - koningin Hatshepshut.....	237
Fig. 6.20 Vrou met poeierkwas.....	241
Fig. 6.21 Ank spieël.....	241
Fig. 6.22 Hathor spieël.....	241
Fig. 6.23 Donker geverfde wange.....	242
Fig. 6.24 Lipverf - Turyn Papyrus	243
Fig. 6.25 Vroulike luitspeler	245

Fig. 6.26 Fajoem portret	247
Fig. 6.27 Fajoem portret	247

HOOFSTUK EEN

INLEIDING

1.1 AGTERGROND

Die ontdekking van 'n klein *muurskildery* in Egipte, wat die aankoms van 'n kleurvolle handelskaravaan uitbeeld, word as vertrekpunt vir die studie gebruik. Dié *muurskildery*, wat bekend staan as die *Beni Hasanmuurskildery*, word in die graftombe van die provinsiale goewerneur Khnum-hotep II van die Oryxprovinsie, in Middel Egipte aangetref. Die betrokke graf was bekend as Graf nommer Drie by Beni Hasan (hierna verwys as *Graf BH3*) wat deel uitgemaak het van die boonste ry van 39 elite grafte in die Beni Hasannekropolis.¹ Akademici bereken die datering van die *Beni Hasanmuurskildery* op *circa* 1892 v.C. (Shea 1981:221).

Die belangrikheid van oogverf kan moontlik afgelei word van die feit dat die priesterlike dokument wat deur die koninklike hofs krywer Neferhotep in die uitbeelding vasgehou word, melding maak van die oogverf wat die Semitiese handelaars vir Khnum-hotep II bring. 'n Weergawe van die dokument verskyn op die muur bokant die *skildery* (sien Fig. 2.3). Volgens dié inskripsie bokant die betrokke *muurskildery* in *Graf BH3*, was die handelaars van Shut afkomstig (Shea 1981:221, ook Shutu genoem) en het hulle oogverf aan die provinsiale goewerneur Khnum-hotep II oorhandig. Die koninklike hofs krywer Neferhotep verwys na die handelaars as 'Aamu' (Asiate), wat vermoedelik Semities² van oorsprong was op grond van hulle fisieonomie en materiële kultuur.

Die datering van die *muurskildery* (en die tyd wanneer die handelaars by Menat-Khufu aangekom het, sien Fig. 2.3) stem min of meer ooreen met die tyd of konteks waarbinne verhale soos dié van die sogenaamde 'aartsvaders,' soos hulle in die Hebreuse Bybel beskryf word, afgespeel het. Ongelukkig kan die 'aartsvadertydperk'³ kronologies moeilik met

¹ Dodestad (Odendal *et al* 1991:732)

² Semiete kan gedefinieer word as alle lede van etniese, kulturele en rasse-groepe wat in antieke suid-westelike Asië gewoon het, insluitend die Fenisiërs, Kanaäniete, Galdeërs, Arameërs en selfs Arabiere. <https://www.dictionary.com/brows/semite?5=t> (Geraadpleeg 18 Februarie 2020).

³ Persone wat gedurende die sogenaamde 'aartsvadertydperk' geleef het – 'n tydperk wat vandag histories en kronologies moeilik met sekerheid gedefinieer of gedateer kan word en moontlik die voorvaders van die latere Israeliete was (Grabbe 1997:12).

sekerheid gedefinieer of dateer word. Dié verhale handel veral oor die doen en late van die stamvaders (patriarge) (en –moeders, my byvoeging) wat later as die volk Israel bekend sou staan (Odendal *et al* 1991:15).

Die aartsvaders, of Semiete, wat in die Bybelse verhale voor die totstandkoming van die koningskap beskryf word, staan in akademiese kringe as ‘proto-Israeliete’ (of die ‘stamme van Israel’) bekend omdat daar na alle waarskynlikheid nog geen sprake van ‘n ‘volk’ Israel was nie. Die stamvaders, Abram, Isak en Jakob en hul verwante stamme (vgl. Gn. 12-50) word hoofsaaklik as nomades, veeboere, handelaars (vgl. Gn. 37:25), tentmakers en koper- en metaalwerkers in die Ou Testamentiese verhale uitgebeeld.⁴

Die proto-Israelitiese samelewing het ‘n algehele gebrek aan fisiese uitbeeldings of monumentale en koninklike inskripsies soos wat in Egipte en Assirië aangetref word. Min inligting is ook beskikbaar oor oogverf of enige handel tussen die Semitiese wêreld en Egipte gedurende die tydperk van die aankoms van die Semitiese handelaars by Khnum-hotep II.

Daar is egter *beperkte inligting* oor Semitiese handelaars (of aartsvaders) in die premonargale tydperk. Afgesien van Midianitiese handelaars wat gomme, harse, balsem en selfs mense in Egipte wou verkoop (Gn. 37:25-28), word daar slegs melding van Salomo (*circa* tiende eeu v.C.) se handels-ooreenkoms met Koning Hiram van Tirus gemaak (2 Kr. 1:16-17, 8:17-18, 9:21; 1 Kn. 9:26-28, 10:11-12), asook die Koningin van Sakeba se besoek aan voorgenoemde, om wedersydse handelsbande te smee (1 Kn. 10; 2 Kr. 9). Mondriaan (2010:319) verwys ook na verwante Semitiese stamme wat as rondswerwende kopersmee-werkers en handelaars hul bestaan in die Sinai-gebied gevoer het: Die afstammeling van Kaïn – Jubal wat in tente gewoon en veeboere was (Gn. 4:20), Jubal wat die stamvader van musikante was en die lier en pyp gespeel het (Gn. 4:21), asook die afstammeling van Tubal-Kaïn wat ‘smede in yster en koper’ was (Gn. 4:22), het hul bestaan in die Sinai gevoer.

⁴ Hierdie ‘aartsvaderverhale’ stem gedeeltelik ooreen met die geskiedenis van die Hopi Indiane in die Amerikaanse Suid-weste wie se vroeëre geskiedenis ook onbekend is, weens ‘n gebrek aan geskrewe of argeologiese bronne (Grabbe 2012:121). Sedert hulle onder Amerikaanse beheer en die invloed van die Christendom gekom het, is daar met behulp van hul mondelinge mites vasgestel dat hulle ook ‘n migrerende volk was totdat ‘n eie grondgebied aan hulle toegeken is (Grabbe 2012:121-122).

Die Hebreuse Bybel verskaf egter belangrike inligting oor die internasionale handel soos dit destyds gefunksioneer het. In dié verband word melding gemaak van die vloot van Salomo se skepe wat na Ofir gevaar het om onder andere 14 ton goud en ander luukse handelsware te bekom (1 Kn. 9:26-28, 10:15). Dat hierdie skepe moontlik by verskeie internasionale hawens moes aandoen, blyk uit 1 Konings 9:28 wat vermeld dat hierdie handelsreise drie jaar lank geduur het. Afgesien van Salomo se betrokkenheid by handel, maak Esegïel 27 ook melding van Tirus se handelspraktyke, terwyl Joël 3:6 en Amos 1:9 ook na handel verwys.

Dit is problematies dat nie alles in die Bybelse verhale oor die ‘aartsvadertydperk,’ ná kritiese ontleding, as historiese feite aanvaar kan word nie. Dit geld veral vir die Hebreuse Bybel se verwysing na ‘aartsvaders’ of persone en ‘n tydperk waarvan die bestaan nog deur geen buite-Bybelse bronne gestaaf kon word nie. Die feit dat Abram as handelaar opgetree het, soos deur Kelso (1972:5-8) beweer word, kan ook nie deur enige ander bronne bevestig word nie. Dieselfde geld vir ander ‘aartsvaders’ soos Jakob se nomadiese leefwyse en tydelike verblyf in Egipte, ten tye van droogtes op soek na weiding vir hul veetroppe (Gn. 12:10, 47:1-7) of Isak se trek na Gerar ten tye van hongersnood (Gn. 26:1).

Die aangeleentheid word verder gekompliseer deur die feit dat Egiptiese bronne nie spesifiek verslag doen oor die teenwoordigheid van mense soos die ‘aartsvaders’ in Egipte nie. Die verband tussen die Bybel en antieke Egipte en die gebeure soos beskryf in die Ou Testament is in die algemeen problematies en deurspek met teenstrydighede (Shaw & Nicholson 2008:60). In die lig van die vaagheid van die Bybel se kronologiese raamwerk, is dit ook moeilik om sekere gebeure met spesifieke historiese periodes te sinkroniseer (Shaw & Nicholson 2008:60-61). ‘n Verdere probleem is dat gebeure wat vir die proto-Israeliete belangrik was, nie vir Egiptenare van belang was nie (Shaw & Nicholson 2008:61). Bydraend tot die probleem is die feit dat die meeste geskrewe dokumente wat op Semiete in Kanaän betrekking het, buite die gebied gevind is in die korrespondensie van die uitgebreide *koninklike argiewe* in Sumer, Babilonië, Susa, Mari en Egipte wat meestal argeologiese getuienis in ‘n groter mate bevestig as die Bybel self (Golden 2009:43).

Die *Beni Hasanmuurskildery* is van besondere historiese belang vir Bybelnavorsers, aangesien dit (heelwaarskynlik) op ‘n werklike gebeurtenis gebaseer is en eerstehandse inligting onder andere oor Semitiese handelaars/nomades se aktiwiteite, uiterlike voorkoms, kleredrag, wapens en gebruiksartikels kan verskaf.

Uit die *skildery* kan ook die afleiding gemaak word dat die verhouding tussen die Semiete en Egiptenare tydens die premonargale tydperk, van 'n vreedsame aard was (sien 2.3). Dit wil ook voorkom asof 'n aantreklike en goedversorgde voorkoms reeds in antieke tye as 'n bate beskou was, aangesien dit 'n belangrike rol in die sosiale lewe van persone in hoë posisies soos konings en hoëpriesters gespeel het, omdat dit hul aansien in die samelewing verhoog het (vgl. Reines 1975:106). Die gedagte sluit aan by die talle verwysings (uit latere verhale in die Hebreeuse Bybel) na 'mooi' of aantreklike mans en vroue soos Saul (1 Sm. 9:2), Dawid (1 Sm. 17:42), Abigail (1 Sm. 25), Batseba (2 Sm. 11), Adonia (1 Kn. 1:6) en Koninginne Vasti en Ester (Est 1:11).

Aangesien die Bybel 'n geloofsdokument is wat hoofsaaklik oor die teologiese en staatkundige geskiedenis van vroeë Israel handel, verskaf dit uiteraard weinig inligting oor die Semiete se skoonheidskultuur, behalwe enkele voorskrifte oor mans se hare- en baardstyle in die boek Levitikus. In die lig van die *Beni Hasanskildery* blyk dit of oogverf moontlik as deel van die Semitiese skoonheidskultuur aanvaar is, ten spyte van latere profetiese afkeur daarvan (byvoorbeeld in 2 Kn. 9:30; Jr. 4:30; Esg. 23:40) en godsdienstige beperkinge op die gebruik daarvan.

Die Hebreeuse Bybel bevat ook nie veel inligting oor die oorsprong van sekere grondstowwe vir die vervaardiging van skoonheidsmiddels, of die wyse waarop dit berei was nie, behalwe deur slegs na dogters wat as salfmengers in diens van die koning was, te verwys (1 Sm. 8:11). Aangesien daar nie uit die *skildery* afgelei kan word waarom oogverf aan die goewerneur oorhandig was nie, of waar die handelaars dit bekom het en vir watter doeleindes oogverf gebruik was nie, stel hierdie tesis dit ten doel om meer inligting daarvoor in te win.

1.2 PROBLEEMSTELLING EN NAVORSINGSVRAE

Die probleem wat hierdie tesis beoog om aan te spreek, is die beperkte berigging deur die Hebreeuse Bybel en buite-Bybelse bronne oor Semitiese handelaars en die gebruike van en handel in oogverf en ander items (in Egipte en die Semitiese wêreld). Die hoofnavorsingsvraag is dus:

Kan die interpretasie van die *Beni Hasanmuurskildery* as ‘n soort raamwerk dien om meer inligting oor Semitiese handelaars en hul gebruike van en handel in oogverf en ander items te bekom?

Verdere navorsingsvrae is:

- Wat is die historiese en geografiese agtergrond van die Beni Hasanrafte en -muurskildery?
- Wat was die doel van die graf-outobiografieë?
- Wat sê dit van die belangrikheid van die gebeure wat uitgebeeld word?
- Wat sê dit van die belangrikheid van die besoekers of hulle status?
- Wat sê dit vir ons van die belangrikheid van oogverf?
- Waarom het die handelaars spesifiek na Menat-Khufu in die Oryxprovinsie gereis?
- Wat was die doel van hul besoek?
- Watter handelsprotokol is gevolg?
- Wat was die doel van die oogverf wat aan die goewerneur oorhandig word?
- Hoe word ‘vreemdelinge’ in Egipte gewoonlik uitgebeeld?
- Hoe word die Semitiese handelaars uitgebeeld?
- Wat sê dit van hul herkoms?
- Wat is die ooreenkomste en verskille tussen Semiete en Egiptenare?
- Watter bydrae kan die *Beni Hasanmuurskildery* lewer om meer oor die Semiete en Egiptenare se gebruik van oogverf te wete te kom?
- Watter handels- en ander items word uitgebeeld?
- Wat kan ons uit die uitbeelding van die handels- en ander items aflei?
- Watter voordele het die gebruik van oogverf en ander skoonheidsmiddels ingehou?
- Was daar enige nadele verbonde aan die gebruik van oogverf?
- Het handelaars ‘n rol in 'n soort skoonheidsindustrie gespeel?
- Wat was die gebruike, samestelling en geografiese oorsprong van oogverf?
- Kan die argeologie ‘n bydrae lewer om lig te werp op die proto-Israeliete en Egiptenare se gebruik van oogverf en ander produkte?
- Watter invloed het die Israelitiese godsdiens op hul skoonheidskultuur uitgeoefen?
- Watter grondstowwe vir die vervaardiging van oogverf en ander skoonheidsmiddels is ter sprake en waar het dit vandaan gekom?

- Watter wyses van vervoer en handelsroetes was ter sprake?
- Kan mariene-argeologie 'n bydrae in die verband lewer?
- Hoekom word vroue en kinders in die geselskap uitgebeeld?
- Was Semitiese vroue by handel betrokke en tot watter sosiale klas het hulle behoort?
- Kan die interpretasie van die *muurskildery* enigsins bydra tot die beter verstaan van handelaars en nomadiese groepe soos beskryf in die aartsvader- en ander Bybelse verhale?

1.3 DOELWITTE VAN DIE STUDIE

Die hoofdoel is om die *Beni Hasanmuurskildery* as 'n vertrekpunt/raamwerk te gebruik om meer inligting oor Semitiese handelaars, hul identiteit en die rol en gebruik van oogverf en ander items (soos uitgebeeld) te bekom.

Ander doelwitte is die volgende:

- Om die historiese en geografiese agtergrond van die *Beni Hasanmuurskildery* na te vors.
- Om die doel van graf-outobiografieë te ondersoek.
- Om die belangrikheid van die uitbeelding van die Semitiese handelaars en oogverf te bepaal.
- Om die doel van die handelaars wat na die Oryxprovinsie gereis het te ondersoek.
- Om die handelaars se etnisiteit te probeer vasstel.
- Om meer oor die handelsprotokol te wete te kom.
- Om afleidings te probeer maak uit die fisiese voorstelling van die Semitiese handelaars en Egiptenare.
- Om die uitbeelding van 'vreemdelinge' deur Egiptenare te ondersoek.
- Om die doel van die uitbeelding van die handels- en ander items te bepaal.
- Om die doel van die oogverf wat vir die goewerneur aangebied word na te vors?
- Om die moontlike voordele en nadele van die gebruik van oogverf te identifiseer.
- Om die rol van handelaars in 'n moontlike skoonheidsindustrie te ondersoek.
- Om argeologie te gebruik om lig te werp op die proto-Israeliete en Egiptenare se gebruik van oogverf en hul skoonheidskulture.

- Om te identifiseer deur wie (en waar) die proto-Israeliete beïnvloed was om oogverf en ander skoonheidsmiddels te gebruik of andersom.
- Om meer oor die Semiete en Egiptenare se gebruik van oogverf te wete te kom.
- Om die moontlike invloed van die latere Israelitiese godsdiens op die gebruik van oogverf te ondersoek.
- Om die verskeie grondstowwe vir die vervaardiging van oogverf en ander skoonheidsmiddels en hulle oorsprong te probeer identifiseer.
- Om te kyk na die vervoeropsies wat ter sprake was om die handelsroetes aan te pak.
- Om die bydrae van mariene-argeologie na te vors.
- Om die betekenis van die teenwoordigheid en uitbeelding van vroue en kinders in die handelsgeselskap te ondersoek.
- Om te probeer vasstel of die interpretasie van die *muurskildery* 'n bydrae kan lewer tot die beter verstaan van sekere Bybelse verhale.

1.4 HIPOTESE

Deur die *Beni Hasanmuurskildery* as 'n soort teoretiese raamwerk te gebruik, kan leemtes in die Hebreeuse Bybel oor Semitiese nomades en handelaars sowel as die belangrikheid van oogverf en ander produkte moontlik gevul word. 'n *Argeologiese benadering*, tesame met ander vakwetenskappe, kan moontlik lig werp op die Egiptenare en proto-Israeliete se gebruik van oogverf en enkele ander skoonheidsmiddels en die rol wat handelaars in die verkryging daarvan gespeel het.

1.5 METODOLOGIE

1.5.1 Benadering

Vir die doeleindes van die navorsing sal 'n *kwalitatiewe benadering* gevolg word. Dit is 'n oorkoepelende term vir navorsingsmetodologieë wat volgens Fossey *et al* (2002:717) ten doel het: 'to explore, describe and explain [= report on] persons' experiences, behaviours, interactions and social contexts without the use of statistical procedures or quantification but rather through textual data or words'. Malul (2002:12-13) se siening van 'n *mensgeoriënteerde* 'buite die tekste' benadering is hier van toepassing. Gebrek aan geskrewe data

is 'n komplekse fenomeen, veral wat die Bybelse agtergrondsgeskiedenis betref. Vir hierdie rede kan hier slegs gepoog word om deur middel van nuwe perspektiewe, inligting te verkry vanuit naburige beskikbare kulture en tale (Malul 2002:99).

Die *Beni Hasanmuurskildery* sal as die vertrekpunt of raamwerk dien om meer inligting oor groepe soos die Semitiese handelaars, oogverf en ander items soos uitgebeeld, te verkry. Dit sal ook gebruik word om die uitbeelding van Semitiese handelaars (en proto-Israeliete) met die Egiptenare te vergelyk. Daarom sal dit ook 'n *vergelykende studie* wees om sekere gebruikte van die proto-Israeliete en dié van die Egiptenare te vergelyk. 'n *Multi-dissiplinêre benadering* sal gevolg word: vakdissiplines soos argeologie, geografie, antropologie, geskiedenis, chemie, botanie, estetika en teologie sal ingespan word.

Aangesien ons siening van die verlede hoofsaaklik op ons subjektiewe voorstellings en wanvoorstellings berus, sal meer spesifiek 'n *argeologiese benadering* gevolg word om meer lig te werp op die onderwerp. Daar moet voortdurend in gedagte gehou word dat argeologie ook beperkinge het, hoewel argeologiese getuienis meer betroubaar blyk te wees, aangesien dit minder vatbaar vir vooroordele as literêre getuienis is (Morley 2007:206). Hoewel argeologie as 'n wetenskaplik-georiënteerde vakgebied nog nie ten volle ontwikkel is nie en steeds aan sekere beperkinge onderhewig is, kan dit wel gebruik word om historiese bronne te herevalueer (Smith 2010:186). *Argeologie* is verteenwoordigend van alle lae van die bevolking, daarom kan dit ingespan word om die verlede en by name die kultuur-historiese agtergrond van groepe soos die 'aartsvaders' (in 'n beperkte mate) te reconstrueer en te bestudeer.

1.5.2 Struktuur van die verhandeling

Hoofstuk Twee: Historiese en geografiese agtergrond van die Beni Hasanmuurskildery. Aangesien die *Beni Hasanmuurskildery* in Egipte die vertrekpunt is waarop hierdie tesis gebaseer is, word dit deeglik onder die loep geneem ten spyte van die feit dat die *skildery* steeds in omstredenheid gehul is weens die talle uiteenlopende interpretasies en verklarings wat daarvoor gebied word.

Eerstens sal die geografiese ligging van Beni Hasan en *Graf BH3* vasgestel word. Die historiese agtergrond en die ontstaan en ontdekking van die Beni Hasanekropolis sal bespreek word. Die argitektuur van *Graf BH3* word behandel, asook die kleur waarmee die graf versier was. Onderzoek sal gedoen word om vas te stel wat die pligte van goewerneurs was. 'n Volledige interpretasie van die handelsgeselskap word verskaf, en daar sal gepoog word om meer lig te werp op aangeleenthede soos handelsprotokol, die posisie van die karavaanleier en die rol van die bokke wat in die *skildery* uitgebeeld was. Onderzoek sal gedoen word na die redes waarom die karavaan van wagte gebruik moes maak. Onderzoek sal ook gedoen word om vas te stel waarom vroue en kinders die karavaan vergesel het.

Die handelsitems en die rede waarom die geselskap juis Menat Khufu as eindbestemming gekies het, mag moontlik lig werp op voorgenoemde aangeleenthede en waarom gewapende wagte die geselskap vergesel het. Om die historiese konteks waarin die Beni Hasan-gebeurtenis plaasgevind het uit te lig, sal die opskrif bokant die *skildery* ondersoek word, so ook die doel van graf-outobiografieë en die politieke en kulturele situasie in Egipte. Verder sal die Hyksos se binnekoms, hulle invloed op die Egiptiese geskiedenis en hul nalatenskap in Egipte oorsigtelik bespreek word.

Hoofstuk Drie: Uitbeelding van die Semitiese handelaars en Egiptenare. Hierdie hoofstuk doen ondersoek na die uiterlike voorkoms en uitbeelding van die Semiete en Egiptenare. In hierdie verband sal verskille tussen die twee groepe uitgelig word. Semitiese en Egiptiese manlike haar- en baardstyle word volledig behandel, ook omdat baarde veral in die Semitiese wêreld belangrike simboliese betekenis gehad het. Ook koninklikes se baardstyle geniet hier aandag.

Aandag sal aan vroue se haarstyle gegee word om te bepaal wat die ooreenkomste en verskille tussen Semitiese en Egiptiese haarstyle is, terwyl die rol van pruie en haarkappers ook uitgelig word. Omdat beide Semiete en Egiptenare baie gesteld op persoonlike higiëne was, geniet dit hier aandag, so ook die velsorgprodukte wat gebruik is.

Die kleredrag en die rol van die karavaanleier, die Semitiese handelaars, die Egiptenare en die wagte wat die handelskaravaan vergesel het, geniet afsonderlike aandag. Dieselfde geld vir die kleredrag van die vroue wat in die *Beni Hasanmuurskildery* uitgebeeld is, asook Egiptiese vroue se kleredrag (hoewel hulle nie uitgebeeld word nie). Verskille in die

kleredrag van mans en vroue sal uitgelig word. Omdat klere destyds groot simboliese betekenis gehad het, veral in die Semitiese wêreld, word dit hier onder die loep geneem, tesame met die doel van kleredrag. Die leier se deftige gewaad wat sy belangrike posisie as leier van die karavaan moes reflekteer, geniet spesiale aandag. Verskille tussen die handelsgeselskap se skoene en die Egiptenare se sandale geniet hier aandag.

Hoofstuk Vier: Handels- en ander items soos uitgebeeld in die Beni Hasanmuurskildery. In hierdie hoofstuk word die ontstaan en ontwikkeling van handel eerstens behandel, gevolg deur die doel van handel, asook die siening en rol van handelaars. In die lig van die blaasbalke op die donkies se rûe en die vermoede dat die handelaars moontlik metaalsmede was, word ondersoek na mynbou-aktiwiteite in hierdie hoofstuk gedoen. Die ontginning van die erts waarvan oogverf vervaardig was, kom hier onder die loep, so ook die wapens waarmee die wagte toegerus was. Na aanleiding van Genesis 4:17-22 word gekyk na die ooreenkomste tussen die Semitiese handelaars en die afstammeling van Kaïn (Midianiete en Keniete). Ander items wat in die *Beni Hasanmuurskildery* uitgebeeld is soos die gooihout, tou en watersak geniet ook aandag. Die rol van donkies as pakkdiere en as vervoermiddel word te berde gebring, so ook die ontwikkeling van betaalmiddele tot en met die uitreiking van die eerste munte.

Hoofstuk Vyf: Gebruike, samestelling en geografiese oorsprong van oogverf. Omdat oogverf destyds as 'n veeldoelige produk beskou en aangewend was, sal hier gepoog word om elkeen van die onderskeie aspekte soos die magies-religieuse, kultiese, mediese en kosmetiese gebruike van oogverf, sowel as die gebruik daarvan in Egiptiese begrafniskultuur, deeglik ondersoek word. Veral op mediese gebied sal die gebruike van oogverf as 'n voorkomende, sowel as 'n geneesmiddel bespreek word. Vir hierdie doel sal inligting vanuit antieke Egiptiese mediese papiri soos die *Leyden*, *Eybers* en die *Edwin Smith papiri* ingespan word. Inligting in hierdie verband beklemtoon Egiptenare se geloof in die magiese kragte waaroor oogverf vermoedelik beskik het, asook die gebruik daarvan as 'n geneesmiddel

Die chemiese samestelling van oogverf, die geografiese oorsprong daarvan en die wyse waarop dit vervoer was word uitgelig asook die verskillende handelsroetes waarlangs oogverf vervoer was. Omdat Egipte nie self oor antimoon beskik het nie, word die ligging van Puntland in detail bespreek. Verskillende teorieë in dié verband word ondersoek.

Handelsroetes oor land en ter see waarlangs oogverf moontlik vervoer was, geniet ook hier aandag.

Hoofstuk Ses: Vervaardiging en aanwending van oogverf deur die Semiete en Egiptenare. Omdat oogverf in antieke tye so 'n gesogte en waardevolle kommoditeit was, word die vervaardiging en aanwending daarvan in diepte bespreek. Omdat dit wil voorkom asof elke beskawing 'n eiesoortige wyse van aanwending van oogverf gehad het, word dit hier afsonderlik uitgelig. Die implementjies waarmee oogverf voorberei en aangewend is, word bespreek, asook die verskillende tipe houers waarin dit gestoor was. Navorsing is ook gedoen oor artikels soos handspieëls en kosmetiekkissies wat hiervoor benodig was en nie in die *skildery* uitgebeeld is nie. Ander soorte verwe wat nodig was vir 'n aantreklike voorkoms soos lip-, gesig-, wang- en naelverwe geniet ook aandag. 'n Hipotese vir die oorskakeling van groen na swart oogverf word aangebied. Die moontlike rol van 'kosmetoloë' in destydse samelewings word uitgelig.

Hoofstuk Sewe: Gevolgtrekking.

1.6 LITERATUURSTUDIE

1.6.1 Primêre bronne

As primêre bron word enkele verwysings in die *Hebreeuse Bybel* in ag geneem, aangesien geen ander geskrewe bron direk na die premonargale periode of proto-Israeliete verwys nie.

Ander buite-Bybelse en argeologiese bronne soos die *Beni Hasanmuurskildery* en *-inskripsie*, 'n verslag oor die *Uluburun skeepswrak* (circa 1400 v.C.) naby die Turkse kus (Pulak 1998) en die wrakke van twee handelskepe in die Middellandse See, die *Swart Obelisk* van Salmaneser, die *Lagisreliëfs*, 'n *spykerskrifinskripsie* by Ebla en 'n *boustrophedon* inskripsie wat langs die Oos-Afrika-kus gevind is, word gebruik.

Ander bronne soos die *Amarnabriewe* en *kleitablette* van die *Assiriese koninklike argiewe*, enkele papiri soos die *Leyden*, *Eybers* en *Edwin Smith*, enkele *geskrewe potskerwe*, 25000

spykerskriftablette, Kappadosiese en Mari-tablette word vermeld, so ook *inskripsies* van ‘n moontlike nuwe skryfwyse (Sinaities) by Serabit el’Khadem.

Omdat ons hier te doen het met samelewings waar skrif nie ‘n sentrale rol gespeel het nie, is ons ook aangewese op nie-geskrewe bronne soos *rotsgravures, seëls en kulturele gebruike* (Malul 2002:45-49).

Ander bronne soos die werke van etlike skrywers van antieke tye soos Homerus (*circa* 1000 v.C.) se *Odyssea*, Herodotus (vyfde eeu v.C.) se *Histories*, Theophrastus (371 – 287 v.C.) se *Concerning Odours* en Plinius (eerste eeu n.C.) se werk *Natural History* word ook ingespan.

1.6.2 Sekondêre bronne

In die lig van die beperkte inligting wat Bybelboeke en buite-Bybelse tekste oor Semitiese handelaars, oogverf en ander produkte in antieke tye verskaf, steun die tesis swaar op argeologiese publikasies en ensiklopedieë. Genoemde publikasies word ingespan om inligting oor die sosio-kulturele en die historiese agtergrond waarin die Beni Hasanfigure, die Semitiese handelaars en Egiptenare gefigureer het, te bekom.

Informasie oor die Beni Hasanhandelaars, is van die volgende werke verkry: Scramuzza, MacKendrick (1958), *The ancient world*; Swain & Armstrong (1959), *The peoples of the ancient world*; Starr (1974), *A history of the ancient world*; Goffart (1987), *Barbarian Tides:1500-1600 BC*; Scheffler (2000) *Fascinating discoveries from the Biblical world*; Yamauchi (2004), *Africa and the Bible* en Booth (2005), *The Hyksos period in Egypt*.

Inligting oor musiekinstrumente is verkry van Wilkinson (1878a, b en c), *The manners and customs of the ancient Egyptians*. Vir inligting oor wapens is Yadin (1963), *The art of warfare in Biblical lands* ingespan.

Vir algemene informasie oor die geskiedenis van Egipte is werke van Velikovsky (1953), *Ages in chaos: From the Exodus to King Akhenaton, Vol. I*; Vercoutter (1992), *The search for ancient Egypt*; Van Duyn (1974), *The Egyptians: Pharaohs and craftsmen*; Redford (1992), *Egypt, Canaan and Israel in ancient times*; Redford (2006), *A history of ancient Egypt*:

Egyptian civilization in context en Grajetski (2006), *The Middle Kingdom of ancient Egypt: History, archaeology and society* benut. Wilkinson (1878b) se werk, *The Manners and customs of the ancient Egyptians* is in hierdie hoofstuk met groot vrug gebruik. Vir 'n lang tydperk was Wilkinson se werk en sketse, die eerste en enigste wat oor die daaglikse lewe van die boerestand en ambagslui in Egipte handel het (Vercoutter 1992:97). Peck (2013) se boek *The material world of ancient Egypt* verskaf ook 'n gebalanseerde beeld van die destydse Egiptiese samelewing.

Om handel oor land te belig is die volgende bronne van toepassing: Thomson (1948), *History of ancient geography*; Harrison (1963), *Archaeology of the Old Testament*; Duche (1969), *The great trade routes*; Browning, (1973), *Petra*; Wellard (1977), *Samarkand and beyond: A history of desert caravans*; Groom (1981), *Frankincense and myrrh: A study of the Arabian incense trade*; Borowski (2003), *Daily life in Biblical times*; Morley (2007), *Trade in classical antiquity*; Smith (2009) *Premodern trade in world history*; Aruz, Benzel & Evans (2008), *Beyond Babylon: Art, trade, and diplomacy in the second millenium B.C.*; Liu (2010), *The Silk road in world history* en Fagan (2012), *Ancient lives*.

Inligting oor die ontwikkeling van handel ter see en die mense wat daarby betrokke was, is uit die volgende bronne verkry: Casson (1959), *The ancient mariners*; Huntingford (ed) (1980), *Seafarers and sea fighters of the Mediterranean in ancient times*; *The Periplus of the Erythraean sea*; Markoe (2000), *Phoenicians: Peoples of the past*; Golden (2009), *Ancient Canaan and Israel* en Liverani (2014), *The ancient Near East: History, society and economy*.

Inligting oor die wyse waarop mense hul mediese probleme oorkom het, is verkry van *Papyrus Ebers: Das älteste Buch über Heilkunde* (1973), Joachim (trans); Griffith & Thompson (1974), *The Leyden Papyrus: an Egyptian medical book*; Rosner (1977), *Medicine in the Bible and the Talmud: Selections from classical Jewish sources*; Nunn (1996), *Ancient Egyptian medicine*; Bertman (2003), *Handbook to life in ancient Mesopotamia*; Sellin (2003), *Medicine across cultures: History and practice of medicine in Non-Western cultures*; en Halioua & Ziskind (2005), *Medicine in the days of the pharaohs*.

Vir inligting oor die skoonheidsprodukte vir vroue is die volgende bronne van belang: Plinius (1991), *Pliny the Elder: Natural history*; Brunton & Caton-Thompson (1924), *The Badarian civilisation and predynastic remains near Badari*; Theophrastus (1961), *Enquiry into plants*

and minor works on odours and weather signs; Lucas (1962), Ancient Egyptian materials and industries; Forbes (1965), Studies in ancient technology Vol III; Dayagi-Mendels (1989), Cosmetics and perfumes in the ancient world; Watterson (1991), Women in ancient Egypt; Romm (1992), The changing face of beauty; Edersheim (1994), Sketches of Jewish social life; Rousseau & Arav (1995), Jesus and His world: An archaeological and cultural dictionary; Fletcher (1999), Oils and perfumes of ancient Egypt; Manniche (1999), Sacred luxuries: fragrance, aromatherapy and cosmetics in ancient Egypt; Nicholson & Shaw (2000), Ancient Egyptian materials and technology; D'Ambrosio (2001), Women and beauty in Pompeii; King & Stager (2001), Life in Biblical Israel; Fletcher (2009), Cleopatra the great: the woman behind the legend en Jones (2010), Beauty imagined: A history of the global beauty industry: An introduction to archaeology and prehistory.

1.7 BEPERKINGS EN AFBAKENING VAN DIE STUDIE

Die studie is nie 'n eksegetiese studie van die Bybelse verhale nie aangesien skrifuitleg of verklaring van tekste nie hier ter sprake is nie. Aangesien die Hebreeuse Bybel nie bedoel is om 'n geskiedenis-handboek te wees nie, moet die inhoud met omsigtigheid gebruik word. Dit is 'n beskrywende studie wat veral op argeologiese artefakte en historiese tekste gebaseer is. Aangesien geskrewe bronne oor handel gedurende antieke tye grootliks ontbreek (afgesien van kleitablette in koninklike argiewe, enkele papiri of geskrewe potskerwe), word artefakte met enkel woorde of koninklike name en titels daarop, ook as literêre bronne geklassifiseer (Wright 1988:146).

Die tesis dek hoofsaaklik die periode van die tweede millennium v.C. – die periode waarin die Beni Hasan-handelaars (en moontlik sommige van die Bybelse verhale van die 'aartsvaders'), die proto-Israeliete, die Israelitiese stamme tot en met die einde van die Israelitiese koningskap, uitgebeeld word. Omdat verskillende historiese tydperke hier ter sprake is, sal dit ook met groot omsigtigheid benader en geïnterpreteer word. Hoewel die verskillende tydperke nie telkens uitgelig sal word nie, sal dit te alle tye in ag geneem word. Die geografiese gebied wat hier ter sprake is, sal noodwendig die Levant en die omliggende gebiede, sowel as Egipte insluit.

So 'n lang tydperk is problematies en die verskil tussen feite en fiksie is vanweë die lang

tydsduur soms vaag. Dit geld veral vir die Hebreuse Bybel se verwysing na ‘aartsvaders,’ persone en ‘n tydperk wie se bestaan deur geen ander buite-Bybelse bronne gestaaf kan word nie. Soos hierbo aangedui word die aangeleentheid verder gekompliseer deur die feit dat daar nog byna geen uitbeelding of stawende getuienis van hierdie persone of tydperk gevind is nie. Problematies is ook die feit dat slegs ‘n beperkte aantal tekste na kritiese ontleding, as historiese feite aanvaar word.

As gevolg van ‘n gebrek aan inligting oor die periode wat bestudeer word, sal waar nodig of van toepassing, voorbeelde uit latere tydperke tot en met die vroeë Christelike era verskaf word. Die destydse gebruik om gebeure eers honderde jare na die gebeure neer te pen, kompliseer die aangeleentheid verder, aangesien dit moeilik is om tussen feitlike historiese verslae, allegoriese of retoriese aannames te onderskei (Shaw & Nicholson (2008:60). In die lig van die vaagheid van die Bybel se kronologiese raamwerk, is dit ook moeilik om sekere gebeure met spesifieke historiese periodes te sinkroniseer (Shaw & Nicholson 2008:60-61).

HOOFSTUK TWEE

HISTORIESE EN GEOGRAFIESE AGTERGROND VAN DIE BENI HASANMUURSKILDERY EN DIE HANDELAARS

2.1 INLEIDING

Die geografiese ligging en historiese agtergrond van die *muurskildery*, die ontstaan en ontdekking van die Beni Hasangrafte en -skildery (*circa* 1892 v.C.; Shea 1981:221), die argitektuur van *Graf BH3* wat deel van die Beni Hasannekropolis uitgemaak het, die pligte van goewerneys, handelsprotokol, welwillendheidsgeskenke, die rol van die bokke, die wagne en die posisie van die vroue en kinders in die proses word hier ondersoek. Dit mag 'n sinvolle bydrae lewer tot 'n studie van die rol en status van die Semitiese handelaars en spesifiek waarom oogverf en ander items as geskenk in die uitbeelding aangebied word. Een van die oogmerke van hierdie hoofstuk is ook om vas te stel hoekom die Egiptenare (anders as gewoonlik) 'buitelanders' of 'vreemdelinge' in dié *skildery*, positief uitbeeld. Ongelukkig versuim die hofsrywer se dokument om die karavaanlede se plek van ontmoeting met die goewerneur te vermeld, hetsy by sy amptelike woning of by 'n handelstasie.

Die gebeure speel moontlik af in die tyd van die sogenaamde 'aartsvaders,' oftewel die premonargale tydperk soos weergegee word in sommige Bybelse verhale. In die hoofstuk sal gepoog word om die volgende navorsingsvrae te beantwoord:

- Watter inligting kan ons uit die *Beni Hasanmuurskildery* aflei?
- Wat kan die historiese en geografiese agtergrond van die *skildery* bydra tot die verstaan van die status en identiteit van die handelaars?
- Waarom het die handelaars spesifiek na Menat Khufu gereis?
- Waar het hulle vandaan gekom?
- Wat was die doel van hul besoek?
- Waarom het Khnum-hotep II hulle teen die muur van sy graftombe laat uitbeeld?
- Wat was die posisie van die leier?
- Hoe word hy uitgebeeld?
- Watter handelsprotokol is gevolg?

- Wat was die doel van die oogverf en bokke wat oorhandig is?
- Waar het hulle die items (soos uitgebeeld) gekry?
- Waar was Shut geleë?

Hoewel die grafte by Beni Hasan verskeie skilderye bevat, fokus hierdie navorsing hoofsaaklik op *Graf BH3* wat 'n *muurskildery* met 'n karavaan handelaars, moontlik Semities van afkoms, uitbeeld. Semiete was die dominante etniese groep in Mesopotamië en Siro-Palestina (Matthews 1993:3) (sien Fig. 2.3 en voetnota 2).

2.2 GEOGRAFIESE LIGGING VAN BENI HASAN

Volgens Spanel het *Graf BH3* deel van die Beni Hasannekropolis uitgemaak. Beni Hasan is 'n klein plekkie wat 15.6 myl⁵ langs die Nyl se oostelike oewer strek en is ongeveer 160 myl⁶ suid van Kaïro (27°56'N, 30°53'O) in middel Egipte geleë (Spanel 2001:175). Egipte was aanvanklik in 24 provinsies verdeel (Nicholson & Shaw 2000:392). Volgens Egiptiese geografiese rekords was Beni Hasan in die sestiende Bowe-Egiptiese provinsie, bekend as die 'Wit Oryxprovinsie' geleë (Spanel 2001:175). In die noorde was die Oryxprovinsie deur die Haasprovinsie en in die suide deur die Jakkalsprovinsie begrens (Cohen 2015:20; vgl. Fig. 2.2).

Die wit kleur van die bok is blykbaar die gevolg van die intense hitte van die son in die woestyne van die Midde Ooste. Die woestyn toneel in Khnum-hotep II se graf (*Graf BH3*) toon 'n oppasser wat 'n sterk Oryx vashou, terwyl twee tonele in Bakht III⁷ se graf (*Graf BH15*) 'n toneel uitbeeld van twee Oryxe wat paar en 'n ander toneel 'n Oryx wat gevoer word, uitbeeld. Hierdie uitbeeldings suggereer dat daar moontlik met dié bokke geteel was (Graves 2017:43).

⁵ 29 Kilometer.

⁶ 296 Kilometer.

⁷ Bakht was die eerste goewerneur wat in die Beni Hasannekropolis begrawe was (Graves 2017:259).

Die wit Oryx was die simbool van die Oryxprovinsie en inheems aan Egipte (Baines 1995:6) (sien Fig. 2.1).



Fig. 2.1 Wit Oryx⁸

Khnum-hotep II se graf-outobiografie verwys na Menat-Khufu as die provinsiale hoofstad van die Oryxprovinsie, 'n plek waarvan die ligging steeds debatteerbaar is (Shea 1981:219). Volgens Kanawati & Woods (2010:8) was die Oryxprovinsie een van die rykste en ekonomies-belangrikste provinsies in Egipte. Dit bied moontlik 'n verklaring vir die rede waarom die Beni Hasangeselskap juis Menat-Khufu as hul eindbestemming gekies het. Menat-Khufu het dus die belofte van 'n goeie afsetgebied en moontlike wins vir hul handelsproduk, oogverf (en enkele ander handelsitems) ingehou. Menat-Khufu was ook die hoofsetel van mynbou eksplorاسie van die Oryxprovinsie (Kamrin 2009:25).

Die talle ambagte soos metaalwerk, skrynwerk, keramiekwerk, spin en weef, en die produksie van sandale en tuinbou wat in die Beni Hasangraffe uitgebeeld word, getuig moontlik daarvan dat die bewoners van die provinsie hardwerkend was en om dié rede was die Oryxprovinsie as die rykste provinsie in die land bekend (Kanawati & Woods 2010:72-73; vgl. Fig. 2.2).

⁸ <http://www.ouendangeredworld.com/species/landmammals/arabian-oryx/> (Geraadpleeg 17 Januarie 2019).



Fig. 2.2 Geografiese ligging van Beni Hasan en Oryxprovincie⁹

⁹ [https://www.wikiwand.com/en/List of ancient Egyptian towns and cities](https://www.wikiwand.com/en/List_of_ancient_Egyptian_towns_and_cities) (Geraadpleeg 22 Januarie 2020).

2.3 HISTORIESE AGTERGROND

2.3.1 Ontstaan van graf-outobiografieë

Vir die doel van hierdie navorsing word graf-outobiografieë bespreek omdat Khnum-hotep II ook sy graf-outobiografie in luisterryke taal uitbeeld. Dit stel ons in staat om meer oor hom, sy daaglikse aktiwiteite en verpligtinge te wete te kom, terwyl dit terselfdertyd moontlik ook meer lig kan werp op die status en aktiwiteite van die handelaars sowel as die belangrikheid van oogverf.

Graf-outobiografie was 'n wydverspreide literêre praktyk wat dwarsdeur alle Egiptiese historiese periodes aangebring was (Pernigotti 1997:128). Kanawati & Woods (2010:159) beskou die graf-outobiografieë van die hoë amptenare wat by Beni Hasan begrawe is as selfportrette in woorde wat die status en verhouding van die eienaar met die koning beklemtoon. Die eerste en vroegste literêre genre in Egipte blyk 'n graf-outobiografie te wees wat uit die Vierde Dinastie (*circa* 2500 v.C.) dateer. Graf-outobiografieë was aan die binnekant van ryk privaat individue se grafte (gewoonlik in Memphis) aangetref (Wright 1988:145). Goewerneurs se graf-outobiografieë het, net soos ander literêre genres, oor reëls en bepalings beskik, wat hoofsaaklik in geformuleerde taal uitgedruk was wat die morele opvattinge en wêreldvisie van die relevante historiese tydperk gereflekteer het. Hierdie literêre genre was in die grafte van privaat individue aangebring wat oor die finansiële vermoë beskik het om grafte op te rig. Dit sluit grafte in soos dié van ryk amptenare in die nekropolis van Memphis wat die piramides van die Ou Koninkryk omring het (Wright 1988:145; Lichtheim 1988:1).

In die Beni Hasangrafte was graf-outobiografieë op deurkosyne, lateie, en ingange van die grafheiligdomme aangebring (Baines 1995:6). Graf-outobiografie was 'n manier waarop 'n persoon aspekte van sy/haar persoonlike lewe en karakter in die openbaar bekendgestel het deur biografiese of outobiografiese tekste op grafte, monumente of gedenknaalde aan te bring (Baines 1995:5). Hierdie tipe outobiografie het met 'n persoon se loopbaan en sy morele gedrag verband gehou (Lichtheim 1988:66). Onder die antieke literêre genres wat in Egipte ontwikkel het, het outobiografieë die ereplek bekleed (Lichtheim 1988:1). In Egipte het graf-outobiografieë vir meer as twee millennia onverpoosd gefloreer en is dit slegs beëindig toe

die Christendom in Egipte posgevat het (Lichtheim 1988:1).

Khnum-hotep II se outobiografiese besonderhede kon inligting oor sy familie, sy titels, amptelike aanstellings, goeie hoedanighede (soos brood aan die armes gee) en toekennings wat hy van die koning of sy tydgenote ontvang het, insluit (Wright 1988:145) (sien 2.3.5). Dit het direk met die oorledene se verwagte regverdiging en goeie ontvangs in die hiernamaals verband gehou. Dwarsdeur die geskiedenis was die wyse waarop ikonografiese geskrifte in Egipte aangebied was, aan sekere godsdienstige voorskrifte en bepalings onderworpe (Baines 1995:2). Baines (1995:1) beskryf die *Beni Hasanmuurskildery* as ‘n outobiografiese verhaal wat die lewe van Khnum-hotep II deur middel van visuele ikonografiese prente uitbeeld – ‘n nuwe tendens in die geskiedenis van Middel Egipte (*circa* 2040 – 1640 v.C.). Volgens Goedicke (1984:200) was die hofs krywer Neferhotep se dokument (in sy hand) moontlik ‘n verkorte weergawe van die oorspronklike dokument wat volledige besonderhede soos die datum en doel van die besoek, die aantal besoekers en hul wyse van vervoer bevat het.

Soos uitgebeeld in die *skildery* en in lyn met Egiptiese kunstenaars se kultureel-meerderwaardige siening van hulself, vertoon Khnum-hotep II se belangrikheid uit die feit dat sy figuur twee en drie keer so groot as die werkers wat op die mure van sy graf uitgebeeld word (Shea 1981:221; Kamrin 2009:23) (sien Fig. 2.5). Dit skep die vermoede dat die werkers moontlik Semiete was wat in sy diens was. Na aanleiding van hierdie negatiewe siening van *Styw* (vreemdelinge) en by name die Semiete, was hulle gewoonlik op deurkosyne of aan die kante van voetbankies aangebring, waar hulle deur die Faraos vertrap was (Saretta 1997:71). In die Egiptiese godsdienst was die koning beskou as iemand wat oor bo-menslike krag beskik het en was hy as ‘n god beskou, soos blyk uit tonele waar hy gevangenes doodslaan, ‘n siening wat vir byna 3000 jaar voortgeduur het (Saretta 1997:72, 77). As gevangenes was Semiete gewoonlik met hul hande agter die rug vasgebind en hul gesigte wat van hartseer en pyn getuig, uitgebeeld (Saretta 1997:75-76).

In die lig hiervan is dit merkwaardig dat Khnum-hotep II die Semitiese handelaars (wat eintlik ook ‘buitelanders’ of ‘vreemdelinge’ was) in sy graf positief laat uitbeeld het. Dit is ‘n aanduiding dat hy hulle as baie belangrik geag het en daarom moontlik dié spesifieke Semiete in ‘n ander lig beskou het.

2.3.2 Ontstaan van die Beni Hasan grafte

Volgens Baines (1995:3) het die Beni Hasan grafte gedurende die tydperk tussen die Sesde Dinastie (*circa* 2152 v.C.) en die tweede helfte van die Twaalfde Dinastie (*circa* 1985 – 1773 v.C.) tot stand gekom toe die Noordelike Herakleopolitaanse en Suidelike dinastieë by Thebes verenig het. Hoewel grafte nommers twee, drie en 14 in die boonste ry met redelike sekerheid gedateer is, dui tekstuele, argeologiese en artistieke getuienis daarop dat sommige grafte uit die laat Elfde Dinastie of selfs vroeër dateer (Spanel 2001:175). Na die unifikasie van die Noorde en die Suide deur die prinse van Thebes onder een koning (Mentuhotep II) in 2040 v.C., het die tydperk van die Twaalfde Dinastie ‘n aanvang geneem. Dit was die tydperk van die sogenaamde Middel Koninkryk (*circa* 2040 – 1640 v.C.). Gedurende die tydperk tussen die Ou Koninkryk (waartydens die piramides gebou was) en die glorietydperk van Egipte, het Egipte groot dele van die ou Nabye Ooste en Nubië beheer (Grajetzki 2006:7).

Die Twaalfde Dinastie sou later bekend word as die Renaissance (herlewings) tydperk in Egipte se geskiedenis (Franke 1995:738). Tydens hierdie tydperk is tempels gebou, terwyl inskripsies op tempelmure en ander geboue lojaliteit by die publiek moes kweek en hulle inlig oor die grootsheid van hul heersers (Pitard 1998:35). Na die konsolidasie van die koningskap het die invloed van goewerneurs afgeneem as gevolg van ‘n *force majeure* (kragvertoning) deur Senusret II (Callender 2000:175). Deur die seuns van goewerneurs in die hoofstad op te voed en hulle daarna poste in die hoofstad of elders aan te bied, het die koning verhoed dat goewerneurs se poste en posisies oorerflik word.

Gevolgtlik was die amp van goewerneur deur stadsburgemeesters vervang wat verminderde aansien en materiële rykdom beteken het, terwyl die gesag van die sentrale regering toegeneem het (Bard 2015:185). Spanel (2001:176) betwis egter die teorie dat die koning teen die tweede helfte van die Twaalfde Dinastie (toe grafbou by Beni Hasan beëindig was) die invloed van magtige provinsiale goewerneurs soos Khnum-hotep II vernietig het. Volgens hom was dié stap daarop gemik om die provinsie se rykdom en invloed te sentraliseer.

2.3.3 Ontdekking van die Beni Hasan grafte

Garstang, wat die Beni Hasan grafte tydens sy 1902-1904 opgrawings ontdek het, se opgrawings by Beni Hasan in 1907 toon egter dat daar ten minste 900 grafte in die onderste ry is (Graves 2017:69). Soms word *Speos Artemidos* (Grot van Artemis met inskripsies) twee myl vanaf Beni Hasan, by die benaming 'Beni Hasan' ingesluit. *Speos Artemidos* verwys na 'n pragtige versierde tempel met inskripsies ter ere van die leeugodin Pahkt, wat deur die Egiptiese Koningin, Hatshepsut (1473 – 1458 v.C.), daar naby opgerig was (Spanel 2001:175). *Graf BH3* het deel uitgemaak van die boonste ry grafte wat uit 39 monumentale elite grafte bestaan het en was uit die nummilitiese kalksteen rotswand gekap (Graves 2017:69). Die grafte wat aaneenlopend in 'n Noord-Suid rigting strek, is horisontaal teen die oostelike rivierhelling uitgekap en het destyds aan die provinsiale elite amptenary behoort. Die onderste ry grafte, 890 in totaal, is van 'n nederige aard en is vandag grootliks verwoes, onidentifiseerbaar en ondateerbaar (Baines 1995:2).

Die omgewing waar die Beni Hasan grafte geleë is, was oorspronklik deur 'n plaaslike Arabiese Bedoeïenestam wat na hulself as 'die seuns van Hasan' verwys het, bewoon – moontlik vandaar die benaming 'Beni Hasan' (Newberry 1893:1). Dit wil voorkom asof Menat-Khufu die setel was vanwaar opeenvolgende goewerneys van die Oryxprovinsie, regeer het (Grajetzki 2006:114). Soos reeds hierbo genoem was *Graf BH3* die eiendom van die destydse provinsiale goewerneur van die Oryxprovinsie – Khnum-hotep II (Callender 2000:175). Tussen 1890 en 1891 is die geskiedenis en besonderhede van die elite grafte in die boonste ry deur Percy Newberry en George W. Fraser geboekstaaf, terwyl hul verslag in die gesiene *Archaeological Survey of Egypt* reeks gepubliseer is (Spanel 2001:175). Howard Carter (van die latere Tutankhamunfaam) het die publikasie met sy pragtige kleurskilderye versier. Hierdie noukeurige kopieëring van argeologiese skatte het 'n nuwe era in moderne argeologiese navorsing ingelei (Spanel 2001:175).

Soos blyk uit die datering van die *muurskildery* (circa 1892 v.C.) waarop die handelskaravaan (sien Fig. 2.3) uitgebeeld was (Shea 1981:221), was die Beni Hasangebeure deur die Sewende tot Tiende Dinastieë, bekend as die Eerste Intermediêre Periode (2134 – 2040 v.C.), voorafgegaan.

Gedurende hierdie tydperk was daar nie ‘n sterk gesentraliseerde regering in Egipte nie, terwyl die konings van die Noorde by Hierakleopolis (Negende en Tiende Dinastieë) en die konings van die Suide by Thebes (Elfde Dinastie), mekaar geopponeer het (Baines 1995:3). Danksy die kunstenaar se inisiatief om die *skildery* kronologies te dateer – ‘die sesde jaar van Sesostris II,’ het dit akademiëci in staat gestel om die datum van die gebeure rondom die Beni Hasanhandelaars met sekerheid vas te stel (Shea 1981:219). Deur astronomiese verwysings uit die Twaalfde Dinastie kronologies met die Juliaanse kalender saam met die sesde jaartal van Sesostris II se bewind te vergelyk, kon hulle die gebeure soos uitgebeeld in die *Beni Hasanmuurskildery* dus op die jaartal 1892 v.C. vasstel (Shea 1981:221). Die uitbeelding van die *skildery* verskyn op die noordelike muur van *Graf BH3* en is aaneenlopend met die koninklike hofs krywer Neferhotep aan die voerpunt van die prosesie (sien Fig. 2.3).



Fig. 2.3 Beni Hasanhandelaars¹⁰

Hierdie tydperk in Egipte se geskiedenis was gekenmerk deur die binnekoms van *Apiru* (nomadiese pastorale groepe) met hul veekuddes vanuit Sinaï, soos blyk uit die ‘aartsvaderverhale’ (Gn. 37-47). Nomadiese stamme was normaalweg in patriargale familiëgroepe georganiseer, het Semitiese tale gepraat, sekere gewoontes gedeel en van hul

¹⁰ Cohen 2016.

veetroppe geleef (Starr 1974:77-80). Volgens Albright (1961:206) verwys die *Amarnabriewe* ook na *Apiru (Habiru)* wat in die heuwelgebiede van Palestina woonagtig was. Hul mobiliteit het hulle soms in staat gestel om handelaars te wees. Mense wat hongersnood wou ontsnap, het ook 'n toevlug in die Delta gevind, terwyl handelskaravane vanuit Palestina 'n afsetgebied vir hul produkte in Egipte gesoek het (Bard 2015:188). Gedurende hierdie onstabiele tydperk, die Sewende tot Tiende Dinastieë (*circa* 2190 – 2040 v.C) was die koning se magte beperk (Yamauchi 2004:55). Gevolglik het plaaslike landhere aansienlike magte bekom deur self hul status te verhoog en hul eie provinsiale gebiede te beheer (Baines 1995:3). Soos reeds hierbo genoem, het sommige goewerneys se posisie oorerflik geword – wat dui op onafhanklikheid van gesag en beheer oor hulpbronne (Bard 2015:185). Hulle het ook sekere koninklike prerogatiwe vir hulself toegeëien – soos die bou van hul eie grafte en die gebruik van begrafnisrituele en seremonies wat vroeër slegs vir die koninklike huishouding en sekere begunstigdes gereserveer was. Daar is weg beweeg van die gebruik om belangrike amptenare in die begraafplase by Memphis te begrawe en grafte is tuis tot stand gebring, terwyl sommige goewerneys soos 'klein konings' in eie reg regeer het.

2.3.4 Vervloekingstekste

Vervloekingstekste kan beskou word as 'n Egiptiese gebruik om plekke, groepe mense of individue met tekste wat oor gewaande 'afbrekende towerkrag' beskik het, te vervloek, of as 'n metode om die negatiewe invloede van werklike of denkbeeldige vyande soos die 'bose oog' (evil eye) teen te werk (Yamauchi 2004:55). Selfs Palestina het verskeie van hierdie vervloekingstekste by plekke soos Afek, Sigem, Akko, Tel Keisan en Hasor opgelewer (Streit 2017:51). Dit kan moontlik gewyt word aan Egiptiese oorheersing of militêre beheer.

Vervloekingstekste was geskryf op houers soos kruike of klein beeldjies wat later gebreek is (Streit 2017:59). Verskeie van hierdie artefakte word in Berlyn en Brussel gehuisves en geïnterpreteer. Berlyn huisves 120 van hierdie gerestoureerde keramiek beeldjies wat by Saqqara gevind is. Die beeldjies toon gevangenes wat vasgebind is, sowel as konings en lande se name daarop (Streit 2017:59). Dit dui daarop dat selfs konings die slagoffers van vervloekingstekste was. Hierdie tekste was gebruik om vyande te intimideer of te benadeel (Streit 2017:60). In die psige van veral die Egiptenare kon potensiële gevare met behulp van hierdie tekste voorkom word.

2.3.5 Graf-outobiografie van Khnum-hotep II

Die dokument wat die koninklike hofs krywer Neferhotep in sy linkerhand vashou, is van groot belang aangesien dit na die besoekers as *Aamu* ('*3mw*) (Asiatiese) handelaars afkomstig vanaf Shut verwys (Shea 1981:221) (sien Fig. 2.3). Dit dui ook aan dat die doel van die besoekers was om *mesdemet* (oogverf) aan die provinsiale goewerneur Khnum-hotep II (ook bekend as Khnemhotep)¹¹ te oorhandig (Shea 1981:221). 'n Afbeelding van die dokument verskyn op die muur van *Graf BH3* net voor Neferhotep se figuur (sien Fig. 2.4).




Fig. 2.4 Neferhotep se dokument¹²

Aamu ('*3mw*) (*Asiate*) was Egiptenare se algemene benaming vir alle persone wat Noord-Oos van Egipte afkomstig was. Semiete was die dominante etniese groep in Mesopotamië en Siro-Palestina (Matthews 1993:3). Volgens Kamrin (2009:24) lees die teksbewoording van die hiërogliewe in die koninklike hofs krywer Neferhotep se dokument soos volg:

*rnpt-sp 6 hr hm n hr sšm-t3wj nswt-bjtj h^c-hpr-r^c rht n 3mw
jn.n s3 h3tj-^c hnm-htp hr msdmwt m 3m n šw rht-jr 37*

¹¹ Baines (1995:1-18).

¹² Kamrin (2009:24).

Kamrin (2009:24) bied die volgende vertaling vir die hiërogliewe:

Year 6 under the majesty of Horus, Uniter of the Two Lands, King of Upper and Lower Egypt, Khakeperra (Senusret II): accounting of the *Aamu* that the son of the mayor, Khnumhotep, brought because of *mesdemet*,¹³ being *Aamu* of Shu, amounting to thirty-seven.

Ons enigste uitbeelding van Khnum-hotep II verskyn op die noordelike muur van *Graf BH3* waar hy saam met sy werkers uitgebeeld word (sien 2.3.1 & Fig. 2.5)




Fig. 2.5 Khnum-hotep II se aantreklike en indrukwekkende profiel¹⁴

Uit die *skildery* kan afgelei word dat Khnum-hotep II se atleties-geboude en lenige fisiese voorkoms bo die gewone werkers (vermoedelik Semiete) uittoon (sien Fig. 2.5). Nie alleen beklemtoon die uitbeelding Egiptenare se meerderwaardigheid teenoor ‘vreemdelinge’ nie, maar ook sy belangrike posisie as goewerneur. Die feit dat die *skildery* deur hiërogliewe en ‘n datum toegelig is, maak dit ‘n artefak van besondere historiese waarde. In navolging van die destydse gebruik, beklemtoon Khnum-hotep II se graf-outobiografie ook sy goeie hoedanighede in kleurrike taal (Green 2001b:232; vgl. 2.3.1). Hy verwys onder andere na homself as ‘n persoonlike vriend van die koning, hoof van al die prinse, superintendent van al die priesters, priester van Horus, priester van Anubis en nog talle ander eretitels (Newberry

¹³ Egiptiese vertaling vir oogverf.

¹⁴ Cohen 2015:21.

1893:39, 52).

Goewerneurs het indrukwekkende grafte vir hulself laat bou wat dié by Memphis in grootsheid oortref en die indruk geskep het dat hulle soos konings op klein skaal geleef het (Van de Mieroop 2011:80, 103). Terselfdertyd het goewerneurs gebeurde volgens die jaartal van hul ampstermyn gedateer, hul eie howe met amptenare gehad en selfs diplomatieke huwelike met verwante van naburige goewerneurs aangegaan. Khnum-hotep II het byvoorbeeld met die dogter van die goewerneur van die Jakkalsprovinsie getrou (Grajetzki 2006:117). Gevolglik het laer adellikes vir hulself wederregtelik die reg toegeëien om self offers aan gode te bring (Baines 1995:7). Inskripsies in *Graf BH3*, toon dat Khnum-hotep II net offers aan Osiris en Anubis gebring het (Baines 1995:7) (sien Fig. 2.6 en Fig. 2.7).



Fig. 2.6 Osiris¹⁵



Fig. 2.7 Anubis¹⁶

Uit sy graf-outobiografie kan afgelei word dat Khnum-hotep II ‘n vermoënde man was en dat hy deur Amenemhet II (1929 – 1892 v.C.) self in die amp van *Ha-prince* (burgemeester) van Menat-Khufu in die 19de jaar van laasgenoemde se bewind, bevestig was (Baines 1995:6-7). Kamrin (2001:232) betwis Khnum-hotep II se aanspraak dat hy hierdie amp beklee het. Kamrin is verder van mening dat Khnum-hotep II slegs oor ‘n klein gebied gesag uitgeoefen het, dat hy tydens sy leeftyd die alleenheerser van die Oostelike Woestyn was (sien Fig. 2.2),

¹⁵ <https://za.pinterest.com/pin/84526942378752448/> (Geraadpleeg 6 November 2018).

Osiris was die god van die onderwêreld en is altyd met ‘n groen gelaat – die kleur van regenerasie en herlewing, uitgebeeld. Dit blyk vandag dat Egiptenare se lewens deur die welwillendheid van die gode beheer was – aangesien hulle nie hul gode as abstrak of veraf wesens beskou het nie, maar geglo het dat gode dieselfde begeertes en fisiese behoeftes as alle lewende dinge gehad het (Casson 1965:184). Moontlik vir hierdie rede was gode soms as mense, soms as diere, of as ‘n vermenging van beide uitgebeeld. Die songod Ra van Heliopolis het tydens die Vyfde Dinastie die staatsgod geword (Casson 1965:183). Dit wil voorkom asof die Egiptenare op die welwillendheid van hul gode staatgemaak het vir hul bestaan. Hulle het geglo dat die gode die kosmiese orde – *maat* – in stand hou en die magte van chaos op ‘n afstand hou (Kamrin 1992:12).

¹⁶ <http://www.ask-aladdin.com/egypt-gods/anubis/> (Geraadpleeg 15 Desember 2018). Anubis was die jakkalsgod van mummifikasie en het tydens rites waartydens ‘n dooie tot die onderwêreld toegelaat was, geattesteer en die goddelike staf gehou (Casson 1965:184). Hy was die belangrikste van die hondegode en beskermheer van Egiptiese balsemers, asook die beskermheilige van nekropolisse (Doxey 2000:9).

maar nie die amp van goewerneur beklee het nie, slegs dié van toesighouer. Dit is moontlik dat die invloed van die laer adel teen hierdie tyd afgeneem het, so ook die gebiede wat deur hulle beheer was. Khnum-hotep II se graf-outobiografie en die feit dat die handelsgeselskap amptelik na hom begelei en aan hom bekendgestel was, weerspreek egter Kamrin se standpunt.

Khnum-hotep II maak ook melding van die groot eer wat die koning hom aangedoen het deur sy oudste seun as administrateur van die aangrensende provinsie aan te stel (Perdu 1995:2249). In die lig van sy hoë status en aansien en Egiptenare se negatiewe siening van ‘vreemdelinge,’ is dit merkwaardig dat Khnum-hotep II verkies het om die Semitiese handelskaravaan in sy graf uit te beeld. Dit dui daarop dat hy hulle baie belangrik geag het.

Dat vleitaal in die oortreffende trap aan die orde van die dag was, blyk uit talle goewerneurs se grafskrifte. So vermeld die goewerneur Amony hoe geliefd hy as heerser van sy stad was, dat sy populariteit voortdurend toegeneem het, dat die lof wat hy tydens ‘n ekspedisie na Ethiopië ontvang het, ‘tot aan die hemele gestrek het’ (Erman 1971:94). Omdat graf-outobiografieë gekenmerk was deur vleitaal, asook ‘n gebrek aan objektiwiteit en slegs ‘n klein gedeelte van hierdie tekste moontlik op die waarheid gebaseer was, word dit vandag met groot omsigtigheid deur Egiptoloë benader wanneer dit geëvalueer word (Perdu 1995:2244). Hierdie tydperk (die Middel Koninkryk – *circa* 2040 – 1640 v.C.) in Egipte se geskiedenis, was volgens Swain & Armstrong (1959:45) ‘n tydperk van vrede en voorspoed. Graf-outobiografieë is tydens die bewind van Senusret II (1878 – 1841 v.C.) beëindig toe grafbou by Beni Hasan beëindig was (Baines 1995:3).

Dit is egter welbekend dat seuns van adellikes destyds hul opleiding aan die Egiptiese hof kon ondergaan, waarna hulle poste in die hoofstad of elders aangebied was (Callender 2000:175). In die verband maak Khnum-hotep II self daarop aanspraak dat hy en sy seun Khnum-hotep III, albei hul opvoeding aan die paleis ontvang het (Kamrin 2009:23). Khnum-hotep II meld onder andere dat hy grafkapelle en standbeelde in sy provinsiale hoofstad Menat-Khufu gebou en opgerig het, terwyl hy terselfdertyd ook die noue verbintenis tussen sy familie en die koningshuis beklemtoon (Green 2001a:332). Deur hom kon diegene wat naby hom of onder sy beskerming begrawe was, ook in die verwagting van ‘n ewige lewe in die hiernamaals deel (Baines 1995:5).

2.4 ARGITEKTUUR VAN *GRAF BH3*

Soos blyk uit Khnum-hotep II se graf en in navolging van die destydse gebruik, het die elite van die Oryxprovinsie hulle in groot, indrukwekkende en ryklik versierde grafte laat begrawe om hulle sosiale en politieke aansien as heersers te beklemtoon. Die versierings en grootsheid van sommige grafte suggereer dat sommige plaaslike goewerneys soos konings op klein skaal opgetree het (Van de Mierop 2011:103). Die hoofdoel van die Beni Hasan grafte was egter om as 'n 'huis van ewigheid' vir die eienaar te dien, die liggaam teen beskadiging te vrywaar, asook die voortgesette voorsiening van materiële behoeftes vir die oorledene te verseker (Baines 1995:4). Daar is geen aanduiding dat enige van die Beni Hasan grafte bedoel was om as 'n tempel vir dooies te dien nie (Baines 1995:4).

In beginsel het die konstruksie van die grafte basies dieselfde plan gevolg, maar dit was soms na gelang van persoonlike voorkeure aangepas, terwyl die geskiktheid van die rotswand in aanmerking geneem moes word (Booth 2005:4). 'n Graftombe het gewoonlik uit 'n onbepaalde aantal kamers, 'n heiligdom en 'n vals deur bestaan, terwyl 'n skag na 'n ondergrondse vertrek gelei het waar die liggame neergelê was. Toegang tot die graf word verkry deur 'n oop voorhof met twee indrukwekkende sestienkantige pilare wat toegang tot die ingangsportaal bied (Newberry 1893:3; Kamrin 2009:23) (sien Fig. 2.8).




Fig. 2.8 Uitleg van *GrafBH3*¹⁷

¹⁷ Kamrin (2009:47).

Dertien van die boonste ry elite graftombes is versier en bevat uitgebreide biografieë wat tien van die eienaars as die hoogste amptenary van die Oryxprovinsie identifiseer (Kamrin 2009:22). Vergeleke met sommige grafte by Beni Hasan, getuig Khnum-hotep II se graf van hoogstaande vakmanskap en word dit deur Kamrin (2009:23) as ‘n argitektoniese en artistieke meesterstuk beskou. ‘n Muur van drie voet vier duim¹⁸ dik met ‘n groot deur, skei die ingangsportaal van die groot saal met ‘n gewelfde dak wat deur vier kleiner sestienkantige pilare gestut word (Newberry 1893:52). Die pilare het ook die opening na die klein heiligdom wat op die ingang uitkyk, gestut (Baines 1995:2). Aan die oostekant van die groot saal, waar ‘n standbeeld van Khnum-hotep II gestaan het, lei twee skagte na twee grafkamers, waar oorledenes ter ruste gelê kon word (Newbury 1893:53). Die kleiner pilare het die ruim hoofsaal (31x32x19 voet)¹⁹ in drie dele verdeel (Shea 1981:219). Hierdie binnepilare was net so kleurvol soos die pilare in welaf huishoudings, terwyl die dak net soos gewone huise se plafonne met rooi en geel vierkantjies in geometriese patrone versier was (Baines 1995:4).

Die twee sirkels aan die Westekant van die graf (sien Fig. 2.8) verteenwoordig die twee groot sestienkantige pilare by die ingang, terwyl die vier sirkels in die aangrensende saal die vier kleiner sestienkantige pilare wat die koepel gestut het, verteenwoordig. In die aangrensende klein kamer aan die Oostekant het die standbeeld van Khnum-hotep II gestaan, wat op die ingang van die graf uitgekyk het, maar nou nie meer daar is nie.

Dit wil voorkom asof sommige grafte daarop ingestel was om nie noodwendig die wêreld se genietinge te weerspieël nie, maar eerder die verwagte ideale, begeerde situasie in die hiernamaals (Spanel 2001:176). Volgens Kamrin (2009:232) was die belangrikste oogmerk van grafversiering om die Egiptiese kosmos op drie vlakke te weerspieël – die plaaslike landskap, die Egiptiese landskap en die landskap van die kosmos as ‘n geheel.

Die gepleisterde mure van *Graf BH3* bevat uitgebreide inskripsies en kleurvolle tonele uit Khnum-hotep II se ampstermyn en lewe en skep die indruk van ‘n ryklik versierde tapisserie (Kamrin 2009:23). Die *muurskildery* en ander uitbeeldings in die graf bied ‘n blik op belangrike gebeurtenisse tydens Khnum-hotep II se ampstermyn – soos die amptelike verwelkoming van ‘n internasionale handelsending in Menat-Khufu. Hierdie handelsending

¹⁸ 1.019 meter.

¹⁹ 9.4x9.7x5.8 meter.

was so belangrik geag dat Khnum-hotep II se seun Kheti, wat destyds die hoof van die grenspolisie was en die koninklike hofsrywer Neferhotep, die geselskap vergesel het – moontlik vanaf die grenspos vanwaar hulle Egipte binnegekom het (Shea 1981:219) – in hierdie geval, moontlik die grenspos van die Oostelike Woestyn. Soos hierbo genoem het Neferhotep se dokument aangedui dat hierdie handelsending blykbaar Asiate (Semiete) was (Shea 1981:221). Dat die besoekers self die geleentheid as belangrik beskou het, blyk uit die feit dat hulle gepaste welwillendheidsgeskenke vir die goewerneur gebring het. Vermoedelik het die geskenk uit oogverf, asook twee wildsbokke bestaan, waarvan die voorste bok heel gepas ‘n ram was, moontlik om die goewerneur van die Oryxprovinsie se ego te streel (Shea 1981:224). Die toneel wat die handelaars uitbeeld, verskyn in die derde register van bo af op die noordelike muur van *Graf BH3* (Kamrin 2009:23) (sien Fig. 2.5). Dit bied interessante detail op die daaglikse aktiwiteite en voorkoms van mense soos uitgebeeld in die ‘aartsvaderverhale’ (in die Ou Testament), sowel as die versorging van of rondtrek met hul veekuddes en jaggewoontes.

Die westelike muur was gewy aan Khnum-hotep II se daaglikse aktiwiteite soos toesig hou oor landboukundige- en ambagsprojekte, asook talle huishoudelike take, terwyl die oostelike muur Khnum-hotep II se ontspanningsaktiwiteite uitbeeld waar hy saam met sy seun en argitek visvang, voëls met ‘n vangnet vang en met ‘n gooihout diere soos seekoeie jag (Baines 1995:10; Cohen 2015:33). Die suidelike muur beeld Khnum-hotep II en sy vrou by afsonderlike tafels uit waar hulle offergawes bring, terwyl die nodige priesterlike rites nagekom word (Baines 1995:9; Cohen 2015:33). Vir die doel van hierdie navorsing is dit belangrik om daarop te let dat oogverf deel van die offermaaltyd wat op die tafel voor Khnum-hotep II uitgebeeld word, ingesluit het. Dit was deel van 54 items waarvan die sewe heilige olies (wat ook in begrafnisrituele gebruik was) deel uitgemaak het (Mourad 2014:200). Ongelukkig word die items nie afsonderlik genoem nie, terwyl sommige daarvan nodig was vir die voorbereiding en balseming van Khnum-hotep II se liggaam en vir die rites om sy *ka* (siel) en *ba* (fisiese vitaliteit) na sy liggaam terug te begelei.²⁰

²⁰ <https://helloworldciv.com/blog/ancient-egyptian-cosmetics> (Geraadpleeg 28 November 2017).

2.5 GEBRUIK VAN KLEUR

‘n Publikasie van die *Beni Hasanskildery* wat die Semitiese handelaars uitbeeld, strek sover terug as 1845 n.C., toe die Fransman Champollion vir die eerste keer daaroor berig het (Shea 1981:221). Die *skildery* lewer onder andere ‘n waardevolle bydrae tot ons kennis van die beskikbaarheid van sekere verfkleure wat kunstenaars reeds tydens die tweede millennium v.C. tot hul beskikking gehad het. Predinastiese skilderye toon dat kunstenaars toe reeds oor pigmente (kleurstowwe) beskik het om die drie primêre kleure – geel, rooi en blou – te gebruik, asook die akromatiese kleure wit en swart (Quirke 2000:107). Deur voorgenoemde kleure te meng, het kunstenaars van die negentiende eeu v.C. reeds al die kleure op die kleurwiel tot hul beskikking gehad (Quirke 2000:109, 115).

Hierdie verskeidenheid kleure het kunstenaars in staat gestel om die kleurvolle drag van die handelsgeselskap in detail uit te beeld. Die belangrikheid van kleur in die *skildery* lê daarin dat dit ons ‘n blik bied op die gesofistikeerde, vrolike, helderkleurige kleredrag en gevorderde weeftegnieke waarvoor Semiete reeds 4000 jaar gelede beskik het. In die samelewings van die antieke wêreld was gekleurde materiaal as ‘n statussimbool beskou. Veral pers materiaal was so gesog dat dit as oorlogsbuit geneem was (Jensen 1963:115).

Geel as kleur was verkry van geel oker, rooi van ysteroksied en blou van alkalië soos natron en potas (Quirke 2000:109, 115). Die akromatiese kleure wit en swart was onderskeidelik van kalsiumkarbonaat (kalk) of kalsiumsulfaat (gips) en koolstof (houtschool), verkry (Quirke 2000:114). Die ander akromatiese kleur grys, was verkry deur wit en swart pigmente te meng. Deur verskillende kleure te meng, was kunstenaars in staat om enige tint, kleurtoon of skakering van ‘n kleur te verkry, soos blyk uit die *Beni Hasanskildery*. Dit staaf Bybelse verwysings na gekleurde kleredrag en tekstiele waarop konings beslag gelê het (Batten 2010:149) (vgl. Rig. 5:30).

2.6 PLIGTE VAN GOEWERNEURS

Goewerneys was vermoedelik die afstammeling van stamhoofde wat die Nylvallei gedurende pre-dinastiese tye (*circa* 5000 – 3000 v.C.) regeer het en later as die aristokrasie van die provinsie beskou was (Manchip White 1970:57). Tydens die Ou Koninkryk (*circa*

2778 – 2723 v.C.) was goewerneys slegs aan die koninklike hof onderdanig, maar tydens die Piramide Tydperk van die Sesde Dinastie (*circa* 2423 – 2190 v.C.), het hulle die geleentheid aangegryp om onafhanklike heersers in eie reg te word (Manchip White 1970:57-58). Waar die amp van goewerneur voorheen ‘n koninklike aanstelling was, het dit nou oorerflik geword (Manchip White 1970:58).

Uit die aard van hul verhewe posisie, was goewerneys met talle amptelike pligte belas. Hul aansien en status het hulle die amptelike titel ‘Opperheer’ besorg wat aan hulle semi-feodale status verleen het. Dit wil voorkom asof hierdie titel hulle in staat gestel het om as plaasvervangers namens die Farao op te tree tydens sekere amptelike geleenthede soos die ontvangs van ‘n optog van amptenare, petisionarisse, hofskrywers, sowel as handelaars soos die Beni Hasangeselskap (Kamrin 2009:23). In ruil vir hierdie koninklike vergunning moes goewerneys wet en orde in hul provinsies handhaaf (Kessler 1987:15) en was hulle ook verplig om die grens te beskerm en ekspedisies namens die koning te onderneem (Callender 2000:175). Ander pligte het die insameling van belastings en oeste ingesluit (Shea 1981:219). Aufreere (2002:211) is van mening dat Khnum-hotep II die noordelike deel van die Oostelike Woestyn vanaf Wadi Hammamat tot sover as Suid Sinai beheer het en dus ook die roete na die Levant.

Outobiografiese inskripsies in *Graf BH3* dui aan dat Khnum-hotep II ‘n priester in die tempel van die leegodin Pakht was, terwyl sy vrou ‘n priesteres by ‘n nabygeleë tempel vir Hathor (beskermheilige van myners) was (Baines 1995:12), iets wat ook op die belangrikheid van mynbou in hul bestaan dui (vgl. 2.3.1). Pakht was na bewering ‘n wrede godin wat met die woestyn geassosieer was en kwaadwillig kon optree. Sy hoë posisie het Khnum-hotep II direkte toegang gegee tot mynbou-aktiwiteite tussen die Oryxprovinsie en die Oostelike Woestyn (vgl. 5.4.1). In die lig hiervan is dit moontlik dat Khnum-hotep II dalk self belange in die mynboubedryf gehad het of dit is moontlik dat mynbou dalk die belangrikste inkomstebron van die Oryxprovinsie was. Tesame hiermee was die Oostelike Woestyn een van die geografiese plekke waar *galena* voorgekom het (sien 5.4.1.2).

Volgens Caldwell en Gyles (1966:75) was goewerneys daarmee belas om plaaslike heffings te verhoog, die openbare orde te handhaaf en toesig te hou oor die werksaamhede van arbeidsbataljonne en landbou-aangeleenthede van die provinsie. Goewerneys het ook delegasies soos die Beni Hasanhandelaars ontvang (Van de Mierop 2011:103). Hulle was

onder andere belas met die veiligheid van die provinsie. Hoewel inskripsies in grafte nommers twee, drie en veertien moontlik vaagweg na burgerlike onrus in die land mag verwys (Spanel 2001:176), wil dit voorkom asof Khnum-hotep II se ampstermyn deur politieke bestendigheid gekenmerk was. Dit blyk uit sy ontspannings-aktiwiteite wat jag, die vang van voëls en die bywoning van 'n stoeikompetisie saam met sy vrou, ingesluit het (Shea 1981:219).

2.7 UITBEELDING VAN DIE HANDELSGESELSKAP

2.7.1 Egiptiese amptenare om geselskap te begelei

Soos blyk uit die *muurskildery* was die Beni Hasangeselskap amptelik deur twee Egiptiese amptenare vergesel, die Superintendent van die polisie van die Oostelike Woestyn (vgl. 2.8.1.3) en die koninklike hofskrywer Neferhotep. Laasgenoemde het voor in die proses geloop om die besoekers aan Khnum-hotep II bekend te stel (sien Fig. 2.3). Ongelukkig is dit nie duidelik uit Neferhotep se dokument (wat hy in sy hand vashou), of die ontmoeting by Khnum-hotep II se ampswoning, by 'n handelstasie of elders plaasgevind het nie.

Soos voorheen genoem, dui die uitbeelding in die *skildery* op die Egiptiese kunstenaars se kultureel-meerderwaardige siening van hulself, en blyk Khnum-hotep II se belangrikheid uit die feit dat sy figuur twee en drie keer so groot as die werkers op die mure van sy graf uitgebeeld word (Shea 1981:221; Kamrin 2009:23) (vgl. Fig. 2.5).

Saretta (1997:69) beklemtoon ook dat die *skildery* die eerste uitbeelding in Egiptiese kuns was wat 'n gedetailleerde rekord van Middel Brons IIA (*circa* 1925 – 1700 v.C.) Semiete toon wat nie as kultureel minderwaardige of patetiese Bedoeïene teenoor Egiptenare uitgebeeld was nie (Saretta 1997:69), maar wel as mense in eie reg en met waardigheid. Die handelaars se waardigheid en onafhanklikheid sal ook in hierdie hoofstuk telkens uitgelig word. Dit blyk dus uit die manier waarop die Semitiese handelaars in die *Beni Hasanmuurskildery* uitgebeeld word dat hulle van besondere belang vir die Egiptenare was en dienooreenkomstig (uniek) uitgebeeld word.

2.7.2 Handelsprotokol en welwillendheidsgeskenke

2.7.2.1 Die uitruil van welwillendheidsgeskenke

Die uitruil van welwillendheidsgeskenke was gewoonlik nie 'n eensydige handeling nie, aangesien die gebruik daarvan deur streng etiket, sowel as die kommersiële waarde van die geskenke, gereguleer was (Sasson 2008:95). Daar was van ambassadeurs of koninklike boodskappers verwag om by hul bestemmings ook geskenke van vasalstate vir hul heersers te kollekteer (Sasson 2008:98). Uit die *Amarnabriewe* kan afgelei word dat strydwaens en perde destyds onder die mees gesogte welwillendheidsgeskenke geresorteer het (Benzel 2008:155). Die *Amarnabriewe* suggereer ook dat konings meer bereid was om geskenke te ontvang, as om te gee (Liverani 2008: 167). Dit is moontlik die rede waarom uit die Amarna argiewe afgelei kan word dat baie briewe van vreemde heersers nie altyd deur die Farao beantwoord was nie. Moontlik kan dit toegeskryf word aan die feit dat dit nie oor politieke- of staatsaangeleenthede gehandel het nie, maar eerder 'n gekibbel oor welwillendheidsgeskenke of politieke huwelike gereflekteer het (Spar 2008:169). Ten spyte hiervan verskaf die *Amarnabriewe* waardevolle inligting oor Egipte se diplomatieke verhoudings.

2.7.2.2 Oorhandiging aan heersers of tempels

Gedurende latere jare was die aankoms van 'n karavaan in 'n stad, tesame met die kamele uit die woestyn, altyd 'n heuglike gebeurtenis (Husein 1986:116). Soos verder blyk uit die *Beni Hasanmuurskildery* was geskenke eerstens aan plaaslike heersers of hul tempels oorhandig.

Uit die verhaal van Sinuhe²¹ (*circa* 1938 – 1756 v.C.) kan afgelei word dat sulke geskenke 'n blyk van vriendskap aan die kant van die Farao, aan Asiatiese/Semitiese heersers was (Van Seters 1966:76). In Anatolië het protokol vereis dat karavane afkomstig vanaf Assur by Kultepe, eers by een van die paleise in die bo-stad moes aandoen, waar belastings op hul handelware gehef was, voordat handelaars besigheid in die laer stad kon beoefen (Larsen

²¹ Die verhaal van Sinuhe is 'n verhaal wat 4000 jaar oud is. Sinuhe was 'n koerier en assistent in diens van die Egiptiese Farao Amenhotep 1 (*circa* 1514 – 1493 v.C.). Later sou hy uit Egipte vlug en by 'n Bedoeïene stam in Sirië aansluit. Hier het hy 'n nuwe lewe begin en met vee en vrugtebome geboer. Toe hy oud word het, het hy weens verlange na Egipte teruggekeer en sy laaste dae daar deurgebring.
<https://www.ancient.eu/article/886/the-tale-of-sinuhe/> (Geraadpleeg 27 November 2018).

2008:71). Handelaars het soms goedere aan ander handelaars op 'n kredietbasis van drie maande verskaf, waarna laasgenoemdes vry was om die goedere weer by ander nedersettings te herverkoop (Larsen 2008:71). Albright (1961:47) wys daarop dat eienaars van karavane oor voldoende krediet moes beskik om donkies en 'n verskeidenheid handelsware aan te koop alvorens 'n karavaan kon vertrek.

2.7.2.3 Die doel van welwillendheidsgeskenke

Uit die *muurskildery* is dit duidelik dat die Beni Hasanhandelaars met destyds se handelsprotokol bekend was, deur altyd eerste by die hoogste gesag van 'n plek (Khnum-hotep II in hierdie geval) aan te doen voordat hulle met hul handelsaktiwiteite begin het (Larsen 2008:71). Hul geboë houding, tesame met hul kaal voete, is 'n aanduiding dat hulle ook die nodige respek aan Khnum-hotep II betoon het. Die twee vroue en die twee wagt wat hul hande voor hul borste gevou het, was moontlik 'n teken van respek teenoor Khnum-hotep II, of dit kan ook as 'n groet vertolk word (Shea 1981:226-227) (sien Fig. 2.3). Die afleiding kan gemaak word dat handelsaktiwiteite reeds vanaf die vroegste tye aan sekere protokol onderworpe was.

Die aanknoop van nuwe handelsbetrekkings was gewoonlik deur die uitruil van welwillendheidsgeskenke voorafgegaan. Die vroegste getuienis van welwillendheidsgeskenke blyk uit die verhaal van Wenamon (*circa* 1090 – 1075 v.C.) wat in opdrag van die Egiptiese hoëpriester Herihor, na Biblos moes reis om hout namens die heerser van Egipte, Raamses XI (*circa* 1099 – 1070 v.C.) te koop (Casson 1959:54). Om die transaksie suksesvol te beklink moes Wenamon, afgesien van die betaling van goud en silwer, 'n welwillendheidsgeskenk aan Zakar-Baal, die koning van Tirus oorhandig (vgl. 2.7.2). Volgens Casson (1959:54) het sy welwillendheidsgeskenk uit 'n groot hoeveelheid goedere bestaan. In die lig hiervan is dit moontlik dat die Beni Hasanhandelaars ook 'n geskenk (in die geval oogverf en twee wildsbokke) vir Khnum-hotep II gebring het (Shea 1981:224).

Protokol rakende welwillendheidsgeskenke was deur streng etiketreëls, sowel as die kommersiële waarde daarvan, gekenmerk (Liverani 2008:167; Sasson 2008:95). Soms was handel deur verskuilde politieke of simboliese agendas onder die dekmantel van welwillendheidsgeskenke gedryf, of het dit deel van die ritueel van formele geskenk oorhandiging

uitgemaak (Fagan 2012:140). Dit wil vandag voorkom asof welwillendheidsgeskenke sedert die vroegste tye 'n belangrike aspek van handelsprotokol uitgemaak het. Die Beni Hasanhandelaars se geskenk van oogverf en twee wildsbokke vir Khnum-hotep II, moet heelwaarskynlik teen hierdie agtergrond beskou word. Oogverf was 'n gepaste geskenk vir persone in belangrike posisies (soos Khnum-hotep II) en ook aangesien almal in Egipte oogverf gebruik het (Depietro 2013:1808).

Dat skoonheidsmiddels soos oogverf as gepaste welwillendheidsgeskenke beskou was, blyk uit die geskenk van kosbare kruie wat die Koningin van Skeba tydens haar latere besoek aan Koning Salomo (*circa* 1000 v.C.) oorhandig het (1 Kn. 10:10). Dit wil voorkom asof welwillendheidsgeskenke destyds 'n doeltreffende onderhandelingsmeganisme was, omdat Salomo in ruil hiervoor, vir haar 'alles gegee het wat sy begeer en gevra het' (1 Kn. 10:13). In hierdie milieu was handel en diplomatie nou aan mekaar verwant, aangesien 'n gunstige ontvangs by 'n paleis handel soms kon bevoordeel en aanleiding tot politieke alliansies kon gee (Sasson 2008:165). Waarskynlik was die koningin se belangrikste motief om 'n sterk bondgenoot aan die noordelike eindpunt van haar koninkryk te bekom (Wellard 1977:47), iets wat belangrik vir die ekonomiese voortbestaan van Skeba was. Dit wil daarom voorkom asof welwillendheidsgeskenke sedert die vroegste tye moontlik ook goeie handelsbetrekkinge bevorder het.

2.7.3 Posisie, titel en kleredrag van die leier

2.7.3.1 Leier se posisie, naam en titel

Beide die inskripsie bokant die *skildery* en die koninklike hofs krywer Neferhotep se dokument, verwys na die *heqahasut* (leier) van die karavaan as Ibsha, wat 'heerser van 'n vreemde land' beteken (Shea 1981:220).

Later is die term 'Hyksos' van die benaming *heqahasut* afgelei, terwyl Ibsha moontlik die Amoritiese vertaling van die Semitiese naam Abisar is (Shea 1981:220). Albright (1961:206) is van mening dat die Semitiese naam Abisaï as 'my vader is koning' vertaal kan word, terwyl Saretta (1997:93) dit as 'my vader is 'n edelman' vertaal. Selfs die kort herderstaf waarmee Ibsha die Nubiese ibex beheer het, was moontlik simbolies van sy koninklike status

en titel (Kamrin 2009:25). ‘n Jurk met klossies, soortgelyk aan dié wat Ibsha gedra het, was deur die Israelitiese Koning Jehu op die *Swart Obelisk* van Salmaneser (*circa* 842 v.C.) gedra toe hy skatplig aan voorgenoemde moes betaal (King & Stager 2001:261) (sien Fig. 2.10 en Fig. 2.11).

As leier van die karavaan, het Ibsha die geselskap voorafgegaan, gevolg deur sy tweede-in-bevel. Afgesien van die oogverf, het Ibsha ‘n Ibexram en sy tweede-in-bevel ‘n gaselooi hanteer om as welwillendheidsgeskenke aan Khnum-hotep II te oorhandig (Shea 1981:221) (sien 2.7.2). Die moontlikheid bestaan ook dat die bokke as offerdiere gebring was om tydens ‘n fees te offer. Die vier mans wat die prosessie voorafgegaan het, was heel gepas sonder skoene (sien Fig. 2.3). Dit was in ooreenstemming met destyds se gebruik om skoene uit te trek, wanneer die teenwoordigheid van koninklikes betree was (Wilkinson 1878b:337).

Goedicke (1984:203, 209) se stelling dat Ibsha se titel slegs behels het dat hy die ‘administrateur van ‘n woestynland’ was en sy tweede-in-bevel die werklike leier was, blyk na my mening foutief te wees omdat Ibsha se duur ampsgewaad die stelling weerspreek. Dit is ook onwaarskynlik dat Ibsha sulke belangrike onderhandelinge met die goewerneur, aan sy tweede-in-bevel sou oorlaat. In ooreenstemming met sy belangrike posisie as leier van die geselskap was Ibsha heel gepas in ‘n ampsgewaad geklee wat hom van die res van die geselskap onderskei het (sien Fig. 2.9).

2.7.3.2 *Leier se kleredrag*

Hoewel verskillende teorieë aangebied word om die leier en die handelaars te identifiseer, kan uit die leier se opsigtelike helderkleurige en duursame kleredrag afgelei word dat hy vermoedelik van koninklike of adellike afkoms en welvarend was (sien 3.8.3). Onder Wes-Semitiese volke was hierdie soort geweefde materiaal sinoniem met rykdom en status (Kamrin 2009:25) en dit mag moontlik die rede wees waarom Khnum-hotep II die handelsgeselskap so belangrik geag het om hulle in sy graf te verewig. Saretta (1997:113) beskryf Ibsha se ampsgewaad as tipies Siries, iets wat nog nie voorheen in ou Nabye Oosterse kuns gesien was nie. Moontlik kan dit toegeskryf word aan die feit dat die meerderheid Asiate wat Egipte besoek het, gewoonlik verarmde bedelaars of werksoekers was, terwyl Ibsha se karavaan moontlik die eerste koninklike en welvarende Asiate was wat Egipte

besoek het. Die handelaars se klere van ingewikkelde, vrolike en helderkleurige patrone was moontlik vir die Egiptenare onbekend.

Die klossies waarmee Ibsha se deftige ampsgewaad versier was, kan beskou word as ‘n refleksie van sy amptelike status as leier van die karavaan. Soos afgelei kan word uit Fig. 2.3 het die leier se deftige ampsgewaad met die ontblote skouer hom opsigtelik onderskei van die res van die geselskap (sien Fig. 2.9).




Fig. 2.9 Ibsha se deftige ampsgewaad met ontblote skouer²²

Dat ryklik versierde kledingstukke en tekstiele baie gesog was, blyk uit die feit dat konings dit as geskenke gegee of ontvang het (Batten 2010:149), of as oorlogsbuit bekom het soos blyk uit Tiglat-pileser (745 – 727 v.C.) se vermelding van ‘linneklere met veelvuldige versierings en klere van donkerkleurige purperwol’ wat hy as oorlogsbuit in Judea en Samaria gebuit het (Wright 1955:61). Rigters 5:30 maak ook melding van sulke veelkleurige klere. Ibsha se ‘koninklike ampsgewaad’ wat op sy status gedui het, was moontlik nog ‘n rede waarom Khnum-hotep II die handelaars so belangrik geag en hulle in sy graftombe verewig het. Klere wat oor een skouer gegooi was en een skouer ontbloot gelaat het (soos Ibsha se ampsgewaad), was sedert die vroegste tye in Mesopotamië deur soldate en vroue gedra (Saretta 1997:118), maar die betekenis hiervan is nie duidelik nie.

²² Cohen 2016. Sien 3.8.3 vir ‘n verdere bespreking van die leier en ander karavaanlede se kleredrag.

Klossies en fraings was gewoonlik met adelikheid geassosieer soos blyk uit Koning Jehu van Juda se drag op die *Swart Obelisk van Salmaneser* (sien Fig. 2.10 en Fig. 2.11).



Fig. 2.10 *Swart Obelisk van Salmaneser*²³



Fig. 2.11 Uittreksel uit *Swart Obelisk*²⁴

Uit die *Beni Hasanmuurskildery* blyk dit dat modes waarskynlik nie veel verander het nie. Die kleurryke lendeklede wat die leier se assistent en die agterste twee wagte dra, dui na my mening daarop dat die karavaanlede welvarend was en nie deel uitgemaak het van die trekarbeiders, swerwers of nomadiese groepe wat Egipte periodiek met hul veetroppe geïnfiltreer het nie (vgl. 3.8.4). Die feit dat hulle op dié manier uitgebeeld is, dui weereens op die handelaars se belangrikheid in die oë van die Egiptenare. ‘n Ander moontlikheid naamlik dat die handelaars Khnum-hotep II op uitnodiging besoek het, moet ook nie buite rekening gelaat word nie, vandaar die amptelike begeleiding.

2.7.4 Rol van die bokke

Die spesifieke doel waarvoor die diere gebruik moes word, is debatteerbaar en uiteenlopende verklarings vir hul teenwoordigheid word aangebied. Die mees ooglopende verklaring is dat die bokke as geskenke of as offerdiere aan Khnum-hotep II oorhandig was (Kamrin 2009:30). Die voorste bok, ‘n Nubiese *Ibex ram (Capra Ibex Nubiana)* en die tweede bok, ‘n gassel-ooi (*Gazella Dorcas*), blyk wilde woestyndiere te wees, moontlik vanuit die Oostelike Woestyn (sien Fig. 2.2).

²³ King & Stager 2001:262.

²⁴ King & Stager 2001:261.

Die *muurskildery* beeld die oorhandiging van oogverf, maar ook twee bokke as ‘n geskenk deur die leier en sy assistent aan Khnum-hotep II uit (sien Fig. 2.12 en Fig. 2.13).



Fig. 2.12 *Capra Ibex Nubiana*²⁵



Fig. 2.13 *Gazella Dorcas*²⁶

Die bokke se herkoms mag moontlik lig werp op die handelaars se plek van oorsprong (vgl. 2.8). In die lig van die feit dat die bokke woestyndiere is, verbind Goedicke (1984:208-209) die Aamu (Semiete) se oorsprong met die Noord-Oostelike Delta en bied hy die titel ‘Heerser van die woestyn’ aan vir die naam Abisaï.

Kamrin (2009:30) beskou die bokke as offergawes vir Khnum-hotep II en nie noodwendig as geografiese aanwysers nie (sien Fig. 2.12 en Fig. 2.13). Die kaal voete van die leier en sy assistent dui moontlik, soos reeds hierbo genoem, daarop dat die diere deel sou vorm van ‘n kultiese fees of optog waar hulle as deel van ‘n begrafnisritueel geoffer sou word. Beide oogverf en wildsbokke was destyds as offergawes in Egiptiese begrafniskultusse geoffer (Kamrin 2009:30). Na aanleiding van ‘n uitbeelding op die noordelike muur in Bakt se graf wat toon hoe ‘n wit Oryx vir sy *Ka* (siel) geoffer word (Graves 2017:44), bestaan die moontlikheid dat die bokke ook vir kultiese doeleindes geoffer kon word.

Die bokke was volgens Kessler (1987:153-157) die eiendom van Ibsha, die leier van die karavaan en was as offerdiere gebring om tydens die Nuwejaarsfees te offer – ‘n fees waartydens Khnum-hotep II homself met Horus vereenselwig het, om sy aardse genietinge in die hiernamaals voort te sit. Feeste was vir Egiptenare baie belangrik want dit was gewoonlik

²⁵ https://en.wikipedia.org/wiki/Nubian_ibex//media/File:PikiWiki_Israel_39769_Male_Ibex.jp (Geraadpleeg 21 November 2018).

²⁶ <http://en.wikipedia.org/wiki.org.Dorcas-gaselle> (Geraadpleeg 15 Desember 2018).

met groot vreugde en plesierigheid gevier. Die *Heb-Sed* fees was gewoonlik met prag en praal gevier, 'n fees waartydens die koning homself met Horus vereenselwig het en elke 30 jaar gevier was (Rice 2003:99). Uit die *skildery* is dit onduidelik of die handelaars se aankoms by Menat-Khufu, voor, tydens of na die fees was.

Hoewel die bokke moontlik 'n geskenk van een of ander aard was, is dit duidelik dat hulle nie van die Semiete se plek van oorsprong afkomstig was nie (wat onprakties sou wees), aangesien beide boksoorte volop in Egipte se Oostelike Woestyn, wat relatief naby Khnum-hotep II se tuiste was, voorgekom het (Kamrin 2009:30).

Kessler (1987:162) se teorie oor die bokke se herkoms vanuit die Oostelike Woestyn, is moontlik die mees aanvaarbare, aangesien daar 'n direkte pad vanuit die suide van die Oostelike Woestyn na Menat-Khufu was (sien 2.9). Vir die Hebreërs was gaselle simbole van liefde en skoonheid, maar vanweë hul vlugvoetigheid, moeilik om te vang (Baly 1985:334).

2.7.5 Posisie van die wagte, vroue en kinders

In die lig van die talle gevare waaraan handelaars voortdurend blootgesel was, was dit veiliger om in groepe of karavane (soos dié van die Beni Hasanhandelaars) te reis, wat beter sekuriteit gebied het, soos blyk uit die getal van 37 lede waaruit die karavaan bestaan het (Shea 1981:221). In ooreenstemming met die simboliek van Egiptiese kuns, mag hierdie getal dalk simbolies gewees het. Dat die *skildery* 'n simboliese weergawe van 'n dokument is wat moontlik 'n meer volledige opgawe van voorrade of vergoeding van 37 *Aamu* lede weerspieël, mag moontlik meriete hê. Dit was destyds aanvaarde praktyk in Egiptiese kuns om 'n kleiner groep as verteenwoordigend van 'n groot groep uit te beeld. Aufrere (2002:211) is van mening dat die 'vreemdelinge' se besoek van 'n amptelike aard was om oogverf by 'n handelstasie aan Khnum-hotep II te oorhandig. Dit verklaar moontlik waarom hy die gebeure in sy graf-outobiografie ingesluit het.

Om gevare die hoof te bied, was handelaars genoodsaak om voorsorgmaatreëls te tref om hul diere, reisgenote en handelsware te beveilig deur gewapende wagte aan te stel om die karavane te vergesel. Die moontlikheid bestaan ook dat die handelaars, afgesien van Khnum-hotep II se geskenk wat oogverf ingesluit het, addisionele oogverf en ander waardevolle

handelsitems vervoer het om van die hand te sit. Omdat oogverf destyds net so waardevol as goud geag was (Sommer 1943:34), was die leier van die karavaan moontlik genoodsaak om verskerpte veiligheidsmaatreëls te tref, vandaar die gevorderde wapentuig waarmee die wagte toegerus was (sien 4.6.3).

Die posisie van die gewapende wagte in die *skildery* aan die voerpunt (uitgesonderd die leier en sy assistent) sowel as aan die agterkant van die karavaan, dui daarop dat hulle verantwoordelik was vir die waardevolle handelsitems en ook vir die veiligheid van die geselskap, spesifiek die meer kwesbare lede – die klein kinders en vroue. Soos blyk uit die posisie van die kinders tussen die voorste wagte en die vroue (sien Fig. 2.3), was hulle ook voortdurend onder die wakende oë van die vroue en kon die vierde wag van voor wat na agter kyk, ook oor hulle toesig hou (Kamrin 2009:26). Deur die vroue en kinders sentraal tussen die gewapende wagte te plaas, kon hulle beter beveilig word teen 'n onverwagse aanval deur struikrowers of ander vyandige elemente (vgl. 2.7.5).

Kelso (1972:9) beweer dat wagte wat ryk handelaars se karavane en handelsware beveilig het, spesiaal opgeleide guerillavegters was. Dit blyk uit die 318 gewapende slawe wat deur Abram gebruik was om Lot van sy ontvoerders te bevry (Gn. 14:14, 15). Abimeleg, die heerser van die karavaanstad Gerar, het selfs sy eie private leër met 'n bevelvoerder Pikol, gehad om die karavane te beveilig (Gn. 21:22, 32) (Kelso 1972:9). Deur swaar gewapende wagte aan te stel om die karavaan te beveilig, wou die leier moontlik verhoed dat 'n lid of lede van die karavaan ontvoer word of dat die handelsware (veral oogverf) gebuit word.

Volgens Kamrin (2009:24) verteenwoordig die agt volwassenes en drie kinders tussen die twee ongewapende leiers op die voerpunt en die twee gewapende wagte op die agterhoede, die res van die 37 lede wat nie uitgebeeld word nie. Shea (1981:221) is van mening dat die uitbeelding nie as 'n weergawe van die werklikheid beskou moet word nie, maar eerder as 'n manier waarop Egiptiese kunstenaars Semiete beskou en uitgebeeld het. Om die geselskap se veiligheid verder op te skerp, was die agterhoede van die geselskap deur 'n wag met verskillende tipes wapens gedek, waaronder 'n eendbekstrydbyl (sien Fig. 4.9).

Uit die *muurskildery* kan nie afgelei word of die jong seun agter die voorste donkie, 'n werklike- of 'n speelgoedspies vasgehou het nie. Indien dit 'n werklike spies was, kon hy dekking aan die klein kinders op die donkie se rug verleen en ook tot die vroue se veiligheid

bydra. Kamrin (2009:29) beskou die twee kinders op die donkie se rug as twee prinse wat hul opleiding in Egipte moes ondergaan, terwyl die groter kind 'n prins was wat moontlik aan 'n elite erewag verbonde was, vandaar sy hantering van die spies. Hul kort haarstyle en die jong kind se lendekleed, is moontlik die rede waarom hulle as seuns beskou word.

Swain & Armstrong (1959:121) bied na my mening die mees geloofwaardige verklaring vir die klein kinders op die donkie se rug, naamlik dat dit 'n illustrasie van die handelaars se nomadiese leefwyse was (vgl. Rgt. 5). Nomades het gewoonlik met hul uitgebreide gesinne en al hul besittings rondgetrek, terwyl donkies hul tradisionele vervoermiddel was (vgl. Rgt. 10:1-5).

2.8 IDENTITEIT VAN DIE HANDELAARS

Na byna vierduisend jaar blyk die interpretasie van die *muurskildery* tesame met die identifisering en oorsprong van die Beni Hasanhandelaars weens uiteenlopende sienings, steeds in omstredenheid gehul te wees (vgl. 2.3). Verskillende teorieë en benaderings bestaan oor die moontlike identiteit en herkoms van die handelaars.

2.8.1 Verskillende teorieë

Cohen (2015:26) wys op die versoeking van akademici om feitlik elke Bybelse of historiese verwysing na swerwende nomades tussen die Levant en Egipte, met die *Beni Hasan-muurskildery* te assosieer. Dieselfde geld vir die versoeking om die karakters wat in die *skildery* uitgebeeld was, met die latere Hyksos te assosieer.

Cohen (2015:23) is van mening dat die interpretasie van die *skildery* hoofsaaklik in vier groepe verdeel kan word: Eerstens is daar diegene wat fokus op die *identifisering* van die handelaars in die *skildery*, tesame met 'n sub-kategorie wat hul plek van *oorsprong* wil identifiseer. 'n Tweede groep fokus op die *gebruiksartikels* wat in die *skildery* uitgebeeld word en die doel waarvoor dit gebruik was. Die derde groep fokus op die handelaars as verteenwoordigers van 'n sekere *sosiale of ekonomiese groep* en die gemeenskappe wat hulle verteenwoordig het, terwyl die vierde groep die *kommersiële ooreenkomste en kontakte* tussen Palestina en Egipte wil vasstel.

Scheffler (2000:33) wys daarop dat akademici die Beni Hasangebeure in terme van drie kategorieë interpreteer: Eerstens is daar diegene wat dit in terme van die *'aartsvaderverhale'* interpreteer, tweedens diegene wat hulle beperk tot die *leefstyl van die 'aartsvaders'* en derdens is daar diegene wat die handelaars as *reisende metaalwerkers* beskou. Al bogenoemde sake sal mettertyd te berde gebring word.

Omdat daar nog nie sekerheid oor die identiteit van die Beni Hasanhandelaars is nie, is verskillende etniese benamings reeds aan hulle toegedig, onder andere Asiate, Semiete, Bedoeïene, Kanaäniete (Shea 1981:221), Amoriete, Midianiete of Keniete (Cohen 2015:24). Dit moet in gedagte gehou word dat Kanaän op dié stadium aan Egipte behoort het en dat beweging tussen Kanaän en Egipte niks vreemds was nie. Soos reeds genoem, vertaal Egiptoloë die woord *Aamu* met Asiate – 'n Semitiese leenwoord, terwyl ander verklarings die begrip *Aamu* met die bewoners van die Levant en die Oostelike Woestyn, of Semiete wat Oos en Noord-Oos van die Nylvallei woonagtig was, verbind (Kamrin 2009:24).

2.8.1.1 Hyksos

Die term Hyksos is die Griekse benaming wat deur die Egiptiese priester Manetho (Derde eeu v.C.) gegee is vir die Asiatiese prinse wat Egipte tydens die 15de en 16de Dinastieë regeer het (*circa* 1667 – 1559 v.C.) (Weinstein 1996:444). Die Hyksosperiode (*circa* 1700 v. C.) in Egipte kan as 'n kortstondige, maar belangrike periode in Egipte se geskiedenis beskou word aangesien hul teenwoordigheid 'n permanente impak op Egipte se geskiedenis nagelaat het, veral op tegnologiese en ekonomiese gebied. Hyksos heersers het hulself as die amptelike opvolgers van die Farao's beskou deur die tradisionele koninklike protokol en koninklike name wat saamgestel was van die naam Ra, te aanvaar en na hulself as die 'Seun van Ra' of 'Horus' te verwys en te regeer (Steindorff & Seele 1957:25). Goffart (1987:31) verwys na die Hyksos as Arabiese onderdrukkers wat die Noordelike Delta verower het en na hulself as faraos verwys het.

Op grond van 'n inskripsie by die *Speos Artemidos* tempel van Koningin Hatshepsut (vgl. 2.3.3), word beweer dat die Hyksos barbare was en volgens die *Sallier Papyrus* het Koning Apofis geen ander afgod behalwe die Egiptiese hoofgod Set gedien nie (Bietak 2001:140).

Die Hyksos het Set met hul eie Semitiese god Hadad geassosieer (Weinstein 1996:444). Hierdie periode is gekenmerk deur die grootskaalse binnekoms van Semiete vanuit Palestina (Kempinski 1988:44). Volgens Van Seters (1966:162) het Manetho foutiewelik na die Hyksos as ‘vreemde konings van Fenisië’ verwys, terwyl hulle eerder van verskeie lande verder noord van Egipte afkomstig was. Redford (1992:105) se teorie dat die Hyksos Semiete onder ‘n Siriese stamleier was wat die land verwoes het, is meer geloofwaardig. White (1970:134) verwys na die Hyksos as Siro-Palestynse nomades.

Daar word algemeen aanvaar dat die Hyksos op grond van hul fisioomie en materiële kultuur nie Egipties van oorsprong was nie, maar eerder op ‘n Palestynse oorsprong met Mesopotamiese invloede dui (Booth 2005:8). Die moontlikheid bestaan dus dat die ‘Semiete’ in die *Beni Hasanskildery* ‘Hyksos’ kon wees. Moontlik vir hierdie rede verwys Hayes (1961:43) na Khnum-hotep II se gaste as ‘Hyksos’ onder ‘n Bedoeïene stamleier. Volgens Aldred (1984:141) dui die Hyksos se ligte velle, sampioenkophaarsstyl, gooihoute en Wes-Semitiese dialek alles op ‘n Siro-Palestynse oorsprong, so ook hul helder en veelkleurige kleredrag en skoene van leer. Selfs name van sommige Egiptiese heersers soos Jakob-El, Anath-her en Khayan dui daarop dat hulle uitlands was. Matthews (1993:3) verwys na hul swart hare, kort statuur, songebrande soel vel en prominente neuse as tipiese kenmerke van Semiete. Semiete se kort gepunte baarde met geen snor, was ‘n styl wat moontlik deur Abram na sy vertrek uit Haran in Mesopotamië (waar hy moontlik lang hare gedra het) aangeneem was, moontlik vanweë die nuwe kulturele omgewing waarin hy hom bevind het (Matthews 1993:3).

Hoewel daar fisioomiese en kulturele ooreenkomste tussen die handelaars en die latere Hyksos blyk te wees, kan die twee groepe vanweë die tydsverskil en getalle, nie met mekaar verwar word nie. Wat getalle betref kan die Beni Hasanhandelaars wat slegs ‘n uitgebreide familie was, nie met die Hyksos wie se getalle so groot was dat hulle beheer van die Delta oorgeneem het, vergelyk word nie.

2.8.1.2 Semiete

Volgens Baines (1995:13) lê die belangrikheid van die *Beni Hasanskildery* daarin dat dit ons oudste uitbeelding van Semiete vanuit Palestina is, wat Egipte binnegekom het. Tesame

hiermee verskaf die *skildery* konkrete getuienis oor verskeie aspekte van die lewenswyse van Semiete, hul voorkoms, persoonlike versiering en destyds se handel in oogverf (vgl. 6.5).

Kamrin (2009:28) beskou die Semitiese handelaars as ‘n groep landelike veeboere wat vanaf die suidelike Levant afkomstig was en hoë kwaliteit *galena* (donkergrys/swart oogverf) as ‘n welwillendheidsgeskenk of as skatplig na Khnum-hotep II gebring het om nuwe handelsbetrekkinge aan te knoop of bestaande kontrakte te verleng (vgl. 4.5.1).

Scheffler (2000) en Kamrin (2009) argumenteer egter dat die leier en die handelaars Semitiessprekendes was, moontlik op grond van hul ligte gelaatskleur en helderkleurige kleredrag. Dat die geselskap toegelaat was om hul wapens openlik te vertoon, mag dalk ‘n aanduiding wees dat hulle ‘n buitelandse diplomatieke sending of handelsmissie was wat voorkeurbehandeling ontvang het, soos blyk uit die respekvolle wyse waarop die karavaan ontvang was – nie as onwelkome indringers nie (Cohen 2015:205), maar as gerespekteerde gaste wat amptelik na Menat-Khufu begelei was.

Saretta (1997:20) voer die oorsprong van die benaming ‘*Aamu*’ in die Amoritiese dialek terug na die Wes-Semitiese woord ‘*hammu/amu*’ wat familie beteken. Die *Beni Hasan-muurskildery* in Khnum-hotep II se graf is volgens Saretta (1997:68) die enigste gedetailleerde uitbeelding in Egiptiese bronne wat Middel Brons II Amoriete uitbeeld en die hoofbron vir ‘n visuele studie van Wes-Semiete gedurende die Middel Bronstydperk is. Dit verklaar moontlik hul etniese, taalkundige en kulturele verbintenis met die Wes-Semiete van die Libanese kus, Noord-Sirië en Noord-Wes Mesopotamië.

Die term ‘Amoriete’ kan dus hier as ‘n generiese term vir Kanaäniete (ook Semiete) beskou word. Die suidwaartse beweging van die Amoriete het elemente van Anatolië, Noord-Wes Mesopotamië, Sentraal Sirië en Biblos se materiële kultuur na Kanaän gebring (Saretta 1997:14). Kamrin (2009:24) is van mening dat die besoekers veeboere was wat vanaf Noord-Oos Sirië afkomstig was en na Mesopotamië of Kanaän uitgewyk het op soek na weivelde vir hul kuddes. Mondriaan (2010:280) verwys na die Amoriete as ‘Bedoeïene invallers vanaf die Noord-Westelike Siriese vlaktes.’

Baie van die Semiete wat vanaf Anatolië gemigreer het, het moontlik tot die voorgeslagte van Kaïn behoort (Gn. 4:17-22), maar hulle kon ook tot die geslag van Kaïn wat aan die

Midianiete of Keniete verwant was, behoort het (Mondriaan 2010:388). Die uitbeelding van oogverf, blaasbalke, musiekinstrumente en wapens op die donkies se rûe, sowel as die uitgebreide familie wat die karavaan vergesel stem tot 'n groot mate ooreen met die leefwyse van groepe soos die Midianiete, Keniete en Rekabiete waarna die Hebreeuse Bybel verwys.

Die eerste verwysing na Midianiete in die Hebreeuse Bybel word in Genesis 37:25 aangetref waar vermeld word dat Josef aan Midianitiese handelaars van Gilead verkoop was. Uit die betrokke skrifgedeelte wil dit voorkom asof Midianiete ook as Ismaeliete getipeer was. Hoewel Midianiete en Keniete min kere in die Bybel vermeld word, is dit van betekenis dat hulle Moses moontlik aan Jahwe bekendgestel het voor sy ontmoeting met Jahwe by die brandende bos in die woestyn (Eks. 3:1-15). Uit die verhaal van Moses se ontmoeting met sy Midianitiese skoonpa Jetro (Eks 18:5-7), blyk dit dat die Midianiete en verwante groepe die god Jahwe reeds voor die proto-Israeliete geken en aanbid het (Mondriaan 2010:331).

Die Kaïnnarratief van Genesis 4 kan as die etiologiese verhaal van die Keniete beskou word (Mondriaan 2010:313). Volgens die familiegenealogie stam die Keniete deur Lameg van Kaïn af (Gn. 4). Lameg se oudste seun Jabal was die vader van 'diegene wat in tente gewoon' en veeboere was (Gn. 4:20; Rigt. 5) terwyl die tweede seun Jubal,²⁷ die vader van musikante was wat die lier, siters en fluite bespeel het (Gn. 4:21) (vgl. 4.6.2), terwyl Tubal-Kaïn die jongste, 'n smid was. Hy het 'n vakman in koper en yster geword (Gn. 4:22). Die verhale van die Keniete en verwante groepe sluit nou aan by dié van veeboere, musikante en metaalwerkers soos op die *Beni Hasanskildery* uitgebeeld.

Mondriaan (2010:324) voer verder aan dat 'n groep metaalsmede die Hetitiese Ryk tydens die dertiende eeu v.C. verlaat het en die kuns van metaalsmeewerk aan die Semiete in Palestina bekendgestel het. Die moontlikheid bestaan dat die Keniete afstammeling is van groepe wat vroeër op een of ander wyse aan die Hetitiese kundigheid blootgestel was en later as 'n gemeenskap of stam in die wildernis van Sinaï 'n bestaan as nomadiese metaalsmede gevoer het (Mondriaan 2010:388). Hul teenwoordigheid in Sinaï word gestaaf deur 'n *Hebreeusgeskrewe potskerf* wat by Arad gevind is (Mondriaan 2010:320-321).

²⁷ Moontlik is die term jubel van die naam Jubal afgelei.

Volgens Eksodus 3:1 en Rigters 1:16 was die Keniete aan die Midianiete verwant, terwyl die Rekabiete volgens 1 Kronieke 2:55 ook aan die Keniete verwant was (Mondriaan 2010:314) en moontlik ook metaalwerkers van beroep was. Dit kan moontlik gewyt word aan die feit dat hulle almal hul herkoms na Kaïn kon terugvoer, dat almal se bestaanswyse nomadies van aard was en die Suid-Palestynse berggod Jahwe aanbid het (Mondriaan 2010:333). As swerwende metaalsmede het die Keniete in Sinai, die Negev, Midian, Edom, Amalek en Noord Palestina rondgetrek (Mondriaan 2010:388). Die stad Kina waarvan Josua 15:22 melding maak en nie ver van Arad geleë was nie, kan volgens Mondriaan (2010:321) ook as 'n moontlike verwysing na Keniete beskou word.

Kina op die Oostelike Bersebavallei was moontlik deur die Keniete gemobiliseer om die belange van die mynwerkers te beskerm. Mondriaan (2010:312) is van mening dat Rigters 1:16 meld dat afstammelingen van die Keniete vanaf die Siriese stad Palmera, na Arad in die wildernis van Juda wat in die Negev geleë was, uitgewyk het en moontlik ook by die kopermyne in die omgewing van Tel Arad bedrywig was.

'n Klein Semitiese heiligdom en 'n tempel van Hathor (die Egiptiese godin van mynbou) uit die 12de eeu v.C. met Semitiese kenmerke en 'n koperslang met 'n vergulde kop (moontlik 'n Midianitiese afgod) wat by Timna gevind is, getuig van Midianiete wat aan Egiptiese invloed blootgestel was – moontlik as gevolg van handelsbetrekkinge (Mondriaan 2010:389). Hier het ons dus te doen met 'n groep nomadiese metaalwerkers (Keniete en Midianiete) wie se teenwoordigheid in die omgewing van die kopermyne (waar die erts vir oogverf gemyn is) verbind kan word en wat argeologiese oorblyfsels van, of lojaliteit aan Egipte toon. Die metaal vir musiekinstrumente en wapens kon ook uit die omgewing gekom het. Die vraag kan daarom gevra word of die groep mense of eerder hul voorgeslagte op 'n manier aan die Semitiese handelaars by Beni Hasan gekoppel kan word?

Onlangse opnames en opgrawings in die suide van Kanaän, die Negevhooglande en die Kades Barnea omgewing, het ook 'n netwerk van tydelike bewoningsplekke opgelewer waarvan die materiële kultuur met dié van Arad ooreenstem (Beit-Arieh 1984:21-22). Die bevinding is dat die gebied deur die setlaars self bewerk was en dat die kosbare metaal (koper) na Arad en moontlik Kanaän vervoer was (Beit-Arieh 1984:22). Donkiekaravane was vermoedelik ook gebruik om oogverf te vervoer. Die groot ekonomiese waarde van hierdie afgeleë koperproduserende gebied, het kontak en die beveiliging van die handelsroetes deur

dié gebied geregverdig. Dit is ook ‘n aanduiding dat die verhouding tussen Egipte en Kanaän gedurende die ‘aartsvadertydperk’ van ‘n vreedsame en kommersiële aard was, eerder as die van militêre beheer (Beit-Arieh 1984:23)²⁸.

Dit is moontlik dat die Keniete, Midianiete of Rekabiete op ‘n manier verwant aan die Beni Hasanhandelaars kon wees. Die feit dat die kopererts waarvan oogverf vervaardig was en in die Sinai-omgewing verkry was, is moontlik ‘n aanduiding dat Shut nie in Gilead geleë was soos deur Aharoni (1962:208) beweer word nie. Die groepe mense verteenwoordig dus mense wat nomadiese metaalwerkers was wat moontlik ook musiekinstrumente en wapens (selfs strydwaens) gemaak het en waarskynlik oogverf van die kopererts vervaardig het.

‘n Ander stam van metaalwerkers wat later as nomades in die Judese wildernis en die Sinaiwoestyn rondgetrek het, was die Rekabiete wat volgens Jeremia 35 hul afkoms na Jonadab, seun van Rekab (Jr. 35:8) kon terugvoer. Anders as die Midianiete en die Keniete, het die Rekabiete ‘n puriteinse bestaan (sonder drank) gevoer (Jr. 35:6-7). Volgens Van der Toorn (1995:232–233) bestaan die moontlikheid dat die Rekabiete by die maak van *strydwaens en wapens* betrokke was, aangesien die genealogiese verbinding met die Rekabiete etiologies na die woorde *rôkêb* (strydwaryer), *rakkâb* (drywer) en *markâbâ* (strydwa) teruggevoer kan word. Op grond van Jonadab ben Rekab se betrokkenheid by die uitwissing van Koning Omri van die Noordelike Ryk se nageslag, word vermoed dat hy ‘n militêre bevelvoerder in die Judese leër was (Van der Toorn 1995:233). Die Rekabiete het verkies om hul nomadiese bestaan as tentbewoners weg van stedelike gebiede te voer, behalwe in uitsonderlike omstandighede, soos tydens die Galdeërs se inval (Jr. 35:11).

Gebaseer op genealogiese verbintenisse tussen die Keniete en Rekabiete, word vermoed dat die Rekabiete net soos die Keniete, ook metaalwerkers was. Kaïn kan dus as die voorvader van nomadiese tentbewoners, musikante en metaalwerkers beskou word (Mondriaan 2010:419) – elemente wat nogal sterk uitgebeeld word op die *Beni Hasanmuurskildery*. Na aanleiding van hul liniêre genealogie kan die Keniete ook hul oorsprong na Kaïn terugvoer

²⁸ Daar word vermoed dat die Keniete en ander gemarginaliseerde groepe metaalhandelaars en -smede, Jahwisme met die lang karavaanroetes na die Noorde van Palestina gebring het (Mondriaan 2010:333). In die lig van ‘n kombinasie van voorgenoemde inligting bestaan die moontlikheid dat hierdie verwante Semitiese groepe moontlik instrumenteel was in die bekendstelling van die monoteïse kultus, van die onbekende god Jahwe, aan die bewoners (Semiete) van die heuwelland in Palestina (Van der Toorn 1995:246).

(Mondriaan 2010:318).

2.8.1.3 Grenspolisie

Hoewel die term ‘grenspolisie’ nie ‘n etniese entiteit is nie, kan die benaming ‘grenspolisie’ hier met Egiptenare geassosieer word. Op grond van die gewapende wagt wat die handelaars vergesel het, assosieer sekere akademië soos Van Seters (1966:89) die handelaars egter met grenspolisie. Omdat Egipte se grense ‘oop’ was, was dit noodsaaklik dat die grense voortdurend gepatrolleer moes word, veral die Noord-Oostelike grens vanwaar nomades Egipte voortdurend onwettig met hul veetroppe binnegedring het. Vir dié doel was ‘n parate polisiemag noodsaaklik om Egipte se grense te beveilig. Khnum-hotep II se seun Kheti het daarom heel gepas die amp ‘Superintendent van die Woestynpolisie’ beklee (Aufrere 2002:210). Kamrin (2009:25) is van mening dat die titel ‘Superintendent van die Woestynpolisie’ moontlik ook as ‘Opsigter oor die Jagters’ vertaal kan word. Die belangrikste verpligting van die grenspolisie was die patrolering van die grens met honde om te verhoed dat vreemde/vyandige stamme die grens langs die Nyl onwettig binnedring (Kamrin 2009:25). Dit is moontlik die rede waarom Van Seters (1966:89) die goed bewapende karavaan as polisieledende van die Noord-Oostelike grens beskou. Uit die aard van sy verpligtinge was Kheti daarvoor verantwoordelik om amptelike afvaardigings of handelsendings soos die Beni Hasansending, aan Khnum-hotep II bekend te stel (Cohen 2015:34). Dit is dus nie onmoontlik dat die ‘Semitiese handelaars’ so ‘n doel kon dien nie.

2.9 GEOGRAFIESE LIGGING VAN SHUT

Die opskrif bokant die *skildery* identifiseer die handelaars as *Aamu* afkomstig vanaf *Swt* (Shut) (Shea 1981:221). Soos met talle Egiptiese toponieme is die identifikasie van die streek of oorsprong waarna die term verwys, onduidelik, vandaar die talle plekname en uiteenlopende teorieë oor die presiese geografiese ligging van Shut. Daar moet voortdurend in gedagte gehou word dat sommige plekname en grense deur die eeue verander het. Verskillende teorieë bestaan oor die geografiese ligging van Shut wat ook implikasies kan hê vir die herkoms van die handelaars maar ook vir die metale en selfs oogverf.

2.9.1 Trans-Jordanië

2.9.1.1 Moab

Beide Albright (1960:207) en Saretta (1997:113) verbind Shut met Trans-Jordanië. Problematies is egter die feit dat Trans-Jordanië ‘n baie groot geografiese gebied insluit. Ahituv (1999:188) plaas Shut ook in Trans-Jordanië maar meer spesifiek in Moab. Die feit dat Ahlström (1993:170) na Trans-Jordanië as ‘die Shutu’ verwys, mag moontlik ‘n aanduiding wees dat die hele Trans-Jordanië in antieke tye, as Shutu bekend was. Shutu mag moontlik nie na ‘n spesifieke plek verwys het nie, maar na ‘n gebied of streek. Die Midianiete en Keniete was veral in die gebied bedrywig (sien 2.8)

2.9.1.2 Gilead

Op grond van hul materiële kultuur, plaas Aharoni (1962:208) Shut verder noord – in die landstreek van Bybelse Gilead (ook in Trans-Jordaniese gebied). Hy wys daarop dat Shut die antieke benaming vir Gilead was (Aharoni 1962:134). Daar moet egter in gedagte gehou word dat Gilead vir die uitvoer van balsem, mirre en gomme bekend was (Gn. 37:5).

Die *skildery* sluit aan by die Bybelse verwysing na Midianitiese handelaars wat ook skoonheidsprodukte vanaf Gilead na Egipte, tydens die sogenaamde ‘aartsvadertydperk’ vervoer het (Gn. 37:25). Gilead (die landstreek oos van Trans-Jordanië) was destyds beroemd vir verskeie soorte gomme wat daar geproduseer en uitgevoer was (Aharoni 1962:134). Gomme het destyds ‘n belangrike bestanddeel van sekere skoonheidsmiddels uitgemaak. Uit beskikbare argeologiese bronne, soos grafskilderye, beelde en artefakte, blyk dit dat skoonheidsmiddels gedurende antieke tye deur almal in Egipte gebruik was, ongeag geslag of sosiale stand (Dayagi-Mendels 1989:8). Skilderye in Thebes toon dat oogverf in Egipte deur mans en vroue gebruik was (Wilkinson 1878b:348). Aangesien oogverf eers in 2 Konings 9:30 in die Ou Testament (Ystertydperk *circa* 1200 – 1000 v. C.) vermeld word en min inligting oor Semiete se gebruik van oogverf en ander skoonheidsmiddels bekend is, word inligting wat uit die *Beni Hasanskildery* verkry kan word, ingespan om moontlik meer lig op die aangeleentheid te werp (sien 3.5 – 3.8).

Die feit dat die kopererts waarvan oogverf verkry was moontlik verder suid in die omgewing van Arad verkry was, is moontlik 'n aanduiding dat Shut nie in Gilead geleë was nie, maar verder suidwaarts.

2.9.2 Die Sinaiï-Woestyn

Schneider (2008:62) is van mening dat die karavaan spesifiek vanaf Sinaiï of die Negev afkomstig was. Kamrin (2009:25) is daarom ook van mening dat die meerderheid akademië die tuisland van die *Aamu*, naamlik Shut, in die omgewing oos van die Jordaanrivier, moontlik suid van die Dooie See plaas in die rigting van Eilat.

Soos genoem in 2.8.1.4 plaas Mondriaan (2010:312–314) die nomadiese Keniete en Midianiete in die rotsagtige gebied suid van Arad. Omdat hierdie twee stamme metaal-smeeewerkers van beroep was, het hulle hulself hier gevestig vanweë die ryk koperneerslae waaroor die gebied beskik het en waarvan oogverf vervaardig was. In die lig hiervan bestaan die moontlikheid dat die Semitiese handelaars nomadiese metaalsmede was wat Egipte vanaf Sinaiï of die Judese wildernis binnegekom het, vandaar die blaasbalke op die donkies se rûe. Saretta (1997:161) beweer dat vreemdelinge vreedzaam saam met Egiptenare by Serabit el'Khadem in Sinaiï tydens die Middel Koninkryk gewerk het, terwyl die Egiptenare die turkooismyne ontgin het. 'n Volledige metallurgiese werkswinkel wat by een van die myne gevind is, staaf bewerings van nomadiese metaalsmede uit 'n latere tydperk in die gebied (Saretta 1997:161).

2.9.3 Egipte

Volgens Van Seters (1966:88-89) is die mees aanvaarbare verduideliking vir die oorsprong van die handelaars, dat hulle reeds in Egipte woonagtig was en by handel, mynbou-ekspedisies of die polisiëring van die Noord-Oostelike grens betrokke was. Hul vreedsame voorkoms, duursame kleredrag en trotse houding dui egter daarop dat die geselskap gesiene mense van 'n hoë sosiale stand was en nie werksoekers of swerwers nie.

Op grond van die handelaars se fisiese voorkoms, veelkleurige kleredrag en gevorderde wapentuig, is ek van mening dat die handelaars moontlik nomadiese metaal-smeeewerkers was

wat oorspronklik vanaf die noorde van Siro-Palestina afkomstig was, maar ten tye van Khnum-hotep II se ampstermyn, reeds tydelik vir sakedoeleindes in Egipte was en by mynbou-aktiwiteite betrokke was. Dit verklaar moontlik waarom hul goedversorgde, gemaklike en ontspanne voorkoms, geen teken van vermoeidheid na 'n lang reis toon nie. In 'n sekere sin kan die Beni Hasanhandelaars as 'n latere visuele uitbeelding van mense soos die 'aartsvaders' beskou word.

2.9.4 Die Oostelike Woestyn

Die moontlikheid dat die *Aamu* vanaf Sinaiï of die Oostelike Woestyn kom, moet egter nie uitgesluit word nie (Kamrin (2009:25). Aufrere (2002:207) wys daarop dat die Oostelike Woestyn sedert die vroegste tye deur jagters, karavane en mynbou-ekspedisies deurkruis was. Die Oostelike Woestyn het geografies aan Egipte gegrens, terwyl Noord Oostelike Sinaiï verder noord, deel van die Sinaiï-woestyn uitgemaak het (sien Fig. 2.2). Die assosiasie van die twee bokke met die woestyn en die toneel wat die handelaars direk onder die woestynjagtoneel in *Graf BH3* uitbeeld (sien Fig. 2.5), is dalk 'n aanduiding dat hulle van die woestyn afkomstig was, of ten minste daardeur gereis het (Kamrin 2009:30).

Anders as Goedicke (1984) en Schneider (2008), verwys Kessler (1987:164-165) nie na die benaming 'Shut' nie en is hy daarvan oortuig dat die handelaars vanaf die Oostelike Woestyn afkomstig was en deur Koning Sesostris II (*circa* 1897 – 1878 v.C.) gekontrakteer was om nuwe en uitgewerkte kopermyne in die gebied te ontgin, met die doel om oogverf te voorsien. Die groot getal inskripsies langs die toegangsroetes na die woestyn is 'n aanduiding dat bewerings dat die gebied intensief ontgin was, wel meriete gehad het (Aufrere 2002:207). Voorgenoemde bewering staaf Lucas (1962:80-84, 195, 244) se stelling dat Egiptenare tot die begin van die vroeë Agtiende Dinastie (*circa* 1580 – 1314 v.C.) *galena* in die omgewing van die Nyl verkry het. Dit maak die moontlikheid dat Ibsha en sy gevolg van 'n veraf bestemming gekom het, onwaarskynlik.

2.10 GEVOLGTREKING

As raamwerk het die *Beni Hasanmuurskildery* dit moontlik gemaak om verskeie afleidings vanuit die *skildery* te maak:

2.10.1 Fisiese uitbeelding van die handelsgeselskap

Na aanleiding van die netjiese, goedversorgde en aantreklike uitbeelding van die kleurvolle handelsgeselskap wat in die *Beni Hasanmuurskildery* uitgebeeld word, wil dit voorkom asof die Egiptenare die spesifieke groep Semiete anders uitgebeeld het as wat hulle gewoonlik gedoen het. Strydig met Egiptenare se tradisionele negatiewe siening en uitbeelding van ‘vreemdelinge’/Semiete as patetiese Bedoeïene, krygsgevangenes of werksoekers wat deur die farao vertrap of doodgeslaan word (Saretta 1997:71), was die Beni Hasanhandelaars as mense met *status* en *aansien* uitgebeeld. Saretta (1997:69) beskou die *Beni Hasanmuurskildery* as die eerste gedetailleerde uitbeelding van Middel Brons IIA Semiete waar hulle as mense in eie reg, waardig en onafhanklik uitgebeeld is.

Dat die geselskap toegelaat was om hul *wapens* openlik te vertoon (sien Fig. 2.3 en 4.6.3), mag dalk ‘n aanduiding wees dat die handelaars moontlik ‘n buitelandse diplomatieke sending of handelsmissie was wat voorkeurbehandeling ontvang het, maar ook dat hulle mekaar vertrou het. Dit is moontlik die rede waarom Khnum-hotep II hierdie gesiene mense in sy graf laat uitbeeld het. Laasgenoemde blyk uit die respekvolle wyse waarop die karavaan deur die goewerneur se seun Kheti en die koninklike hofskrywer Neferhotep, na Menat-Khufu begelei was (Shea 1981:221). Hierdie gebaar toon dat die handelaars, nie as onwelkome indringers beskou was nie, maar dat hulle geëerde gaste was wat amptelik deur die goewerneur ontvang is (Cohen 2015:205). Tesame hiermee getuig die gepaste welwillendheidsgeskenk van oogverf wat die handelaars vir Khnum-hotep II gebring het, ook daarvan dat hulle op hoogte van handelsprotokol was, iets wat moontlik ook agting by die Egiptenare afgedwing het.

Hierdie handelsgeselskap was so hoog geag dat die provinsiale goewerneur Khnum-hotep II hulle in sy graf verewig het, iets wat daarop dui dat hy groot agting vir hulle gehad het. Dit is ook moontlik dat hul ontmoeting met Khnum-hotep II, die hoogtepunt van sy amptelike loopbaan was en dit getuig ook van die *agting en respek* wat die handelaars by hom afgedwing het. Moontlik is dit die rede waarom hy hulle in sy graf verewig het.

Die kleurvolle kleredrag van karavaanlede en hul leier se deftige ampsgewaad met klossies wat dui op sy *koninklike afkoms*, het moontlik tot hierdie siening bygedra. Die gevorderde *weeftegnieke* wat gebruik was om die handelsgeselskap se veelkleurige klere te vervaardig,

het moontlik ook respek by die Egiptenare afgedwing, aangesien hulle tot op daardie stadium, slegs wit of effekleurige materiaal kon weef. Die *gevorderde wapentuig* waarmee die wagte toegerus was, het moontlik ook groot agting by Egiptenare afgedwing, so ook hul ‘moderne’ ligte *blaasbalke*. Moontlik vir die eerste keer in Egiptenare se geskiedenis, was hulle gekonfronteer deur mense wie se tegnologie meer gevorderd as hul eie was. Die *Beni Hasanmuurskildery* het dus daartoe aanleiding gegee dat Egiptenare met nuwe oë na Semiete gekyk het, ‘n siening wat drasties van hul tradisionele negatiewe siening verskil het.

2.10.2 Die doel van die handelaars se besoek

Soos blyk uit die hofskrywer Neferhotep se dokument was die doel van die handelaars se besoek aan Menat-Khufu, die oorhandiging van oogverf (en bokke) aan Khnum-hotep II (Shea 1981:221). Uit die *skildery* kan daar ongelukkig nie afgelei word of die oogverf ‘n geskenk, ‘n welwillendheidsgeskenk of deel van ‘n saketransaksie was nie. Indien die oogverf wel ‘n geskenk was, kan dit as ‘n gepaste geskenk beskou word, aangesien oogverf destyds net so waardevol as goud geag was (Sommer 1943:34) en daarom geskik was om aan die elite soos Khnum-hotep II te skenk. As welwillendheidsgeskenk sou oogverf net so gepas gewees het, aangesien almal in Egipte oogverf gebruik het (Depietro 2008:213) en ook omdat dit vir ‘n verskeidenheid doeleindes aangewend kon word (sien 5.2).

‘n Ander doel van die handelaars se besoek was moontlik om die oogverf wat hulle beoog het om in Egipte van die hand te sit, bekend te stel of om by mynbou-eksplorاسie in Egipte of die Oostelike Woestyn betrokke te raak, vandaar die blaasbalke op die donkies se rûe.

2.10.3 Die rol van handelaars

Dit blyk vandag dat handelaars ‘n noodsaaklike rol as tussengangers tussen kopers en verkopers gespeel het deur die produkte te voorsien wat kopers benodig het. Die vroue wat in die *muurskildery* uitgebeeld is, getuig daarvan dat Semitiese vroue ook reeds gedurende die tydperk op een of ander wyse aktief by handel betrokke was (vgl. 2.7.5).

Uit die *skildery* blyk dit dat die leier van ‘n karavaan gewoonlik aan die voerpunt van die karavaanoptog geloop het. Vanuit die *skildery* is ook afgelei dat gewapende wagte karavane

gewoonlik vergesel het vanweë die talle gevare waaraan karavane blootgestel was (sien Fig. 2.3). Dit blyk ook dat handelsprosessies volgens 'n bepaalde rangorde saamgestel was met die mees kwesbare lede van die karavaan (klein kinders en vroue in dié geval) tussen die gewapende wagte. Vir ekstra beveiliging was die voorste en agterste wagte gewoonlik met 'n saamgestelde pyl en boog toegerus, sodat hulle aanvallers op 'n afstand kon elimineer. Sodoende is die karavaanlede sowel as die handelsware beveilig. Die kaal voete waarmee die leier en sy tweede-in-bevel Khnum-hotep II genader het, is 'n aanduiding dat die handelaars bekend was met destyds se handelsprotokol deur altyd eerste by die paleis of tempel aan te doen voordat hulle goedere van die hand gesit het (Larsen 2008:71). Voorgenoemde is ook 'n aanduiding dat hulle bewus was van die feit dat konings of gode met kaal voete genader moes word.

Na aanleiding van die donkies in die *skildery* is die afleiding gemaak dat handelaars gewoonlik 'n nomadiese bestaan gevoer het met hul uitgebreide families onder 'n gekose leier. Verder blyk dit uit die *skildery* dat donkies destyds die aanvaarde wyse van vervoer vir mense en handelsware was. Dit blyk veral uit die twee klein kinders op die donkie se rug asook die handelsitems en gebruiksartikels op die ander donkie se rug (sien Fig. 2.3). Uit die *skildery* is dit duidelik dat handelaars hulle nie tot een produk of handelsitem beperk het nie. Vir 'n bespreking van die fisiese uitbeelding van die karavaanlede, sien Hoofstuk Drie.

2.10.4 Graftombes en graf-outobiografieë

Die Middel Bronstydperk in Egipte kan beskou word as 'n 'polities-stabiele' tydperk. Gedurende hierdie tydperk is koninklike absolutisme deur 'n feodale sisteem vervang (Scramuzza & MacKendrick 1958:46). Uit Khnum-hotep II se grafbiografie wil dit ook voorkom asof die tydperk van die Twaalfde Dinastie 'n relatief vreedsame tydperk in Egipte en Palestina se geskiedenis was, aangesien Egipte nie op militêre gebied by vyandelikhede in Palestina betrokke was nie.

Hierdie 'polities-stabiele' tydperk het ryk en invloedryke amptenare soos Khnum-hotep II in staat gestel om hul eie graftombes, nie volgens tradisie by Memphis aan te bring nie, maar by 'n plek van hul eie keuse, naamlik by Beni Hasan. Hierdie amptenare het hulle ook koninklike prerogatiwe aangematig om hul eie graf-outobiografieë in luisterryke taal in hul

grafte aan te bring. Dit blyk veral uit Khnum-hotep II en enkele ander hoë amptenare se grafte wat deel van die boonste ry elite grafte by Beni Hasan uitgemaak het. Goewerneurs het nou gebeurde volgens die jaartal van hul ampstermyn gedateer, hul eie howe met amptenare gehad, self soos konings in die klein geleef en hulself na die dood met Horus vereenselwig, iets wat voorheen net die voorreg van die koning was. Graf-outobiografie is egter beëindig tydens die bewind van Senusret II, toe grafbou by Beni Hasan beëindig was. Gevolglik is goewerneurs se magte beperk tot dié van stadsburgemeesters wat verminderde magte, aansien en rykdom beteken het, terwyl die koning se magte gekonsolideer is. Hierdie proses het oor 'n lang tydperk plaasgevind. Dit het dit vir die mynwerkers van Sinaï en Egipte moontlik gemaak om die kopermyne saam vreedsaam te ontgin.

Die ander skilderye in Khnum-hotep II se graf getuig van sy lojaliteit teenoor die koning deur te toon hoe hy sy amptelike pligte met nougesetheid nakom. Dit verskaf breedvoerige inligting oor kultiese gebruike soos die bring van kultiese offers, destyds se landbou-aktiwiteite soos beesboerdery, die insameling van oeste en ekonomiese praktyke soos die invordering van belastinge in Egipte. Selfs die beoefening van ontspanningsaktiwiteite soos jag, vis- of voëls vang, word omvattend uitgebeeld. Veral die genre 'tonele uit die daaglikse lewe' in *Graf BH3* verskaf aan die sosiale-historikus 'n waardevolle bron van historiese inligting (Spanel 2001:175).

Omdat die *Beni Hasanmuurskildery* vermoedelik op werklike gebeurde gebaseer is, is dit moontlik ons enigste inligtingsbron wat lig werp op die ruimtelike en kronologiese konteks waarin die mense van die verlede, by name groepe soos die 'aartsvaders', geleef en gewerk het. Na byna 4000 jaar is die *Beni Hasanmuurskildery* steeds relevant en is dit moontlik ons enigste buite-Bybelse bron oor die gebruik van en assosiasie met oogverf deur Semiete. Tot op hede blyk dit ons enigste moontlike konkrete uitbeelding van proto-Israeliete/Semiete te wees.

Ander grafte in die laer ry in Beni Hasan kan beskou word as 'n waardevolle skat van argeologiese materiaal op die gebied van kunsgeskiedenis, argitektuur, sosiale en politieke geskiedenis en filologie (Spanel 2001:175). Hoewel daar voortdurend gewaak moet word om sonder voorbehoud of buite konteks afleidings of gevolgtrekkings te maak en as historiese feite, eerder as hipoteses aan te bied (Wright 1988:158), kan Khnum-hotep II se *grafskildery* tereg beskou word as 'n unieke en waardevolle bron van historiese inligting. Dit vul 'n groot

leemte in ons verstaan van die verlede en by name verhale soos dié van die ‘aartsvadertydperk.’ Volgens Cohen (2015:30) is dit egter steeds onduidelik hoe ‘n spesifieke skildery in ‘n graf wat met ‘n spesifieke datum geassosieer word, met so baie stellings en teorieë verbind kan word. Inligting wat uit die *skildery* verkry kan word, moet daarom met omsigtigheid geëvalueer word.

HOOFSTUK DRIE

UITBEELDING VAN DIE SEMITIESE HANDELAARS EN EGIPTENARE

3.1 INLEIDING

Artefakte wat in Egipte en die ou Nabye Ooste blootgelê is wat met persoonlike versorging en uiterlike voorkoms van mense verband hou dui daarop dat persoonlike versorging en versiering vir beide mans en vroue moontlik vanaf die vroegste tye, kenmerkend van alle kulture was (Batten 2010:149). Die afleiding kan daarom gemaak word dat skoonheid/estetika reeds vir duisende jare 'n sentrale rol selfs in die Westerse kultuur gespeel het (Dobbs-Allsopp 2006:415). Volgens Gröning (1997:12) was die versiering van die liggaam (wat verteenwoordigend van 'n sekere kultuur is) deur ouderdom, geslag en sosiale status beïnvloed.

Aangesien ons oor geen ander uitbeelding van Semiete uit die 'aartsvadertydperk' beskik nie, is die *Beni Hasanskildery* (sien Fig. 2.3) van onskatbare waarde om inligting oor die uiterlike voorkoms, kleredrag, haar- en baardstyle en persoonlike versorging van groepe soos die Semitiese handelaars (uit dieselfde tydperk) te wete te kom. Dit kan ook moontlik bydra tot die bevestiging van die handelaars se identiteit en herkoms.

Hierdie hoofstuk sal poog om die volgende vrae te beantwoord:

- Hoe word die gelaatskleur van die handelaars uitgebeeld?
- Hoe word die kleredrag en skoene van die handelsgeselskap uitgebeeld?
- Hoe het die geselskap se haarstyle daar uitgesien?
- Hoe het die onderskeie groepe se baardstyle daar uitgesien?
- Wat sê dit van die handelsgeselskap se identiteit of etnisiteit?
- Wat het hul persoonlike versorging, algemene higiëne en reinigingsrituele behels?
- Het hulle self ook oogverf gebruik?
- Wat het hulle gedoen om hul gelaat in 'n goeie toestand te hou?

- Hoe verskil die Beni Hasan uitbeelding van ‘vreemdelinge’ deur Egiptenare van ander uitbeeldings van ‘vreemdelinge’?
- Wat sê dit van die handelaars se status?

3.2 UITERLIKE VOORKOMS VAN SEMIETE EN EGIPTENARE

Soos blyk uit die *skilderye* in *Graf BH3* by Beni Hasan, was daar opvallende verskille in die uiterlike voorkoms van Semiete en dié van Egiptenare. Uit die *Beni Hasanmuurskildery* kan afgelei word dat die gelaat en voorkoms van Semiete heelwat ligter as dié van Egiptenare was (Shea 1981:221). Dit kan dalk gewyt word aan die feit dat die kunstenaars moontlik geel oker vir die uitbeelding van die Semiete se gelaatskleur gebruik het. ‘n Ander moontlikheid is dat die Semiete dalk bewus was van die nadelige uitwerking van die son op die gelaat (Murube 2013:62) en dus voorsorgmaatreëls getref het om hulle velle te beskerm. Vir hierdie doel het hulle moontlik gereeld middels soos olies of salwe gebruik om hul gelaat teen die nadelige effek van die son te beskerm. Hoewel Egiptenare se donker voorkoms moontlik aan natuurlike pigmentasie toegeskryf kan word, het Herodotus dit in sy werk *Histories* (Vol. I. Boek II. 22) aan die invloed van die son toegeskryf.

3.3 HAARSTYLE

Die netjiese en modieuse haarstyle van die Semitiese handelaars en hul vroue, soos uitgebeeld in die *Beni Hasanmuurskildery* (sien Fig. 2.3), is ‘n aanduiding dat hulle hul hare goed versorg het. Sedert die vroegste tye het hare in talle gemeenskappe erotiese, godsdienstige en magiese implikasies gehad terwyl die manier waarop dit gedra was, inligting oor geslag, ouderdom en status gereflekteer het (Robins 1999:66). In die antieke wêreld was hare as ‘n belangrike faset van ‘n persoon se aantreklikheid beskou en het daarom spesiale sorg geniet (Edersheim 1994:200). ‘n Mooi bos hare kon ‘n persoon se aantreklikheid komplementeer soos blyk uit die verhaal van Absalom. Sy mooi en welige bos hare was moontlik die rede waarom hy as ‘die mooiste man in die land’ beskou was (2 Sm. 14:25-26). In die Semitiese samelewing (net soos in Egipte) het hare erotiese implikasies gehad, veral as dit met parfuim behandel was (Fletcher 1999:44). Edersheim (1994:200) is daarom van mening dat ‘n mooi bos hare ‘n vrou se belangrikste bate is, terwyl Egiptenare ‘n mooi bos hare as ‘n persoon se ‘sieraad’ beskou het (Manniche 1999:129).

Soos later uit Prediker 9:8 blyk, moes hare gereeld gewas en met olie behandel word. Uit die kort haarstyl van die Semitiese handelaars in die *Beni Hasanmuurskildery*, en die *Assiriese muurreliëfs* wat Semiete met gekrulde skouerlengte haarstyle uitbeeld en vrugbaarheidsbeeldjies van priesteresse met gekrulde haarstyle wat in Palestina gevind is, kan afgelei word dat haarstyle voortdurend en soms drasties verander het (King & Stager 2001:282-283).

3.3.1 Simboliek van hare

Tydens 'n latere tydperk het die skrywer van Hooglied 4:1 die lof van 'n mooi bos hare besing deur daarna te verwys as 'n trop bokke wat teen die Gileadberge afkom.' Uit argeologiese getuienis soos die beelde van Koning Assurbanipal van Assirië se haarstyle, blyk dit dat goedversorgde en gestileerde hare vir beide Semitiese mans en vroue 'n hoë prioriteit was, veral omdat dit wil voorkom asof hare in die Semitiese samelewing, simboliese betekenis gehad het (Edwards 1992:11). Uit die talle voorskrifte wat vir hare gegeld het, wil dit ook voorkom asof hare 'n oorheersende rol in die proto-Israelitiese samelewing gespeel het. Volgens Manniche (1999:128) was hare selfs in die mees primitiewe beskawings as 'n persoon se sieraad en 'n simbool van seksualiteit beskou. Dit is moontlik die rede waarom Roia (1966:17) die versorging van hare as die belangrikste deel van persoonlike versiering beskou het. Donkerkleurige hare was destyds baie gewild, terwyl grys hare as 'n teken van volwassenheid beskou was en respek afgedwing het (Perkin 1988:779).

In die Semitiese samelewing was lang hare as 'n aanduiding van heiligheid, aantreklikheid en krag beskou (Goerwitz 2003:375). Om hul hartseer uit te beeld en as teken van rou, het Semitiese roubeklaers stof op hul hare gestrooi (Op. 18:19). Selfs op politieke, godsdienstige en sosiale gebied het hare implikasies gehad en was dikwels 'n aanduiding van 'n persoon se posisie in die gemeenskap (Edwards 1992:234). Hare wat regop gestaan het, was met vrees geassosieer (Job 4:15). Om 'n man aan sy hare vas te hou was beskou as onderwerping of vernedering soos die talle uitbeeldings van Egiptiese konings wat 'n vyand aan sy hare vashou (Dayagi-Mendels 1989:60).

Afgesien daarvan dat 'n welige bos hare bygedra het om 'n persoon se aantreklikheid te verhoog, het dit ook rituele belange gedien (Batten 2010:150). Dit was moontlik die rede waarom Semitiese konings en priesters ingeseën was deur olie op hul hoofde uit te giet (1

Sm. 21:13). Salwing van die hare met olie was volgens Psalm 47:7 en Rut 3:3 vreugdevolle gebeurtenisse, terwyl dit die baard en klere terselfdertyd met 'n aangename geur deurdrenk het. Die onversorgde hare (en stukkende klere) van 'n melaatse was 'n aanduiding dat 'n persoon uit die gemeenskap verban was en buite die kamp moes bly (Lv. 13:45-46). Selfs op morele gebied het hare implikasies vir 'n persoon ingehou. Dit blyk die geval te wees in Numeri 5:18 wat verwys na 'n getroude vrou wat van owerspel beskuldig was en wie se hare losgemaak moes word terwyl sy 'n sondoffer as boetedoening moes bring. Hieruit kan die afleiding gemaak word dat vroue (in die spesifieke tyd wat die voorskrif gegeld het) se hare normaalweg vasgebind was.

Soos blyk uit die goedversorgde en netjiese haarstyle van die Beni Hasankaravaanlede, het haarstyle destyds die sosiale faktore van die omgewing waarin dit geskep was, gereflekteer en was dit terselfdertyd 'n aanduiding van die geslag, ouderdom, status en stand, asook die etniese groep waartoe 'n persoon behoort het (Tassie 2013:3036). Dit het dus implikasies gehad vir die verstaan van die status en etnisiteit van die handelaars.

3.3.2 Versorging van hare

Die goed versorgde hare van die Semitiese handelaars en hul vroue in die *Beni Hasanskildery* is 'n aanduiding hoe hare tot 'n persoon se aantreklikheid kon bydra. Omdat Egiptenare hul hare as 'n erotiese bate met verleidelike kwaliteite beskou het, het hulle dit met ekstra sorg behandel (Fletcher 1999:44). Moontlik vir hierdie rede was salwe, gemaak van die vet van slange, seekoeie, krokodille en leeus, gebruik om dit te behandel, aangesien dit hare glo weelderig laat groei het (Goffart 1987:44), terwyl hare ook as 'n weerspieëling van 'n persoon se gesondheidstoestand beskou was. In die Semitiese kultuur was dit gebruikelik om gaste tydens 'n feesmaal te vereer deur hulle hoofde met gegeurde olies te salf (Dt. 33:24; Ps. 23:5; Lk. 7:46), terwyl skilderye in Egipte toon dat Egiptenare gaste met gegeurde salfkeëls op die kop vereer het. Soos die omringende volke, het die Semiete moontlik plantaardige produkte soos olyf- en kasterolie wat plaaslik beskikbaar was, vir die versorging van hul hare gebruik. Die elite het uiteraard duurder ingevoerde produkte gebruik.

Afgesien van probleme soos melaatsheid, grys- of ylwordende hare, het Semiete met ander probleme te kampe gehad. Uit die kleur en voorkoms van 'n persoon se hare kon 'n priester

vasstel of 'n persoon rein/onrein of melaats was, of nie (Lv. 13:29-37). Weens armoedige en primitiewe lewensomstandighede het die meerderheid Semiete voortdurend met probleme soos luise te kampe gehad. Swak sanitasie en veral oorbevolking van woonplekke, het tot die vermeerdering van kopluisse (*Pediculus humanus capitis*) bygedra (Zias 1991:148). Moontlik was sommige Semiete daarvan bewus dat kasterolie die probleem kon oplos. Eietydse navorsing dui daarop dat olie effektief was om luise uit te roei, deur hul beweging te beperk en hul suurstofvoorraad te verminder (Fletcher 1999:51).

Die haarkleur van die Semitiese handelaars was in ooreenstemming met die 'Israelitiese' bevolking se voorkeur vir donker hare (Perkin 1988:779). Omdat die opvatting gehuldig was dat donker hare 'n persoon se seksuele aantreklikheid verhoog het, was daar voortdurend teen ylwordende hare, 'n bleskop of grys hare gewaak, ten spyte daarvan dat laasgenoemde met wysheid geassosieer was. 'n Bleskop in die Semitiese samelewing verwys nie na natuurlike haarverlies nie, maar na 'n kaalgeskeerde kop as gevolg van rou (Lv. 21:5; Jes. 15:2; 22:12) of 'n ramp (Am. 8:10). Om haarverlies te voorkom, was kasterolie aangewend omdat dit blykbaar die groei van hare gestimuleer het (Fletcher 1999:43). As 'n kaal kol op die kop deur siekte voorafgegaan was, was dit met olie behandel deur gelyke dele denne-olie saam met 'n ander olie of vet te meng (Manniche 1989:46). Hoewel die Hebreeuse Bybel nie na kamme verwys nie, is talle luiskamme by Qumran, die Murabba'at grotte, Masada en die Negev-woestyn gevind wat daarop dui dat die Semiete ook ander metodes soos kamme beproef het om luise te bekamp (Dauphin 1996:66). Hierdie kamme van bukshout stem ooreen met moderne luiskamme. Luiskamme het aan die een kant drie tot vyf tande per sentimeter, met 15 tande aan die ander kant gehad vir die uitkam van luise of nete. Die omvang van die probleem blyk egter uit paleoparasitologiese toetse wat toon dat 50% van die kamme wat gevind is, met luise of nete besmet was (Zias 1991:148). Weens die bederfbare aard van hout, het weinig kamme egter behoue gebly.

Geskrewe getuienis meld dat Egiptiese konings reeds vanaf 3500 v.C. gegeurde olies gebruik het om hul hare in 'n goeie toestand te hou (Roia 1966:18). Aangesien hare 'n belangrike bydrae tot 'n persoon se status en aantreklikheid gelewer het, het gewone Egiptenare daagliks hul hare met geurige olies behandel om dit teen die son se hitte te beskerm (Fletcher 1999:44), terwyl salwe ook vir dieselfde doel gebruik was (Peck 2013:60). Henna was die eerste plantaardige produk wat vir die kleur van hare gebruik was. Net soos vroue, het Egiptiese mans ook hul hare kunsmatig met henna gekleur, soos blyk uit die rooi hare van

Raamses II se mummie (in die Kairo Museum) (Peck 2013:60). Wilkinson (1878b:339) skryf egter die rooi kleur van die hare van sommige mummies toe aan blootstelling van hitte gedurende die balsemingsproses. Henna kon blykbaar ook gebruik word om 'n goue tint aan hare te verleen, iets wat as 'n statussimbool deur Egiptenare beskou was (Roia 1966:18). Later is 'n mengsel van henna en indigo gebruik om bruin en swart skakerings aan hare te verleen (Roia 1966:18). Afgesien daarvan dat henna 'n aangename geur verskaf het, het dit terselfdertyd antiseptiese waarde gehad en die kopvel gestimuleer.

3.3.3 Haarstyle van Semitiese en Egiptiese mans

3.3.3.1 Haarstyle van Semitiese mans

By gebrek aan voldoende voorbeelde in die Semitiese wêreld werp die *Beni Hasanmuurskildery* lig op Semitiese mans se haar- en baardstyle gedurende die sogenaamde 'aartsvadertydperk' (sien Fig. 2.3). Uit die *muurskildery* blyk dit dat die leier van die karavaan se hare- en baardstyl, identies soos dié van die ander mans in die geselskap is. In die opsig, verskil dit opsigtelik van Egiptiese mans, waar die koning en die elite gewoonlik pruike gedra het, terwyl gewone mans se koppe kaalgeskeer was. Deuteronomium 14:1 het 'Israelitiese' mans verbied om hul hare en baarde 'soos die heidene' te sny. Die kortgegolfde en netjiesgesnyde sampioenkophaargestyl van die handelaars soos uitgebeeld in die *skildery* gee ons 'n idee hoe mans se haarstyle destyds daar uitgesien het (sien Fig. 3.1).




Fig. 3.1 Haarstyl van Semitiese mans²⁹

²⁹ Cohen 2016.

Matthews (1993:3) is van mening dat Abram hierdie kortgesnyde sampioenkop haarstyl met sy vertrek uit Haran gedra het, moontlik om aan te pas by die nuwe kultuur waarin hy hom bevind het (Gen. 11). Volgens Schneider (2013:239) wil dit voorkom asof mans se haarstyle destyds deur hul ouderdom, geslag en sosiale status beïnvloed was. Illustrasies uit 'n latere tydperk soos uitgebeeld op die *Swart Obelisk van Salmaneser*³⁰ (negende eeu v.C.; vgl. Fig. 2.10 en Fig. 2.11) sowel as die haarstyl van 'n standbeeld uit die Middel Koninkryk van 'n hoogwaardigheidsbeksleër (moontlik ook 'n Semiet) wat by Tel el-Dab'a ontdek is (Kamrin 2009:26), stem ooreen met die uitbeelding van die 'sampoienkop'-haarstyl van die handelaars hierbo. Volgens Perkin (1988:779) was gevlegte hare ook by Semitiese mans gewild. Dat haarstyle voortdurend verander het, blyk uit 'n latere mode wat Semitiese krygsgevangenes op die *Lagisreliëfs* (sien Fig 3.12) (circa agtste eeu v.C.) met styfgekrulde skouerlengte hare uitbeeld (Edwards 1992:234). Hierdie haarstyl stem ooreen met die voorskrif van Levitikus 19:27-28 wat Hebreeuse mans verbied het om hul hare voor die ore en wangbene te sny. Die sny van mans se hare was net aanvaarbaar onder sekere omstandighede soos tydens routydsperke (Job 1:20) of die beeïndiging van 'n Nasireërbelofte (Num 6:9, 18).

Gispen *et al* (1975:271) beweer dat Assiriese en Babiloniese mans hul hare lank gedra en dit, soos ander heidene, as offers tot eer van hul gode gebring het. Herodotus se werk *Histories* (Vol. I. Boek I. 195) vermeld dat Babiloniese mans saam met hul lang hare, tulbande gedra het soos Koning Assurbanipal (sien Fig. 3.3). Dit wil voorkom asof Israelitiese mans nie hoofbedekkings gedra het nie, uitgesonderd die uitbeelding van Koning Jehu op die *Swart Obelisk van Salmaneser*, terwyl Egiptiese mans kaalkop geloop het, afgesien van die dra van die elite se pruike.

3.3.3.2 Haarstyle van Egiptiese mans

Die netjiese haarstyl van die Beni Hasangeselskap, sowel as beelde en skilderye wat Egiptiese haarstyle uitbeeld, is 'n aanduiding dat beide groepe goedversorgde hare as 'n belangrike estetiese bate beskou het.

³⁰ Naaldvormige suil wat in 1846 by Nimrud ontdek is. Die suil was opgerig ter nagedagtenis aan 'n belangrike gebeurtenis in die 'Israelitiese' geskiedenis. Dit bestaan uit vier panele wat vyf rye uitbeeldings toon waar heersers van verskillende lande hul skatplig aan die Assiriese Koning Salmaneser III bring (King & Stager 2001:261).

Soos blyk uit die *Beni Hasanskildery* het die twee Egiptiese amptenare wat die handelaars begelei het, pruik gedra (sien Fig. 2.3). Green (2001a:73) beweer dat Egiptenare hul hare in verskillende lengtes en style gedurende dieselfde tydperk as Khnum-hotep II se ampstermyn gedra het. Soos ander nasies in die ou Nabye Ooste, het die Egiptiese elite waarskynlik hul eie kenmerkende haarstyle gehad.

In Egipte het manlike haarstyle geslag, sosiale status en 'n hiërargie tussen mans aangedui (Robins 1999:58). Egiptiese kuns het elite mans en manlike huishoudelike bediendes gewoonlik met kaalgeskeerde koppe uitgebeeld. Robins (1999:62) wys ook daarop dat 'n kaalgeskeerde kop die enigste wyse was waarop binnenshuise manlike bediendes destyds uitgebeeld was. So 'n kaalgeskeerde kop het die voordeel ingehou dat dit luise en nete voorkom het (Robins 1999:61). Dit is in teenstelling met elite Egiptiese vroue en vroulike bediendes wat met lang hare wat benede die skouers of soms tot op die borste strek, uitgebeeld is. Die deftigste haarstyl vir elite Egiptiese mans was 'n skouerlengte pruik waarvan die hare in deftige stringe, krulle en vlegsels getooi was en senioriteit aangedui het (Robins 1999:58).

Egiptiese werkers was gewoonlik met kaalgeskeerde koppe uitgebeeld. Kaalgeskeerde koppe was waarskynlik meer prakties en koeler as 'n kop met hare. Die Egiptiese gebruik om koppe kaal te skeer, kan moontlik toegeskryf word aan Egiptenare se negatiewe siening en assosiasie van harigheid met barbarisme (Wilkinson 1878b:331). Aangesien Khnum-hotep II en die amptenare in Fig. 2.5 en Fig. 2.3 tot die elite behoort het, was hulle in die posisie om pruik te bekostig. Wilkinson (1878b:331) meen dat as gevolg van die groot klem wat in die antieke wêreld op higiëne geplaas was, dit wil voorkom asof haarkappers die nalatenskap van die antieke wêreld is.

3.3.4 Baardstyle van Semitiese en Egiptiese mans

Volgens Schneider (2013:239) het mans reeds so vroeg as 4500 v.C. baarde gedra. Of 'n man wel 'n baard gedra het of nie, was beïnvloed deur sy kulturele tradisies, godsdienstige vereistes, veranderinge in styl, of persoonlike voorkeure (Schneider 2013:239). Argeologiese getuienis dui egter daarop dat 'Israeliete' en Assiriërs, groot waarde aan baarde geheg het en dit as 'n kenmerk van 'n man se aantreklikheid, volwassenheid en waardigheid beskou het (White 1970:495). Hierteenoor het Egiptenare 'n skoongeskeerde voorkoms verkies,

moontlik omdat dit meer higiënies was. Die kortgeskeerde baarde van die handelaars is 'n aanduiding dat hulle nie van Egiptiese afkoms was nie.

3.3.4.1 Simboliek van baarde

Argeologiese getuienis soos die *Beni Hasanskildery* en die *Lagisreliëfs* dui daarop dat Semitiese mans se baardmodes net soos haarmodes, voortdurend aan veranderinge onderhewig was (sien 3.3.3.1). Vergeleke met die Egiptenare het Midde Oosterse mans 'n baard as 'n teken van hul manlikheid beskou en daarom groot waarde daaraan geheg (Hayman 2004a:372). In die Semitiese tradisie was die versuim om 'n baard te versorg gelykstaande aan waansinnigheid (1 Sm. 21:13-14), terwyl die skeer en uittrek van 'n man se baard in Palestina, as 'n teken van rou beskou was (Jes. 15:2; Jr. 41:5; Esr. 9:3). Vergeleke hiermee was 'n goedversorgde baard sinoniem met groot vreugde (Perkin 1988:779).

Konings, soos Koning Assurbanipal, was gewoonlik met lang baarde uitgebeeld (sien Fig. 3.2 en Fig. 3.3) en hul vyande met kort baarde (Hayman 2004a:372). Hul goedversorgde en gestileerde lang baarde moes moontlik hul meerderwaardigheid teenoor vyande of gewone mans beklemtoon. Dit verklaar moontlik waarom die Israelitiese Koning Jehu en sy gesante op die *Swart Obelisk van Salmaneser* met kort gesnyde baarde uitgebeeld was (Shea 1981:221; vgl. King & Stager 2001:261) (sien Fig. 2.10 en Fig. 2.11) toe hy skatplig aan laasgenoemde moes betaal. Die doel van die afsny van die helfte van 'n man se baard was om hom te verneder, soos Dawid se gesante later te beurt geval het toe hulle sy medelye aan die Ammonitiese Koning Ganun moes oordra (2 Sm. 10:4-5; Jes. 7:20). Afgesien van die uitbeelding van Koning Jehu op die *Swart Obelisk van Salmaneser* (sien Fig. 2.10 en Fig. 2.11), ontbreek voorbeelde van Israelitiese konings se baardstyle.

3.3.4.2 Baardstyle van Semitiese mans

Soos reeds gemeld, was die dra van 'n baard in antieke tye deur kulturele tradisies, godsdienstige vereistes, veranderinge in modes of persoonlike voorkeure beïnvloed (Schneider 2013:239). Baardstyle en die betekenis daarvan het onder die verskillende Semitiese beskawings verskil en daarom sal daar hier hoofsaaklik op die baardstyle van die Semitiese mans soos uitgebeeld in die *Beni Hasanskildery*, gefokus word.

In die lig van die talle voorskrifte en bepalinge wat destyds op baarde van toepassing was, wil dit voorkom asof dit moontlik ‘n ongeskrewe reël was dat Assiriese mans ‘n baard moes hê. Vir beide groepe was die skeer van hul hare en baarde, strydig met hul godsdienstige- of sosiale kultuur. In die *Beni Hasanmuurskildery* word die mans van die karavaan se baarde as kort en gepunt uitgebeeld (Edwards 1992:233) (sien Fig. 3.1). Dit verskil opsigtelik van die gekrulde skouerlengte hare en baarde van die Semitiese gevangenes van Lagis wat op Sanherib (705 – 681 v.C.) se paleismure in Nineve uitgebeeld word (King & Stager 2001:267). Die koning word uitgebeeld met ‘n vierkantige baard wat uit gegroepete ronde krulle bestaan het (sien Fig. 3.2 en Fig. 3.3).




Fig. 3.2 Koning Assurbanipal³¹



Fig. 3.3 Koning Assurbanipal³²

Dit blyk dat Israeliete ten spyte van veranderde omstandighede in ‘n ander land, steeds Levitikus 19:27 se baardvoorskrifte nagekom het. Hierdie verbod was nie op Assiriërs en ander Semitiese volke van toepassing nie. Die sorg waarmee Mesopotamiërs hul baarde versorg het, blyk uit die beelde en *muurreliëfs* van Koning Assurbanipal in sy paleis. Terwyl Assiriese en ander Semitiese mans hul hare aan die slape, tussen die oor en die oog afgeskeer het tot eer van hul gode, het Israelitiese mans tydens die Eerste Tempelperiode in Palestina, hul hare aan die slape behou³³ (Lv. 19:27). Hierdie gebruik sou later dien om die uitverkore volk van heidene te onderskei (Hayman 2004a:372).

³¹ <https://www.ancient.eu/Ashurbanipal> (Geraadpleeg 20 April 2018).

³² <https://www.ancient.eu/Ashurbanipal> (Geraadpleeg 20 April 2018).

³³ Hierdie verbod verduidelik die ‘haarlokke’ voor die ore van Ortodokse Joodse mans wat vandag nog te sien is (Douglas & Tenney 1987:411).

Vergeleke hiermee was Israelitiese krygsgevangenes op die *Lagisreliëfs* se baarde skouerlengte en die Beni Hasanhandelaars se hare kortgesny. Manlike haar- en baardstyle was blykbaar deur oorloë beïnvloed, soos blyk uit die Romeinse oorheersing van Palestina toe Joodse soldate op *Judea Capta munte* met baarde en lang hare uitgebeeld was, terwyl die Nuwe Testament melding maak van mans met afgeskeerde baarde en kort haarstyle (Edwards 1992:236). As teken van rou het Israelitiese mans hul hare tydens die verwoesting van die tempel in Jerusalem (71 n.C.) kort gesny, blykbaar as gevolg van die verlies van die tempel, terwyl dit teen Nuwe Testamentiese tye 'n skande vir 'n man was om lang hare te dra (1 Kor. 11:14). Gispén *et al* (1975:77) beweer dat die Ou Testament tussen baardstyle onderskei het, naamlik 'n baard (Lv. 13:29-30) en 'n snor (Lv. 13:45).

3.3.4.3 Baardstyle van Egiptiese mans

In vergelyking met die Beni Hasanhandelaars se kortgeskeerde baarde (sien Fig. 3.1) en soos die meerderheid volke in die ou Nabye Ooste, was Egiptenare altyd skoongeskeer uitgebeeld (Fried 2007:37). Dit wil voorkom asof Egiptenare 'n bebaarde gesig verag het en hul skoongeskeerde gesigte as 'n statussimbool beskou het (Schneider 2013:329). Hierdie gebruik onderskei die handelaars weereens duidelik van die Egiptenare.

(a) Egiptiese koninklikes

'n Unieke kenmerk van Egiptiese koninklikes was die gebruik om hulle met 'n gevlegde vals baard waarvan die onderste punt vierkantig was, tydens amptelike geleenthede uit te beeld (Wilkinson 1878b:333; White 1963:89). Dit blyk veral uit 'n beeld wat Thutmoses III met 'n skoongeskeerde gesig en bolyf toon (sien Fig. 3.4).

Selfs Koningin Hatshepsut het haar met so 'n vals baard laat uitbeeld om haar koninklike status te bevestig (sien Fig. 3.5). Hierdie vals seremoniële baarde waarmee Egiptiese konings dikwels uitgebeeld was, was altyd van die hare van mense gemaak en dit het deel van die koninklike ordetekens uitgemaak. Vanaf 3000 v.C. het 'n skoongeskeerde ken 'n kulturele statussimbool vir elite manlike Egiptenare geword en was 'n skoongeskeerde voorkoms met adellikheid geassosieer (Schneider 2013:239).




Fig. 3.4 Skoongeskeerde Thutmoses III³⁴



Fig. 3.5 Koningin Hatshepsut³⁵

Die doel van konings se skoonheidsvoorkoms was om te toon dat die koning sterk en altyd gereed was om te werk en verwyfdheid verag het (White 1963:87). Dit was ook simbolies van die koning se viriliteit en lewenskrag. Moontlik was dit die rede waarom Egiptiese konings (afgesien van hul seremoniële baarde), gewoonlik met kaal, slanke, skoonheidsvoorkoms en bolywe uitgebeeld was. Anders as die Semiete wat hul hare tydens rouperiodes afgeskeer het, het Egiptenare tydens rouperiodes hul hare en baarde laat groei (Vercoutter 1992:22). Vercoutter meen dit verklaar moontlik die uitbeelding (waarvan die oorsprong nie bekend is nie) van 'n jong Faraos met 'n stoppelbaard wat oor sy voorganger treur en op 'n wit kalksteen fragment geteken was (Vercoutter 1992:22).

In teenstelling met Semiete se gebruik om hul hare tydens rouperiodes af te sny, het Herodotus (*Histories* Vol. I. Boek II. 36) dit ook as 'n eienaardigheid beskou dat Egiptenare hul hare tydens rouperiodes laat groei het (Hayman 2004a:372). Sommige Egiptiese koninklikes soos prins Rahotep het wel 'n snor verkies. Moontlik was hy onder die indruk dat die snor sy waardigheid en aansien beklemtoon het, aangesien hy ook tot die elite behoort het (sien Fig. 3.6).

³⁴ <https://za.pinterest.com/pin/415105105290640720741/> (Geraadpleeg 7 September 2018).

³⁵ Pemberton (2001:51).




Fig. 3.6 Prins Rahotep³⁶

(b) Gewone Egiptiese mans

Die tradisionele skoongeskeerde voorkoms van Egiptiese mans was moontlik die rede waarom Josef volgens die Bybelse verhaal eers moes was en skeer voordat hy na die Farao kon gaan om laasgenoemde se droom uit te lê (Gn. 41:34). Deur te was en te skeer het hy sy voorkoms onmiddellik van 'n vreemdeling na dié van 'n Egiptenaar verander en so sy aanvaarding aan die Egiptiese hof verseker (Fried 2007:37). 'n Skoongeskeerde voorkoms het ook verseker dat Josef se broers hom nie sou herken nie (Gn. 42:8). Soos hierbo genoem was 'n skoongeskeerde voorkoms iets waarop Egiptenare baie trots was en moontlik het dit in hul eie oë, tot Egiptiese mans se aantreklikheid bygedra.

Egiptenare het die siening gehuldig dat 'n skoongeskeerde liggaam beter beskerming teen infeksies bied en tot goeie higiëne bygedra het (Fried 2007:36-37). Die skeer van hare en baard was altyd met die aanwending van olie afgerond. Dit wil voorkom asof die hoogs beskaafde Egiptenare dieselfde hoë standaard van higiëne van hul slawe verwag het. Anders as die Romeine wat hul slawe verplig het om lang baarde en hare te dra, het Egiptenare hul slawe verplig om hul baarde en hoofde te skeer, moontlik om aan te pas by Egiptiese standaarde (Wilkinson 1878b:331).

Omdat Egiptenare mense met baarde (soos die Semiete en Assiriërs) as 'onbeskaaf' beskou het, was vyande van Egipte gewoonlik met baarde uitgebeeld (Hayman 2004a:372). Hulle het ook mense met baarde as 'n laer sosiale stand as hulself beskou (Schneider 2013:239). Uit die

³⁶ <http://www.egyptorigins.org/rahotepandnofret.htm> (Geraadpleeg 22 September 2019).

Beni Hasanskildery wil dit voorkom asof die handelaars van hierdie siening bewus was en dit gerespekteer het, vandaar moontlik die feit dat hulle Egipte met netjiese kortgesnyde hare en baarde besoek het. Afgesien van die Egiptenare se siening van ‘onbeskaaf’ en dus teen hul dominante kultuur-ideologie in, kry die handelsgeselskap tog ‘n ereplekkie in die *muurskildery* van Khnum-hotep II. In die lig van hierdie agtergrond sê dit baie van die handelaars se status, maar ook van die twee groepe se wedersydse respek vir mekaar.

Om ‘n netjiese en aantreklike skoongeskeerde voorkoms te verseker, het Egiptenare goeie kwaliteit skeermesse gebruik wat hulle in netjiese leerhouers gebêre het (White 1963:89). Skeermeslemme in antieke tye was gewoonlik van brons (vroeër van klip), met pragtige gegraveerde handvatsels (Vickers & Wright 2012:388). Handvatsels was ook van hout, terwyl konings se skeermeshandvatsels gewoonlik met been of ivoor inlegwerk versier was. In die afwesigheid van seep is goedkoop olies moontlik as skeermiddels gebruik (Tyldesley 1995:147).

3.3.5 Die rol van haarkappers

Odendal *et al* (1991:33) beskryf ‘n haarkapper as iemand wie se ambag dit is om mense se hare te knip en te versorg en mans se baarde te skeer. Uit die *Beni Hasanmuurskildery* kan ons aflei dat netjiesgeskeerde baarde en haarstyle vir beide Semiete en Egiptenare hoog op die agenda was. Daarom kan ons die afleiding maak dat haarkappers ‘n belangrike rol gespeel het. Die Engelse woord ‘*barber*’ (sinoniem vir haarkapper), afgelei van die Latynse woord *barba*, beteken ‘baard.’ Die Hebreeuse Bybel verwys slegs eenmalig na ‘n haarkapper (Esg. 5:1), terwyl *Talmoediese bronne* dikwels na haarkappers en die implemente wat deur hulle gebruik was, verwys.³⁷ Na aanleiding van Esegïël 5:1 beweer Gispén *et al* (1975:271) dat hare in Bybelse tye nie met ‘n skêr gesny was nie, maar met ‘n skerp voorwerp soos ‘n mes. Barabas (1975:41) is weer van mening dat hare en baarde met ‘n eenvoudige of ryklik versierde skerp-gemaakte metaal-implement gesny of geskeer was (afhangende van die spesifieke tydperk).

³⁷ <http://www.biblediscovered.com/biblical-women-of-Israelites/ancient-cosmetics-and-glamour/> (Geraadpleeg 3 Oktober 2015).

Volgens Perkin (1987:717) het haarkappers in die vroeë Semitiese samelewing nie hoë aansien in die gemeenskap geniet nie en daarom hulle beroep in 'n oop ruimte soos 'n straat beoefen. Dit is in teenstelling met Romeinse haarkappers wat later so florerend was dat hulle tot die 'nuwe rykes' behoort het (Forbes 1965:43). Romeinse haarkappers het normaalweg parfums verkoop, mani- en pedikure gedoen en soms mediese funksies verrig om hul kliënte te verfraai. In antieke gemeenskappe (soos dié van die Semiete in Palestina) het slegs die elite oor die tyd en middele beskik om hare te sny. Dit is moontlik die rede waarom Egiptenare baarde as onbeskaaf beskou en met 'n laer sosiale stand geassosieer het (Schneider 2013:239).

Die uitbeelding van Assiriese konings soos Assurbanipal se haar- en baardstyle (sien Fig. 3.2 en Fig. 3.3) getuig van Mesopotamiese haarkappers se vernuf. Vergeleke met die lae aansien wat haarkappers in die Semitiese samelewing geniet het, was haarkappers in Mesopotamië as 'n belangrike en gerespekteerde klas geag en was hulle in gildes gegroepeer.³⁸

Weens 'n gebrek aan uitbeeldings of geskrewe tekste, is dit onduidelik of Semiete soos die Egiptenare, oor professionele haarkappers beskik het. In die lig van die minderwaardige posisie wat vroue in die Semitiese samelewing bekleed het, is dit te betwyfel of Semitiese manlike haarkappers vroue se hare sou versorg of skoonheidsbehandelings op hulle sou toepas soos hul Romeinse eweknieë. Dit is nie duidelik of Semitiese haarkappers gemoeid was met skoonheidsbehandelings met behulp van tuisgemaakte nie-tradisionele skoonheidsmiddels wat hulself gemaak het, of voorrade wat van salfmengers of kruiekeners verkry was nie (Tanzer 1939:54).

Ook in Egipte was die beroep van haarkappers nie as respektabel beskou nie (Edersheim 1994:200), afgesien van die haarkappers wat aan die koninklike hof verbonde was. Hul ambag het behels dat haarkappers hul bestaan hoofsaaklik uit die sny en skeer van mans se hare en baarde gemaak het (Tassie 2013:3036). Uit hierdie inligting wil dit voorkom asof mans net mans se hare versorg het en vroue, net vroue se hare. In Egipte was *chakew* (haarkappers) nie so goed gekwalifiseer as *ir-sheeny* (haarstiliste) nie en het hulle nie dieselfde hoë aansien van stiliste geniet nie (Tassie 2013:3036).

³⁸ <http://www.anistor.co.hol.gr/index.htm> (Geraadpleeg 15 April 2016).

Die Egiptiese staatsburokrasie het egter die vooruitsig van hoë posisies vir haarkappers aan die koninklike hof verbonde ingehou, maar net enkeles soos die ‘Opsigter oor koninklike haarkappers’ was toegelaat om die koning aan te raak (Tassie 2013:3036). Dit blyk uit die feit dat Thutmoses III se persoonlike haarkapper hom saam met sy strydswadrywer en wapendraer na die slagveld vergesel het (Goffart 1987:42).

Vergeleke met die Semitiese haarkappers in Palestina was Egiptiese haarkappers blykbaar baie besig. Semitiese haarkappers moes van die oggend tot die aand, van straat tot straat loop, op soek na werk (Wilkinson 1878b:333). Die netjiesversorgde haarstyle van die Semitiese handelaars skep egter die indruk dat hulle die dienste van haarkappers kon bekostig en moeite gedoen om respektabelik vir die Egiptenare voor te kom.

Haarstiliste was normaalweg gekwalifiseerde vroulike slawe of bediendes (*ornatrix*) wat gemoeid was om vroue se haarkapsels te versorg en hul hare te tooi. Uitbeeldings in Egipte van persone wie se hare deur opgeleide bediendes of haarstiliste versorg was, soos koningin Kawit, dui op die belangrikheid van die beroep (sien Fig. 3.7).



Fig. 3.7 Koningin Kawit se hare word gestileer³⁹

Armes kon slegs met spesiale geleenthede van die dienste van reisende haarkappers gebruik maak (Tassie 2013:3036). Soos hierbo genoem was dit waarskynlik die rede waarom arm proto-Israeliete se hare en baarde gewoonlik lank was en Egiptenare hulle as onbeskaaf beskou het.

³⁹ Forbes (1965:22).

3.4 VROULIKE HAARSTYLE

Volgens McCormick (1985:19) kan hare as dekoratief en veelsydig beskryf word omdat geen ander deel van die liggaam so veelsydig is nie. Dit kan gesny, gekleur, gedraai of gevleg word, opgekam of los gedra word. Dit wil vandag voorkom asof haarstyle dwarsdeur die geskiedenis modeneigings gereflekteer het. Daar moet egter gewaak word teen veralgemening oor die ontwikkeling van haarstyle deur die eeue omdat bronne wat inligting verskaf, baie beperk is en aansienlike veranderinge deur die eeue plaasgevind het (King & Stager 2001:282-283). Reliëfs, beelde en monumente in Egipte en Mesopotamië, sowel as 'n paar geskrewe bronne en vrugbaarheidsbeeldjies wat in Palestinsa gevind is, verskaf vandag waardevolle inligting in dié verband (King & Stager 2001:283).

3.4.1 Haarstyle – Semitiese vroue

Volgens Perkin (1988:779) het Semitiese vroue hul haarstyle na hul troues verander om by hulle verandering van status aan te pas. In die lig hiervan beweer Ewing (1954:325) dat vroue haarbande van gedraaide sy of ander duursame materiale gebruik het om hul hare in posisie te hou. Die *Beni Hasanmuurskildery* toon dat Semitiese vroue hul hare tydens premonargale tye lank gedra en dit met 'n band om die kop in posisie gehou het (Shea 1981:221). Gevolglik blyk dit dat die vroue in die handelsgeselskap getroud was (sien Fig. 3.8).



Fig 3.8 Haarstyl – Semitiese vroue⁴⁰

⁴⁰ Cohen 2016.

Dié uitbeelding van die vroue is in teenstelling met latere modes toe hare in een vlegsel of in krulle bo-op die kop vasgemaak was (Batten 2010:53). Edersheim (1994:200) is van mening dat Semitiese vroue hul hare met krulle, vlegsels, goue versiersels, haarnaalde en elegante kamme versier het. Uit die *muurskildery* kan ook afgelei word dat Semitiese vroue nie sluiers gedra het nie. Die dra van sluiers was moontlik 'n latere beperking op vroue se vryhede (Thompson 1988:112).

'n Vlegsel wat deur Yadin op Masada gevind is, dui daarop dat Semitiese vroue teen die eerste eeu n.C. steeds hul hare lank gedra het, maar soms ook gevleg het (Edwards 1992:237). Yadin se (moontlik oorhaastige) aanname dat dié hare aan die vrou van die Joodse bevelvoerder op Masada behoort het, word egter deur Zias & Gorski (2006:45) bevraagteken. Hulle wys daarop dat die skelet van die vrou wie se hare dit was, nooit gevind is nie en dat Yadin sy stelling op fragmentariese en teenstrydige literêre getuïenis van die Joodse geskiedskrywer Josephus (eerste eeu n.C.) gegrond het.

Dat 'n welige bos hare wat hoog op die kop gestileer is tot 'n vrou se seksuele aantreklikheid bydra, blyk uit 'n Sumeriese liedjie waarin 'n meisie vir die koning van Ur sing en na haar haarkapsel as 'so hoog soos 'n gasel' verwys (Stol 2016:49). Dit is moontlik dat vroue se onkonvensionele haarstyle tot Jesaja se veroordeling en beskuldiging van hul hovaardigheid aanleiding gegee en bygedra het (Jes. 3:16-22).

Dat die versorging van 'n vrou se hare tot haar aantreklikheid bydra, blyk uit 'n klein beeldjie wat as Venus van Willendorf⁴¹ bekend is. Die noukeurigheid waarmee hierdie beeldjie se haarkapsel uitgebeeld was, staaf die bewering dat mooi en goedversorgde hare 'n groot bydrae tot 'n persoon se aantreklikheid kan bydra.

Die voorskrif wat vroulike krygsgevangenes verplig het om hul hare te sny indien hul buitmakers met hulle wou trou (Dt. 21:10-14), moet gesien word teen die destydse sosio-godsdienstige kultuur waarin Semiete geleef het. Moontlik was die vroue se hare gekleur en moes hulle van hierdie praktyk afstand doen alvorens hulle in die streng Hebreeuse

⁴¹ Venus van Willendorf is die benaming vir 'n klein beeldjie, wat vermoedelik dateer uit 30000 v.C. en in 1908 op 'n Paleolitiese terrein in Willendorf in Oostenryk gevind is. Die beeldjie was beskou as die verpersoonliking van vroulike skoonheid in antieke tye. <https://www.brittanica.cosmetic.topic.topic/Venus-of-Willendorf> (Geraadpleeg 8 April 2018).

samelewing opgeneem kon word. Mixter (2004:15-16) is daarom van mening dat hare selde in Palestina gekleur was. Alternatiewelik was die afsny van hul hare moontlik simbolies van hul onderwerping of hartseer oor die verlies van hul vryheid. Deur vroue van hul sieraad te ontnem, veral in antieke tye toe lang hare die norm was, sou hulle noodwendig minder aantreklik laat vertoon. In die Nuwe Testamentiese periode, 1 Korintiërs 11:6, word na kort hare as 'n 'skande' verwys omdat prostitute in Korinthe en elders, hul hare kort gesny het. Dit dui op die belangrikheid van lang hare as 'n dimensie van vroue se skoonheid in antieke tye (Batten 2010:151).

3.4.2 Haarstyle – Egiptiese vroue

Volgens Robins (1999:63) het Egiptiese vroue se hare erotiese implikasies gehad en was hulle as voorwerpe van seksualiteit en vrugbaarheid beskou. Alhoewel daar geen Egiptiese vroue in die *Beni Hasanmuurskildery* uitgebeeld word nie, dui grafskilderye aan dat die deursnee Egiptiese vrou ook lang hare gedra het, terwyl elite vroue dikwels hul hare afgeskeer en 'n pruik gedra het. Petrie (1923:128) beskryf dit as 'n gebruik wat vir higiëniese redes sedert prehistoriese tye gevolg is, veral wanneer dit baie warm was. Pruik was blykbaar koeler as natuurlike hare. Petrie (1923:128) beweer dat dogters en vroue tydens die Twaalfde tot Agtiende Dinastieë hul hare gevleg het, of in drie dele verdeel het, twee dele wat voor langs die gesig gehang het, met een deel agter die rug. Wilkinson (1878b:339) is ook van mening dat Egiptiese vroue die versorging van hul hare, wat verkieslik donker en lank moes wees, los of gevleg gedra het.

Volgens Green (2001a:73) het Egiptiese vroue hul hare in verskillende lengtes en style gedurende dieselfde tydperk gedra en dit met groot sorg behandel (Van Duyn 1974:35). Kort hare was dikwels bo lang hare verkies, omdat lang hare weens stof en sand, moeilik was om te kam.

Green se stelling word gestaaf deur vroulike mummies wat toon dat hare soms in verskillende lengtes gedra was (Tassie 2013:3037). Robins (1999:63) suggereer dat die verskil in haarstyle die verskil tussen hubare meisies en getroude vroue aangedui het.

Gedurende die Agtiende Dinastie (*circa* 1550 – 1293 v.C.) het Egiptiese vroue reeds oor 'n brons implement – 'n krultang – beskik wat uit twee dele bestaan het en warm gemaak moes word, om hul hare mee te krul (sien Fig. 3.9).



Fig. 3.9 Krultang⁴²

3.4.3 Pruïke

Die oorsprong van pruïke is nie bekend nie, maar uit talle Egiptiese skilderye en beelde wil dit voorkom asof pruïke 'n noodsaaklike rol in die Egiptiese samelewing gespeel het. Hoede was nie 'n opsie in Egipte nie, hoewel gedrapeerde of vasgebinde hoofbedekkings en uitspattige pruïke aanvaarde plaasvervangers was (Peck 2013:62). Haarstyle kon met behulp van pruïke, haarstukke en verlengstukke verander word om by die heersende modes aan te pas (Biannucci & Mattutino 2016:199). Artistieke uitbeeldings en pruïke wat behoue gebly het, toon dat die voorkoms van pruïke deur 'n persoon se geslag, ouderdom, rang of status bepaal was (Peck 2013:62).

Talle pruïke en vals vlegsels wat uit die Nuwe Koninkryk dateer, reflekteer dat 'n wye verskeidenheid van haarstyle vir beide mans en vroue die mode was (Fletcher 2000:496). Vals haarstukke was dikwels gebruik om kaal plekke of yl hare vanweë ouderdom (*alopecia senilis*) te bedek (Fletcher 2000:498). Dit is opmerklik dat vroue se pruïke minder opgesmuk as die pruïke van mans was. Gevolglik het vroulike pruïke meer natuurlik as mans se pruïke voorgekom (Fletcher 2000:497)

Egiptiese vroue het hul haarstyle met bande, linte, metaallinte, krale en tiaras versier en in posisie gehou (White 1963:90) – ongelukkig is dit nie in die *Beni Hasanskildery* uitgebeeld nie. Pruïke was normaalweg in pruïkhouders gebêre wanneer dit nie gebruik was nie (sien Fig. 3.10).

⁴² Calabro (2018:33).

‘n Egiptiese vrouepruik waarvan die plek van oorsprong nie bekend is nie, toon ‘n lang pruik wat met kort krulle op die kop versier was, tesame met ‘n pruikhouer (sien Fig. 3.10).




Fig. 3.10 Pruik met pruikhouer⁴³

Egiptiese vroue se pruik was dikwels deur geurige blomkrans of ‘n sirkel van kosbare metaal (soos goud) in posisie gehou (Peck 2013:65). In Egipte was die opvatting gehuldig dat ingewikkelde lang pruik met krulle en vlegsels, ‘n vrou se seksualiteit verhoog (Shaw & Nicholson 2008:134).

Beide elite Egiptiese mans (alhoewel meestal kaalgeskeer) en vroue het soms hul hare kort gesny vir netheid en om binnenshuis koel te bly terwyl pruik buitenshuis gedra was vir beskerming teen sonsteek (Watterson 1991:102). In teenstelling hiermee beweer Wilkinson (1887b:333) dat vroue se hare selfs nie tydens rouperiodes of na die dood afgesny was nie.

Pruik was veral geskik en gewild vir formele geleenthede soos seremonies of bankette soos blyk uit onderstaande manlike pruik (Van Duyn 1974:36) (sien Fig. 3.11).




Fig. 3.11 Verskeidenheid manlike pruik⁴⁴

⁴³ <http://za.pinterest.com/pin/552816922981961377> (Geraadpleeg 10 Januarie 2018).

⁴⁴ Wilkinson (1878b:328).

Ontleding van pruike wat behoue gebly het, weerspreek populêre aansprake dat pruike van perde- of ander soorte dierehare gemaak was. Peck (2013:64) is daarom van mening dat pruike van menshare gemaak was. Ontleding van hierdie hare toon dat dit oorwegend Kaukasies, eerder as van Negroïede afkoms was (Fletcher 2000:495). Voordat hare vir die maak van pruike gesorteer is, was dit eers vir luise en nete ondersoek met behulp van ‘n fyntandkam (Fletcher 2000:496). In teenstelling met vroue, het mans gewoonlik ‘n keuse van ‘n verskeidenheid kort pruike tot hul beskikking gehad. Egiptiese mans se kort pruike (soos dié voorste van die twee amptenare wat die handelaars vergesel het – sien ook Fig. 3.11[1] en [2]) het bestaan uit klein krulle wat in horisontale lyne mekaar oorvleuel het om ‘n raamwerk om die gesig te vorm. Pruike het talle voordele vir die gebruiker ingehou. Hierdie kort ‘ronde’ pruike was blykbaar meer gemaklik om te dra as die skouerlengte manlike pruike (Robins 1999:60). Pruike het ook die voordeel ingehou dat dit nie met luise of nete geïnfesteer kon word nie (Robins 1999:61). Met behulp van pruike kon elite mans ook die naderende tekens van ouderdom – ‘n bles of gryns hare verberg (Robins 1999:63).

Dit is opvallend dat vrouepruike in Egipte minder opgesmuk en van ‘n meer natuurlike voorkoms as dié van mans was (Peck 2013:65). In teenstelling met haarkappers, wil dit voorkom asof die beroep van ‘n pruikmaker in Egipte as ‘n gerespekteerde beroep beskou was. Volgens Murray (1964:90) het die vorm van pruike van tydperk tot tydperk gewissel. Ontleding van pruike toon dat byewas as setmiddel gebruik was om haarkapsels permanent in posisie te hou (Lucas 1962:336). Vir goedversorgde kapsels was kamme, haarnaalde en krullers (van yster) noodsaaklik. Kamme was gewoonlik van hout of ivoor gemaak met een of twee rye tande. Wilkinson (1878b:347) maak melding van ‘n houtkam met een ry tande met ‘n ibex op die rugkant waarvan die oorsprong en die datum nie bekend is nie.

3.4.4 Stilering van hare

Na aanleiding van die vroue se haarstyl soos uitgebeeld in die *Beni Hasanmuurskildery*, wil dit voorkom asof getroude Semitiese vroue hul lang hare op ‘n natuurlike wyse gedra het en slegs met ‘n band in posisie gehou het (sien Fig. 3.8). Rekonstruksie van ‘n ivoorkissie met gerubs (hemelwesens) wat in Megiddo ontdek is, beeld ‘n ander populêre kort haarstyl van Semitiese vroue tussen die 15de en 10de eeu v.C. uit (Wright 1955:67). Hieruit kan afgelei

word dat Semitiese/Kanaänitiese vroue nie ongeneë was om nuwe modes wat strydig met tradisionele style was, na te volg nie.

Haarnaalde van been, ivoor of metaal wat in Palestynse argeologiese terreine gevind is, getuig van die kuns van haarstilering in die Semitiese samelewing (King & Stager 2001:283). Ingewikkelde haarstyle en krulle was met behulp van been-, ivoor- of metaalpenjetjies waarvan die een punt gewoonlik versier was, in posisie gehou (D'Ambrosio 2001:16). Hierdie penjetjies was die voorlopers van moderne haarnaalde, wat steeds onopsigtelik gebruik word. In teenstelling met die tradisionele opvatting dat Israelitiese vroue altyd lang hare gedra het, beweer Wright (1955:69-70) dat kort (*bob*) style met ingewikkelde krulle en vlegsels, na die 10de eeu v.C. aan die orde van die dag was. Hy grond sy stelling op die feit dat beeldjies van vrugbaarheidsgodinne en hoëpriesteresse wat uit hierdie periode dateer, met sulke kort haarstyle gevind is.

Haarnette uit die eerste eeu n.C. wat deur Yadin (1966:166-167) in die 'Grot van die Briewe' en op Masada gevind was (soos hierbo genoem), dui daarop dat Israelitiese vrouemodes deur ander kulture beïnvloed was. Tydens die eerste eeu n.C. het Israelitiese vroue selfs goudstof op hul kapsels gestrooi (Gispén *et al* 1975:271). Dit was moontlik om hul status en welvarendheid te toon.

3.4.5 Hoofbedekkings

Alhoewel daar geen aanduidings van hoofbedekkings in die *Beni Hasanmuurskildery* gevind kan word nie, wil dit voorkom asof Semitiese vroue tydens die premonargale tydperk, ongesluit in die openbaar verskyn het. 'n Uitsonderlike geval is egter 'n getroude vrou wie se hare bedek was toe sy 'n sonde-offer moes bring (Nm. 5:18), nadat dit vermoed was dat sy owerspel gepleeg het. Uit die verhaal van Tamar en Juda kan die afleiding gemaak word dat vroue van ongure karakter wel hul hoofde met sluiers bedek het (Gn. 38:14-19), moontlik om hul identiteit te beskerm.

Die Israelitiese vroulike krygsgevangenes op die Lagisreliëfs (*circa* sewende eeu v.C.) het moontlik hul hoofde met mantels bedek as gevolg van rou oor hul verlore vryheid (Edwards 1992:234). Vir die uitbeelding van hierdie vroue met hoofbedekkings, sien Fig. 3.12.




Fig. 3.12 Lagisreliëf⁴⁵

Uit 'n latere tydperk, maak die *Hebreeuse Talmoed* egter daarop aanspraak dat Israelitiese vroue wat sonder hoofbedekkings geloop het, strydig met Joodse voorskrifte opgetree het – moontlik omdat die posisie van die vrou in die Israelitiese samelewing ná die koningskap toenemend verswak het.

3.5 PERSOONLIKE VERSORGING

Vir die doel van hierdie studie is die goedversorgde voorkoms van veral die handelaars en hul vroue, maar ook die van Khnum-hotep II (sien Fig. 2.5) en die twee Egiptiese amptenare wat die handelaars vergesel het (sien Fig. 2.3) van belang. Hul voorkoms dui daarop dat persoonlike versorging vir beide Semiete en Egiptenare gedurende die 'aartsvadertydperk' 'n hoë prioriteit was.

Net soos die Egiptenare, toon die uitbeelding van die Semitiese handelaars en hul vroue in die *Beni Hasanskildery*, dat hulle met oogverf en ander soorte skoonheidsmiddels versier was. Dit kon egter die kunstenaar se voorstelling van hulle gewees het aangesien oogverf algemeen in Egipte deur mans, vroue en kinders gebruik was (Draelos 2015a:267). Omdat die geselskap tydens hul reis voortdurend aan skerp sonlig blootgestel was, was hulle moontlik genoodsaak om oogverf te gebruik om hul oë teen die nadelige uitwerking van sonlig te beskerm (Draelos 2015a:267). Dit is ook moontlik dat die vroue se versierde oë as

⁴⁵ King & Stager, 2001:267.

advertensie moes dien vir die produk wat hulle in Egipte van die hand wou sit.

3.5.1 Versorging van vroue

Soos blyk uit die skoon en goedversorgde voorkoms van die vroue wat in die *Beni Hasanmuurskildery* uitgebeeld was (sien Fig. 2.3), is dit moontlik dat goeie persoonlike higiëne die basis van hul netjiese en aantreklike voorkoms was. Afgesien van die gebruik van olies om konings en priesters mee te salf en die liggaam te bevog, is die oorsprong van Semiete se gebruik van skoonheidsmiddels nie duidelik nie. Indien die verhale van die ‘aartsvaders’ ernstig opgeneem word, bestaan die moontlikheid dat die Semiete (Hebreërs) genoodsaak was om skoonheidsmiddels⁴⁶ te gebruik of om hul baarde en hare af te skeer tydens hul 400 jaarlange verblyf van slawerny in Egipte (Eks. 13:3, 13; Jos. 24:17; Rig. 6:8). Die ekstreme Egiptiese klimaat, tesame met die jaarlikse Nylvloed wat die teelaarde vir insekteplae geskep en oogsiekte-epidemies tot gevolg gehad het, het hulle moontlik genoodsaak om skoonheidsmiddels te gebruik.

Vroue se skoonheidskultuur was moontlik ook deur die latere sewentigjaar lange ballingskap (*circa* sesde eeu v.C.) in Babilonië beïnvloed (Jr. 25:12). ‘n Alternatiewe moontlikheid is dat die warm klimaat van Palestina hulle genoop het om skoonheidsmiddels soos olies en salwe as beskerming teen die son te gebruik. In die lig hiervan is dit dalk moontlik dat vroue die nut en voordele verbonde aan skoonheidsprodukte besef het en daarom begin het om dit op ‘n gereelde basis te gebruik. Blykbaar was dit Hebreeuse vroue se plig om vir hul mans aantreklik te lyk (Blanco-Davila 2000:1197), of moontlik was dit die rede waarom vroue met verloop van tyd, groter verbruikers van skoonheidsmiddels as mans geword het.

Anders as die Semitiese vroue wil dit, uit argeologiese getuienis wat deur Egipte opgelewer is, voorkom asof Egiptiese vroue reeds sedert die vroegste tye, oogverf en ander skoonheidsmiddels gebruik het. Dwarsdeur die geskiedenis was Egipte bekend as die land waar almal (mans, vroue en kinders) oogverf en skoonheidsmiddels gebruik het en die gebruik daarvan alle sosiale grense oorskry het (Depietro 2013:1808). Die bewering word deur Griekse handelaars gestaaf wat Egipte reeds ‘n 1000 jaar v.C. besoek het en berig het dat elke

⁴⁶ Vir ‘n bespreking van die vervaardiging en aanwending van oogverf en ander soorte skoonheidsmiddels deur Semiete en Egiptenare, sien Hoofstuk Ses.

Egiptenaar skoonheidsmiddels gebruik het, so ook hul gode en menslike afbeeldings wat geboue versier het.⁴⁷ Corson (1972:25) beweer egter dat Egiptenare se gebruik van skoonheidsmiddels deur die Assiriërs oortref was. In die verband verwys hy na 'n uitbeelding van Koning Assurbanipal (sewende eeu v.C.) (sien Fig. 3.2 en Fig. 3.3), wie se oë nog swaarder met oogverf versier was, terwyl sy wange en gesig ook swaar met verf en poetspoelier gegrymer en sy baard geparfumeer was. Dit is nie bekend waarop Corson sy stelling baseer nie, maar moontlik was die koning daarvoor bekend dat hy skoonheidsmiddels en parfuim oorvloediglik gebruik het.

3.5.2 Persoonlike higiëne van Semiete

Die skoon en netjiese voorkoms van die Semiete en Egiptenare soos uitgebeeld in die *muurskildery*, is moontlik 'n aanduiding dat beide mans en vroue 'n hoë premie op persoonlike higiëne geplaas het, of moontlik was hulle daarvan bewus dat goeie persoonlike higiëne die basis van 'n aantreklike en goedversorgde voorkoms is. Neufeld (1970:421) is daarvan oortuig dat goeie persoonlike higiëne vir proto-Israeliete 'n hoë prioriteit was. Dit blyk uit die feit dat 213 van die 613 voorskrifte wat in die boek Levitikus aangetref word, op maatskaplike higiëne en sanitasie betrekking gehad en deur proto-Israeliete gehoorsaam moes word (Wasserman 1997:7).

Levitikus lê veral klem op liggaamlike reinheid wat rituele vir was en bad voorskryf om sodoende oordraagbare siektes te beperk.⁴⁸ Tesame hiermee het Rabbiniese wette persone ook aangemoedig om hul klere te was (*Babiloniese Talmoed Nedarim* 81a) – moontlik om die standaard van higiëne op te skerp. Uit die Ou Testament blyk dit dat Israeliete se higiëniese standaarde veel hoër as die gemiddelde bevolkings van die destydse antieke wêreld was,

⁴⁷ www.historyofcosmetics.net/cosmetic-history/ancient-egypt-cosmetics (Geraadpleeg 26 September 2016).

⁴⁸ Goeie persoonlike higiëne was slegs verkry deur middel van bad of was. Volgens Thompson (1962b:702) onderskei die Hebreuse Bybel nie tussen bad of was nie. Die Hebreuse Bybel assosieer die term 'bad' hoofsaaklik met rituele reiniging, soos na kontak met dooies (Douglas & Tenney 1987:128). In die Israelitiese samelewing het 'n bad hoofsaaklik behels dat 'n persoon in 'n wasskottel staan, terwyl 'n ander persoon 'n kruik met water oor hom/haar uitgooi (Neufeld 1971:51). Vir Oosterlinge was die gedagte om in water te sit waarin die liggaam gewas is, weersinwakkend (Shorter 1932:47-48). 'n Klein beeldjie (uit die agste – sewende eeu v.C) wat by Achzib langs die Middellandse See gevind is, toon wel 'n vrou wat sittend 'n bad in 'n badskottel neem (King & Stager 2001:70). Arm Israeliete moes 'n bad in 'n rivier, waterstrome of die see neem, terwyl elite vroue soos Batseba 'n bad in die binnehof kon neem (2 Sm. 11:2). Soms het die neem van 'n bad tot die genesing van siektes gelei, soos die genesing van die Aramese leërowerster Naäman se melaatsheid (2 Kn. 5:9-14). Die neem van 'n bad was altyd afgerond met die aanwending van olie en die aantrek van skoon klere, soos Dawid na die dood van Batseba se seun (2 Sm. 12:20).

uitgesonderd die Egiptenare (Payne 1979:439). Dit kan toegeskryf word aan die feit dat Egiptenare ‘n oorvloed water afkomstig uit die Nyl, tot hul beskikking gehad het.

3.5.3 Persoonlike higiëne van Egiptenare

Antieke Egipte was ‘n land waar die meerderheid van die bevolking in oorbevolkte, swak geventileerde huisvesting met weinige sanitêre geriewe geleef het – omstandighede wat bevorderlik was vir die verspreiding van siektes en parasiete (Peck 2013:110). In die lig hiervan was goeie persoonlike higiëne ‘n hoë prioriteit (soos hierbo genoem). Forbes (1965:3) is daarom van mening dat die Egiptenare van al die volke van die bekende antieke wêreld, waarskynlik die meeste op liggaamlike netheid ingestel was. Dit is vanselfsprekend dat hulle goeie higiëne as die hoeksteen vir liggaamlike en geestelike welsyn en as voorbereiding vir die ‘hiernamaals’ beskou het (Manniche 1999:130-131).

Tydens hierdie tydperk was goeie higiëne as ‘n aanduiding van ‘n persoon se afkoms en stand beskou (Tyldesley 1995:146). Dat daar nog altyd ‘n verband tussen higiëne, gesondheid en ‘n aantreklike voorkoms was, blyk uit die feit dat die verwaarlosing daarvan in Egipte, as ‘n skande beskou was en armes en vreemdelinge daarom as vuil beskou en verag was (Tyldesley 1995:147). Moontlik was dit die rede waarom Egiptenare daagliks in die Nyl, of tuis in ‘n wasskottel gewas het. Dit wil voorkom asof beide geslagte persoonlike higiëne as ‘n noodsaaklike komponent van begeerlikheid beskou het en dalk die rede waarom *ii* (was), sinoniem met ontbyt was – iets wat daarop dui dat was, een van die eerste aktiwiteite van die dag was (Booth 2011:20).⁴⁹

Net soos die Israeliete, het Egiptenare hulself ook die weelde veroorloof om na ‘n bad hul liggame met gegeurde olies te masseer en met die aantrek van skoon klere af te rond (Cole 2006:23). Vir dié doel het hulle volgens Dayagi-Mendels (1989:19) en Booth (2011:24) meer as 30 verskillende soorte olies tot hul beskikking gehad en was hulle dwarsdeur die antieke

⁴⁹ Dit blyk dat die Nyl die standaard bad- of wasplek vir Egiptenare was, vanaf die koning se dogter (Eks. 2:5-10) tot armes. Ontleding van sommige mummies toon dat hierdie praktyk water-oordraagbare siektes tot gevolg gehad het (Tyldesley 1995:148). Dit blyk uit gerekenariseerde tomografiese skanderings van ronde-, lint- en platwurms wat voortdurende epidemies van aansteeklike siektes tot gevolg gehad het (Peck 2013:119). Dat dié Egiptiese elite wel oor badkamers beskik het blyk uit ‘n grafskildery in Thebes waar ‘n vrou deur vier bediendes versorg word terwyl sy ‘n bad neem (Wilkinson 1878b:353).

wêreld vir hul spierwit, kraakvars skoongewaste klere bekend (Tyldesley 1995:93). Geriffelde planke wat gekry is, was moontlik gebruik om voue/plooië in klere te ‘stryk’ (Peck 2013:62).

3.6 VERSORGING VAN SEMIETE EN EGIPTENARE SE HANDE EN VOETE

Soos afgelei kan word uit die *Beni Hasanskildery* lyk die karavaanlede se hande en voete goed versorgd. Die voorkoms en alomteenwoordigheid van stof in die ou Nabye Ooste en Egipte het die gereelde was en versorging van hande en voete noodsaak. Die ‘aartsvaderverhale’ in Genesis 18:4; 19:2; 24:32 en 43:24 en die goedversorgde hande en naels van Koningin Nefertari in haar graftombe in Egipte, dui daarop dat goedversorgde hande en voete ‘n belangrike komponent van goeie persoonlike higiëne en ’n goedversorgde voorkoms uitgemaak het, iets wat tot die aantreklikheid van ‘n persoon kon bydra.

3.6.1 Versorging van Semiete se hande

Priesters moes voor- en nadat hulle in die heiligdom of die altaar in die tempel diens gedoen het, hande was (Eks. 30:19). Dit was natuurlik baie jare na die uitbeelding van die *Beni Hasanmuurskildery*. So ook Hooglied 5:14 se verwysing na die beminde se hande as ‘stawe goud met edelstene ingelê,’ wat dui op die belangrikheid van goedversorgde gemanikuurde hande en naels. Omdat die bewoners van die ou Nabye Ooste uit ‘n gesamentlike skottel geëet het, moes hul hande noodwendig silwerskoon wees (Bevan 2004:1721) – waarskynlik om kontaminasie te voorkom. Dit is dalk die rede waarom die latere *Talmoed* (ongeveer 200 n.C) aanbeveel het dat Semiete hulle hande elke oggend en aand voor gebede moet was (*Babiloniese Shabbath*, 109a) – ‘n voorskrif wat blykbaar meer effektief as ‘al die wasmiddels in die wêreld’ was. Afgesien van goeie higiëne het die ‘Israelitiese’ godsdiens ook die rituele reiniging van Moses en Aäron en sy seuns se hande en voete vereis voordat hulle as priesters ingeseën kon word (Eks. 29:4; 30:17-21; 40:30-32; Lv. 8:6, 16:4, 24). Volgens Dayagi-Mendels (1989:15) was hande met koue water gewas, terwyl King & Stager (2001:71) vermeld dat hande ook na etes gewas was. Uit Matteus 15:2, Markus 7:3 en Lukas 11:38 blyk dit dat die was van hande voor ete, teen Nuwe Testamentiese tye reeds die norm was. Die verwaarlosing van die gebruik om hande voor en na ete te was deur Jesus en Sy dissipels (Mt. 15:2; Lk. 11:38), het hulle die gramskap van die Fariseërs op die hals gehaal.

Die was van hande voor maaltye is steeds 'n universele gebruik in Oosterse lande (Bevan 2004:1721). Om naels en hande te kleur en te versier kon 'n pasta van droë verpoëerde hennablare (*Lawsonia inermis*) met warm water gemaak word (Forbes 1965:20). Richard (1996a:207) beskryf henna as een van die skoonheidsmiddels wat destyds die meeste gebruik was. In Palestina is henna in die warmer dele by Jerigo en langs die kus van die Dooie See gekweek. Weens die afkeer teenoor vroue van vreemde afkoms wat moontlik hul naels gekleur het, is dit onseker of Semitiese vroue hul naels op groot skaal gekleur het. Dit kan moontlik gewyt word aan die gebruik wat vroue van vreemde afkoms verplig het om hul naels af te sny, alvorens hulle met 'n 'Israelitiese' man kon trou (Dt. 21:11-12). Die posisie en siening van en voorskrifte aan vroue het geweldig verander na die instelling van die 'ongewensde' (in Jahwe se oë) koningskap.

3.6.2 Versorging van Egiptenare se hande

Dit is geensins uit die *Beni Hasanmuurskildery* duidelik hoe die Egiptenare hul naels versorg het nie, behalwe dat dit in muur- en grafskilderye goed versorg voorgekom het. Soos afgelei uit talle mummies met gekleurde naels wat in Egipte gevind is, dateer die tegniek om naels te kleur, sover terug as 3500 jaar v.C. (Fletcher 1999:21). Daarom is Fletcher (1999:21) van mening dat verpoëerde henna en warm water vir die doel gebruik was, maar Manniche (1989:47) is van mening dat daar geen bewyse vir die bewering bestaan nie. 'n Ander teorie vir die gekleurde naels van sommige mummies is volgens Elliot Smith (in Lucas 1930:46) toe te skryf aan kleurverandering wat as gevolg van die balsemingsproses ingetree het. Soos vandag nog die geval is, was henna ook gebruik om handpalms en voetsole met ingewikkelde motiewe te versier. In Egipte was die kleur en toestand van 'n persoon se naels blykbaar 'n weerspieëling van sy sosiale status.

Net soos die Semiete het Egiptenare hul hande in die oggend voor en na etes vir higiëniese redes gewas. Neufeld (1970:421) is van mening dat die was van hande voor en na ete in sommige antieke kulture die norm was. Soos blyk uit argeologiese en geskrewe getuïenis, het goedversorgde hande en naels 'n aantreklike voorkoms afgerond. Fletcher (1999:16) maak melding van 'n mengsel van sesamolie (verkry van vlas), wildevyesap, heuning en oker, waarmee vinger- en toonnaels behandel was.

Dat Egiptiese koninklikes baie gestel op die versorging van hul hande en naels was, blyk uit die goedversorgde hande en gekleurde naels van Koningin Nefertari in haar graftombe soos hierbo reeds genoem. Die beroep van ‘n manikuris was blykbaar ‘n gesogte beroep in Egipte. Dit wil voorkom asof ‘n hele paneel manikuriste destyds koninklikes se naels versorg het. Die versorging en voortdurende fisiese teenwoordigheid in die nabyheid van die koning het noodwendig prestige en mag aan die betrokke hoof van die manikuriste verleen. Dit word gestaaf deur twee voormalige hoofde van koninklike manikuriste Niank-Khnum en Khnum-hotep se grafinskripsies wat herhaaldelik na hulself as ‘vertroueling van die koning en in beheer van die koninklike manikuriste’ verwys het.⁵⁰ ‘n *Kalksteenreliëf in Saqqara* maak ook melding van die priester Kabauptah (circa 2445 – 2414 v.C.) wat die ‘hoof van die manikuriste van die paleis’ was onder die farao’s Sahure, Neferirkare en Niuserre (Calabro 2018:33).

3.6.3 Versorging van Semiete se voete

Min inligting oor Semiete se voetversorging is bekend. Die was van voete dui daarop dat goedversorgde voete ‘n belangrike komponent van goeie persoonlike higiëne uitgemaak het. Dat die versorging van voete ‘n hoë prioriteit vir die bewoners van Palestina was, blyk uit Semitiese gasvryheidswette wat voorsiening gemaak het vir die was van besoekers se voete, soos vermeld word in die verhaal van Abraham en Lot se besoekers (Gn. 18:4; 19:2) en Eliëser se besoek aan Laban (Gn. 24:32). Die was van voete was veronderstel om ‘n aangename voorreg vir die besoeker te wees, moontlik omdat warm water hiervoor gebruik was, vergeleke met koue water wat vir die was van hande gebruik was (Dayagi-Mendels 1989:15) (sien Fig. 3.13).




Fig. 3.13 Voetbad ⁵¹

⁵⁰ <https://za.pinterest.com/pin/861524603691228523/> (Geraadpleeg 4 November 2018).

⁵¹ Dayagi-Mendels (1989:115).

Moeë reisigers se pynlike voete was gewoonlik ook met ‘n helende room, gemaak van *galbanum* (Hebreeus *helbenah*), *wormwood* (‘n aromatiese plant) of ‘n kruid behandel om die sirkulasie te verbeter (Fletcher 1999:48). Veral persone wat lang afstande te voet moes aflê soos handelaars of soldate, het moontlik hierby gebaat. Weens die welriekende geur van hennapoeier, was dit moontlik as verfrisser vir moeë voete of voete wat sleg ruik, gebruik (Manniche 1989:114). Diegene wat leersandale of skoene van goeie kwaliteit kon bekostig (sien Fig. 2.3) soos die Beni Hasangeselskap (Shea 1981:224-225), het dit wel gedra. Die deursnee Semiet het egter kaalvoet geloop maar om kaalvoet in ‘n dorp of stad te loop, was ‘n teken van uiterste armoede (Perkin 1988:777). In die Nuwe Testamentiese tydperk, nadat voete gewas was, was dit met ‘n gegeurde olie behandel (Lk. 7:46) – ‘n gebaar wat slegs vir belangrike gaste gereserveer was.

Die kwaliteit skoene en sandale waarmee die Beni Hasanhandelaars toegerus was, dui daarop dat die versorging van hul voete vir Semiete belangrik was. Die ruwe en ongelyke paaie van die antieke wêreld en die feit dat baie mense kaalvoet geloop het, het die gereelde versorging van hul voete genoodsaak. Dit wil voorkom asof sandale die algemeenste vorm van skoeisel vir beide mans en vroue in die ou Nabye Ooste was. Die *Lagisreliëfs* in Sanherib se paleis in Nineve toon egter kaalvoet Semitiese krygsgevangenes wat deur Assiriese soldate uit die stad weggevoer was (King & Stager 2001:273). Dit was moontlik ‘n aanduiding van armoede, rou of slawerny – in dié geval slawerny. Hoewel sandale ‘n mate van beskerming aan voete verleen het, was dit nie effektief teen die stof en hitte van die ou Nabye Oosterse klimaat nie. Die was en verfrissing van voete wanneer ‘n huis betree was, was daarom as ‘n gebaar van respek teenoor gaste beskou (Bevan 2004:1721).

Om iemand se voete te was, was as ‘n nederige taak beskou en was gevolglik deur slawe uitgevoer (1 Sm. 25:41). Volgens Hooglied 5:3 was voete weer in die aand voor slaap tyd gewas. Joodse bronne vermeld dat dit vroue se plig was om hul mans se voete te was, selfs al was daar bediendes in die huis (*Babiloniese Talmoed Ketuboth*, 61a) – iets wat op vroue se ondergeskikte posisie in die Joodse samelewing gedui het. Voetbaddens wat deur Palestynse argeologiese terreine opgelewer is, dui op die belangrikheid van voete was in die ou Nabye Ooste (King & Stager 2001:70). Indien enige persoon ‘n ander se voete moes was, soos die was van die dissipels se voete deur Jesus, was dit as ‘n gebaar van nederigheid beskou (Lk. 7:44-47; Jh. 13:3-16; 1 Tm. 5:10). Soos blyk uit Fig. 3.13 was die voetbad in die middel van ‘n stut voorsien waarop ‘n persoon se voet kon rus.

3.6.4 Versorging van Egiptenare se voete

Uit die *Hearst* en *Eybers Papiri* kan afgelei word dat Egiptenare ernstige voetprobleme ondervind het (White 1963:93) – moontlik omdat gewone mense kaalvoet geloop en gewerk het en huise se vloere uit vasgestampte grond bestaan het. Dit het die gereelde was en versorging van voete vereis. Vir die genesing van voetkwale het die *Eybers Papyrus* (LXXVII) (Joachim 1973:131) ‘n kuur bestaande uit een deel van die volgende bestanddele – vet, heuning, wierook, gedroogde mirre en groenspaan aanbeveel. Alles moes saamgekook en as ‘n pleister aangewend word. Vir moeë voete vermeld dieselfde inskrywing in die papyrus dat ‘n *audu* plant van die veld en ‘n paling uit die kanaal, saam in olie gekook word en aan beide voete gesmeer word.

Persone wat dit kon bekostig, het wel sandale waarvan die verlengde punt soms opgekrul was, gedra om hul tone beter beskerming te verleen (Erman 1971:227). Sandale was aanvanklik van riete of gevlegde papyrus vervaardig, maar vanaf die Negentiende Dinastie (*circa* 1314 – 1200 v.C.) het sandale van leer, mode geword – soos in Palestina. Soos die Semiete, het Egiptenare ook reisigers en gaste se voete by hul aankoms gewas en met olie gesalf. Waswater het moontlik uit ‘n oplossing van natron en sout bestaan, terwyl sand as skuurmiddel vir die voete gebruik was. Welgestelde Egiptenare se voetbaddens was van hout of keramiek gemaak, terwyl Herodotus (*Histories* Vol. I. Boek II. 172) selfs melding maak van ‘n wasskottel van goud, waarin Koning Amasis van Egipte (*circa* 570 – 526 v.C.) en sy gaste se voete gewas was.

Die amp ‘sandaal draer van die Farao’ was blykbaar ‘n amp wat hoë aansien in Egipte geniet het (Tyldesley 1995:166). ‘n Afbeelding van Narmer se sandaal draer waar hy die koning se sandale in sy hande dra, skep die indruk dat sandale tydens sekere geleenthede gedra was, terwyl dit vir ander geleenthede uitgetrek moes word (Peck 2013:66) (sien 3.9.3). Die belangrikheid van kleur wat op hande- en toonnaels van mummies gevind is, is nog nie ten volle duidelik nie (vgl. 3.6.2), maar mag moontlik ten doel gehad het om lewendes se voorkoms meer aantreklik te maak (Peck 2013:60), of dooies se liggame die skyn van lewe te gee vir toelating tot Osiris se ryk.

3.7 VOORBEREIDING VAN DIE GELAAT

Soos reeds genoem kan uit die *Beni Hasanskildery* die afleiding gemaak word dat Semiete op die voorkoms van hul gelaat gesteld was en dit daarom goed versorg het, moontlik omdat die versiering van die gesig en liggaam verband gehou het met 'n persoon se sosiale stand (Draelos 2015a:267). Die mooimaakproses het gewoonlik met die versorging van die gelaat begin omdat 'n gesonde, skoon en vlekkelose gelaat moontlik die ideaal was waarna elke persoon gestreef het. Dit was as 'n gemeenskaplike faktor in die skepping van 'n persoonlike identiteit en status en die bereiking van 'n sosiale standaard van aantreklikheid beskou. Moontlik was dit net op koninklikes en die elite van toepassing aangesien hulle die pasaangeërs op modegebied was (Romm 1992:25).

3.7.1 Semiete se gebruik van velsorgmiddels

Batten (2010:150) is van mening dat beide mans en vroue persoonlike versorging met erns bejeën het, nie net vir fisiese aantreklikheid nie, maar ook vir rituele belange en om die nadelige uitwerking van die natuur op die vel, teen te werk. Die uitbeelding op die *muurskildery*, sekere Bybelse verwysings sowel as sekere artefakte wat in Palestina gevind is, bied 'n blik op die Semiete se skoonheidsroetines en die produkte wat hulle gebruik het.

Beskikbare inligting oor Semitiese mans se gebruik van velsorgmiddels tydens die eerste Tempelperiode is beperk. Volgens die Hebreeuse Bybel was 'Israelitiese mans' se gebruik van velsorgmiddels tydens hierdie periode basies beperk tot die salwing van hul hare, baarde en vel met olie. 2 Samuel 12:20 berig dat mans hul gesigte en liggame, na 'n bad, met olie gesmeer het. Olie het verhoed dat 'n persoon se vel deur die son beskadig of uitgedroog word. Uit die *Beni Hasanskildery* blyk dit dat die handelaars hul baarde en hare gereeld geolie, versorg, gesny en oogverf gebruik het. Dit kan egter nie as die standaard aanvaar word nie. Anders as die geval met Egiptiese, Babiloniese of Sumeriese mans, is geen beelde of tekstuele getuienis gevind wat Semitiese mans met die aanwending van oogverf (afgesien van die *Beni Hasanskildery*), poetspoeier of die kleur van hare of naels verbind nie.

Soos hierbo beklemtoon, ontbreek ander geïllustreerde inligting oor die voorkoms van Semitiese vroue ongelukkig. Die boek Hooglied in die Hebreeuse Bybel verwys na sekere

bates van vroue soos mooi oë wat met duiwe agter ‘n sluier vergelyk word (Hl. 1:15; 4:1), ‘n mooi mond soos ‘n skarlakenrooi lint (Hl. 4:3) en pragtige haarlokke soos bokke teen die Gileadberge (Hl. 4:1; 7:5). Ten spyte van die heersende armoede van die meerderheid van die bevolking tydens die latere vestigingsperiode in Palestina (*circa* 1200 – 1000 v.C.) was hulle moontlik in staat om hul uiterlike voorkoms met behulp van velsorgprodukte soos olies en salwe in ‘n goeie toestand te hou.

Aangesien hierdie inligting van ‘n beperkte aard is, moet daar noodwendig op buite-Bybelse literatuur soos die werke van sommige klassieke skrywers soos Herodotus, Plinius en Theophrastus staatgemaak word. Dit sal aangevul word deur beeldhouwerke en reliëfs vanuit ander ou Nabye Oosterse lande soos Assirië, Sumerië, Babilonië en Egipte in die suide.

Anders as skoonheidsmiddels, was velsorgprodukte nie beperk tot die bevoorregtes nie — almal het toegang daartoe gehad. Die verskil het net in die prys en kwaliteit van die produkte gelê. Armes het byvoorbeeld olyf- en kasterolie gebruik, terwyl rykes duur ingevoerde olies kon gebruik. Arm vroue moes self hul velsorgmiddels aanwend soos blyk uit die verhaal van Rut (Rut 3:3), terwyl elite vroue soos Ester (wie se verhaal in Persië afspeel), opgeleide personeel tot hul beskikking gehad om die taak namens hulle te verrig (Est. 2:8-9).

Soos reeds gemeld en soos blyk uit die *Beni Hasanmuurskildery* was die gelaatskleur van Semiete baie lig (sien Fig. 2.3), iets wat in beide Palestina en Egipte met die aristokrasie verbind was. Moontlik vir hierdie rede het die handelsgeselskap hulle nie onnodig aan oormatige sonlig blootgestel nie. Dit is moontlik dat hulle vir die reis deur die woestyn die nodige voorsorgmaatreëls soos velsorgmiddels en beskermende kleredrag getref het. Verdonkering van die vel was destyds as ‘n manifestasie van die middel of laer sosiale klasse beskou en daarom het mense die son vermy (Murube 2013:62).⁵²

3.7.2 Egiptenare se gebruik van velsorgmiddels

Beskikbare inligting in die vorm van graf- en muurskilderye dui daarop dat Egiptenare net so gesteld op hul uiterlike was as die Beni Hasangeselskap. Dit wil ook voorkom asof

⁵² Dit is in teenstelling met vandag waar ‘n bruin gebrande voorkoms as ‘n teken van ekonomiese voorspoed, elegansie en ‘n hoë sosiale posisie beskou word (Murube 2013:62).

Egiptenare op skoonheidsgebied verder gevorderd was as die Semiete. Weens die ekstreme klimaat was dit vir Egiptenare nodig om noukeurige aandag aan hul gelaat te skenk. Ek neem aan dat voordat met grimering begin kon word, was dit eerstens nodig om die gesig te was en deeglik van ou grimering en ander onsuiverhede te reinig.

Elite vroue het die luukse van reinigingsrome tot hul beskikking gehad, soos blyk uit die houers met 'kouerom' wat in die graf van die drie Mitanni prinsesse van Thutmoses III gevind is (Manniche 1999:134). Ontleding van die inhoud toon dat dit hoofsaaklik uit verpoeierde kalk en water bestaan het. Depietro (2013:1808) is van mening dat plant- of dierlike olie saam met die kalk en water gemeng was om die room te vorm. Om hul gelaat te reinig het arm vroue moontlik slegs 'n olie (soos kasterolie) gebruik. 'n Ander mengsel van wierook, vars gepaste olyf- en sipresolie en vars melk, wat elke dag vir ses dae aangesmeer word, was glo baie effektief (Oumeish 2001:379).

3.7.3 Gesigmaskers

Die uitbeelding van die Semitiese handelaars in die *Beni Hasanmuurskildery* se ligte gelaatskleur, impliseer dat hulle hulself moontlik met versorgmiddels en beskermende kleredrag teen die son beskerm het. 'n Ander manier om die gelaat te beskerm was die gebruik van gesigmaskers. 'n Masker het gedien om die vel van die boonste laag los velle en onsuiverhede te reinig en om 'n gesonde blos te verskaf. Na bewering het maskers die vel van vlekke, merke of sproete gereinig (Forbes 1965:40). Voorbereiding vir die aanwending van 'n masker het vereis dat die gesig eerstens deeglik gewas word, waarna die masker aangewend kon word. Maskers was gewoonlik in die aand aangewend en in die môre afgewas. Nadat die masker in die oggend afgewas was, was die vel met 'n olie bevochtig. Omdat plooië en veroudering van die vel weens die warm klimaat van Palestina vroeg ingetree het, was gereelde bevochtiging van die vel met olies noodsaaklik. Matthews (2009b:324) beweer dat beide mans en vroue van hierdie behandeling gebruik gemaak het, indien hulle dit kon bekostig. Die skoon voorkoms van die karavaanlede se velle skep die indruk dat hulle bogenoemde roetine nagevolg het.

Afgesien van die daaglikse reiniging van die vel, was gesigmaskers moontlik die mees doeltreffende middel teen die voorkoming van plooië. Volgens D'Ambrosio (2001:10) het

maskers die epidermis versag, vlekke ligter gemaak en ‘n melkagtige wit skynsel aan die vel verleen. Mediese papiri het talle resepte vir gesigmaskers opgelewer. Die *Edwin Smith Chirurgiese Papirus* (Rs. 21. 3-8) maak melding van ‘n masker bestaande uit meel, verpoeierde albas, natron, Laer Egiptiese sout en heuning wat saam tot ‘n pasta gemeng en aan die vel gesmeer word. In die verband maak die *Edwin Smith Chirurgiese Papirus* (Rs. 21. 9 – 22. 10) ook melding van ‘n ingewikkelde ‘onfeilbare resep’ gemaak van die sade van die *fenugreek* kruid, bekend as Griekse hooi (*Trigonella foenum-graecum L.*).

Volgens Forbes (1965:15-16) was dit moontlik die mees doeltreffende preparaat teen plooië aangesien dit die ‘voorkoms van ‘n ou man in dié van ‘n jong man kon verander.’ Dat die resep effektief was, blyk uit instruksies by die resep wat meld dat dit ‘al ‘n miljoen keer beproef en suksesvol getoets was’ en die vel pragtig gelaat het deur littekens, vlekke en alle tekens van ouderdom te verwyder (Fletcher 1999:41). Hieruit kan afgelei word dat Egiptiese mans ook van maskers gebruik gemaak het om hul gelaat te verbeter en dat hulle ‘n aantreklike, jeugdige voorkoms net so belangrik as vroue geag het. Volgens Blanco-Dávila (2000:1198) het die Romeinse digter Ovidius blykbaar melding gemaak van ‘n resep wat die vel ‘skitterwit’ sou laat. Hierdie doeltreffende resep het blykbaar uit gort, boontjiemeel, eiers, hartshoring, narsingbolle, balsem, Toskaanse saad en heuning bestaan.

3.7.3.1 Voorkoming van plooië

Om die ewigdurende jeugdigheid van die vel te behou, moes voortdurend teen plooië wat gewoonlik die gevolg van blootstelling aan die son was, gewaak word. Die *Eybers Papirus* het talle resepte in die verband opgelewer. ‘n Mengsel van was, fyngemaakte wierookgom, vars Balanos-olie en wortelknolle⁵³, wat elke dag aan die gesig gesmeer moes word, was glo baie effektief (Tyldesley 1995:152). Fletcher (1999:2) maak melding van sederolie wat met heuning en gefermenteerde plantsap gemeng was om die gesig te was en plooië te behandel, terwyl ‘n eenvoudige resep slegs uit boontjiemeel of broodkruummels wat met donkiemelk gemeng was, bestaan het (Blanco-Dávila 2000:1198). ‘n Mengsel van wierook, vars geparste olyf- en sipresolie en vars melk, wat elke dag vir ses dae aangesmeer word, was glo ook baie

⁵³ Knolle (met die voorkoms van ‘n string olywe) van die *Cyperus esculentus* plant – ‘n variant van watergras wat langs die Nyl en in die omgewing van die Siwa oase in die Libiese woestyn voorkom. Blykbaar het dit die reuk van nardus gehad en was ook in die parfuumbedryf gebruik (Manniche 1999:17-18).

effektief (Oumeish 2001:379). Hieruit kan afgelei word dat Egiptiese mans ‘n aantreklike, jeugdige voorkoms net so belangrik as vroue geag het.

3.7.3.2 Donkiemelk

Na aanleiding van die donkies wat die Beni Hasangeselskap na Menat-Khufu vervoer het, bestaan die moontlikheid dat die vroue in die geselskap ook bewus was van die voordele van donkiemelk as ‘n skoonheidsmiddel en dit moontlik self beproef het. Donkiemelk was reeds in antieke tye vir die helende en kosmetiese eienskappe daaraan verbonde, bekend. Soos talle ander aspekte van die skoonheidsindustrie, is die oorsprong van die gebruik van donkiemelk as skoonheidsmiddel deur vroue, vandag nie meer duidelik nie. Wat welbekend is, is dat twee van die mooiste, bekendste en mees omstrede vroue van antieke tye, ywerige gebruikers daarvan was. Hulle was Poppaea (30 – 65 n.C., beeldskone vrou van die Romeinse keiser Nero, 37 – 68 n.C.) en die *femme fatale* van die antieke wêreld, die Egiptiese Koningin Cleopatra VII (*circa* 70/69 – 30 v.C.). Hoewel dit vandag algemeen bekend is dat Cleopatra daaglik in donkiemelk gebad het, is Blanco-Dávila (2000:1198) van mening dat dit eintlik bokmelk was. Die tradisie om in donkiemelk te bad, het vermoedelik by Poppaea ontstaan. Volgens oorlewering was sy so op haar voorkoms gesteld dat sy blykbaar orals deur ‘n trop van 500 donkies vergesel was, om haar daaglikse bad van donkiemelk te verseker (Watson 2013:1809).

Destyds was die siening gehuldig dat ‘n gereelde bad in donkiemelk ‘n kuur was om die jeugdigheid en skoonheid van die vel te bewaar. In die lig hiervan was donkiemelk moontlik die mees gesogte skoonheidsmiddel van antieke tye. Blanco-Davila (2000:1198) vermeld egter nie of die donkiemelk gedrink was of daarin gebad moes word nie. Volgens Watson (2013:1809) het talle elite vroue van antieke tye, destyds in donkiemelk gebad omdat dit vermoedelik die vel wit en sag gelaat het. Dit verklaar moontlik waarom Griekse en Romeinse vroue hul gesigmaskers soggens met donkiemelk afgewas het.⁵⁴

Donkiemelk was dwarsdeur die geskiedenis vir die voedingswaarde, terapeutiese en kosmetiese eienskappe waaroor dit beskik het bekend, vandaar die verskeidenheid

⁵⁴ <http://www.anistorco.hol.gr/index.htm> (Geraadpleeg 14 Desember 2015).

dermatologiese toestande waarvoor dit gebruik kon word (Kocić, Stanković & Arsić 2017:200). Dit is moontlik dat daar 'n element van waarheid in die teorie dat donkiemelk die jeugdigheid van die vel behou het steek, aangesien intussen ontdek is dat die vet-emulsie in melk 'n helende effek op die vel het (Manniche 1999:152). Moontlik vir hierdie rede het dit 'n belangrike bestanddeel van gesigmaskers uitgemaak. Onlangse navorsing oor die gebruik van donkiemelk het bevind dat dit oor spesiale terapeutiese eienskappe beskik wat dit vir die vervaardiging van skoonheidsmiddels en die behandeling van vel-aandoenings geskik maak (Kocić, Stanković & Arsić 2017:199). Chemiese ontleding van donkiemelk toon dat die bio-aktiewe proteïene in donkiemelk oor penetrerende eienskappe beskik om die klein openinge tussen die enkellaag epiteelselle van die vel binne te dring en te herstel (Kocić, Stanković & Arsić 2017:200, 202). Blykbaar was donkiemelk net uitwendig aangewend, aangesien geen bron vermeld dat dit gedrink moes word nie.

3.8 KLEREDRAG

Die *Beni Hasanmuurskildery* bied 'n meer direkte en unieke blik op die klere wat Semiete (en Egiptenare) tydens die premonargale tydperk in Palestina gedra het (Boucher 1996:52). Erman (1971:229) wys daarop dat die verskil tussen primitiewe en beskaafde volke in hul kleredrag gelê het. Eersgenoemde (primitiewe volke) het pragtige klere verkies, terwyl laasgenoemde (beskaafde volke) die versiering van die liggaam verkies het. Hiervolgens was die Egiptenare van die Ou Koninkryk (*circa* 2778 – 2723 v.C.) nie ver verwyderd van primitiewe mense se voorkeur nie, aangesien hulle net so gesteld daarop was om hulle met mooi klere te versier, afgesien van die gebruik van skoonheidsmiddels. Soos reeds vroeër genoem, het die gebruik van skoonheidsmiddels deur die elite en armes, net verskil in die kwaliteit van die produkte en die prys daarvan (Dayagi-Mendels 1989:29).

3.8.1 Doel van kleredrag

Die belangrikste doel van klere was natuurlik om die liggaam te bedek en dit teen beserings en die elemente te beskerm. Volgens Kaiser (1985:49) kon 'n individu of familie hul kleredrag gebruik om hul rykdom en status te vertoon. Dit blyk veral uit die deftige kledingstuk van die leier van die karavaan, vergeleke met die ander lede van die geselskap (sien Fig. 2.3) en die drag waarin Khnum-hotep II uitgebeeld was, teenoor die drag van

gewone Egiptiese werkers (sien Fig. 2.5). Goeie klere was so kosbaar geag dat dit destyds ook as pand gebruik kon word om 'n lening te bekom (Spr. 20:16), of kon ook as betaling gedien het (2 Kn. 5:23; Rgt. 14). Dit kon gebruik word om 'n persoon se ware identiteit te verberg, soos blyk uit die verhaal van Tamar en Juda (Gn. 38:12-30). Sommige vroue soos prostitute kon (uitlokkende) klere gebruik om mans te verlei (Clark 1989:13), terwyl klere deur roubeklaers gebruik kon word om hul emosies te toon.

3.8.2 Simboliek van 'Israelitiese' kleredrag

Soos blyk uit die kleredrag van die karavaanlede, tesame met skoonheidsmiddels, het *beqed* (kleredrag) 'n belangrike bydrae tot hul status en aantreklikheid gelewer (sien Fig. 2.3). Uit die Hebreeuse Bybel blyk dit dat klere sedert die vroegste tye groot simboliese betekenis gehad en belangrike funksies vervul het, veral in die Semitiese samelewing. Die sosiale betekenis en belangrikheid van klere blyk uit die feit dat die Hebreeuse Bybel dikwels daarna verwys. Klere het status, mag en lidmaatskap van elite groepe soos die priesterorde of soldate aangedui en was gewoonlik 'n weerspieëling van die draer se pligte of verantwoordelikhede (Kaiser 1985:308). Kleredrag het dus onderskeid tussen mense aangedui. 'n Weelderige geborduurde soom het die sosiale status en rykdom van 'n persoon aangedui – soos die soom van Ibsha se ampsgewaad (sien Fig. 2.9).

Volgens Openbaring 3:4-5 was wit klere simbolies van reinheid, terwyl 'n pers mantel koninklike mag gesimboliseer het (Est. 8:15). Priesters se wit linneklere het hulle van gewone aanbidders onderskei, terwyl die blou linnedraad in die some van 'Israeliete' se mantels, as 'n herinnering aan die verbond tussen hulle en die God van Israel gedien het (Nm. 15:37-41). Die soom van 'n kledingstuk was beskou as die uitbreiding van 'n persoon se gesag en persoonlikheid, terwyl 'n afdruk daarvan op 'n dokument as 'n handtekening beskou was (Prouser 1996:2278). Die geskeurde klere (en lang onversorgde hare) van 'n melaatse, het sy/haar onreinheid in die gemeenskap aangedui (Edwards 1992:234).

3.8.3 Leier se kleredrag

Die *Beni Hasanmuurskildery* beeld Ibsha, die leier van die geselskap heel gepas uit met 'n indrukwekkende helderkleurige ampsgewaad wat die een skouer ontbloot laat (sien Fig. 2.9

en 2.7.3). Dit is duidelik dat sy kledingstuk sy aansien as leier en koninklike afkoms moes reflekteer. In die Semitiese wêreld was ryklik en weelderigversierde some gewoonlik die embleem van adellikeid (Milgrom 1983:62). Ibsha se kleredrag stem ooreen met die drag van sommige Midde Oosterse gemeenskappe soos die Assiriërs (Saretta 1997:114). Kamrin (2009:25) is ook van mening dat die helder kleure (rooi, wit en blou), ingewikkelde motiewe met strepe, kolle, chevronstrepe en klossies aan die soom van 'n kledingstuk van 'n meerderwaardige kwaliteit en snit getuig – alles aanduidings van Ibsha se hoë afkoms (sien 2.7.3).

Volgens Deuteronomium 22:12 was die 'Israeliete' verplig om klossies aan hul klere se some te heg, iets wat hulle moes herinner aan hul verbond met God (vgl. Num 15:37-41). Kohler (1963:53) wys daarop dat die enigste werklike verskil tussen koninklikes en die laer klasse se klere, in die prag, duursaamheid en drapering van die materiaal geleë was. In navolging van koninklikes en die elite se optrede, wou die leier moontlik sy rykdom en status met sy opsigtelike duur en modieuse kleredrag beklemtoon (Kaiser 1985:49).

Ibsha se helderkleurige ampsgewaad herinner aan Bybelse verwysings na Josef se veelkleurige mantel (volgens die Septuaginta se vertaling) wat deur Jakob aan hom geskenk was (Gn. 37:3). Ibsha en die karavaanlede se kleurryke kleredrag kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat Sirië reeds tydens die tweede millennium v.C. oor *tekstielindustrië* by Ebla en Mari beskik het (Saretta 1997:13), terwyl die weef van tekstiele 'n algemene beroep in die kusstede van die Levant was (Saretta 1997:145). Dit blyk vandag dat die bewoners van die kusstede soos Dor oor gevorderde kleur- en weeftegnieke beskik het, aangesien hul purperkleurige tekstiele (blourooi, persrooi) baie gesog was (Saretta 1997:145). Dat die 'Israeliete' van Palestina se weefwerk internasionaal hoë aansien geniet het, blyk uit veral Rigters 5:30 se vermelding van die gehalte van hul gekleurde klere, weefwerk en nekdoeke wat gesogte oorlogsbuit vir vyandelike konings was, soos blyk uit die verhaal van die geveg tussen Debora (en Barak) teen die Kanaänitiese leërowerster Sisera, by Hasor (Rigt. 4 & 5). Die meerderwaardige kwaliteit van die materiaal was moontlik te danke aan hul gebruik van wol, wat beter as Egiptiese linne gekleur het (Saretta 1997:116). Egiptenare sou hierdie tegnieke eers tydens die Agtiende Dinastie (*circa* 1543 – 1292 v.C.) bemeester (Kamrin 2009:25), toe die vertikale weefraam in Egipte bekendgestel was (vermoedelik deur die Hyksos).

3.8.4 Kleredrag van Semiete, Egiptenare en wagte

3.8.4.1 Kleredrag – Semitiese mans

Die *Beni Hasanskildery* bied 'n insiggewende blik op Semitiese mans se kleredrag tydens die premonargale tydperk. Uit die *muurskildery*, soos hierbo vermeld, blyk dit dat Semiete se kleredrag veelkleurig, helder en met 'n verskeidenheid ingewikkelde patrone versier was. Volgens Saretta (1997:117) was klere wat die regterskouer en arm ontbloot gelaat het (soos in die geval van Ibsha), tipies van die Siro-Palestynse styl (sien 2.7.3). Dit is egter ook moontlik dat die kaal linkerskouer vir artistieke balans so uitgebeeld was. Uit die *skildery* kan afgelei word dat mans hul klere korter as vroue gedra het, tot net onderkant die knie, of soms met kaal bolywe geloop het na gelang van die situasie (sien Fig. 2.3).

Hoewel die lede van die Beni Hasankaravaan nie sokkievormige hoofbedekkings gedra het nie, toon die *Swart Obelisk van Salmaneser* (sien Fig. 2. 10) en die *Lagisreliëfs* in sy paleis in Ninevé, dat Israelitiese mans soms hoofbedekkings in die vorm van sokkies of tulbande gedra het (Wright 1955:65). Hul kleredrag toon egter dat 'Israeliete' steeds hul tradisionale helderkleurige drag behou het, ten spyte daarvan dat hulle in 'n vreemde land vertoef het. Die kleredrag van die Semitiese mans in die *skildery* stem dus ooreen met die mense wat later as Israeliete bekend gestaan het.

3.8.4.2 Kleredrag – Semitiese vroue

Boucher (1996:52) is van mening dat die *Beni Hasanmuurskildery* 'n lewensgetroue blik bied op die klere wat Semitiese vroue tydens die 'aartsvadertydperk' gedra het. In teenstelling met mans se kleredrag blyk dit dat Semitiese vroue se klere heelwat langer in lengte (tot op die kuit) as mans se kleredrag was (Millard 1971:46) (sien Fig. 2.3).

Anders as in Egipte (vgl. 3.8.4.3), wil dit voorkom asof elite Semitiese vroue klere wat met helder kleure en ingewikkelde motiewe soos vertikale lyne, kolle en sig-sag patrone versier was, verkies het (Kamrin 2009:27). Dit vind aansluiting by Edersheim (1994:198) se stelling dat die materiaal, kleur en snit van kledingstukke, elite vroue van armes onderskei het. Die helderkleurige patrone dui op die gevorderde tegniek om materiaal te kleur en ingewikkelde

patrone te weef, wat reeds vroeg in die Levant bemeester was (Rousseau & Arav 1995:315; vgl. 3.8.2), maar nie in Egipte nie. Die bewoners van die Levant was veral bekend vir hul pers, bloedrooi en blou weefwerk van wol (2 Kr. 2:7). Semitiese vroue se vernuf om gevorderde weeftegnieke te bemeester, spreek uit die talle artefakte wat met weef verband hou soos gewigte, spintolle en kleurvate wat dwarsdeur Palestina gevind is (King & Stager 2001:154). Hul gevorderde weeftegnieke kan moontlik toegeskryf word aan hul gebruik van die vertikale weeftoestel, wat op daardie stadium nie in Egipte beskikbaar was nie. Dat hierdie weefwerk baie gesog was, blyk uit die Assiriese Koning Tiglat-pileser III (745 – 727 v.C.) se vermelding van ‘linneklere met veelkleurige versierings en klere van donker purperkleurige wol’ wat hy as oorlogsbuit in Judea en Samaria gebuit het (Wright 1955:61). In Rigters 5:30 maak die Kanaänitiese leërbevelvoerder Sisera se moeder ook melding van gekleurde weefwerk- en nekdoeke wat deur haar seun, van die proto-Israelitiese stamme gebuit sou word (soos hierbo genoem).

Drie van die vroue in die *skildery* se rokke was op die linkerskouer gedrapeer en vasgemaak, terwyl die regterarm ontbloot gelaat was (King & Stager 2001:272). Die vierde vrou se rok het ‘n ronde halslyn gehad wat albei skouers bedek het. Hoewel dit nie in die *skildery* sigbaar is nie (en in lyn met vroue se begeerte om altyd mooi en aantreklik te vertoon), was die rokke moontlik op die skouers met sierspelde vasgemaak (Shea 1981:224). Sierspelde was gewoonlik van koper of brons vervaardig en was terselfdertyd as ‘n modebykomstigheid beskou (Golden 2009:296). Soos afgelei uit die *skildery*, was vroue tydens die ‘aartsvadertydperk’ se kleredrag ruim en losserig om temperatuurregulering, gemaklike beweging en bloedsirkulasie toe te laat (Neufeld 1971:53). Dit was in teenstelling met Egiptiese vroue se rokke wat soms noupassend voorgekom het. Die verskillende style en kleurvolle drag van beide mans en vroue dui daarop dat Semitiese kleredrag, afgesien van praktiese-, ook aan die estetiese vereistes van die dag voldoen het.

3.8.4.3 Kleredrag – Egiptiese mans

Die warm Egiptiese klimaat het die dra van die minimum klere vir die grootste gedeelte van die jaar vereis (Nunn 1996:21). Volgens Peck (2013:57) moet daar voortdurend in gedagte gehou word dat die uitbeelding van Egiptiese kleredrag op graf- en tempelmure, nie die normale alledaagse werklikhede reflekteer nie, maar eerder ‘n geïdealiseerde formele

weergawe daarvan vir die hiernamaals. Dit blyk veral uit die nouseluitende rokke van vroue wat moontlik hul beweeglikheid kon strem. In teenstelling met die Beni Hasangeselskap se helderkleurige klere, blyk dit uit die *muurskildery*, dat Egiptenare voorkeur aan wit materiaal (meestal linne) gegee het. Dit het hul konserwatisme, goeie smaak en sterk estetiese gevoel vir eenvoud gereflekteer (Johnson 1978:107).

Grafskilderye, tekste en ander artefakte dui daarop dat Egiptenare nooit hul verknogtheid aan wit linne verloor het nie. In teenstelling met die Semitiese handelaars, het Egiptiese kinders en arbeiders van alle klasse wat fisiese werk gedoen het, feitlik nakend geloop (Millard 1971:46; Jordan 1976:141). Uit Figuur 2.5 wil dit voorkom asof Egiptiese mans gewoonlik met kaal bolywe gewerk het. Lengtes van lendedoeke het gewissel van knielengte tot effens onder die knie vir die elite. Dit is algemeen bekend dat Egiptenare voorkeur aan linneklere, gemaak en geweef van vlas, gegee het terwyl proto-Israeliete klere van wol verkies het.

Die twee afbeeldings van Khnum-hotep II waar hy op die noordelike muur in *Graf BH3* uitgebeeld is (sien Fig. 2.5) (Cohen 2015:25), toon dat sy deftige wit lendeklede van 'n beter kwaliteit en snit as dié van die werkers was, so ook die feit dat sy lendeklede heelwat langer as dié van gewone Egiptenare s'n was – iets wat sy waardigheid, belangrikheid en hoë aansien in die gemeenskap gereflekteer het (Peck 2013:56). Vergeleke met gewone werkers wat met kaal voete uitgebeeld word, word Khnum-hotep II in ooreenstemming met sy hoë posisie met sandale uitgebeeld.

3.8.4.4 Kleredrag – Egiptiese vroue

Volgens Wilkinson (1878c:338) het Egiptiese vroue hul wit rokke met gekleurde gordels en halssnoere opgehelder. In teenstelling met meeste Egiptiese werkers of kleinboere se knielengte lendedoeke (Nunn 1996:21), het Egiptiese vroue lang, regaf nouseluitende rokke gedra met 'n hoë gordel om die middel, of skouerbande wat die borste of ontbloot, of bedek het en ook in posisie gehou het (Boucher 1996:94). In teenstelling hiermee was koninginne gewoonlik met wye deursigtige geplooide wit rokke uitgebeeld (sien 3.5.3). Laver (1969:18) is van mening dat die nouseluitende voorkoms van vroueklere in Egipte, toegeskryf kan word aan voorskrifte van Egiptiese kuns, terwyl die werklike kledingstukke moontlik veel wyer was, omdat die elasticiteit van die materiaal beweegruimte aan die laer ledemate moes

verskaf. Uit skilderye kan die afleiding gemaak word dat gewone Egiptenare op 'n natuurlike wyse uitgebeeld was, terwyl die elite altyd op 'n geïdealiseerde wyse uitgebeeld was, gereed vir die ewigheid. Peck (2013:57) is van mening dat die wyse waarop manlike en vroulike kleredrag in grafte uitgebeeld was, moontlik 'n geïdealiseerde siening van kunstenaars was om manlike krag en vroulike skoonheid uit te beeld.

3.8.4.5 Wagte se kleredrag

Die agterste twee wagte se kleurrike lendeklede en die lendekleed van die leier se assistent dui na my mening daarop dat die karavaanlede welvarend was en nie deel uitgemaak het van die trekarbeiders, swerwers of nomadiese groepe wat Egipte periodiek met hul veetroppe geïnfiltreer het nie (vgl. 3.9.1). Al vier die wagte in die *muurskildery* wat agter die leier en sy assistent, voor die res van die geselskap geloop het, was met vollengte kledingstukke wat een skouer ontbloot gelaat het en tot net onder die knie strek, uitgerus (Saretta 1997:117; sien Fig. 3.14).




Fig. 3.14 Wagte se kleredrag⁵⁵

⁵⁵ Cohen 2016.

Dit dui weereens op hulle belangrikheid en status in die oë van Egiptenare. Die moontlikheid dat die handelaars Khnum-hotep II op uitnodiging besoek het, moet daarom nie buite rekening gelaat word nie, moontlik vandaar die amptelike begeleiding. Twee van die wagte se kledingstukke was met twee helderkleurige vertikale strepe en sig-sag patrone versier. Die ander twee wagte se kledingstukke was ongekleur en het ook van die skouers tot net onder die knie gestrek. Dit was moontlik 'n aanduiding dat hulle tot 'n laer sosiale stand behoort het. 'n Ontblote regterskouer en arm was tipiese Siriese styl en het ooreengestem met Mesopotamiese drag wat een skouer en arm oop gelaat het. Shea (1981:228) is egter van mening dat dit slegs vir artistieke doeleindes in die *skildery* so uitgebeeld was. Na my mening wil dit voorkom of die ontblote regterskouer en arm wel 'n teken van welvarendheid en 'n hoë status aangedui het.

Die agterste twee wagte en moontlik die leier se assistent se kort, veelkleurige lendeklede met klossies, blyk ook gewild te wees (sien Fig. 2.3). Hieruit kan afgelei word dat Semitiese mans soms kaal bolyf geloop het na gelang van die situasie. Hul kleredrag toon dat hulle steeds hul tradisionele Semitiese drag, veelkleurig en met klossies versier behou het, ten spyte daarvan dat hulle in 'n ander land gereis het. Soos hierbo reeds genoem, was klossies 'n tipiese kenmerk van die elite se kleredrag en was dit moontlik 'n aanduiding dat laasgenoemdes 'n hoër sosiale posisie in die sosiale hiërargie as die res van die mans in die geselskap beklee het, uitgesonderd die leier. Die afleiding wat hieruit gemaak word is dat daar ook in die Semitiese samelewing klasseverskille was. Verskille in die snit of patroon het ook voorgekom, soos 'n tipe jurk wat een arm ontbloot gelaat het (soos gedra deur die voorste vier wagte) of 'n kort lendekleed met kaal bolywe (sien Fig. 2.3) soos gedra deur die leier se assistent en die agterste twee wagte (Shea 1981:224; Kamrin 2009:27).

3.9 SKOENE

Hoewel die meerderheid mense vanweë armoede destyds kaalvoet geloop het, wil dit voorkom asof beskerming van die voete met behulp van skoene of sandale, soms noodsaaklik of verkieslik was. Soms was dit egter noodsaaklik om kaalvoet te loop soos blyk uit die verhaal van Moses waar hy die brandende bos genader het en deur God beveel was om sy skoene uit te trek (Eks 3:5). Voorbeelde van 'n groot verskeidenheid skoene en sandale wat destyds dwarsdeur die ou Nabye Ooste gedra was, het egter deur middel van skilderye,

beelde, mosaïeke en reliëfs behoue gebly. Nie alleen was sandale destyds as ‘n aantreklike en modieuse faset van ‘n vrou se uitrusting beskou nie, maar was dit die algemeenste skoeisel wat deur Semiete gedra was (Perkin 1988:777).

3.9.1 Semiete se skoene en sandale

Die *Beni Hasanmuurskildery* beeld die leier van die karavaan en sy assistent aan die voorpunt van die geselskap met kaal voete uit, terwyl die res van die geselskap se voete met sandale en velskoene uitgerus was (Shea 1981:224-225). In Wes-Semitiese kulture sowel as in Egipte, was die uittrek van skoene as ‘n teken van respek teenoor die gode beskou. Indien die bokke in die *muurskildery* as offerdiere gebruik moes word, was die leier en sy assistent genoodsaak om kaal voete te loop. In die Semitiese kultuur het kaal voete ‘n persoon wat offergawes gebring het, in staat gestel om die gebied tussen die heilige en die profane te oorbrug. In die antieke wêreld waarin mense op hul voete aangewese was om hul bestemmings te bereik, was duursame skoene of sandale (soos gedra deur die karavaanlede) en die versorging van voete noodsaaklik.

Roetes van paaie was destyds deur die topografie van die landskap bepaal, terwyl woestynpaaie tradisionele roetes gevolg het wat deur vorige generasies gebruik was (Aufreder 2002:211). Gevolglik was afstande groot, terwyl die ruwe woestynlandskap waardeur die karavaan waarskynlik gereis het, die dra van kwaliteit sandale of velskoene genoodsaak het. In die Semitiese samelewing was sandale (anders as in Egipte) gemaak van verskeie leerbande en ‘n sool die mees gepaste skoeisel vir mans, soos deur die wagte gedra was. Soms was vroue se sandale van hout- of kurksole voorsien (Perkin 1988:777). Die ruwe terrein waardeur die karavaan vermoedelik moes reis, het ‘n sekere tipe skoen vereis.

Hierdie tipe skoen het beter beskerming aan voete en enkels verleen en was selfs vir jong kinders se voete geskik, soos blyk uit die skoene wat deur die jong kind gedra was (sien Fig. 3.15). Afgesien van die feit dat die handelaars vermoedelik smede en metallurge was, maak Saretta (1997:45) ook melding van hul betrokkenheid by die produksie van leergoedere. Dit verklaar moontlik hul deftige skoene en sandale wat van kwaliteit getuig het. Skoene wat deur die mense van Wes-Asië gedra was, was soms ryklik met juwele versier en het die hele voet bedek (Kohler 1963:92).

Die welgeklede vroue van die Beni Hasangeselskap het heel gepas duursame velskoene gedra wat tot by die enkel gestrek het (Shea 1981:224) (sien Fig. 3.15).



Fig. 3.15 Skoene van Semitiese vroue⁵⁶

Perkin (1988:777) wys daarop dat net die elite sulke duur skoene kon bekostig. Die rooi kleur van die vroue se velskoene is ‘n aanduiding dat die tegniek om leer te kleur, reeds tydens die tweede millennium v.C. in die Levant bemeester was (Cohen 2015:20) en kan moontlik verklaar word deur dokumente in Mesopotamië wat na ‘n leerindustrie verwys. Rousseau & Arav (1995:274) maak selfs melding van gekleurde leerskoene wat met juwele versier was en deur elite vroue gedra was, terwyl Edersheim (1994:198) melding maak van versierde skoene wat die geur van delikate parfuums vrygestel het, wanneer die voete daarop getrap het. Arm Semitiese vroue het meestal of tydens oorlogsituasies kaal voete geloop soos blyk uit die *Lagisreliëf* in Sanherib se paleis in Nineve (King & Stager 2001:267), maar om kaalvoet in ‘n dorp of stad te loop, was egter ‘n teken van uiterste armoede, soos reeds hierbo genoem. Leersandale het gewoonlik uit ‘n sool en rieme bestaan waarvan een riem om die enkel vasgemaak was (King & Stager 2001:272). Yadin (1966:57) se opgrawings op Masada en in die ‘grot van die Briewe,’ het voorbeelde hiervan opgelewer. ‘n Byna soortgelyke paar sandale (eerste eeu n.C. of baie later) is in die Wadi Mukhmas grotte naby Bethel gevind (Rousseau & Arav 1995:186).

3.9.2 Wagte se sandale

Die wagte se kwaliteit sandale was van leer – sommige met ‘n riem om die enkel, terwyl ‘n ander riem oor die voet kruis en dit vashou (Saretta 1997:117). Die ander tipe sandale het uit een vertikale riem bestaan wat deur verskeie ander rieme oor die voorste gedeelte van die

⁵⁶ Cohen 2016.

voet gestrek en dit bedek het. (sien Fig. 3.16).



Fig. 3.16 Wagte se leersandale⁵⁷

Hierdie tipe sandale was egter ‘n aanduiding dat persone wat met karavane gereis het, met kwaliteit skoene en sandale uitgerus moes wees vir beskerming van hul voete.

3.9.3 Egiptenare se sandale

Egiptenare het nie skoene gedra nie, net sandale wat meestal van papyrus gemaak was (Peck 2013:66). Sandale wat deur die hoëlui of vroue gedra was, was soms skerp gepunt met die voorste punt opgekrul (Wilkinson 1878b:337). Die opgekrulde punt het moontlik beskerming aan die tone gebied. Vergeleke met Semitiese sandale wat uit ‘n sool met verskeie leerbande bestaan het, het Egiptiese sandale gewoonlik net uit ‘n sool en een riem tussen die voorste twee tone bestaan (sien Fig. 3.17 en Fig. 3.18).



Fig. 3.17 Gepunte Egiptiese sandale⁵⁸




Fig. 3.18 Egiptiese sandale van papyrus⁵⁹

Sommige sandale was soms van deurmekaargevlegde palmlare en papyrusstele of soortgelyke materiaal vervaardig (Wilkinson 1878b:337). Dikwels was die sandale met materiaal waarop ‘n vasgebinde vyand geteken was, uitgevoer – iets wat beskou was as die

⁵⁷ Cohen 2016.

⁵⁸ Wilkinson (1878b:336).

⁵⁹ Wilkinson (1878b:336).

gepaste posisie om die gehate en veragtelike vyande van Egipte te verneder (Wilkinson 1878b:337). Volgens Wilkinson (1878b:337) moes Egiptenare kaalvoet wees wanneer hulle die koning se teenwoordigheid betree het. Anders as die Semiete en soos blyk uit die *skildery* op die noordmuur van *Graf BH3* (sien Fig. 2.5) het Egiptenare oorwegend kaalvoet geloop en gewerk. Dat Egiptenare wel probleme met hulle voete ervaar het, blyk uit die *Eybers Papyrus* wat verskeie resepte vir voetprobleme verskaf. Goeie voetversorging blyk ook uit tempeltonelle by Abusir waar getoon word hoe Koning Niuserre (Vyfde Dinastie) se voete met gekeurde olie gemasseer en behandel word (Fletcher 1999:9). Vanweë sy hoë posisie en aansien dra Khnum-hotep II heel gepas sandale waar hy tussen sy werkers op die noordmuur verskyn (sien Fig. 2.5) (Shea 1981:222-223). In 'n toneel op die suidmuur waar hy as gestorwe uitgebeeld word, was hy egter sonder sandale (Baines 1995:11), omdat hy die ryk van die god Osiris moes betree en Egiptenare (nes Semiete) ook kaalvoet moes wees wanneer hulle die ryk van 'n god moes betree (Wilkinson 1878b:337).

3.10 GEVOLGTREKKING

Die feit dat die *skildery* moontlik op werklike gebeure gebaseer is soos Saretta (1997:110) beweer, bied moontlik ons mees *realistiese blik* op die wêreld waarin mense soos die 'aartsvaders' gelewe en gefigureer het, asook hul uiterlike voorkoms, persoonlike versorging, kleredrag en skoene.

3.10.1 Voorkoms van karavaanlede en Egiptenare

Vanuit 'n antropologiese oogpunt verskaf die *skildery* dus moontlik 'n realistiese uitbeelding van die wyse waarop Semiete en Egiptenare moontlik 4000 jaar gelede daar uitgesien het. Danksy die ontwikkeling van die kleurpalet bied die *Beni Hasanskildery* 'n kleurvolle uitbeelding van Semiete en Egiptenare, hul *uiterlike voorkoms* soos gelaatskleur, haarkleur, haar- en baardstyle, hul kleredrag en wyse van vervoer, aspekte wat visueel nie realisties deur tekste uitgebeeld kan word nie.

Uit die *Beni Hasanmuurskildery* word die afleiding gemaak dat Semitiese mans en vroue gedurende die premonargale tydperk, reeds *oogverf en grimering* gebruik het en dat hul kleredrag net so helder en kleurvol as dié van die Ammoriëte en Kanaäniete was (Millard

1971:46). Dit stem ooreen met Eksodus 35:25-26; 36:35 se verwysings na blou, pers en bloedrooi wolstof en linne wat 'n aanduiding is van die *gevorderde weeftegnieke* wat toe reeds deur die vroue van die Levant bemeester was, vergeleke met Egiptiese vroue se elementêre weeftegnieke met die horisontale weefstoel.

Die afleiding is verder gemaak dat die Semiete in die *skildery ligter van gelaat* as die Egiptenare en ander omringende volke was. Dit dui moontlik daarop dat hulle van 'n *hoë sosiale stand* was en dus nie nodig gehad het om in die son te werk nie (sien 3.8.1), of dat hulle die nodige voorsorgmaatreëls getref het om hul velle te beskerm. Ibsha se deftige ampsgewaad met die ontblote regterskouer dui moontlik op adellike afkoms. Dieselfde geld vir Khnum-hotep II se langer lendekleed van duursame materiaal en snit wat op sy waardigheid, belangrikheid en hoë afkoms in die gemeenskap dui (Peck 2013:56) (sien Fig. 2.5). Dit alles dui daarop dat daar in die Semitiese, sowel as in die Egiptiese samelewings sosiale stratifikasie was – iets wat gewoonlik deur die gelaatskleur en kleredrag gereflekteer was. Dat die 'meerderwaardige' Egiptenare 'vreemdelinge' so positief uitbeeld en 'n ereposisie in Khnum-hotep II se graf gee, is merkwaardig.

Die materiaal en ingewikkelde kleurpatrone waarmee die Semiete se klere versier was, asook die vroue se gekleurde skoene, die wagte se duursame sandale van leer en die moderne wapens waarmee die wagte toegerus was, het moontlik daarop gedui dat hulle op die gebied van tekstielware, leerlooierij en wapentuig, *verder as die Egiptenare ontwikkel was*. Dit alles het moontlik daartoe bygedra dat die Egiptenare 'n nuwe siening van en respek vir die Semiete ontwikkel het. Die moontlikheid bestaan dat Egiptenare tot die besef gekom het dat Semiete hulle meerdere op sommige gebiede was, vandaar die trotse houding waarmee die handelaars deur Egiptiese kunstenaars uitgebeeld is.

Die feit dat vroue hoegenaamd in die karavaan uitgebeeld word – die goedversorgde (met oogverf en al) en statige manier waarop hulle uitgebeeld word, die feit dat hulle sonder hoofbedekking in die teenwoordigheid van mans en ander in die handelsgeselskap uitgebeeld word, spreek myns insiens boekdele.

Verder blyk dit dat die proto-Israeliete wat in Egipte vertoef het of in Palestina of elders gebly het, steeds hul *eie kultuur en tradisies behou* het deur te volhard om hul tradisionele helderkleurige kleredrag en klere met klossies wat hulle vir eeue gedra het, te behou.

Dit wil voorkom asof beide nasionaliteite hul eie identiteite behou het, ten spyte van voortdurende kontak met mekaar en met ander kulture. Dieselfde geld vir Egiptenare wie se kleredrag oorwegend uit wit linne en papirussandale bestaan het, ten spyte van enkele gekleurde versierings om hul klere op te helder.

3.10.2 Haar- en baardstyle

Uit die *Beni Hasanskildery* is die afleiding gemaak dat daar *opvallende verskille ten opsigte van Semitiese en Egiptiese mans en vroue se haarstyle* was, asook ten opsigte van mans se baardstyle. Uit die *skildery* blyk dit dat Semitiese mans hul baarde goed versorg het, terwyl Egiptenare hul skoongeskeerde gesigte as 'n statussimbool beskou en moontlik het dit hul meerderwaardige siening van hulself versterk, vandaar hul veragting vir bebaarde volke. Die feit dat die handelaars moeite gedoen het om hul hare en baarde netjies te knip en te versorg dui myns insiens, ook op die wedersydse respek wat die twee groepe vir mekaar gehad het.

Dit wil voorkom asof Semitiese mans nie pruike soos Egiptiese mans gedra het nie. Anders as elite Egiptiese vroue wat hul hare kort gesny en pruike gedra het omdat dit vermoedelik koeler was, wil dit voorkom asof Semitiese vroue steeds lang hare verkies het. Blykbaar was hulle later deur vreemde haarstyle beïnvloed deur hul hare soms in krulle bo-op die kop te dra.

'n Verdere afleiding wat uit die *muurskildery* gemaak word, is dat die Semiete, net soos die Egiptenare, baie gesteld op hul *voorkoms en persoonlike versorging* was, selfs ten spyte van 'n voortdurende tekort aan water, 'n ongenaakbare klimaat en moontlik 'n lang reis. Bewerings dat Semiete vanweë Palestina se strategiese ligging, deur die omringende volke se kulture beïnvloed is, word slegs gedeeltelik deur die *skildery* gestaaf. Uit die talle skilderye en beelde wat van Assiriese koninklikes behoue gebly het, blyk dit dat Assiriese haarkappers die haarkappers *par excellence* van die antieke wêreld was, wat die versorging van mans se hare en baarde betref. Die afleiding kan dus gemaak word dat beide Semiete en Egiptenare baie gesteld op hul *eie identiteit en afsonderlike kulture* was en dit behou het ten spyte van veranderde tye en omstandighede. Dit beklemtoon dus weer die identiteit van die handelaars as Semiete.

Dit wil voorkom asof die *Beni Hasanmuurskildery* met die helderkleurige uitbeelding van die Semitiese handelskaravaan moontlik vir die selfgenoegsame Egiptenare tot 'n nuwe siening van Semiete gebring het, mense wat op verskeie terreine moontlik hul meerdere kon wees op vlakke soos moderne wapens, musiekinstrumente en tegnologies gevorderde blaasbalke.

HOOFSTUK VIER

HANDELS- EN ANDER ITEMS SOOS UITGEBEELD IN DIE BENI HASANMUURSKILDERY

4.1 INLEIDING

Daar word verskeie items in die handelskaravaan van die Semiete in die *Beni Hasanskildery* uitgebeeld. Uit die koninklike hofskrywer Neferhotep se dokument wat in die *skildery* uitgebeeld word (sien Fig. 2.4), kan die afleiding gemaak word dat oogverf 'n belangrike produk was wat aan Khnum-hotep II oorhandig word. Hierdie hoofstuk doen daarom ondersoek na die rol wat oogverf in die aangeleentheid gespeel het. Dit is ook 'n doelwit om meer inligting oor die items wat uitgebeeld word te bekom (soos blaasbalke, musiekinstrumente, wapens, tekstiele) en om te probeer onderskei tussen moontlike handelsprodukte en gebruiksartikels. Die doel is om daardeur moontlik meer van die identiteit, aansien en status van die handelaars self, maar ook die doel van hul besoek te wete te kom. Daar sal gepoog word om vas te stel watter rol handel in dié tyd tussen die Semiete en Egiptenare gespeel het. Die verskillende fasette van handel soos die wyse van vervoer, handelsitems, betaalmiddele, mate en gewigte, sal hier onder die loep kom. Ook die ontstaan en ontwikkeling van handel sal te berde gebring word. 'n Verdere doelwit is om, sover moontlik, argeologiese- en literêre getuïenis (Bybels sowel as buite-Bybels) te ondersoek. Vir die doel van hierdie studie is ek hoofsaaklik op koninklike inskripsies, kronieke en annale van belangrike gebeure wat destyds neergepen was, aangewese (Liverani 2014:30).

Smith (2009:31) is van mening dat handel binne 'n grootskaalse handelsstelsel gestruktureer en geskeduleer was en dat dit nie met 'smous' verwar moet word nie. 'n Ingewikkelde stelsel van politieke, finansiële en logistiese wigte en teenwigte, asook 'n effektiewe administrasie was egter nodig om handel suksesvol te bedryf (Fagan 1980:253). In die lig van die handelaars se besoek aan Egipte blyk dit ook dat handel selfs op diplomatieke vlak 'n invloed uitgeoefen het. Dat hierdie gebeurtenis moontlik die hoogtepunt van Khnum-hotep II se amptelike loopbaan was, blyk uit die feit dat hy dit in sy graftombe verewig het (sien Hoofstuk Twee). Dit dui ook op die belangrikheid en hoë status wat die Semitiese handelaars

tydens hul besoek aan Egipte geniet het. Moontlik kan dit ook toegeskryf word aan die feit dat Menat-Khufu relatief ver van ander hoofsentra geleë was en dat die ontvangs van 'n buitelandse handelsmissie of besoekers nie algemeen was nie.

Hierdie hoofstuk sal poog om die volgende vrae te beantwoord:

- Wat was die doel van hul besoek?
- Watter handels- en ander items word uitgebeeld?
- Wat kan ons uit die uitbeelding van die handels- en ander items aflei?
- Wat was die gebruike, samestelling en geografiese oorsprong van oogverf?
- Kan die argeologie 'n bydrae lewer om lig te werp op die proto-Israeliete en Egiptenare se gebruik van oogverf en ander produkte?
- Watter grondstowwe vir die vervaardiging van oogverf en ander skoonheidsmiddels is ter sprake en waar het dit vandaan gekom?
- Watter wyses van vervoer en handelsroetes was ter sprake?
- Hoekom word vroue en kinders in die geselskap uitgebeeld?
- Was proto- en latere Israelitiese vroue by handel betrokke en tot watter sosiale klas het hulle behoort?

4.2 ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN HANDEL

Inligting dui daarop dat handel vanaf die vroegste tye 'n deurslaggewende rol tussen die belangrikste sentra van ou Nabye Oosterse beskawings gespeel het. Dit word gestaaf deur artefakte wat sedert prehistoriese tye deur middel van handel versprei was en oor chemiese eienskappe of argeologiese 'vinger-afdrukke' beskik het, wat argeoloë en ou Nabye Oosterse historici vandag in staat stel om die oorsprong daarvan met redelike sekerheid te bepaal (Hopkins 2000:1323).

Om die aktiwiteite rondom handel uit te lig, moet daar eerstens tussen die 'ruil' of 'verhandeling' van goedere onderskei word. Die term 'ruil' behels die verwisseling van een ding vir 'n ander (Odendal *et al* 1991:921), terwyl die term 'handel' hoofsaaklik die koop of verkoop van goedere met die oog op wins behels (Odendal *et al* 1991:921). Hierdie aktiwiteite kan teruggevoer word na mense of gemeenskappe op plaaslike vlak vanaf die begin van die menslike beskawing. Sedert hierdie tye was die twee konsepte feitlik sinoniem

met mekaar – onderwerpe waaroor die Hebreuse Bybel slegs beperkte inligting verskaf. Omdat die antieke wêreld oorwegend ‘n landbougemeenskap was (Morley 2007:6), het handel moontlik op plaaslike vlak as ruilhandel in noodsaaklike kommoditeite soos koring, olie en wyn begin (Borowski 2003:56).

Ruilhandel op plaaslike vlak was gekenmerk deur kort afstande tussen dorpe en daarna van dorpe na stede (Borowski 2003:56). Omdat mense spoedig van produkte buite hulle woongebied of omgewing afhanklik geword het, was dit deur middel van eksterne handel op streeksvlak bekom (Fagan 2012:140). Morley (2007:105) is van mening dat ruilhandel in gemeenskappe sonder ‘n muntstelsel of swak ontwikkelde markte plaasgevind het. Dit kon intern binne ‘n gemeenskap geskied, maar ook ekstern oor kulturele grense heen.

Fagan (2012:140) beweer dat die beweging van goedere nie noodwendig oor groot afstande geskied het nie. In die lig van onvoldoende geskrewe inligting, berus ons siening van destyds se handelsaktiwiteite hoofsaaklik op inligting wat uit argeologiese getuienis gerekonstrueer kan word.

Dit blyk egter dat die Kanaäniete reeds tydens die Bronstydperk in uitgebreide handelsnetwerke wat vanaf Sirië en Anatolië (hedendaagse Turkye) tot by Egipte in die suide gestrek het, betrokke was (Golden 2009:86). Dat kopererts en koperprodukte gedurende die Bronstydperk belangrike handelsware was, blyk uit die groot vrag kopererts (17 ton) wat deur die *Uluburun handelskip* vervoer was wat naby Bodrum langs die Turkse kus gestrand het (Pulak 1998:188).

4.3 ARGEOLOGIESE EN LITERÊRE GETUIENIS VAN HANDEL

Volgens Lemaire (2010:55) argumenteer argeoloë (wie se name nie vermeld word nie) vandag oortuigend dat handel tussen die Levant en Suid-Arabië reeds teen die einde van die tweede millennium v.C. plaasgevind het. Sover bekend is die *Beni Hasanmuurskildery* (circa 1892 v.C.) van ons vroegste konkrete argeologiese getuienis wat die praktyk van handel in veral oogverf en ander handelsitems uitbeeld (sien Fig. 2.3). Uit die opskrif bokant die *skildery* kan die afleiding gemaak word dat die handelaars waarskynlik oogverf aan Khnum-hotep II wou oorhandig (as ‘n welwillendheidsgeskenk en dus ‘n luukse handelsitem, sien

2.7.2). ‘n Ander moontlikheid is dat die handelaars op die een of ander wyse by die verkryging of verkope van oogverf betrokke (was of) wou raak (Shea 1981:221; my insetse).

‘n *Potskerf* uit die negende eeu v.C. wat ‘n saalsak uitbeeld en by Tel Halaf ontdek is, stem ooreen met ‘n Bybelse verwysing in Genesis 31:34 wat na ‘n saalsak verwys. Soos uitgebeeld in die *Beni Hasanskildery* (sien Fig. 2.3) was saalsakke gebruik om handelsware (en selfs kinders) in te vervoer.

Afgesien van enkele verwysings na maritieme handel en handel tussen Koning Hiram van Fenisië (1 Kn. 9:26-28; 10:11-12; 2 Kr. 1:16-17; 8:17-18) en die Koningin van Soba (1 Kn. 10:1-13; 2 Kr. 9:1-12) en Salomo, verskaf die Hebreuse Bybel weinig inligting oor handel. Hierdie leemte word egter aangevul deur *kleitablette in koninklike argiewe* wat aangetref word in Sumer, Babilonië, Susa, Mari en Egipte (Golden 2009:43).

Geskrewe tekste gee ‘n idee van hoe daar in die ou Nabye Ooste geleef, gewoon en gewerk was. Die mees uitgebreide dokumentasie oor handel in die ou Nabye Ooste is in die *koninklike argiewe van Kültepe* in noordelike Irak (antieke *kärum* Kanes) gevind (Hopkins 2000:1323). Dit hou verband met handelstransaksies van ‘n ou Assiriese handelskolonie en dateer so vroeg as die 20ste – 18de eeu v.C. Kanes was die hoofsentrum van Assiriese handelaars in Anatolië (hedendaagse Turkye) waar ‘n argief, wat duisende *kleitablette* bevat wat in ou Assiries geskryf was, gehuisves word (Bottero *et al* 1967:196).

Amarna in Egipte het ‘n versameling van 350 *amptelike koninklike briewe* opgelewer, wat oor ‘n (latere) tydperk van 30 jaar strek. Hierdie briewe, bekend as die *Amarnabriewe*, dateer uit die Nuwe Koninkryk (*circa* 14de eeu v.C.) en verskaf vandag inligting oor diplomatieke betrekkinge tussen die Egiptiese Faraos, die koning van Alashiya (huidige Cyprus) (Hopkins 2000:1323), Kanaänitiese prinse, sommige ou Nabye Oosterse monargieë, asook Sirië en die Levant (Spar 2008:168). Die *Amarnabriewe* was eers in Thebes gehuisves, maar tydens Akhenaten (*circa* 1350 – 1340 v.C.) se bewind was dit na sy nuwe hoofstad Akhetaten oorgeplaas (Spar 2008:169). Spar (2008:168) is van mening dat die meeste van hierdie koninklike korrespondensie slegs wedywering om mag, oorheersing en skatplig, wat kenmerkend van internasionale handel was, reflekteer. Amulette, krale en juweliersware van amber wat in Egipte gevind is en *Assiriese juwelierslyste* wat ook baie later uit die eerste millennium v.C. dateer en na amber verwys, staaf verwysings na uitgebreide handelsnetwerke

wat toe reeds in plek was (Spekke 1957:27). Dit dui op die omvang van handel wat toe reeds wyd gestrek het omdat amber slegs vanaf die Baltiese lande met die Amberroete deur Europa verkry was.

Die vroegste literêre getuienis wat op handel betrekking het, is die verhaal van die Egiptiese priester Wenamon (Casson 1974:39), terwyl bronne soos die Amarnabriewe daarop dui dat handelsbetrekkinge tussen individue of lande gewoonlik deur diplomatieke onderhandelinge voorafgegaan was, 'n aspek waarin handelaars moontlik 'n deurslaggewende rol gespeel het.

Uit Genesis 43:11 en Esegïel 27:17, wat beide melding maak van produkte (soos balsem en gom) waarmee veral die Midianiete destyds handel gedryf het, word afgelei dat Palestina self aktief by handel betrokke was. Afgesien van balsem en gom, het handel in skoonheidsprodukte ook produkte soos hars, heuning en olyfolie ingesluit. Bybelse verwysings na Skeba en 'handelaars van Skeba' (Esg. 27:22-23) word gestaaf deur 'n *brons inskripsie*⁶⁰ in die taal van die Suid-Arabiese koninkryk Skeba, wat uit die tweede helfte van die eerste millennium v.C. dateer en na 'n belangrike handelsekspedisie tussen 'Dedan en die stede van Juda' verwys (Lemaire 2010:55-56). Dit toon dat handel tussen Juda en Suid-Arabië reeds aan die begin van die eerste millennium v.C. in plek was, die tydperk toe die Koningin van Skeba haar besoek aan Salomo gebring het. 'n *Boustrophedon inskripsie* ook in die taal van Saba (antieke Skeba) wat uit 'n latere tydperk (sesde eeu v.C.) in die hooglande van Ethiopië ontdek is, toon dat die inwoners van Saba toe reeds goed in Afrika gevestig was en handel gedryf het (Van Beek 1952:6).

Verdere argeologiese getuienis wat op handel betrekking het, sluit 'n inskripsie en tekening van 'n aromatiëse plant op 'n amphora wat in die suidelike Judese woestyn gevind is, in (Hirschfeld 2007:27). Hierdie aromatiëse plant was moontlik vir die vervaardiging van geurde olies, rome of ander skoonheidsmiddels gebruik. 'n Fragment van 'n *Arabiëse kleiseël* wat heelwat later (negende eeu v.C.) by Bybelse Bethel gevind is, getuig ook van handel tussen Suid-Arabië en die Noordelike Israelitiese Ryk (Van Beek 1960:81). 'n Babiloniese inskripsie maak ook melding van 'n geurige salf, gemaak van 'n aromatiëse plant

⁶⁰ Dit is 'n nuut ontdekte inskripsie wat onlangs op die antieke mark verskyn het. Dit was blykbaar 'n inskripsie op 'n tempelmuur, waarvan die egtheid deur Lemaire en twee Suid-Arabiese skrifontleders bevestig is (Lemaire 2010:56, 59).

genaamd gemmergras (*Cymbopogon martinii*), wat vanaf Arabië ingevoer was (Perkin 1988:779). Voorgenoemde inligting en verwysings na produkte wat vir die maak van skoonheidsprodukte gebruik was, getuig daarvan dat daar moontlik reeds tydens die sogenaamde ‘aartsvadertydperk’ ‘n lewendige handel in skoonheidsprodukte was, afgesien van oogverf en ander handelsitems.

4.4 SIENING EN ROL VAN HANDELAARS

Volgens Hopkins (2000:1324) gebruik die Hebreeuse Bybel verskillende terme vir die begrip ‘handelaars’ soos ‘*ansê*,’ ‘*rokelim*’ (koopmanne) en ‘*soharê hamelek*’ (die koning se handelaars), terwyl dit ook ‘n verskeidenheid tekste gebruik om die term ‘Kanaäniete’ as benaming vir handelaars te verwoord (Jes. 23:8; Esg. 17:4; Hs. 12:8; Spr. 31:24). Sakenfeld (1987:721) beskryf handelaars as persone wat handelsware in vreemde lande, of by karavane koop en dit weer by markte aan smouse herverkoop. Kanaäniete (wat etniesgesproke ook Semiete was), was as uitstekende handelaars bekend en kon die rolle van koper of verkoper na gelang van omstandighede met gemak vervul (Jes. 11:1-12; Hs. 12:7; Sf. 1:11).

4.4.1 Siening van handelaars

Omstandighedsgetuieis soos die netjiese, goedversorgde en welvarende voorkoms van die handelaars, soos uitgebeeld in die *Beni Hasanskildery*, skep die indruk dat hulle gesiene mense van hoë afkoms was wat respek afgedwing het en as eregaste ontvang was (Cohen 2015:25), vandaar die feit dat Khnum-hotep II hulle op die muur in sy graf aangebring en verewig het (sien 2.10.1 en 3.10.1). Hul aansien en belangrikheid word verder gestaaf deur die twee Egiptiese amptenare wat hulle amptelik na Menat-Khufu vergesel het en aan Khnum-hotep II sou bekendstel. Dit dui daarop dat hulle waarskynlik nie net gekom het om hul loon te ontvang, of om ‘n kontrak te hernu of te beëindig nie (soos hierbo genoem), maar dat hulle belangrike gaste van een of ander amptelike sending was. Die beeld wat hulle uitstraal, mag dalk ‘n aanduiding wees dat hulle betroubaar was en eerlike handelspraktyke voorgestaan het.

In teenstelling met die Beni Hasanhandelaars, wat op die oog af as professioneel en eerlik voorkom, verdoem die profeet Hosea (in die Hebreeuse Bybel) jare later sommige handelaars

vir hul oneerlikheid (Hos. 12:8) en word hulle as ‘heidene’ getipeer, terwyl die profeet Sefanja na handelaars as diegene ‘wat geld afweeg’ verwys het (Sf. 1:11). In die Nuwe Testament verwys die skrywer van Openbaring 18:3, 11, 15 ook na handelaars se gierigheid. Volgens King & Stager (2001:190) het Israelitiese handelaars ver te kort geskied in vergelyking met Babiloniese, Aramese, Kanaänitiese, Fenisiese, Griekse en Filistynse handelaars. Dit kan moonlik toegeskryf word aan die feit dat die Semiete hoofsaaklik as ‘n landbougemeenskap nie so kommersieel georiënteerd soos sommige ander volke, by name die Fenisiërs en Kanaäniete, was nie. Volgens Morley (2007:84) was daar in die algemeen agterdog teenoor handelaars omdat hulle winste ten koste van ander gemaak het, die sosiale orde bedreig het en daarom nie vertrou kon word nie.

Strydig met die siening dat handelaars normaalweg nie baie geleerd was of skriftelike getuienis van hul handelstransaksies nagelaat het nie (Erikson 1969:27), is enkele *kleitablette* wat sulke transaksies weerspieël, wel in ‘n *massartum* (spesiaal versterkte kamers) by Kanes (in hedendaagse Turkye) gevind (Larsen 2008:73). Hierdie tablette kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat sommige konings en welvarende handelaars professionele skrywers in diens gehad het om hul transaksies neer te pen (vgl. Jes. 33:18; Jr. 36:26). Miller & Miller (1976:226) beweer selfs dat van handelaars verwag was om behalwe hul eie taal, ook verskeie ander tale te kan praat, lees en skryf. *Spykerskriftablette* het kontrakte tussen handelaars wat deur *klei- of silinderseëls* bekragtigt was, uitgebeeld – iets wat toon dat handelaars sedert die vroegste tye bewus was van die voordele wat rekordhouding van transaksies ingehou het. Hierdeur het hulle moontlik die grondslag gelê vir hedendaagse boekhoustelsels wat so noodsaaklik vir ‘n vooruitstrewende besigheid en ekonomie is.

Vroeë handelaars van Mesopotamië, Indië, Pakistan, Anatolië en die Levant was bereid om klein kolonies, moontlik niks meer as etniese of taalkundige ghetto’s in die stede te stig waar hulle handel gedryf en as agente vir koop of verkoop agentskappe of as bankiers opgetree het (Rice 2003:240; sien 2.8.1.2 en 4.3). Dit wil verder voorkom asof handelaars nie altyd op hoogte van ander volke se gebruike of tradisies was nie (Lockyer 1969:143). Moontlik vir hierdie rede het Nehemia handelaars van Tirus wat vis en ander handelsware op die Sabbat in Jerusalem verkoop het, sterk veroordeel en as ‘heidene’ getipeer (Nh. 13:16). Tog beweer Miller & Miller (1976:226) dat handelaars as internasionale figure, met handelsregulasies, belastingstelsels, basiese monetêre eenhede, mate- en gewigte-stelsels bekend was. Soms was

daar wel in die Hebreeuse Bybel met waardering na handelaars verwys (2 Kr. 9:13-14; Hl. 3:6).

Dit wil voorkom asof die *apiru* (Akkadies *habiru*), oftewel donkiemanne, donkiedrywers of karavaanmanne wat karavane vergesel en in beheer van die donkies was wat die handelware vervoer het, nie baie aansien geniet het nie en staatloos was (Albright 1961:54). Hoewel die *Beni Hasanskildery* nie spesifiek *apiru* (sover ons weet) uitbeeld nie, is dit moontlik dat hulle wel die geselskap vergesel het, maar vanweë hulle lae aansien in die samelewing het die kunstenaars dit nie nodig geag om hulle uit te beeld nie. Albright (1961:42) wys daarop dat die *apiru*, verag was en hul status kwalik hoër as die van skaapwagters was.

Volgens Lemche (1988:85-86) het die benaming *habiru* diegene behels wat vanaf Mesopotamië en die ou Nabye Ooste tot in Egipte, hul tuistes verlaat en vlugteling geword het, of toevlug in 'n ander land gesoek het. Sommige heersers het van hierdie *habiru* in hul militêre geledere of as ongeskoolde arbeiders (slawe) in diens geneem, terwyl die repatriasie van die *habiru* later daartoe aanleiding gegee het dat sommige hulle tot rowery gewend het (Lemche 1988:86). Blykbaar is die benaming Hebreër van die woord *habiru* afgelei. Groepe van hierdie *habiru* het later hul toevlug tot die bergagtige- en sentrale gedeeltes van Palestina geneem en 'n bedreiging vir die ekonomiese voortbestaan van sekere mini-stadstate ingehou (Lemche 1988:87). Sommige *hapiru* het ook vlugteling of vrybuiters geword. Eksodus 21:2 suggereer egter dat dit vir die *habiru* moontlik was om later weer in die gemeenskap opgeneem te word. Dit het moontlik daartoe aanleiding gegee dat sommige heersers wagposte en militêre forte langs sekere belangrike handelsroetes aangebring het soos die roete in die suide van Palestina wat nie alleen die roetes moes beskerm nie, maar ook 'n sterk verdedigingslyn in die suide van die land moes vorm (Cohen 1979:77).

Ten tye van wydverspreide gevaarlike of swak ekonomiese toestande het sommige handelaars hulle tot rowery of dwangarbeid gewend, of huursoldate geword (Boling 1981:15). Anders as die elite wat op die beroep van handelaars neergesien het, het sommige handelaars hul beroep met trots op hul grafstene laat aanbring (Morley 2007:86). Hul netjiese voorkoms en trotse houding skep die indruk dat die Beni Hasanhandelaars tot laasgenoemde groep behoort het. Dit is baie duidelik dat Khnum-hotep II dié Semitiese handelaars baie hoog aangeskryf het, omdat hy hulle besoek op die muur van sy graftombe aangebring het.

4.4.2 Rol van handelaars

Uit die uitbeelding van die karavaangeselskap in die *Beni Hasanmuurskildery* met hul gebruiksartikels en kinders op die donkies se rûe, kan die afleiding gemaak word dat hulle ‘n reisende geselskap was. Dit vind aansluiting by Lockyer (1969:143) se stelling dat handelaars van plek tot plek en land tot land gereis het terwyl hulle terselfdertyd handelsware gekoop en verkoop het en as middelmannes of tussengangers tussen kopers en produsente of verkopers opgetree het. Professionele handelaars was gewoonlik mans (Marsman 2003:402).⁶¹ Daarom is dit van betekenis dat daar ook vroue in die uitbeelding by Beni Hasan voorkom.

Op kommersiële gebied moes handelaars soms vir gretige verbruikers in ander gemeenskappe ‘n verskeidenheid goedere soos oogverf, ander soorte handelsitems, duursame tekstiele of juwele wat nie plaaslik beskikbaar was nie, voorsien. Reisende handelaars wat volgens rabbiniese tradisie (*Baba Kama* 82a) skoonheidsmiddels aan Joodse vroue in klein dorpie verskaf het (Reines 1975:104), is ‘n voorbeeld van handelaars wat skoonheidsmiddels aan Joodse vroue verkoop het. Hul beweeglikheid oor internasionale grense heen het moontlik daartoe aanleiding gegee dat handelaars in staat was om diplomatieke aanvoorwerk tussen konings of volke te doen.

In Anatolië (*circa* 1300 v.C.) het handelaars en karavane soms ‘n informele posdiens verskaf (Casson 1974:30). Soms het handelaars van land of plek verwissel om hul beroep te beoefen, soos die Siriese handelaars wat in Samaria en die Israelitiese handelaars wat in Damaskus tydens die bewind van Koning Agab (*circa* 874 – 853 v.C.) van die Noordelike Ryk (1 Kn. 20:34) besigheid gedoen het. Moontlik vanweë hul mobiliteit oor landsgrense heen, het handelaars dikwels as welwillendheidsambassadeurs opgetree (Liverani 2014:161-168). Dit is te betwyfel of handelaars altyd die hele roete meegemaak het, behalwe waar die vrag kosbaar van aard was, soos tydens die vervoer van gesogte edel- of half-edelstene soos nierstene (‘jade’) (Caldwell & Gyles 1966:33).

Uit *argiewe* wat in Mari ontdek is, blyk dit dat handelaars selfs ‘n deurslaggewende rol in die bevordering van vrede na ‘n oorlog kon speel, aangesien hulle vrylik oor grense kon beweeg,

⁶¹ Vir vroue se deelname aan handel sien 4.6.4.

‘n losprys vir krygsgevangenes kon betaal en hulle dan weer aan hul families teen ‘n wins kon terugbesorg (Sasson 2008:95). In Palestina het handelaars net soos vakmanne, hulself in gildes of unies georganiseer (Wright 1955:64).

Groot instansies soos paleise en tempels het bekwame persone as tussengangers in diens gehad wat as kommersiële agente kon optree om vervaardigde goedere van die hand te sit of om nuwe rou materiaal te bekom (Liverani 2014:81). Terug in die stad van oorsprong is daar met ander administrateurs gepoog om te bepaal of die waarde van die verhandelde goedere wat bekom was, gelykstaande was aan dit wat van die hand gesit was. Dit wil voorkom asof paleise en tempels ‘n tipe monopolie oor die beheer van handel gehad het, veral omdat dit oor die nodige finansiële bronne beskik het en dit vir gewone handelaars moeilik was om met hulle te kompeteer. Dat die Semitiese handelaars van Beni Hasan met die protokol van handel vertrouwd was, blyk uit die feit dat hulle oor die vermoë beskik het om met kliënte van die hoogste (soos Khnum-hotep II) tot die laagste vlak te onderhandel (sien 2.7.2).

4.5 OOGVERF

Shea (1981:221) is van mening dat uit die opskrif bokant die *skildery* en die hofskrywer Neferhotep se geskrewe papyrusrol wat hy in sy regterhand vashou, die afleiding gemaak kan word dat die hoofdoel van die handelaars se besoek die oorhandiging van oogverf aan Khnum-hotep II was (sien Hoofstuk Twee). Die moontlikheid bestaan dat dit as ‘n welwillendheidsgeskenk bedoel was, maar dit is nie seker nie. Die gebruike, samestelling en geografiese oorsprong van oogverf word in diepte in Hoofstuk Vyf bespreek.

Uit die hofskrywer se dokument wil dit voorkom asof die oorhandiging van welwillendheidsgeskenke (sien 2.7.2) vanaf vroeë tye, ‘n ongeskrewe reël vir die bevordering van goeie handelsbetrekkinge was. Na aanleiding van die blaasbalke op die donkies se rûe, is dit moontlik dat die handelaars op een of ander wyse by mynbou-aktiwiteite betrokke was – vermoedelik by die ontginning van kopererts vir die verkryging van oogverf, of moontlik as rondreisende metaalsmede soos die Keniete en Midianiete uit ‘n latere tydperk wat ook by die kopermyne van Sinai betrokke was (sien 4.5.1).

Kessler (1987:164-165) is van mening dat die handelaars bloot aan die einde van hul kontrak

vir hul vergoeding na Menat-Khufu, die hoofsentrum vir prospektering en eksplorاسie in die Oostelike Woestyn, gekom het. Hy is van mening dat die kontrak wat Neferhotep vashou, moontlik die bepalings van die handelaars se ooreenkoms met die Faraو uiteengesit het. Die moontlikheid bestaan ook dat die handelaars ‘n nuwe kontrak met die Faraو wou beding, of die bestaande een wou verleng (Kessler 1987:165). Volgens Kessler (1987:164-165) was die dokument wat deur Neferhotep opgestel was, ‘n simboliese weergawe van ‘n langer dokument wat ‘n register van voorrade en betalings aan die einde van hul kontrak, sowel as die name van die leier en sy gevolg, insluit.

Oogverf soos *antimoon* was soms vanaf afgeleë plekke soos Naharina, die landstreek anderkant die Eufraat ingevoer. Verskeie ekspedisies is ook na Puntland onderneem om antimoon te bekom (sien 5.4.2), terwyl *malagiet* vanaf Sinäi (sien 5.4.1.1) en *galena* vanaf die Oostelike Woestyn ingevoer was (sien 5.4.1.2). In die lig van hierdie groot afstande was oogverf baie duur en moontlik daarom as geskik beskou om aan die elite soos Khnum-hotep II as geskenk aan te bied. Oogverf was destyds net so waardevol as goud geag (Sommer 1943:34). Uit hul welvarende voorkoms (vgl. Hoofstuk Drie) kan die afleiding gemaak word dat die handelaars moontlik ‘n amptelike handels- of diplomatieke sending vanaf ‘n ‘vreemde’ land was om kommersiële handelsbande met Egipte aan te knoop of reeds bestaande handelsbande te verstewig. As ‘n moontlike afsetgebied vir oogverf was Egipte, anders as Palestina, ‘n welvarende land wat oor ‘n groot bevolking beskik het. Daarby was die Oryxprovinsie in die rykste gebied in die land geleë (Kanawati & Wood 2010:81; vgl. 2.2). Dit het die moontlikheid van ‘n potensiële groot afsetgebied vir die verkope van oogverf of die ander handelsitems ingehou en dus ook groot finansiële voordele vir die handelaars.

4.5.1 Mynbouspesialiste

Indien oogverf die belangrikste item was wat oorhandig was, is die vraag: waar het die handelaars dit gekry? ‘n Ander belangrike vraag wat weer na vore kom, is wie hierdie handelaars was en tot watter etniese groep hulle behoort het en vanwaar het hulle gekom? Schneider (2008:62) beskou die Semitiese handelaars as mynbou-spesialiste wat geprospekter het om *galena* onder die beskerming van die Faraو te ontgin (vgl. 2.8.1.4). Moontlik was hulle ook in die omgewing van Timna en Arad in Sinäi by malagiet mynbou-aktiwiteite betrokke (sien 2.8.1.4). Semiete was algemeen bekend vir hul vaardigheid as

metaalwerkers, soos blyk uit die Keniete en Midianiete se teenwoordigheid in die Sinai-woestyn by plekke soos Arad en Timna (Mondriaan 2010:320) (sien 2.8.1.4).

Hierdie gedagte word versterk in die lig van die blaasbalke op die donkies se rûe. ‘n Ander doel van hul besoek was moontlik om mynboukonsessies te beding om koper in die Oostelike Woestyn te ontgin, of om die erts vanaf die myne in die Oostelike Woestyn na Egipte te vervoer. Boling is van mening dat die handelaars ‘n ystersmee-industrie in Egipte wou vestig, ‘n industrie wat later ook deur die Filistyne na Kanaän gebring was en streng deur hulle geheim gehou was (1 Sm. 13:19-21), totdat Koning Saul hulle verslaan het (1 Sm. 17) (Boling 1981:94).

4.5.2 Ontginning van kopererts

Opgrawings in die Sinai-woestyn, die Negev-hooglande en die Araba getuig van sterk kulturele bande tussen die myners en die bewoners van Kanaän, eerder as militêre beheer deur Egipte (Beit-Arieh 1984:21). Dit blyk ook dat die Midianiete, Keniete en Rekabiete wat later kopererts in suidelike Sinai gemyn het, nie noodwendig onder Egiptiese kulturele invloed, militêre beheer of ekonomiese uitbuiting onderworpe was nie (Beit-Arieh 1984:22). Tydens hierdie tydperk het Egipte se invloed nie verder as die turkooismyne gestrek nie. Dit blyk daarom dat die verhouding tussen Egipte en Kanaän gedurende die Vroeg Brons II tydperk (*circa* 2900 – 2600 v.C.) (maar ook Middel Bronstydperk) een van vreedsame naasbestaan eerder as militêre beheer was (Beit-Arieh 1984:23; my insetsel).

Na aanleiding van sy navorsing is Goedicke (1984:206-207) daarvan oortuig dat die handelaars ‘n groep ‘buitelanders’ was wat deur die Egiptiese Koning Sesostris II (*circa* 1897 – 1878 v.C.) as deel van ‘n kommersiële onderneming ingevoer was. Aangesien almal in Egipte oogverf gebruik het (De Pietro 2013:808), was daar moontlik ‘n voortdurende behoefte aan groter voorrade oogverf om in die volk se behoefte te voorsien. Om sy standpunt te regverdig, wys Goedicke (1984:206-207) eerstens op die grootte van die karavaan (37 lede), die teenwoordigheid van vroue en kinders en die vermoedelike lang afstand wat afgelê was (300 myl)⁶², wat so ‘n lang reis feitlik onmoontlik sou maak. Hy is

⁶² 483 Kilometer.

van mening dat die getal 37, net na mans verwys. Kamrin wys egter daarop dat *Egiptiese personeellyste* mans sowel as vroue ingesluit het (2009:24), in teenstelling met Ou Testamentiese volkstellings wat normaalweg net mans- en seunsname ingesluit het (1 Kr. 21:5).

Tweedens is Goedicke (1984:206-207) van mening dat oogverf wat lig in gewig was en maklik vervoer kon word, nie so 'n groot karavaan geregverdig het nie. Derdens wys hy daarop dat Beni Hasan afgeleë en ver van digbewoonde stede verwyderd was en dus nie 'n goeie afsetgebied vir oogverf kon bied nie. Egipte het self oor voldoende ertsbronne vir die ontginning van bestanddele vir oogverf beskik (sien 5.4.1), maar het nie oor die gevorderde tegnologiese kennis van die handelaars beskik nie. Die handelaars sou dus 'n groot aanwinst vir die Egiptiese mynboubedryf en ekonomie gewees het.

Goedicke het egter nie in ag geneem dat die karavaan amptelik na Menat-Khufu begelei was en die leier formeel aan Khnum-hotep II bekendgestel was nie (Cohen 2015:25). Dit dui daarop dat hulle nie indringers of werksoekers was nie, maar wel gerespekteerde buitelandse besoekers, diplomate of 'n buitelandse handelsmissie wat op 'n amptelike besoek aan Egipte was (vgl. 2.7.1). Goedicke het ook uit die oog verloor dat Menat-Khufu in die rykste provinsie in Egipte geleë was (Kanawati & Woods 2010:81), 'n feit wat moontlik goeie verkoopsresultate gewaarborg het. Tesame hiermee was hul eindbestemming nie die Delta nie, maar Middel-Egipte. Dit is in teenstelling met indringers of werksoekers wat hulle in die Delta gevestig het.

4.6 ANDER ITEMS OF MOONTLIKE HANDELSPRODUKTE

Na aanleiding van die verskillende items wat in die *muurskildery* uitgebeeld word, bestaan daar 'n moontlikheid dat die handelaars in verskeie produkte handel gedryf het. Die vraag is of die ander items wat in die *skildery* uitgebeeld is, handelsprodukte was en of dit net gewone gebruiksartikels was wat deur die handelaars self gebruik was.

4.6.1 Blaasbalke

Die twee raaiselagtige voorwerpe wat in die *Beni Hasanskildery* op die donkies se rûe

uitgebeeld word (sien Fig. 4.1 en Fig. 4.2) was waarskynlik ‘blaasbalke’⁶³ waarvan die een vertikaal en die ander een horisontaal uitgebeeld was (sien Fig. 2.3). Die antieke gebruik om saamgeperste lug met behulp van ‘n blaasbalk na ‘n hoogood te blaas, dateer terug na die vierde millennium v.C. (Davey 1979:101). In die Semitiese taal (waarskynlik Hebreeus) was daar destyds na ‘n smid as ‘n ‘gebruiker van blaasbalke’ verwys (Davey 1979:101). Blaasbalke was gebruik om die vuur te stook om hoë temperature in die hoogood te kry sodat die metale kon smelt om gegiet te word (sien Fig. 4.1 en Fig. 4.2).




Fig. 4.1 & Fig. 4.2 ‘Blaasbalke’ in die *Beni Hasanskildery*⁶⁴

Problematies is egter die feit dat slegs een kant van die blaasbalke getoon word, iets wat die korrekte identifisering daarvan bemoeilik. Velblaasbalke (soos hier uitgebeeld) was ligter in gewig en makliker vervoerbaar as pot- of skottelblaasbalke (Davey 1979:110; my insetsel). Voorbeelde van voetbeheerde blaasbalke wat in pare by Tel edh-Dhba’i en Tel Beit Mirsim gevind is, skep die indruk dat dit gelyktydig saam gebruik was (Davey 1979:110).

Daar was destyds twee basiese tipes blaasbalke in gebruik waarvan die een soort ‘n diafragma gehad het wat van die vel van ‘n dier, gewoonlik ‘n bok, gemaak was (Avigad 1961:20). Die diafragma is toe wanneer die vel terug laat sak word en die lug dan direk in die hoogood geblaas word (Davey 1979:101). Sodra die vel gelig word, maak die diafragma oop en laat lug in die blaasbalk in. Daar is aanduidings dat hierdie tipe blaasbalk nie altyd baie goed gewerk het nie.

⁶³ Tot tyd en wyl nuwe inligting te voorskyn kom word dit as blaasbalke aanvaar.

⁶⁴ Cohen 2016.

Hierdie blaasbalke van vel met akkordionplooie het twee uitsteeksels gehad wat met 'n tipe vesel vasgemaak was (sien Fig. 4.3).



Fig. 4.3 Draagbare blaasbalk funksioneer met gebruik van voete⁶⁵

Avigad (1961:20) wys daarop dat Albright (1954:207) die twee voorwerpe op die donkies se rûe as draagbare blaasbalke gemaak van bokvelle, identifiseer. Aansienlike getalle blaasbalke wat uit die tydperk 1450 v.C. dateer, is inderdaad in Palestina en die ou Nabye Ooste gevind (Davey 1979:101).

Die twee uitsteeksels in die *skildery* (sien Fig. 4.1 en Fig. 4.2) aan elke kant is egter problematies omdat blaasbalke gewoonlik twee handvatsels en een uitlaatpyp gehad het. Die swaarder tipe skottel-blaasbalke was gewoonlik permanent geanker en was in industriële sentrums aangetref waar groot hoeveelhede koper gegiet was (Davey 1979:111). Daarom wil dit voorkom asof die blaasbalke op die donkies se rûe 'n meer gevorderde tipe blaasbalk was as dié wat destyds tydens die Negentiende eeu v.C. in Egipte in gebruik was.

Geforseerde lug wat met behulp van blaasbalke verkry was, was noodsaaklik om metale te smelt en te giet. Albright (1960:207) is daarom van mening dat die handelaars reisende metaalwerkers was. Beide hierdie stelsels kon met behulp van die hande of voete gebruik word (Davey 1979:101). Soos hierbo genoem is voorbeelde van hierdie tipe blaasbalke by Kültepe, Tel edh-Dhiba'i en Tel Beit Mirsim gevind (Davey 1979:104).

⁶⁵ Davey (1970:102).

‘n Tweede tipe blaasbalk, soos die een wat in die *graf van Rekhmire (circa 1400 v.C.)* naby Thebes uitgebeeld is, was waarskynlik meer algemeen in gebruik (Davey 1979:101). Hierdié tipe blaasbalk laat lug in deur ‘n opening in die spuitpunte van die blaasbalke wanneer die velbedekking gelig word (sien Fig. 4.4).




Fig. 4.4 Deursnee van blaasbalk⁶⁶

Blaasbalke kon egter net met akkuraatheid geïdentifiseer word indien dit in ‘n metallurgiese konteks gevind word, aangesien sommige van die pot- of skottelblaasbalke ook vir ander doeleindes gebruik kon word (Davey 1979:102). Hierdie tipe blaasbalke was waarskynlik tydens die Hyksosperiode in Egipte ingevoer (sien Fig. 4.5).




Fig. 4.5 Pot- of skottelblaasbalke vir industriële gebruik⁶⁷

Blaasbalke was noodsaaklik vir gietwerk in metaalindustrie en was vir die maak van metaalartikels soos wapens, musiekinstrumente of landbou-implemente gebruik. Vergeleke met die swaarder tipe skottel- of potblaasbalke, was die handelaars se draagbare blaasbalke (soos op die donkies se rûe uitgebeeld) ligter in gewig en maklik vervoerbaar. Kamrin (2009:26) en Cohen (2015:21) is ook oortuig dat die Beni Hasanhandelaars moontlik

⁶⁶ Davey (1979:103).

⁶⁷ Davey (1979:104).

deelydse of reisende metaalwerkers was. Lucas (1962:213) wys daarop dat blaasbalke nie in Egipte voor die Agtiende Dinastie te sien was nie. In die sewende eeu v.C. was vakmanne van die Levant reeds so bekend vir die hoë kwaliteit van hul yster- en metaalsmeewerk dat die koning van Babel 'n 1000 van hulle na sy land weggevoer het (2 Kn. 24:16).

Dit is duidelik dat elke gebruiksartikel wat deur die lede van die geselskap gebruik was, vir 'n spesifieke doel ontwerp, vervaardig en gebruik was en 'n noodsaaklike rol in die lewens van die Semitiese handelaars gespeel het. Hierdie artikels was waarskynlik deur die Egiptenare as tegnologies gevorderd beskou, vandaar die insluiting daarvan in die *skildery*. Die moontlikheid bestaan daarom dat die handelaars 'n nuwe soort tegnologies-gevorderde blaasbalk in Egipte wou bemark of van die hand wou sit. In die lig van die blaasbalke wat deur die handelaars na Egipte gebring was, bestaan die moontlikheid steeds dat die handelaars reisende metaalwerkers was soos die afstammeling van Lameg, later bekend as die Midianiete en Keniete (Gn. 4:19-22).

4.6.2 Musiekinstrumente

4.6.2.1 Die rol van musiek

Musiek het volgens Bayer (1982:25) feitlik in alle antieke kulture 'n magiese funksie vervul, aangesien mense onder die indruk verkeer het dat musiek beskerming aan die musikante en diegene wat daarna geluister het, gebied het. Dit blyk dat musiek sedert die vroegste tye die medium was waardeur 'n volk of 'n individu, uitdrukking kon gee aan hul spiritualiteit, die betekenis van hul historiese verlede kon verwoord en om hul menswees met vreugde te vier⁶⁸

⁶⁸ Die Psalmdigter het hierdie emosionele ervaring heel gepas deur middel van musiek en woord in Psalm 150:3-6 saamgevat.

Prys Hom oor sy kragtige dade,
prys Hom met harp en lier!
Prys Hom met tamboeryn
en koordanse,
prys Hom met snaarinstrumente
en fluite!
Prys Hom met simbale,
prys Hom met galmende simbale!
Laat alles wat asem haal,
die Here prys!

(Sieberhagen 2011:109-110). Dit was waarskynlik ook van toepassing op handelskaravane wat lang afstande op eensame paaie deur woestyne en bergpasse moes aflê.

Soos blyk uit die *Beni Hasanskildery* waar die lier- en luitspeler die karavaan vergesel het (sien Fig. 4.6), kan die afleiding gemaak word dat die handelaars moontlik self musiekinstrumente vervaardig het, daarin handel gedryf het of vir eie vermaak saamgebring het. Die moontlikheid dat 'n fluit of ander instrumente ook in die rugsakke op die donkies se rûe versteek was, kan nie uitgesluit word nie. Van belang vir hierdie tesis is die feit dat hierdie instrumente van koper vervaardig was (vgl. 4.5.2).



Fig. 4.6 Lierspeler in *Beni Hasanskildery*⁶⁹

Belangrike bydraes van argeo-musikoloë het deur die jare tot 'n beter kennis van dié musiekkultuur van die antieke verlede gelei (Sieberhagen 2011:121). Hierdie antieke instrumente uit die verlede soos uitgebeeld in *ikonografie, fresko's, seëls, inskripsies, kunsvoorwerpe en reliëfwerke*, gee slegs 'n vae aanduiding van die skoonheid van melodie en ritme wat dit voortbring het (Sieberhagen 2011:120).

Uit die vroegste aartsvaderverhale, in Genesis 4:17-22, kan afgelei word dat musiek en musiekinstrumente 'n belangrike rol gespeel het. Jubal ('n afstammeling van Kaïn deur sy seun Lameg) was die stamvader van diegene wat musiekinstrumente soos die lier en die fluit bespeel het en moontlik vervaardig het. Volgens Mondriaan (2010:320) was die afstammeling van Kaïn verwant aan die Keniete, Midianiete en Rekabiete wat hulle later in die Sinai-woestyn (gedurende die 13de eeu v.C.) as nomadiese metaalsmede, musikante en veeboere gevestig het (sien 2.8).

⁶⁹ Cohen 2016.

Musiek het ook 'n belangrike rol in die proto-Israeliete se lewens en feeste gespeel, soos blyk uit Eksodus 15:20-21 wat vermeld hoe Miriam en die proto-Israelitiese vroue ná die uittoeg deur die Rietsee met tamboeryne en koordanse 'n loflied tot eer van Jahweh gesing het. Volgens Bayer (1982:24) is dit moontlik dat mense destyds hul emosies deur middel van musiek kon uitdruk, voordat hulle dit noodwendig in skrif kon doen.

Soos blyk uit bogenoemde voorbeelde uit die Hebreeuse Bybel het mense reeds gedurende die 'aartsvadertydperk' 'n wye verskeidenheid musiekinstrumente tot hul beskikking gehad, moontlik omdat musiek die regte stemming by feitlik elke geleentheid kon skep. Dit wil voorkom asof musiek, sang en dans ook in latere verhale in die Bybel 'n integrale deel van Semiete se kultuur uitgemaak het, vandaar die talle verwysings na musiek en musiekinstrumente (1 Sm. 10:6; 1 Sm. 16:16; 1 Sm. 16:23; Ps. 150:3-5; Jes. 5:12).

Moontlik die bekendste voorbeeld van die helende invloed van musiek op die mens se psige, is die voorbeeld van Dawid wat die *kinnôr* (lier) bespeel het om 'die bose gees' wat Koning Saul geteister het, te laat wyk (1 Sm. 16:16, 23). Dit verklaar moontlik die gebruik van musiek as deel van koninklike hofhoudings in paleise, by swierige staatsbankette, tempelsang, volksfeeste en gewone daaglikse aktiwiteite van die mens. Musiekinstrumente word normaalweg in drie kategorieë ingedeel, naamlik snaar-, blaas- en perkussie-instrumente (King & Stager 2001:290).

4.6.2.2 Snaarinstrumente

Snaarinstrumente kan as veeldoelig beskou word, moontlik omdat dit so 'n wye repertoire van musiek kan voortbring. Vir die doel van hierdie navorsing is die lier van toepassing omdat dit in die *Beni Hasanskildery* uitgebeeld word en ook omdat die lier 'n bekende instrument was wat dikwels in die Hebreeuse Bybel vermeld word. Soos hierbo genoem was Jubal die vader van almal wat op siters (luite) en fluite gespeel het (vgl. Gen. 4:19-22).

'n Lier wat uit die 25ste eeu v.C. dateer (sien Fig. 4.7) en in die koninklike grafte van Ur deur Woolley ontdek is, was 'n tipiese 'bul lier' uit Sumerië (King & Stager 2001:291-292). Dit was moontlik so genoem na aanleiding van die kop van 'n bul wat as versiering van die instrument gedien het. Die aantal snare van hierdie tipe liere het gewissel van elf, nege, tot

agt (King & Stager 2001:292). (sien Fig 4.7).



Fig. 4.7 Sumeriese lier⁷⁰

‘n Antieke *nebel* (harp) kon ook helende en kalmerende musiek voortbring en was op dieselfde beginsel as dié van die lier ontwerp. Harpe en liere was soms saam bespeel, moontlik omdat die klank wat deur die twee instrumente voortgebring word, goed harmonieer.

Opgrawings van die koninklike grafte by Ur in Mesopotamië het die oorblyfsels van nege liere uit die Eerste Dinastiese Periode (*circa* 2500 v.C.) opgelewer (King & Stager 2001:292). Soos uitgebeeld in die *Beni Hasanskildery* het ‘n lier uit ‘n klankkas van hout bestaan waaroor snare oor die oop gedeelte gespan was. Odendal *et al* (1991:1017) beskryf ‘n snaar as ‘n dun, veerkragtige draad van metaal, derm ensovoorts wat in gespande toestand by aanraking ‘n klank voortbring (sien Fig. 4.7).

Deur die snare met die vingers van die regterhand aan te raak of te tokkel en met die vingers van die linkerhand op die plektron⁷¹ te druk, kon kalmerende of andersoortige musiek voortgebring word, afhangende van die musikant se voorkeur of behoefte (King & Stager 2001:292). Dat snarespel later gewild was, blyk uit Psalm 4:1 en 6:1, terwyl Psalm 5:1 met fluitspel begelei moes word.

⁷⁰ King & Stager (2001:291).

⁷¹ Ook genoem ‘n krappertjie.

‘n *Ivoorreliëf* uit die 12de eeu v.C., wat by Megiddo gevind is, beeld ‘n negesnarige A-simmetriese lier uit (King & Stager 2001:292). Die reliëf toon ‘n vroulike musikant wat die instrument met die linkerhand bespeel vir ‘n onttroonde Kanaänitiese koning wat na die klank luister terwyl hy wyn drink. Aangesien ‘n oormaat wyn ‘n verandering van die gemoed kan meebring, het die strelende musiek van die lier moontlik die koning se gemoedstoestand gekalmeer. Dit wil voorkom asof Egipte nie oor inheemse liere beskik het nie, aangesien argeologie niks in die verband opgelewer het nie.

Hoewel ons geen inligting in die verband het nie, bestaan die moontlikheid dat musiek-instrumente veral by oornagplekke gebruik was waar die karavane saans uitgespan het en karavaanlede hul helde en tradisies deur middel van musiek en sang in herinnering gehou het.

‘n Ander moontlike musiekinstrument wat in die *Beni Hasanskildery* uitgebeeld word (op die rug van die tweede wag van voor en op die rug van die lierspeler) (sien Fig. 2.3), is moontlik ‘n *luit* of ‘n *siter* wat op dieselfde beginsel as ‘n lier ontwerp word en ook met die vingers getokkel word. Ná Dawid se oorwinning oor die Filistyn Goliat, het die vroue van al die dorpe in Palestina hom met sang, dans, tamboeryne en driesnarige instrumente tegemoet gegaan (1 Sm. 18:6). ‘n *Kleitabelt* uit die Laat Bronstydperk wat by Tel Dan opgegrawe is, toon ‘n danser wat ‘n snaarinstrument speel – moontlik ‘n luit (King & Stager 2001:299) (sien Fig. 4.8).



Fig. 4.8 Die danser van Dan⁷²

⁷² King & Stager (2001:299).

Israeliete het sang en dans met vreugdevolle gebeurtenisse geassosieer (Ps. 30:12; Pred. 3:4). Die Bybel beskryf nie die aksie of bewegings van dans in detail nie, maar dui daarop dat dit vorms van *krr* (hop), *pzz* (spring), *rqd* (huppel) en *hwl* (draai) ingesluit het (King & Stager 2001:298). Tekste en argeologiese uitbeeldings toon dat Egiptenare ook oor 'n verskeidenheid musiekinstrumente soos harpe, liere en dubbelfluite beskik het (Wilkinson 1878a:439-443). Die 'kitare' waarna Wilkinson (1878a:439-443) verwys, was waarskynlik luite met lang stele. Uit grafskilderye soos in Nebamun se graf kan egter afgelei word dat Egiptenare tydens bankette ook sang, dans en musiek gebruik het om hul vreugdes te vier, soos na hul oorwinning oor Sirië en Palestina (Bayer 1982:33).

4.6.3 Wapens

Weens hul gevorderde tegnologiese kennis van metaalwerk, bestaan die moontlikheid dat die handelaars self hul gevorderde wapens soos die eenbekstrydbyl en saamgestelde pyl en boog vervaardig het en in Egipte van die hand wou sit. Die wapens waarmee die wagte in die *Beni Hasanskildery* (sien Fig. 4.9, Fig. 4.10 en Fig. 4.11) toegerus was, is 'n aanduiding van die gevare waaraan handelskaravane destyds blootgesel was. Dit is ook 'n aanduiding dat die leier van die karavaan deeglik bewus was van moontlike gevare en daarom gepaste voorsorgmaatreëls getref het deur die wagte met die modernste wapens van dié tyd, toe te rus (sien Fig. 2.3). Die kenner van antieke wapens Yadin (1963:167), verwys na die wapens van die wagte in die *Beni Hasanskildery* as 'tipiese wapens van Israeliete' tydens die 'aartsvadertydperk.'

Die nageslag van die oorspronklike nomadiese/semi-nomadiese afstammeling van Kaïn en hul afstammeling, die Keniete en Midianiete (soos reeds na verwys), het ná die val van die Anatoliese Ryk suidwaarts na Palestina gemigreer en vandaar na die omgewing suid van Tel Arad as kopersmeewerkers die erts ontgin en bewerk (Mondriaan 2010:312) (sien 2.8). Afgesien van die verkryging van die malagieterts vir oogverf, dui klaarvervaardigde artikels van koper wat in Sinaï ontdek is, daarop dat die hoogs ontwikkelde metaalindustrie van Kanaän, Egipte *via* die landbrug van Noord-Sinaï bereik het (Oren 1973:305). Die moontlikheid bestaan daarom dat wapens dalk een van die artikels was wat in Sinaï vervaardig was.

Volgens 1 Samuel 13:20-21 het die proto-Israeliete wat in Kanaän woonagtig was, aanvanklik nie oor wapens beskik nie en moes hulle na die Filistyne (wat hul monopolie op ysterbewerking streng bewaak het) gaan vir die skerpmaak van hul landbougereedskap (1 Sm. 13:20-21). Dit is dus opvallend dat die *Beni Hasanskildery* effektiewe wapens van die ‘aartsvadertydperk’ uitbeeld, maar dat die proto-Israeliete met die vestiging in die ‘Beloofde Land’ nie voldoende wapens tot hulle beskikking gehad het nie. Veral in die lig van die feit dat Rigters 1; 4 en 5 berig dat daar Keniete tussen die stamme met die vestiging in die land was, wat volgens dié verhale in die Hebreeuse Bybel ‘metaalsmede’ was.

4.6.3.1 Soorte wapens

Die *Beni Hasanmuurskildery* bied ‘n insiggewende blik op die tipe wapens wat die Semiete van die ou Nabye Ooste gedurende die tweede millennium v.C. tot hul beskikking gehad het, terwyl ‘n magdom uitbeeldings en oorblyfsels van fortifikasies in Egipte, inligting verskaf oor Egiptiese wapentuig (Yadin 1963:58). Soos blyk uit die *Uluburunwrak*, was elke bemanningslid aan boord die skip met ‘n wapen toegerus (Pulak 2008:366). ‘n Geflensde kort swaard en twee dolke wat met ivoor en ebbehout versier was en ook in die *Uluburunwrak* gevind is, het vermoedelik aan die kaptein van die skip behoort. Dit wil dus voorkom asof ‘n spesifieke wapen destyds ook ‘n aanduiding van ‘n persoon se status was (Pulak 2008:367). Uit die gewapende wagt wat die Beni Hasangeselskap vergesel het, wil dit voorkom asof alle wagt wat destyds handelstogte vergesel het, met wapens toegerus moes wees.

Na aanleiding van die blaasbalke op die donkies se rûe bestaan die moontlikheid dat die handelaars dalk self by die vervaardiging of verkope van wapens betrokke was of dalk ‘n gevorderde wapenindustrie in Egipte tot stand wou bring, in welke geval die handelaars se besoek as ‘n promosieveldtog beskou kan word.

Uit die *skildery* kan afgelei word dat Egiptenare nie op die gebied van metaalsmeewerk technologies so gevorderd as die bewoners van die Levant, by name die Fenisiërs en die Kanaäniete was nie (King & Stager 2001:131). Dit blyk uit die enkel pyl en boog wat die Egiptenare gebruik het, in teenstelling met die moderne saamgestelde pyl en boog wat uitgebeeld word). ‘Kanaäniete’ verwys hier na die oorspronklike bewoners van Kanaän voordat die land deur die 12 ‘Israelitiese’ stamme vanuit Egipte in besit geneem was, volgens

die Bybelse tradisie. Dit blyk dat die Beni Hasanwagte se wapens oorwegend vir man-tot-man gevegte geskik was en nie vir aanvalsdoeleindes nie, vandaar die feit dat hulle nie met skilde toegerus was om hulself te beskerm nie.

(a) Langafstandwapens

Die *saamgestelde pyl en boog* (sien Fig. 4.9) wat deur die voorste en agterste wagte vasgehou word, was 'n tradisionele Asiatiese wapen, Akkadies in styl en volgens Booth (2005:37) was dit eers baie later tydens die Hyksos-periode (*circa* 1730 – 1570 v.C.) in Egipte bekendgestel. Hierdie gevorderde boog was herkenbaar aan die twee punte wat na buite buig. Dit het die voorste wag in staat gestel om beskerming aan die leier en sy assistent aan die voerpunt van die geselskap te verleen. Hierdie tipe pyl en boog, wat reeds sedert die vroeë Bronstydperk (*circa* 2200 v.C.) in Wes-Asië in gebruik was, was meer doeltreffend, van 'n beter gehalte en meer effektief as die gewone enkelvoudige pyl en boog wat deur die Egiptenare gebruik was (Kamrin 2009:26). Met behulp van 'n saamgestelde pyl en boog kon 'n aanvaller tot op 'n afstand van 200 meter geneutraliseer word (King & Stager 2001:227).

Boë was altyd in die linkerhand vasgehou, terwyl die pyl met die regterhand afgeskiet was (sien Fig. 4.9).



Fig. 4.9 Saamgestelde pyl en boog⁷³

Tegnologies-gevorderde pyle en boë was eers tydens die Nuwe Koninkryk (*circa* 1580 – 1085 v.C.) in Egipte in gebruik geneem (Kamrin 2009:26). Hierdie saamgestelde pyl en boog het van boogskutters die mees gevreesde vegters van die antieke wêreld gemaak.

Moontlik het die kaal linkerarm en bors van die voorste wag en die kaal bolyf van die

⁷³ https://en.wikipedia.org/wiki/Bow_and_arrow (Geraadpleeg 11 November 2018).

agterste wag hul arms meer beweegruimte verskaf en hulle in staat gestel om hul pyle en boë vinniger en meer doeltreffend aan te wend. Die pylkoker van die agterste wag en die hoeveelheid pyle wat dit kon bevat (20 tot 30), kon hulle in staat stel om 'n aanval ook van agter suksesvol af te weer (King & Stager 2001:227).

(b) Medium-afstand wapens

Die *spiese* waarmee die derde en vierde wagte toegerus was (sien Fig. 2.3), het hulle in staat gestel om die vroue, kinders en handelsware op 'n kort afstand te verdedig, aangesien dit na die vyand gegooi, of in man-tot-man kontak gebruik kon word. Die spies op die agterste donkie se rug het moontlik die lierspeler in staat gestel om die agterhoede te dek, ingeval die karavaan van agter aangeval sou word. Met behulp van hul spiese en die kort spies waarmee die jong seun in die *muurskildery* toegerus was, kon die wagte die ongewapende lede van die geselskap se veiligheid verseker.

(c) Kort-afstand wapens

Eendbekstrydbyl was destyds die modernste verdedigingswapen in die ou Nabye Oosterse militêre arsenaal en was nie gedurende die 19de eeu v.C. in Egipte beskikbaar nie (Kamrin 2009:27). Om die geselskap se veiligheid op te skerp, was die agterhoede van die geselskap deur 'n wag met 'n eendbekstrydbyl toegerus (Kamrin 2009:27) (sien Fig. 4.10).



Fig. 4.10 Voorste gedeelte van eendbekstrydbyl⁷⁴

Hierdie strydbyl het egter ook lood en tin in sy samestelling bevat wat dit 'n harder

⁷⁴ https://www.sassonancientart.com/artwork_show_347.html (Geraadpleeg 11 November 2018).

slaanoppervlakte besorg het.⁷⁵ ‘n Wapen soos hierdie kon bronsvervaardigde helms van daardie tyd en ook liggaamsbeskerende bekleedsel (‘n gepantserde wapenuitrusting van leer om die liggaam te beskerm) penetreer.⁷⁶ Dit versterk die gedagte dat die Beni Hasanhandelaars moontlik tot die nomadiese stamme van kopersmede, wat Egipte vanaf Sinai, die Negev-woestyn of selfs Palestina binnegekom het, behoort het.

Dat die Beni Hasangeselskap toegelaat was om hul wapens openlik te vertoon, mag dalk ‘n aanduiding wees dat hulle op ‘n buitelandse diplomatieke sending of handelsmissie was wat voorkeurbehandeling ontvang het, soos blyk uit die respekvolle wyse waarop die karavaan ontvang was — nie as onwelkome besoekers nie (Cohen 2015:205), maar as geëerde gaste.

4.6.4 Tekstiele en vroue se deelname aan handel

Na aanleiding van die karavaanlede, spesifiek die Semitiese vroue, se uitsonderlike helderkleurige kleredrag en die tekstiele waarmee die donkies se rûe beskerm was, kan die afleiding moontlik gemaak word dat die vroue in die geselskap self by die vervaardiging van, of handel in tekstielware betrokke was. Dit kan beteken dat tekstielware ook deel van hul handelsitems uitgemaak het. Die moontlikheid bestaan dat die deursnee Semitiese vrou later ook materiaal, klere en huishoudelike artikels soos matte tuis vervaardig en verkoop of geruil het, om tot haar gesin se finansiële welvaart by te dra (vgl. Spr. 31:13, 19).

Volgens Sha (2017:339) was Semitiese vroue reeds bedrewe in die kuns van spin en weef voor die intog in Kanaän. Sha (2017:340) wys ook daarop dat Semitiese vroue die tegniek van die vervaardiging van fyn linne by die Egiptenare geleer het. Egiptenare was veral vir die vervaardiging van *byssos* (fyn koninklike linne) bekend.

Afgesien van enkele uitsonderings, kan uit die Hebreeuse Bybel die afleiding gemaak word dat besigheid (oftewel handeldryf), hoofsaaklik tot die manlike domein behoort het (Marsman

⁷⁵ Interpretasies en afleidings met betrekking tot die effektiwiteit van hierdie wapen is gemaak deur Mnr. C.J. Smith, gelisensieerde wapenversamelaar in Pretoria, RSA op 26 November 2019. <https://www.bladesmithsforum.com/index.php?topic/27917-bronze-duckbill-battle-axe/> (Geraadpleeg 26 November 2019).

⁷⁶ Hierdie beskermende liggaamsbekselsel van leer was moontlik die voorloper van die latere gepantserde ysterharnasse waarmee soldate gedurende die Middeleeue toegerus was.

2003:723). Dit verklaar moontlik waarom die Hebreuse Bybel jare later slegs van die ‘deugsame vrou’ van Spreuke 31 melding maak. Uiteraard het min vroue oor die finansiële vermoë beskik om grond te koop. Tydens Nuwe Testamentiese tye word daar egter ook net melding gemaak van Lidia, die purperverkoopster (Hd. 16:14). Kirk (2004:166) wys daarop dat Lidia nie net ‘n verkoopster van materiaal was nie, maar dat sy by ‘n vooruitstrewende bedryf betrokke was, aangesien Filippi op ‘n belangrike Mediterreense handelsroete geleë was. Ten spyte daarvan dat daar slegs van hierdie twee vroue se betrokkenheid by handel melding gemaak word, kan die afleiding gemaak word dat daar vroue was wat oor die vermoë beskik het om onafhanklik (en moontlik suksesvol) by handel betrokke was.

Die deftige voorkoms en selfversekerde houding van die vroue wat in die *Beni Hasanmuurskildery* uitgebeeld is, skep egter die indruk dat hulle tot die elite behoort het en dit verklaar moontlik waarom hulle self aktief by handel betrokke was. Hierdie tipe transaksies was uiteraard nie vir arm vroue beskore nie.

In Sumerië was *gême* (lae sosiale klas vroue) blykbaar in huishoudings by spin en tekstielvervaardiging betrokke (Crawford 2013:367). Dit vind aansluiting by King & Stager (2001:192) se stelling dat die meeste ekonomiese aktiwiteite in die proto-Israelitiese samelewing binne huishoudelike verband plaasgevind het (soos die ruil van goedere), eerder as binne markverband. Bewerings van spesialisasie in sekere dorpieë word selfs gemaak, of die oorproduksie van produkte soos olyfolie deur sommige dorpieë (King & Stager 2001:192). Omdat vroue met die insameling van die oes gehelp het, is ek van mening dat hulle moontlik ook by die bemarking en verkope van hul landbouprodukte betrokke was.

Anders as die vroue in Palestina, het vroue in Egipte en Mesopotamië meer ekonomiese vryhede geniet en kon hulle meer selfstandig in eie reg optree. In Egipte kon elite vroue byvoorbeeld self by besigheid betrokke raak (Marsman 2003:156), terwyl vroue van Assiriese handelaars tuis in beheer van grootskaalse tekstielproduksie betrokke was, terwyl hul mans op reis was (Marsman 2003:155). Op hul beurt het die vroue van Anatolië toesig oor die tekstielbesigheid en die slawe wat wolstowwe vir uitvoer gewee het, gehou (Marsman 2003:401). Soos afgelei kan word uit ‘n *kalksteenreliëf* uit die 26ste Dinastie was Egiptiese vroue saam met mans aktief by die vervaardiging van parfuums en ander soorte gegeurde skoonheidsmiddels vir die luukse handel betrokke (Manniche 1999:69).

Afgesien van hul betrokkenheid by weefwerk bestaan daar volgens Marsman (2003:132) die moontlikheid dat veral die wedywering tussen vroue in poligame gemeenskappe soos in die ou Nabye Ooste, aanleiding gegee het tot 'n lewendige industrie en handel in allerlei skoonheidsprodukte, om vroue se aantreklikheid te verbeter. Die Semitiese vroue in die *Beni Hasanmuurskildery* is 'n aanduiding dat vroue vroeg reeds op 'n direkte- of indirekte wyse by handel betrokke was. Uit die *skildery* kan die afleiding gemaak word dat hulle moontlik by die adverteer of verkope van hul handelsprodukte, soos oogverf en/of tekstielware, betrokke was, vandaar die opoffering om saam met die karavaan te reis. Marsman maak melding van Hanna, dogter van Azaryah wat moontlik 'n onafhanklike besigheid in Juda bedryf het.⁷⁷ 'n Kruikhandvatsel met haar seël daarop dien moontlik as 'n aanduiding dat sommige vroue in Juda wel by handelsaktiwiteite betrokke was (Marsman 2003:724). Marsman maak ook melding van ene Hanuna Yehud wat 'n vroulike amptenaar in Judea was, sonder om daarop uit te brei, maar dit kon dieselfde persoon gewees het.

'n *Klipreliëf* in Egipte (waarvan die oorsprong onbekend is) beeld vroue uit wat lelies pluk vir die vervaardiging van 'n lelieparfuum genaamd Susinum, terwyl 'n ander *muurreliëf* (*circa* vierde eeu v.C. waarvan die oorsprong nie bekend is nie) vroue uitbeeld wat aromatiese plantmateriaal met die skroefbandmetode uitpers (Dayagi-Mendels 1989:92-93). Dit dui daarop dat Egiptiese vroue self aktief by die produsering van parfuums en gegeurde produkte en dus by handel betrokke was.

Elite vroue in Egipte het selfs wetlike regte gelykstaande aan mans s'n gehad en hulle kon in eie reg, handelstransaksies aangaan (Robins 1993:141). In die verband het Herodotus (*Histories* Vol. I. Boek II. 35) opgemerk dat vroue in Egipte markte besoek en handel gedryf het, terwyl mans tuis by die weeftoestel gesit het (en moontlik geweef het). Saretta (1997:137) wys egter daarop dat wewers in Egipte tot en met die 18de Dinastie oorwegend vroue was, terwyl die moontlikheid ook bestaan dat hierdie vroue as goedkoop arbeid beskou was, of dat die kwaliteit van hul weefwerk van 'n hoë standaard was. Egiptiese vroue was ook toegelaat om die opbrengste van hul landerye en tuine te verkoop, soos blyk uit die getuienis in 'n hofsak waarby 'n grafrower se vrou betrokke was (Robins 1993:104). Die

⁷⁷ Marsman versuim ongelukkig om meer besonderhede te verskaf, maar uit genoemde inligting kan die afleiding gemaak word dat daar wel vroue was wat onafhanklik besighede beoefen het. Die kruikhandvatsel met 'n seël dui daarop dat sy moontlik 'n in- of uitvoer besigheid in wyn of olie-bedryf het. Die vlytige vrou van Spreuke 31 getuig ook van vroue wat onafhanklik kon optree.

afleiding kan gemaak word dat sommige vroue wel oor sakevernuf beskik het en suksesvolle sakevroue in eie reg was. Dit is opvallend dat vroue wat by handel betrokke was, by die vervaardiging van/of handel in produkte of artikels wat vroue meer aantreklik laat vertoon, gemoeid was.

Beskikbare tekstuele getuienis toon egter dat vroue destyds soms self deel van handelsware uitgemaak het. Volgens Smith (2009:104, 106) maak sommige bronne melding van Indiese handelaars wat vroulike slawe vir gebruik aan 'n kolonie handelaars op die eiland Socotra besorg het, terwyl sommige tekste dikwels na 'besendings mooi meisies' vir konings verwys het. In die lig hiervan wil dit uit die *muurskildery* voorkom asof die Beni Hasanhandelaars nie by hierdie tipe praktyke betrokke was nie, maar hulself tot eerlike en deursigtige handelspraktyke soos metaalsmeewerk en ander aktiwiteite beperk het.

4.6.5 Ander artikels

4.6.5.1 Gooihout

Nog 'n voorwerp wat in die *Beni Hasanmuurskildery* voorkom en gebruik was om die voorste bok te beheer, word algemeen as 'n gooihout geïdentifiseer (Kamrin 2009:26, 34). 'n Gooihout (ook bekend as 'n herderstaf) was deur herders gebruik om diere te beheer, of om diere mee te jag (sien Fig. 4.11).



Fig 4.11 Jagtoneel met gooihout⁷⁸

⁷⁸ <https://www.khanacademy.org/humanities/ancient-art-civilizations/egypt-art-new-kingdom/a/paintings->
(Geraadpleeg 1 Desember 2018).

'n Skildery in Nebamun (*circa* 1350 v.C.) se graf beeld 'n jagtoneel in 'n moeras uit, waar hy voëls met 'n gooistok jag. Volgens Odendal *et al* (1991:1060) was gooistokke veeldoelige artikels wat vir verskeie doeleindes gebruik kon word, soos onder andere as 'n herderstaf om diere te beheer (sien Fig. 2.3) en as 'n wapen gebruik kon word om mee te jag (sien Fig. 4.11).

Gooistokke kon ook as statussimbool gebruik word om die leier van die karavaan se vermoedelike koninklike afkoms te simboliseer. Saam met 'n kroon het 'n gooistok wat ook as 'n staf gebruik kon word, deel van koninklike ordetekens uitgemaak en het dit ook gesag aangedui (Odendal *et al* 1991:1060). Dit versterk die gedagte dat Ibsa, die leier van die handelsgeselskap van koninklike afkoms was.

4.6.5.2 *Tou en watersak*

Die tou om die tweede bok se nek het waarskynlik as halter gedien om dié bok makliker te beheer. Die twee artikels wat die tweede wag van voor en die tweede laaste wag van agter oor hul skouers gedra het, was waarskynlik watersakke of liere. In die woestyn was watersakke lewensnoodsaaklike artikels vir die voorsiening en vervoer van water. Cohen (2015:21) is egter van mening dat die betrokke artikels moontlik 'n luit of 'n siter was, maar in 'n woestynomgewing sou 'n watersak meer sin maak.

4.7 DONKIES

Hoewel daar net twee donkies in die *Beni Hasanskildery* uitgebeeld word (sien Fig. 4.1 en Fig. 4.2) staaf dit die bewering dat handel oor land aanvanklik op dierekrag aangewese was (Hopkins 2000:1323). Dit het egter ernstige beperkings op afstand, tydsduur, volume en gewig van handelsware geplaas. Beskikbare inligting dui daarop dat donkies die vroegste vervoermiddel van handelsware was. Vergeleke met donkies, beeld die Hebreuse Bybel perde as simbool van voortreflikheid en weelde uit, wat net vir krygs- en seremoniële doeleindes geskik was (Duche 1969:17).

4.7.1 Donkies as pakkdiere

Die twee donkies wat in die *Beni Hasanmuurskildery* uitgebeeld is en deel van die karavaan uitgemaak het, staaf die talle verwysings na ‘donkiekaravane’ wat so kenmerkend van die negentiende eeu v.C. was. Die benaming ‘donkie’ is van die Assiriese woord ‘*ansu*’ afgelei (Cansdale 1983a:162). Na aanleiding van ‘n klein beeldjie van ‘n donkie met twee dramandjies op die rug, wat in Grot Een by Gif’atayim in huidige Israel gevind is, beweer King & Stager (2001:186) dat donkies sedert Chalkolitiese tye (*circa* 3500 – 3000 v.C.) as ry- en pakkdiere in die Semitiese wêreld gebruik was. Talle verwysings na donkies in die Hebreuse Bybel (Ps. 104:11; Jes. 1:3; Rigt. 15:15-17; Num. 22:28-31) dui op die belangrike rol wat donkies in die Semitiese samelewing gespeel het. In Sirië en Palestina waar daar geen bevaarbare riviere is nie, was donkies ook die aangewese vervoermiddel van handelware (Casson 1974:23).

Die negentiende eeu v.C. staan juis bekend as die belangrike periode van donkiekaravane vanaf Assur in die noorde na Kappadosië in die ooste van Turkye en suidwaarts vanaf suidwestelike Asië en vanaf Babilon na Egipte (Albright 1961:40). Sekere eienskappe eie aan donkies, veral hul vermoë om met gemak oor ongelyke klipperige terrein soos in Palestina te beweeg, het hulle die voorkeurdier vir die vervoer van mense of goedere gemaak (Vogelsang-Eastwood 2000:292).

Donkies het groot ekonomiese waarde in Palestina gehad, aangesien ‘n persoon se rykdom destyds aan die aantal donkies wat hy besit het, gemeet was (Cansdale 1983b:53). Dit verklaar die belangrikheid van die 61000 donkies⁷⁹ wat Moses en die proto-Israeliete ná ‘n veldslag teen die Midianiete gebuit het (Num. 31:34). In Palestina was donkies vir harde werk op plase sowel as vir rydiere en die vervoer van handelware gebruik. Dit is in teenstelling met Egipte, waar donkies hoofsaaklik net vir landbou-doeleindes gebruik was. Die proto-Israeliete was egter verbied om donkies saam met osse in te span (Dt. 22:10). Donkies het in twee groottes voorgekom, waarvan die groter swart donkies wat buitengewoon sterk was, swaarder vragte oor kronkelende bergpasse kon vervoer (Albright 1961:41). Vir die vervoer van goedere oor kort afstande soos plaaslike- of streekshandel, was

⁷⁹ Getalle in die Hebreuse Bybel kan nie altyd letterlik opgeneem word nie.

donkies bo muile verkies, omdat hulle meer algemeen voorgekom en goedkoper was om aan te hou.

Die uitbeelding van blaasbalke en kinders op die twee donkies se rûe in die *Beni Hasanmuurskildery*, getuig van donkies se vermoë om as pak- sowel as rydiere gebruik te word (Shea 1981:222, 224). Dit is moontlik die rede waarom Josef se broers die voorrade wat hulle in Egipte bekom het, met donkies na Palestina teruggeneem het (Gn. 44:13). *Skilderye* in Tiat (*circa* 2650 v.C.) se graf by Saqqara dui daarop dat donkies ook in Egipte gesogte diere was om te besit, mak te maak en te gebruik (Cansdale 1983a:162). Opvallend is dat *Kappadosiese-* en *Mari-tablette* slegs na donkiekaravane verwys (Groom 1981:33), terwyl Albright (1961:38) beweer dat net donkies delikate keramiekware kon vervoer, sonder die konstante gevaar van breekskade. Donkies was dus die aangewese wyse van vervoer vir die delikate klein houertjies en flessies waarin oogverf en ander soorte skoonheidsmiddels verpak was. Die afleiding kan dus gemaak word dat donkies as die vroegste vervoermiddel vir skoonheidsmiddels en -implemente gebruik was (vgl. 4.7). Omdat kamele toe nog nie makgemaak was nie, was donkies die mees geskikte diere om handelsware plaaslik en oor lang afstande te vervoer, vandaar byvoorbeeld die donkies waarna Rigters 5:10 verwys.

Die erts waarvan sekere soorte oogverf soos *malagiet* en *galena* verkry was, het meestal in afgeleë gebiede soos die Negev-, Sinai- en die Oostelike Woestyn voorgekom (sien 4.5.1 en 5.4.2). Nomadiese handelaars wat metaalsmede van beroep was (soos die groepe Keniete en Midianiete), het die erts in hierdie onherbergsame gebiede gemyn, waarna die erts met donkiekaravane na groter sentra soos Arad vervoer was. Aangesien Egipte nie self oor *antimoon* voorrade beskik het nie, moes dit per skip vanaf verafgeleë plekke soos Naharina en Puntland ingevoer word (sien 5.4.2). Hierdie erts vir die verkryging van antimoon was vanaf die hawens langs die Rooi See verder oor land met donkiekaravane tot by Koptos langs die Nyl vervoer (Casson 1959:10).

4.7.2 Donkies vir seremoniële en rydoeleindes

Op seremoniële en kulturele gebied het donkies ook 'n belangrike rol in Palestina gespeel. 'n Teks uit die sewentiende eeu v.C. wat in Mari gevind is, meld dat donkies as die mees geskikte rydiere vir koninklikes beskou was (Blaklock & Harrison 1983:152). Die

uitbeelding van die koningin van Puntland (*circa* 1500 v.C.) langs ‘n donkie op ‘n fresko by Koningin Hatshepsut se tempel by Deir el-Bahari, versterk die voorafgaande gedagte (Cansdale 1983a:162). Uit 2 Samuel 19:26-27 kan afgelei word dat Koning Saul se verlamde kleinseun, Mefiboset, verhinder was om Dawid (*circa* 800 v.C.) te volg toe hy oor die Jordaan gevlug het vir sy seun Absalom wat hom wou doodmaak (2 Sm. 16:15). Mefiboset was verhinder omdat sy bediende geweier het om sy donkie op te saal. Soos voorspel in Sagaria 9:9 het Jesus Jerusalem op die rug van ‘n donkie binnegekom.

4.7.3 Donkiekaravane

Karavaanhandelsroetes van die ou Nabye Ooste en Middellandse Seeroetes het moontlik die wêreld se oudste handelsstelsel uitgemaak.⁸⁰ Karavane het gewoonlik uit ‘n groep handelaars, pelgrims en reisigers bestaan wat vir beskerming saamgereis het. Vanweë hul vasvoetigheid was donkies met groot sukses in die karavaanhandel gebruik. Beskikbare inligting dui daarop dat voorkeur aan donkies bo die gebruik van waens in die karavaanhandel gegee was. Casson (1974:25) se verklaring hiervoor is dat donkies slegs ‘n voetpad benodig het, terwyl waens ‘n groter pad benodig het, iets wat in die klipperige Palestynse landskap, uiteraard moeilik was.

Uit Egiptiese en Mesopotamiese bronne kan afgelei word dat donkiekaravane op groot skaal in ‘n komplekse handels-organisasie aangewend was (Grigson 2012:95). Dit word gestaaf deur talle *inskripsies* by *Serabit el-Khadem* in Sinäi wat na donkiekaravane verwys (Albright 1961:41). Dit bevestig weer die bedrywighede van mense soos die semi-nomadiese Keniete, Midianiete en Rekabiete (afstammeling van metaalmyners in Anatolië) wat later kopererts in die omgewing van die Negev-woestyn en Sinäi op groot skaal gemyn het en met donkiekaravane na die hoofsentrum van die gebied, Arad vervoer het (sien 2.8). Handelstogte met donkies deur woestynggebiede was nie ongewoon nie. Getuienis dui daarop dat die woestyn tussen Suid-Palestina en Maadi in Egipte, gereeld deur donkiekaravane deurkruis was (Aufreere 2002:211). Die voordeel van donkies was dat hulle volgens Kelso (1972:10),

⁸⁰ www.historyworld.net/worldhis/PlainTextHistories.asp?historyid=ab/72 (Geraadpleeg 31 Julie 2018).

twee tot drie dae sonder water kon klaarkom, terwyl hulle vragte van 150 tot 200 pond⁸¹ kon vervoer.

Uit *Mesopotamiese* en ou *Assiriese spykerskriftablette* kan die afleiding gemaak word dat donkiekaravane normaalweg uit minder as tien donkies bestaan het (Grigson 2012:95). Anatoliese en Siriese rekords maak egter melding van donkiekaravane wat uit 3000 donkies bestaan het, terwyl 'n duisend die maksimum vir Egiptiese karavane was (Kelso 1972:10). Karavane was gewoonlik na die leier van die karavaan vernoem (Albright 1961:41).

Volgens Booth (2005:25) wil dit voorkom asof karavaanleiers tot die elite of heersersklas behoort het. Dit bied 'n verduideliking vir Ibsha se (koninklike) naam en sy deftige ampsgewaad. Uit die *Beni Hasanmuurskildery* blyk dit dat die leier van die karavaan Ibsha, self voor sy karavaan geloop het. Dit was moontlik omdat hy as leier van die karavaan, aan die goewerneur Khnum-hotep II bekend gestel moes word en omdat daar van persone wat die teenwoordigheid van koninklikes betree het, verwag was om kaalvoet te wees om respek te betoon.

Gewoonlik het leiers van karavane op donkies gery, terwyl die ander lede van die karavaan agter die donkies geloop het (Kelso 1972:10). In Egipte het een man agter vyf donkies aangeloop. Persone van aansien soos adellikes en karavaanleiers het gewoonlik op donkies gery, terwyl gewone mense moes loop. Die feit dat Ibsha geloop het (soos uitgebeeld in Fig. 2.3), was moontlik omdat hy 'n persoon van hoër gesag en aansien (Khnum-hotep II) genader het, in welke geval hy ook kaalvoet moes wees.

Omdat die wierookhandel lank voor die domestisering van kamele bestaan het, beweer Groom (1981:36) dat donkies of muile moontlik goedere (wat aromatiese produkte soos speserye, wierook en mirre ingesluit het) met die 'Wierookroete' noordwaarts op 'n goed beskermde roete met gemaklike skofte vervoer het. Die gebruik van donkies of muile op hierdie roete, het die grawe van waterputte en die voorsiening van rushaltes langs die roete, genoodsaak (Groom 1981:36). Dit is moontlik dat karavane gedurende dié periode voor die domestisering van kamele, slegs vanaf die Noorde van Arabië noordwaarts vertrek het en nie

⁸¹ 68 – 91 Kilogram.

vanaf die Suid soos algemeen aanvaar word nie (Groom 1981:36). In dié verband is Groom (1981:36) van mening dat die karavane eers ná die ingebruikneming van kamele as pakkdiere, vanaf Shabwah in Suid-Arabië vertrek het.

Donkiekaravane was so laat as die Riggerstydperk steeds aktief in gebruik in sommige gebiede van Palestina (Rgt. 5; 6; 7; 10 en 12). In die verband vermeld Riggers 10:4 van die rigter Jaïr wat 30 seuns gehad het wat elkeen op 'n jong donkie gery het en 30 dorpe besit het, iets wat moontlik daarop dui dat donkies tot 'n persoon se status en rykdom bygedra het. Vanaf die negentiende eeu v.C. het donkies in belangrikheid afgeneem, toe dit geleidelik deur muile wat baie sterker was, vervang was (Albright 1961:43). Ná die ingebruikneming van kamele in woestynggebiede, was donkies egter steeds in Suidwestelike Asië as pakkdiere gebruik (Albright 1961:43).

4.8 BETAALMIDDELE, MATE EN GEWIGTE

4.8.1 Betaalmiddele

Geld het destyds min waarde gehad buite die land waar dit gemunt was (Erikson 1969:24). Gevolglik het geld aanvanklik geen rol in die ekonomie gespeel nie. In die afwesigheid van munte het vasgestelde gewigte in silwer (die talent, mina en sikkil) die waarde van 'n transaksie in Palestina bepaal en die verhandeling van goedere gefasiliteer (Caldwell & Gyles 1966:58). Dit word gestaaf deur Wenamon se silwer en goud wat in Dor gesteel was toe sy reis daar vertrap was (sien 2.7.2.3).

Inligting oor betaalmiddele en die pryse van handelware word nie deur die Hebreeuse Bybel of ander geskrewe dokumente verskaf nie. Die *Beni Hasanmuurskildery* verskaf ook geen inligting in die verband nie. Husein (1986:114, 117) beweer dat die prys van handelware gewoonlik deur die wet van aanbod en aanvraag bepaal was. Geldwisselaars soos diegene by die tempel wie se tafels en stoele Jesus omgegooi het (Mt. 21:12; Mk. 11:15), sou later aanleiding tot die ontstaan van banke gegee het.

‘n Vonds van silwer en *Hacksilber* (goudstaaf) wat in ‘n erdehouer by Tel Migne in Ekron gevind is, bied ‘n blik op destyds se monetêre stelsel (King & Stager 2001:175) (sien Fig. 4.12 en Fig. 4.13).



Fig. 4.12 Hacksilber⁸²



Fig. 4.13 Geweegde silwerstukke⁸³

Verskeie gewigte van klip met ‘n nommer of inskripsie in verskillende vorms uit die sesde of sewende eeu v.C., is op talle plekke in Judea gevind (Stern 2001:189-190). Koper gewigte waarvan die gewig aangedui is, is in Jerusalem gevind. Samaria en die nabygeleë grot by Wadi-Daliyeh het ‘n paar honderd klein silwer munte opgelewer (Stern 2001:569).

Vir elke transaksie was silwer in klein stukkies afgebreek en geweeg (Snell 2008:626) (sien Fig. 4.12 en Fig. 4.13). Dor, langs die Fenisiese kus, het volgens Stern (1998:48) byvoorbeeld ‘n vonds van 19 pond⁸⁴ silwerstukke in ‘n kruik opgelewer.⁸⁵ Hierdie 3000 jaar oue kruik met silwerstukke dateer vermoedelik uit die elfde tot tiende eeu v.C. – die Rigterstydperk (Stern 1998:48), vermoedelik dieselfde tyd toe Wenamon se geld gesteel was. Die inhoud van die kruik wat in 19 sakke met dieselfde kleiseël verseël was, het vermoedelik aan dieselfde persoon behoort, moontlik ‘n welvarende handelaar, iets wat daarop dui dat daar wel welvarende handelaars was. Later sou betaling deur die verhandeling van koper of goue gewigte in die vorm van ringe wat op ‘n desimale sisteem gebaseer was, geskied (Caldwell & Gyles 1966:78).

⁸² King & Stager (2001:175).

⁸³ King & Stager (2001:175).

⁸⁴ 8.5 Kilogram.

⁸⁵ Volgens Professor M le Roux van Unisa is hierdie kruik met silwerstukke onder andere deur Unisa studente en vrywilligers tydens opgrawings ontdek.

In Egipte was handel deur middel van handelaars soos die Semitiese handelaars wat by Beni Hasan uitgebeeld word, bedryf. Dat ruilhandel in Egipte aan die orde van die dag was, blyk uit die ingewikkelde stelsel van vergelykende waarde waar 'n landbouprodukt in terme van ander artikels of produkte geruil kon word (Manchip White 1970:124). 'n Voorbeeld hiervan was 'n koei wat vir 'n aanvaarbare gewig in graan of vlas verruil kon word. Munte in Egipte was slegs vanaf die Persiese periode (*circa* 538 – 323 v.C.) in gebruik geneem toe die silwer sikkels met 'n afbeelding van Koning Darius daarop verskyn het (Manchip White 1970:124).

4.8.2 Mate- en gewigte

Die metrologiese sisteem (mate en gewigsleer) van die antieke wêreld was nie 'n akkurate sisteem nie omdat oneerlikheid die sisteem ten grondslag gelê en amptelike voorskrifte in die verband ontbreek het (King & Stager 2001:195). Volgens Hopkins (2000:1325) dui argeologiese ontdekkings in die vorm van standaard gewigte, wel op 'n ontwikkelde kommersiële ekonomie in Judea tydens die Laat Yster II tydperk (*circa* 700 v.C.). Droë produkte was normaalweg op 'n balanseerskaal afgemete met die goedere aan die een kant en gewigte aan die ander kant (Borowski 2003:56). Skaalpanne van brons wat by En-gedi en Megiddo gevind is, dui daarop dat hierdie gewigte gebruik was om handelsware op skale te balanseer (Hopkins 2000:1325).

Soos blyk uit 'n Mosaïese wet wat oneerlikheid verbied het (Dt. 25:13-15), was wanpraktyke in handel aan die orde van die dag. Beide Amos 9:4-8 en Miga 6:10 het hierdie praktyk jare later ten sterkste veroordeel. Hoewel beide die Kode van Hammurabi (*circa* 1792 v.C.),⁸⁶ sowel as Deuteronomium 25:13 handelaars gemaak het om eerlik te wees en die streng voorskrifte ten opsigte van mate en gewigte in handel wat daar gestel was, te eerbiedig, blyk dit uit argeologiese getuienis dat handelaars dit nie getrou nagekom het nie. Hierdie tendens word gestaaf deur argeologiese getuienis in die vorm van twee stelsel gewigte wat onder handelaars se toonbanke gevind is – 'n stel swaar gewigte vir aankope en 'n stel ligte gewigte vir verkope (Hs. 12:8-9). Dat oneerlikheid ten opsigte van handelspraktyke soos foutiewe skale en gewigte in die 'Israelitiese' samelewing aan die orde van die dag was, blyk uit God se vermanings en afsku daarvan soos blyk uit Levitikus 19:36 en Spreuke 20:23. Om die

⁸⁶ 'n Wetlike kode wat betrekking op kriminele en siviele aangeleenthede ten opsigte van handel, gehad het. <https://www.dictionary.com/browse/code-of-hammurabi> (Geraadpleeg 18 Desember 2018).

gewig van handelsware te bepaal, het handelaars 'n sak met 'n skaal en standaard gewigte gedra (Dt. 25:13) wat blykbaar aan hul gordels vasgemaak was. Edersheim (1994:192) beweer dat grootmaat-handelaars verplig was om hul gewigte een keer per maand en kleinhandelaars hul gewigte, twee keer per week te was, terwyl skale na elke gebruik afgevee moes word.

Dit is nie duidelik of hierdie voorskrifte getrou nagekom was nie. Inskripsies wat die gewig aandui, was eers vanaf die agste eeu v.C. in gebruik geneem (King & Stager 2001:197). Gewigte met beide Aramese en Assiriese inskripsies is in Assirië gevind (Watterson 1991:37), moontlik omdat Aramees destyds die omgangstaal van handel was (2 Kn. 18:26; Breasted 1944:265). Koepelvormige klippe waarvan sommige se gewig daarop gegraveer was en by sommige Filistynse terreine gevind was, dui op die wedersydse aanvaarding daarvan as die standaard gewigstelsel van die streek (Hopkins 2000:1325). Die sewe stelle klein gewigte wat aan boord die *Uluburunwrak* (circa 1400 v.C.) gevind was, was moontlik vir die weeg van klein hoeveelhede waardevolle kommoditeite soos silwer, goud of speserye gebruik (Pulak 1998:210). Hierdie Fenisiese handelskip was waarskynlik namens die Egiptenare, moontlik deur die Farao bedryf.

4.9 DOEL VAN DIE BESOEK

Dit is steeds nie duidelik wat presies in die *Beni Hasanmuurskildery* uitgebeeld word nie, maar soos reeds gemeld, in die hofskrywer Neferhotep se dokument (sien Fig. 2.4) was die belangrikste doel van die Beni Hasanhandelaars se besoek aan Khnum-hotep II, om oogverf aan hom te oorhandig. Die dokument vermeld ongelukkig nie of die oogverf as 'n geskenk gebring was en of dit 'n bestelling vir oogverf was wat afgelewer moes word nie. Daar word ook nie melding gemaak waar dit gemyn was, wat die doel of kwaliteit daarvan was nie, wat die hoeveelheid was of waarin dit verpak was nie. Daar kan egter aanvaar word dat die kwaliteit van die oogverf wat vir die goewerneur gebring was, van die beste beskikbare kwaliteit was, aangesien die goewerneur tot die elite behoort het.

Die moontlikheid dat die handelaars dalk handelskonsessies vir die myn van malagieterts vir die verkryging van groen oogverf wou verkry, kan ook nie buite rekening gelaat word nie. Fagan (1980:253) is egter van mening dat winsmotief moontlik die primêre motivering vir

die handelaars se besoek was. In hierdie verband maak Fletcher (1999:13) melding van parfuumhandelaars wat tot 100% wins op sekere produkte gemaak het. Nog 'n oorweging was moontlik om in die elite se behoefte aan luukse produkte soos oogverf en duursame tekstielware te voorsien. Tesame hiermee was die voorsiening van grondstowwe soos minerale-erts vir die vervaardiging van oogverf, asook die vervaardiging (en moontlik verkope) van blaasbalke, wapens en musiekinstrumente, ook belangrike oorwegings.

4.10 GEVOLGTREKKING

Danksy die *Beni Hasanskildery* het ons 'n beter idee van die Semitiese handelaars, hul handels- en ander aktiwiteite. Beskikbare inligting dui daarop dat handeldryf nie in isolasie plaasgevind het nie, maar dat die invloed daarvan op baie vlakke van die samelewing waarneembaar was.

4.10.1 Status en identiteit van die Beni Hasanhandelaars

Hierdie hoofstuk beklemtoon weereens die hoë aansien en status van die Beni Hasanhandelaars en dit in die lig van vroeëre, negatiewe en minderwaardige wyse waarop Egiptenare buitelanders, veral na Semiete verwys en uitgebeeld het. Dit blyk onder andere uit die fier, trotse en regop houding van die besoekers en die wyse waarop Egiptiese kunstenaars hulle uitgebeeld het. Uit die uitbeelding kan die afleiding gemaak word dat die Egiptenare, om verskillende redes tot 'n nuwe siening van Semiete gekom het en hulle dienooreenkomstig uitgebeeld het.

Die akkurate en kleurvolle uitbeelding van die handelsgeselskap het moontlik daartoe aanleiding gegee dat hulle as welvarend en vooraanstaande besoekers beskou was. Die duursame kleurvolle drag van veral die vroue het waarskynlik getuig van hul spin- en weefvaardighede. Dit geld veral vir die wyse waarop Ibsha se ampsgewaad as baie duursaam, weelderig, maar ook koninklik uitgebeeld is. Die gooistok of staf wat uitgebeeld word, was ook 'n statussimbool om die koninklike afkoms van Ibsha aan te dui. Die feit dat Ibsha en sy assistent die goewerneur met kaal voete genader en daardeur getoon het dat hulle respek betoon en op hoogte van handelsprotokol was, het moontlik bygedra tot die positiewe uitbeelding van die 'buitelanders'.

Ten spyte van die Hebreuse Bybel se negatiewe siening van handelaars, beeld die *Beni Hasanmuurskildery* handelaars in 'n positiewe lig en hoog aangeskrewe uit. Die tipe handels- en ander items wat in die *skildery* uitgebeeld word en aktiwiteite wat moontlik daaruit voortgespruit het, soos die moontlike myn van kopererts vir die vervaardiging van oogverf, die maak van musiekinstrumente en wapens sluit myns insiens aan by die profiel van mense soos die afstammeling van Jabal en Jubal wat in Genesis 4:19-22 beskryf word.

4.10.2 Mynbou

Die blaasbalke in die *Beni Hasanskildery* gee die indruk dat mynbou reeds op hierdie tydstip 'n belangrike ekonomiese aktiwiteit was. Dit dui daarop dat mense tegnologies toe reeds verder gevorderd was as wat vroeër vermoed was. Mynbou was gewoonlik die domein waar metaalsmeewerkers aktief was. Dat die stamvaders van Semiete uitstekende metaalsmeewerkers van beroep was, blyk uit Genesis 4:19-22 en ander verse. Dit verklaar moontlik waarom Kaïn se nageslag, by name die Midianiete, Keniete en Rekabiete, later so aktief in die ertsdraende gebied van Sinaï bedrywig was (Mondriaan 2010:320). 2 Konings 24:6 vermeld dat die koning van Babel destyds 1000 Semitiese metaalsmeewerkers na Babilonië as oorlogsbuit weggevoer het, soos reeds voorheen vermeld.

Uit beskikbare inligting wil dit voorkom asof Egiptenare tegnologies nie so gevorderd op die gebied van metaalsmeewerk en mynbou as die bewoners van die Levant was nie. Dit het moontlik ook bygedra tot die Egiptenare se hoë agting vir die Beni Hasanhandelaars en die respekvolle behandeling wat hulle ontvang het.

Die moontlikheid bestaan daarom dat die handelaars wat vir hul uitgebreide tegnologiese kennis en vaardighede bekend was, deur die Faraos gekontrakteer was om te help met die uitbou van die mynwese en die ontginning van malagieterts om in 'n volhoubare voorraad van groen oogverf in Egipte te voorsien. So 'n onderneming kon moontlik die Egiptiese skatkis versterk of dalk tot die Faraos se rykdom bygedra het. Die moontlikheid dat die reisende Semitiese handelaars van Beni Hasan met hul draagbare blaasbalke in hierdie behoefte kon voorsien, moet daarom nie buite rekening gelaat word nie. Tuis in Sinaï sou die handelaars moontlik die groter, swaarder tipe pot- of skottelblaasbalke gebruik het vir die grootmaat giet van wapens en musiekinstrumente. Die wapens het moontlik pylpunte, spiese,

swaarde, dolke en strydbyle ingesluit – sommige wat nie in Egipte bekend of gebruik is nie. Op die gebied van musiek, het die handelaars moontlik blaasinstrumente soos fluite, trompette en snaarinstrumente soos liere, sifers en luite asook tamboeryne vervaardig, artikels wat die Egiptenare moontlik nie self kon vervaardig nie.

4.10.3 Handelsitems

Uit die *Beni Hasanskildery* kan die afleiding gemaak word dat die Semitiese handelaars moontlik nie net in *oogverf* handel gedryf het nie, maar ook in verskeie ander handelsitems soos blaasbalke, wapens, musiekinstrumente en tekstiele gespesialiseer het. Veral op die gebied van oogverf was die handelaars se rol van onskatbare waarde vir Egiptenare, aangesien hulle moontlik by die ontginning en vervoer van oogverf betrokke kon wees of Egipte moontlik op 'n permanente basis van oogverf kon voorsien.

Soos hierbo genoem, kon die twee ligte tipe *blaasbalke* van vel wat deur die donkies vervoer was, moontlik 'n aanduiding wees dat die handelaars in alle waarskynlikheid 'n nomadiese familiegroep onder 'n gekose stamleier was wat 'n bestaan as reisende metaalwerkers gevoer het. Dit versterk ook die gedagte dat hulle moontlik 'n soortgelyke groep soos die Keniete of Midianiete was wat tydelik by die ontginning van kopererts en/of die vervaardiging van koperartikels in die Negev- en Sinaiï-woestyne betrokke was. Niks in die *Beni Hasanskildery* dui daarop dat die geselskap hulle in Egipte wou vestig nie.

Om hul produkte soos oogverf, blaasbalke, musiekinstrumente of wapens van die hand te sit, was hulle verplig om na Egipte, wat die vooruitsig van 'n potensiële groot afsetgebied ingehou het, te reis. Die moontlikheid bestaan dat hulle van hul handelsitems langs die pad van die hand gesit of bekendgestel het en nie net in Menat-Khufu nie. Met hul musiekinstrumente kon hulle saans by oornagplekke hul tradisionele verhale met sang en musiek, in herinnering te roep.

Op metallurgiese gebied het die handelaars moontlik die gevorderde wapentuig van die ou Nabye Ooste in Egipte bekendgestel. Die talle nomadiese stamme van ystersmede soos die Keniete en Midianiete wat later in die Sinaiï- en Negev-woestyne geswerf en 'n bestaan as nomadiese metaalwerkers gevoer het (Mondriaan 2010:320), kon moontlik hierdie tipe

artikels voorsien. Dit is ook moontlik dat hulle Egipte van dieselfde gevorderde wapentuig wat in die ou Nabye Ooste in gebruik was, kon voorsien. Veral die feit dat Egipte dikwels in oorloë betrokke was, het die belofte van 'n groot afsetgebied vir moontlike wapenverkope ingehou, by name hul nuutste gevorderde eendbekstrydbyl waarmee die agterste wag in die *muurskildery* uitgebeeld is en wat op daardie stadium in Egipte onbekend was.

Selfs die verkope van duursame tekstielware het die moontlikheid van wins ingehou, aangesien die helderkleurige materiaal wat so kenmerkend van die Semiete was, moontlik baie gewild in Egipte kon word. Dit is ook moontlik dat die handelaars as metaalwerkers 'n reuse bydrae tot die uitbreiding van die Egiptiese musiekbedryf gelewer het, deur die eerste Kanaänitiese lier in Egipte bekend te stel. In dié verband kon die afstammeling van Jubal (Gn. 4:21) wat in die Sinai met metaalsmeewerk bedrywig was, in Egipte se behoefte aan musiekinstrumente, wat so kenmerkend van hul bankette en feeste was, voorsien en so die musiekkultuur in Egipte bevorder het.

4.10.4 Die belangrikheid van donkies

Die belangrike rol wat donkies in die vervoerbedryf gedurende die negentiende eeu v.C. gespeel het, veral wat die uitbreiding van handel betref, moet nie onderskat word nie. Dit blyk uit die uitbeelding van die twee donkies in die *Beni Hasanmuurskildery*. Donkies het sedert die vroegste tye 'n noodsaaklike rol op verskeie terreine gespeel. *Tekste* wat uit die sewentiende eeu v.C. dateer en in Mari gevind is, dui daarop dat donkies destyds as die mees geskikte rydiere vir koninklikes beskou was. Dit blyk ook uit 'n fresko van die koningin van Puntland wie se donkie op die tempelmuur by Deir el-Bahari uitgebeeld word (Cansdale 1983a:162).

Dat koninklikes van donkies as vervoermiddel gebruik gemaak het, blyk uit die twee klein kinders wat in 'n rugsak op die voorste donkie se rug vervoer was (sien Fig. 2.3). Dit blyk vir Egiptenare 'n nuwe metode van vervoer te wees, aangesien donkies tot op daardie stadium in Egipte net vir landboudoeleindes aangewend was. Kamrin (2009:29) beskou die twee klein kinders as twee prinse wat na Egipte vervoer was om hul opvoeding aan die Egiptiese hof te ontvang, terwyl die jong seun moontlik ook 'n prins was wat aan 'n elite wag verbonde was. In die omgewing van die Negev- en Sinai-woestyne het donkies 'n noodsaaklike rol vervul

deur die kopererts vanaf die myne na die hoofsentrum by Arad te vervoer (Beit-Arieh 1984:22). Veral op handelsgebied het donkies moontlik hul belangrikste en mees noodsaaklike rol vervul deur as vervoermiddel gebruik te word vir die vervoer van handelsware en minerale ertse oor sowel plaaslike as internasionale handelsroetes. Die nuttigheid van donkies blyk uit die feit dat hulle na vier millennia steeds 'n noodsaaklike en nuttige rol in talle gemeenskappe en volke vervul. Die feit dat daar op persone wat donkies hanteer het, neergesien is, is 'n aanduiding dat daar reeds gedurende die premonargale tye klasse stratifikasie was.

4.10.5 Die impak van handel

Dit blyk vandag dat handel sedert die vroegste tye 'n groot impak op talle terreine van sekere samelewings van weleer gehad het. Handel het daartoe aanleiding gegee dat voorheen afgeleë en onbekende plekke deel van die internasionale hoofstroom ekonomie geword het soos plekke in Sinaï en Skeba. Danksy handel het sommige stede soos Petra (antieke Racmu) en Palmera wat op belangrike handelsroetes geleë was, ongekende voorspoed beleef. Dieselfde geld vir diegene wat in sekere handelsprodukte gespesialiseer het, soos inwoners van die kusstede van die Levant wat purper materiaal geproduseer het. Hoewel dit wil voorkom asof daar nooit 'n veilige of geskikte periode vir handeldryf was nie, het handel steeds in omvang en belangrikheid toegeneem. Handelaars soos die Beni Hasanhandelaars, het moontlik daartoe bygedra dat die vervoerwese deur die eeue ontwikkel het tot 'n magtige en omvangryke industrie wat vandag steeds relevant is.

HOOFSTUK VYF

GEBRUIKE, SAMESTELLING EN GEOGRAFIESE OORSPRONG VAN OOGVERF

5.1 INLEIDING

Argeologiese getuienis dui daarop dat die gebruik van oogverf (Hebreeus *pûk*) so ver as prehistoriese tye terugdateer (Forbes 1965:17). Dit verklaar moontlik die gebruik van oogverf deur die Semitiese handelaars wat in die *Beni Hasanmuurskildery* uitgebeeld is (sien Fig. 2.3), asook die feit dat hulle moontlik daarin handel gedryf het.

Dat oogverf destyds reeds gewild was, blyk uit die groot getal oogverfhouers wat wydverspreid in Palestina, Egipte en ander ou Nabye Oosterse lande soos Assirië, Sumerië en Mesopotamië gevind is. Die gewildheid en kosbare aard van oogverf was dalk die rede waarom die Beni Hasanhandelaars dit as welwillendheidsgeskenk aan goewerneur Khnum-hotep II oorhandig het (vgl. 2.7.2). Versiering van die menslike liggaam met verskillende verfkleure blyk daarom van die mens se vroegste kulturele praktyke te wees (Forbes 1965:1).

Na aanleiding van inligting wat uit die *Beni Hasanskildery* verkry is, doen hierdie hoofstuk 'n *meer in diepte ondersoek* na die redes waarom die handelaars oogverf vir Khnum-hotep II gebring het, sowel as die verskillende gebruike daarvan deur die Egiptenare. Ondersoek sal gedoen word na die chemiese samestelling van die verskillende soorte oogverf, die moontlike geografiese oorsprong van verskillende soorte oogverf, asook die wyse waarop dit na die verbruikers vervoer was. Dit behoort 'n aanduiding te gee waar die handelaars dit moontlik in die hande gekry het en sodoende dalk iets meer van die identiteit van die handelaars te wete bring.

Hierdie hoofstuk sal poog word om die volgende vrae te beantwoord:

- Kan argeologie 'n bydrae lewer om lig te werp op die proto-Israeliete en Egiptenare se skoonheidskulture?

- Watter grondstowwe vir die vervaardiging van oogverf en ander skoonheidsmiddels is ter sprake en waar het dit vandaan gekom?
- Watter wyses van vervoer en handelsroetes was ter sprake?
- Kan mariene-argeologie 'n bydrae lewer?
- Vir watter doeleindes was oogverf gebruik?

Van besondere belang vir hierdie hoofstuk is primêre bronne soos die *Leyden* en *Eybers papiiri* wat 'n magdom inligting oor die mediese en ander gebruike van oogverf bevat, asook resepte wat dit in dié verband verskaf. Hoewel argeologiese en tekstuele getuienis daarop dui dat die Egiptenare en die bewoners van ander ou Nabye Oosterse lande soos die Mesopotamiërs en Sumeriërs oogverf gebruik het, is die doel van die hoofstuk om meer te wete te kom van die gebruik daarvan deur ander Semiete en die handelaars se betrokkenheid en aktiwiteite in die verkryging, vervaardiging en verspreiding van oogverf en ander produkte.

5.2 GEBRUIKE VAN OOGVERF

Die feit dat die Semitiese handelaars oogverf waarskynlik as 'n welwillendheidsgeskenk aanbied, laat 'n mens wonder waarom dit so gewild was (sien 2.7.2.2 en 2.7.2.3). Moontlik kan die gewildheid van oogverf toegeskryf word aan die talle doeleindes waarvoor spesifiek Egiptenare, dit gebruik het. Aanvanklik was roet en as ook in die plek van verwe gebruik om die voorkoms van die gesig en liggaam vir jag en oorlogsdoeleindes te kamoefleer (Draeos 2001:175). In primitiewe gemeenskappe was die doel hiervan om die vyand te intimideer, om rang en posisie in die gemeenskap aan te dui en om in puberteitsrituele te gebruik (Yarwood 1978:113). Die latere gewildheid en wydverspreide gebruik van verf om die oë en gesig te versier, kan moontlik na hierdie antieke gebruike teruggevoer word. Oogverf sou later as 'n veeldoelige, gesogte en selfs noodsaaklike skoonheidsmiddel ontwikkel wat wydverspreid gebruik en aangewend was.

5.2.1 Magies-religieuse gebruike van oogverf

In Egipte was oogverf en ander skoonheidsmiddels nie net vir estetiese redes gebruik nie, maar ook vir die mediese, magiese en religieuse voordele waaroor dit beskik het (El-Kilaney

& Raof 2017:2). Vir die genesing van oogsiektes het Egiptenare oogverf aangewend, pleidooie tot die gode gerig en magiese rituele uitgevoer (Nunn 1996:136). Dawson (1964:19) is van mening dat die oorsprong van die mediese wetenskap in ‘toorkuns’ gesetel was. Juis om hierdie rede bestaan daar vandag geen twyfel dat die oorsprong van medisyne na toorkuns teruggevoer kan word nie; dat die eerste sogenaamde ‘dokters’ towenaars⁸⁷ was, terwyl die eerste mediese behandelings, magiese rites ingesluit het (Dawson 1964:19). Die intieme verhouding tussen toorkuns en godsdiens word geïllustreer deur die feit dat die eerste ‘towenaars’ van wie ons kennis dra, priesters was (Dawson 1964:20). Dit is juis van betekenis dat die funksies van priesters dwarsdeur Egipte se geskiedenis, magies van aard was (Dawson 1964:20). Moontlik was dit die rede waarom die aanvanklike gebruik van oogverf magies-religieus van aard was.

Die *modus operandi* van towenaars was gewoonlik tweeledig van aard (Dawson 1964:31). Dit het die uitspreek van towerspreuke sowel as fisiese handelings soos die toediening van medikasie ingesluit – soos blyk uit die *Leyden Papyrus* waar gepoog word om ‘n blinde seun se sig te herstel. Uit Egiptiese mediese manuskripte (soos die *Leyden Papyrus*) kan afgelei word dat die gebruik van oogverf ‘n persoon onder die mag van die god Horus, ook bekend as Ra⁸⁸ geplaas het (soos Khnum-hotep II na sy dood). Veral Egiptenare, Assiriërs en Mesopotamiërs het aan die genesingskrag van towerrituele geglo.

Egiptenare het onder die indruk verkeer dat *groen oogverf* psigiese beskerming teen bose geeste verleen het deur die draer onder die beskerming van Hathor (godin van liefde en vrugbaarheid) te plaas wat hom/haar teen verskeie siektes sou beskerm.⁸⁹ Groen was as die kleur vir herlewing en regenerasie beskou, terwyl dit ook simbolies van gesondheid en geluk was.

⁸⁷ Vandag word daar in pre-industriële gemeenskappe verkieslik na ‘tradisionele dokters’ verwys, maar die woord ‘towenaars’ word steeds in geraadpleegde bronne gebruik.

⁸⁸ Oë het ‘n belangrike rol in die Egiptiese mitologie gespeel (Selin 2003:33). Die songod Ra – ook bekend as Horus was die belangrikste god in Egipte en was altyd in die vorm van ‘n mens met die kop van ‘n valk uitgebeeld. Horus se oog was deur sy jaloerse broer Set gesteel, waarna sy moeder – die godin Isis sy oog gesoek en terugbesorg het en dit deur die god Thoth herstel is (Selin 2003:33). Horus was die beskermmer van die monargie en was altyd met die sonskyf uitgebeeld. Hy was die seun van Isis en Osiris wat die god van die doderyk was. Egiptiese konings het hulself met Horus vereenselwig (Casson 1965:72, 184). In die Egiptiese psige was Horus altyd met mag en beskerming geassosieer. Egiptenare het geglo dat Ra elke aand deur die hemelgodin Nut ingesluk word, waarna hy in die môre weer hergebore word.

⁸⁹ <https://news.nationalgeographic.com/news/2010/01/100114-cleopatra-eye-make-up-ancient-egyptians> (Geraadpleeg 12 Maart 2016).

Moontlik vir hierdie rede het Egiptiese vroue groen oogverf aan hul pasgebore babas se oë gesmeer in die geloof dat dit die kind se oë sal ‘versterk’ en hulle teen die gevare van die ‘bose oog’ sou beskerm (Draelos 2015a:267).⁹⁰

In die Egiptiese mitologie was Ra en Horus een god wat op twee verskillende wyses uitgebeeld is en verskillende funksies vervul het (sien Fig. 5.1 en Fig. 5.2).



Fig. 5.1 Horus⁹¹



Fig. 5.2 Ra⁹²

Vir die doel van hierdie studie is dit dus belangrik om te weet of groen oogverf in Egipte beskikbaar was en of dit dalk dié soort was wat die handelaars aan Khnum-hotep II oorhandig het. Dit sou sin maak in die lig van die konteks (graftombe) waarin die *muurskildery* geplaas is – die oogverf plaas hom onder die beskerming en mag van Horus – ook in die lewe hierna. Daar is selfs geglo dat oogverf die hare op die wimpers sou laat groei (Hallmann 2004:69).

Afgesien van bygelowigheid het die siening dat oogverf jou teen gevare beskerm, moonlik op onkunde berus. Om hul gesondheid en welstand in hierdie lewe, sowel as die hiernamaals te verseker, het Egiptenare van alle klasse behalwe oogverf, ook amulette vir beskerming gedra (Halioua & Ziskind 2005:28).

⁹⁰ In antieke tye was groen oogverf nie net vir versiering gebruik nie, maar ook omdat mense geglo het dat dit oor magiese eienskappe beskik het wat beskerming aan die kind sou verleen teen die aanslae van die ‘bose oog’. Dit was ook vir die mediese voordele wat dit ingehou het gebruik (Draelos 2014a:267). Groen oogverf is veral gebruik omdat dit vermoedelik oor saamtrekkende en anti-bakteriese eienskappe beskik het.

⁹¹ <https://en.wikipedia.org/wiki/Horus> (Gedateer 1 Februarie 2019).

⁹² <https://en.wikipedia.org/wiki/Ra> (Gedateer 1 Februarie 2019).

Amulette was volgens Odendal *et al* (1991:47) voorwerpe wat ook gebruik was om die skadelike invloed van geeste af te weer of as voorbehoedmiddel teen siektes, ongelukke, ensovoorts te dien (sien Fig. 5.3).



Fig. 5.3 Verskeidenheid Egiptiese amulette⁹³

In die Egiptiese psige was die omlýning van hul oë op die vel as ‘n beskermende amulet beskou wat nie verloor of verlê kon word nie. Die groot getal amulette wat uit antieke tye dateer en in grafte in Egipte gevind is, getuig van die gewildheid daarvan. Moontlik kan hierdie gewildheid toegeskryf word aan die feit dat hulle geglo het dat dit, afgesien van magiese doeleindes soos die bewaring en beskerming van die persoon, die liggaam ook na die dood sou bewaar en beskerm (Nunn 1996:110).

Halioua & Ziskind (2005:26) wys daarop dat Egiptiese dokters reeds 4000 jaar gelede die belangrikheid van ‘n pasiënt se geestestoestand in die bekamping van siektes begryp het. Mesopotamiese geneeshere was ook bewus van die psigosomatiese aard van siektes, veral as dit deur bekommernisse of skuldgevoelens veroorsaak was (Bertman 2003:307). Egiptiese dokters het vanweë hul geleerdheid en wetenskaplike opleiding hoë aansien onder die bevolking geniet en kon daarom op toordery terugval as mediese behandeling misluk het. Omdat Egiptenare baie van hul kwale en siektes aan bose geeste of demone toegedig het, het hulle toorkuns aanvanklik as die beste kuur beskou om dit teen te werk en het daarom ook die genesing van siektes met toordery geassosieer. In die lig hiervan het mense ook op die dienste van spiritiste⁹⁴ staatgemaak vir genesing van hul siektes (Bertman 2003:306). Spiritiste het as mediums tussen die geeste van afgestorwenes en die siekes opgetree om genesing te verkry.

⁹³ Halioua & Ziskind (2005:54).

⁹⁴ Persone wat glo dat die geeste van afgestorwenes in verbinding kan tree met lewendes deur middel van ‘n medium (Odendal *et al* 1991:1044).

Omdat oogverf oënskynlik oor toorkrag beskik het, het dit in Egipte deel van sulke genesingsprosesse uitgemaak. Soos blyk uit die *Leyden Papyrus* kon towerspreuke en medikasie gelyktydig gebruik word om siektes te beveg (James 1979:127) (sien Fig. 5.4).



Fig. 5.4 *Leyden Papyrus*⁹⁵

Die *Leyden Papyrus* (Kol. II) beskryf hoe gepoog word om die sig van ‘n jong blinde seun te herstel. Die seun kyk afwaarts in ‘n bak met olie waarin die god van duisternis, Souchos (Grieks vir Sobek) vermoedelik vertoef. Terwyl die olie-ritueel plaasvind, word hulp van verskeie ander gode deur middel van towerspreuke aangeroop. Terselfdertyd word herhalings en oproepe op goddelike ingrepe gedoen deur die gode van die afgrond, die Farao (*Leyden Papyrus*, Kol. I), ‘n verskeidenheid gode van Egipte soos Osiris in die Neshemeboot, Anubis, Horus en ander (*Leyden Papyrus*, Kol. II) se hulp in te roep. Tussendeur word oogverf aan die seun se oë gesmeer (*Leyden Papyrus*, Kol. XXIX) om sy blindheid te genees. Selfs beloftes van wyn en brood was gemaak om die guns van die gode te wen (*Leyden Papyrus*, Kol. III). Hierdie ritueel dui op Egiptenare se vertroue in skoonheidsmiddels soos oogverf wat oor magiese kragte beskik het en in toorkuns as geneesmiddels (*Leyden Papyrus* Kol. XXVII). Die papyrus versuim egter om te meld of die seun sy sig herwin het, of nie.

Anders as die Egiptenare en omringende volke soos die Assiriërs en Mesopotamiërs wat oogverf aanvanklik vir die towerkragte waaroor dit beskik, gebruik het, is dit nie duidelik of die proto-Israeliete hierdie praktyke nagevolg het nie.

⁹⁵ https://en.wikipedia.org/wiki/Leyden_papyrus_X (Geraadpleeg 1 Februarie 2019).

5.2.2 Kultiese gebruike van oogverf

In die tempels van Egipte het die daaglikse versiering van die panteon van afgodsbeelde met oogverf, deel van die kultiese ritueel uitgemaak (Manniche 1999:137). Die doel hiervan was om die gode te behaag, te laat ontwaak, of om as simboliese offergawes te dien.⁹⁶ In die Egiptiese kultus was dit selfs gebruiklik dat koeie wat vir rituele slagting voorberei was, met oogverf versier moes wees. ‘n *Tempelreliëf* uit die Vyfde Dinastie van Koning Sahure (*circa* 2494 – 2345 v.C.), beeld ‘n groep koeie uit waarvan die oë deur vroulike tempelpersoneel met oogverf versier was, ter voorbereiding vir hul rituele slagting (Manniche 1999:137). In Egipte was dit selfs die gebruik dat afgode wat die vorm van ‘n koei gehad het, se oë met oogverf versier moes wees (Manniche 1999:137).

Hierdie rituele was in skerp kontras met die voorskrifte van die priesters wat baie jare later, daaglikse godsdienstrituele in die tempel in Jerusalem moes uitvoer. Soos afgelei uit Ou Testamentiese verhale, het die ‘aartsvaders’ diere geoffer (sover bekend, sonder oogverf), soos blyk uit die verhaal van Abraham wat sy seun Isak moes offer (Gn. 22:13). Olies het blykbaar ook as offergawe gedien, volgens die verhaal van Jakob by Bet-El (Gn. 28:18-19). Uit latere profetiese uitsprake wil dit voorkom asof die Israëliete hierdie wette gereeld oortree het (Dt. 5:7-9; Eks. 3-5). Wierook is in die tent van samekoms in die woestyn geoffer (Lv. 2:2) om die lug te suiwer, terwyl ander offergawes soos graan ook later geoffer was (1 Kn. 8:64).

5.2.3 Mediese gebruike van oogverf

Volgens Miller (2013:3356) was Egipte destyds reeds bekend vir oogmedikasies met ‘n metaalbasis wat oor kragtige antibakteriese eienskappe beskik het. Die talle gebruike van oogverf was moontlik ‘n ander belangrike rede waarom die Semitiese handelaars oogverf vir

⁹⁶ Afgesien van skoonheidsmiddels soos oogverf wat aan die gode gesmeer was, beeld muur- en tempel-reliëfs ook uit hoe parfuim tydens godsdienstige rites aan die gode geoffer was (Wells & Billot 1981:21). Volgens ‘n klassieke tradisie was die tempels van gode altyd met die reuk van wierook gevul en het gode hulle in die aangename geur van parfuim verlustig en daarin hul teenwoordigheid aan mense bekendgemaak (Classen, Howes & Synnott 1994:45, 52).

Khnum-hotep II gebring het. Dit wil voorkom asof die ‘Israeliete’ en die Egiptenare verskillende benaderings ten opsigte van siektes en die behandeling daarvan gevolg het.

Uit sommige skrifgedeeltes blyk dit dat die Israeliete siektes as ‘n straf van God of die gevolg van hulle ongehoorsaamheid aan hul verbond met Jahwe gesien het (Dt. 28:22). Juis daarom was Jahwe deur Bybelskrywers as die enigste Geneser van siektes beskou, terwyl priesters en profete as erkende gesondheidswerkers beskou was (King & Stager 2001:77). Priesters het later wel die behandeling van een oog met oogverf vir mediese doeleindes toegelaat (*Tosefta Shabbath*, 8.33). Anders as in Egipte waar mediese dokters hoë aansien geniet het, het die mediese beroep nie hoë aansien in die ‘antieke Israelitiese’ samelewing geniet nie (King & Stager 2001:77). Eers ná die ballingskapperiode het dokters in die Israelitiese samelewing meer prominent gefigureer en was hulle meer gerespekteer. Dit is opvallend dat persone wat as dokters in Egipte gepraktiseer het, dikwels voorheen priesters van Sekhmet (godin van genesing) was (Strouhal, Vachala & Vymazalova 2014:5).

In die lig hiervan kan geneeskunde in Egipte beskou word as ‘n mengsel van godsdiens, wetenskap, toorkuns en tradisionele familiegeneesmiddels (Ruffle 1977:159). Omdat oogverf in die vorm van kohl (donkergrys/swart oogverf), malagiet (groen oogverf) en stibium oor antiseptiese en saamtrekkende eienskappe beskik het, was dit veral vir die behandeling van oogkwale gebruik (Perkin 1988:778). Uit die latere *Mishna* (Babilonian, Moed Kattan,9b) en *Talmoediese* (*Tosefta Shabbath*, 8.33) bepalinge wil dit egter voorkom asof Israelitiese vroue voorwaardelik toegelaat was om oogverf vir mediese doeleindes te gebruik (Dayagi-Mendels 1989:40), moontlik omdat oogverf ‘n belangrike bestanddeel van oogmedikasie- en salwe uitgemaak het.

5.2.3.1 Oogverf as voorkomende maatreël

In Egipte en die ou Nabye Ooste het hitte, vlieë en waaisand die gebruik van oogverf as voorkomende maatreël genoodsaak om beskadiging van die oë te voorkom (Peck 2013:59). Peck meld egter nie hoe oogverf waaisand verhoed het om die oë te beskadig nie, maar moontlik was die oogverfpoeier met gom of vet gemeng tydens aanwending (Lucas 1962: 81). Dit is dus moontlik dat die sand aan hierdie smeersels sou vaskleef en so verhoed het dat die oogwand beskadig word. Vergeleke met die Egiptenare se gevorderde aptekerswese, was

die proto-Israeliete se kennis in dié verband nog onontwikkeld (vgl. Lv. 13; 14). Egiptiese spesialiste was so goed gekwalifiseerd dat hulle ‘n kliniese diagnose en ‘n prognose kon maak, om daarvolgens ‘n gepaste behandeling voor te skryf (Halioua & Ziskind 2005:24). Anders as die proto-Israeliete, het Egiptenare destyds ook oor ‘n verskeidenheid mediese praktisyns beskik wat op net een gebied gespesialiseer het, soos oftalmoloë wat net oogkwale bestudeer en behandel het (Wilkinson 1878b:354).

Dit wil voorkom asof oogverf destyds met groot sukses aangewend was om seisoenale bakteriële ooginfeksies en epidemies te beperk of te voorkom. Hierdie epidemies het met die jaarlikse Nylvloed verband gehou omdat dit die ideale toestand vir die vermeerdering van muskiete, vlieë en bakterieë geskep het. Moontlik daarom het Egiptenare oogverf vir farmakologiese doeleindes as ‘n antiseptiese middel en ‘n insekweerder gebruik, om te voorkom dat klein vliegies oogsiektes by slapendes versprei het (Perkin 1988:778). Weens die talle periodieke oogsiekte-epidemies waaraan Egiptenare blootgestel was, is dit nie duidelik of hulle bewus was van die feit dat infeksies slegs effektief voorkom kon word, indien persone nie dieselfde oogverf of spatel⁹⁷ gebruik het nie (Miller 2013:3356). Nunn (1996:201) is ook van mening dat Egiptenare nie van die verband tussen hande was, implemente, insekte en die siektes bewus was nie. Genoemde voorsorgmaatreël het tragoom, ‘n chroniese aansteeklike bakteriële infeksie voorkom, wat die potensiële gevaar van blindheid ingehou het (Hallmann 2004:74). Tragoom was veroorsaak deur *Chlamydia trachomatis*, ‘n kiem wat deur die hande, implemente en insekte versprei was (Hallmann 2004:71). Volgens Halioua & Ziskind (2005:33) was geel oker, afgesien van versiering van die oë, ook vir die genesing van tragoom gebruik.

In sy werk *Histories* (Vol. I. Boek II. 84) beweer Herodotus dat Egiptiese dokters net toegelaat was om medikasie voor te skryf vir die siektes wat met hul opleiding verband gehou het. Daar was selfs onderskeid tussen verskillende tipes oftalmoloë getref. Halioua & Ziskind (2005:13) maak melding van ‘n *swnw irt* (dokter van die oog), ‘n *swnw irty* (dokter van oë) en ‘n *swnw seneb irty* (dokter wat twee oë genees). Blykbaar het die begrip *swnw* slegs verwys na ‘n praktisyn met min aansien wat nie verder in rang gevorder het nie. Sulke praktisyns was onder die toesig van ‘n *sehedj swnw* (inspekteur van spesialiste) wat oor ‘n

⁹⁷ Spatels was klein implementjies wat gebruik was om oogverf mee aan te wend (sien 6.6.4.4).

redelike groot geografiese gebied se dokters beheer uitgeoefen en vir die koning se gesondheid verantwoordelik was (Halioua & Ziskind 2005:16).

Sommige uiters bekwame spesialiste het wel in meer as een rigting gespesialiseer – soos byvoorbeeld Iry (*circa* 2400 v.C.) wat die *swnw irty per aa* (koninklike oogarts) en die *swnw shet per aa* (koninklike maagspesialis) was (Halioua & Ziskind 2005:17). Die titel *swnw(n)nesu* het blykbaar spesifiek na ‘n ‘dokter van die koning’ verwys, terwyl *swnw n neb tawy* na ‘n ‘dokter van die heerser van die twee lande’ (Bowe en Benede Egipte) verwys het (Nunn 1996:117). Na die dokter van die ‘koningin’ oftewel die ‘koning se vrou’ is as ‘n *swnw n per hemet nesut* verwys (Nunn 1996:178). Volgens Herodotus (*Histories* Vol. I. Boek III. I) was Egiptiese oogspesialiste destyds reeds so bekend dat Koning Kores van Persië (*circa* 600 – 529 v.C.) (vandag Iran) (2 Kr. 36:22), ‘n Egiptiese oftalmoloog na Persië laat kom het om sy oogkwaal te behandel (Jones 2010:475).

In die afwesigheid van voorkomende veiligheidsmaatreëls was veral werkers in die konstruksie-, klipkap- en metaalbedrywe baie kwesbaar vir nywerheidsongelukke (Halioua & Ziskind 2005:33). Oogspesialiste het toe reeds minder ernstige chirurgiese ingrepe op oë wat tydens nywerheidsongelukke beseer was, gedoen (Halioua & Ziskind 2005:134). Geringe ingrepe soos die verwydering van ingroeiende wimpers met behulp van ‘n klein haartangetjie was ook gedoen (Halioua & Ziskind 2005:123). Bottero, Cassin & Vercoutter (1965:163) wys daarop dat Mesopotamië destyds self oor ‘oogdokters’ beskik het wat ‘baie magtig’ was. Hierdie dokters het moontlik oor belangrike oftalmologiese kennis en vaardighede beskik en daarom groot aansien onder die bevolking geniet.

King & Stager (2001:281) beweer dat oogverf die oë teen skerp sonlig beskerm het, aangesien swart oogverf die son se glans (ultra-violet strale) geabsorbeer het. Vandag blyk dit dat oogverwe spesifiek vir verskillende oogkwale, seisoene en siektes soos konjunktivitus (ook genoem ‘pink eyes’ – inflammasie van die oogbal) wat deur vlieë (*Haemophilus aegyptiacus*) versprei was, vervaardig was. Blykbaar was sommige oogverfhouers van etikette voorsien (Miller 2013:3355), wat moontlik aangedui het vir watter oogkwaal of

tydens watter seisoen dit gebruik moes word. Die *Talmoed Shabbath*, 109a⁹⁸ vermeld dat swart oogverf as ‘oogsalf’ gebruik was omdat dit na bewering ‘die koning se dogter genees het, trane gestop en die groei van wimpers bevorder het’, hoewel geen name vermeld word nie. Dit wil voorkom asof die Semitiese handelaars in die *Beni Hasanmuurskildery* (proto-Israeliete) wel van die voordele van oogverf bewus was, aangesien hulle die kosbare geskenk kom aanbied het en omdat die karavaanlede se oë opsigtelik met oogverf versier was.

5.2.3.2 Bekamping van oogsiektes volgens die *Eybers Papyrus*

(a) Voorskrifte uit die *Eybers Papyrus*

Een van die oudste mediese papiri, die *Eybers Papyrus*, dateer uit die jaar 1500 v.C. terwyl Buckley (2012:443) van mening is dat die bronne waarop dit gebaseer is, nog 1500 jaar vroeër dateer. Dat oogverf moontlik met sukses vir oogkwale aangewend was, blyk uit die feit dat die *Eybers Papyrus* groen oogverf in 18 voorskrifte en swart oogverf in 65 voorskrifte vermeld (Hallmann 2004:70). Belangrik vir hierdie studie is die feit dat die papyrus onder andere ‘n gedeelte bevat wat net oor oogprobleme handel, bekend as ‘Die Boek van die Oë’. Om meer lig op die bekamping van oogsiektes in die *Eybers Papyrus* te werp, is die 1973 Duitse vertaling van Dr. H. Joachim gebruik (sien Fig. 5.5).



Fig. 5.5 Uittreksel uit *Eybers Papyrus*⁹⁹

⁹⁸ Heilige boek van die Jode met godsdienstige oorleweringe, sedekundige beskouings, leefreëls, ens. (Odendal *et al* 1991:1130) – circa 500 v.C.

⁹⁹ <http://www.ancientpages.com/2016/02/03/the-eybers-papyrus-most-famous-plant-medicine-encyclopedia-of-ancient-egypt> (Geraadpleeg 3 Februarie 2019).

Argeologiese getuienis in die vorm van 'n vierkantige houer wat in die Louvre Museum in Parys bewaar word (wat moontlik in vier kompartemente verdeel was) vir die stoor van oogverf, toon dat verskillende oogverwe vir verskillende seisoene gebruik was (Hallman 2004:70). Hierdie houer toon die name van verskillende seisoene op drie van die kante, terwyl die vierde kant vermeld dat dit 'oogverf vir elke dag' was.

Vir ooginfeksies waarna as 'rooi oë' (infeksie van die oogbal) verwys word, beveel die *Eybers Papyrus* (LVI) (Joachim 1973:81) 'n mengsel van natronkorrels (van Bowe Egipte) of swael, heuning, karwy- en pioenroossaad aan. Die resep meld egter nie of dit 'n salf of 'n smeersel was nie en hoe dit aangewend moet word, of hoeveel kere nie. 'n Ander resep vir vermoedelik dieselfde kwaal genaamd 'Bloed in die oë,' het moontlik volgens die *Eybers Papyrus* (LVII) (Joachim 1973:84) bestaan uit 'n mengsel van een deel gekleurde ink, vier dele groenspaan, een deel oogspoelmiddel, een deel poeier van verrotte hout, een deel uie en een deel water. Die bestanddele moes alles fyngemaal en aan die oë gesmeer word. Vir oë wat 'aanhoudend traan' het die *Eybers Papyrus* (LVI), (Joachim 1973:82) wierook aanbeveel, saam met een deel mirre, tentem saad en loodspaar.

Tesame met die *Edwin Smith Papyrus* kan die *Eybers Papyrus* as antieke mediese handleidings vir Egiptiese dokters beskou word. Dit bevat onder andere verskeie verwysings na voorskrifte vir die bekamping van oogsiektes wat beide swart en groen oogverf ingesluit het (Forbes 1965:18), asook 'n verskeidenheid ongewone voorskrifte vir ooginfeksies, swak sig, katarakke en selfs blindheid. Almal het moontlik toegang tot swart en groen oogverf gehad, terwyl net die elite moontlik toegang tot die ander skakerings van oogverf gehad het. Moontlik was die ander kleure moeilik bekombaar en duurder. Daar word egter nie na oogverf in die *Edwin Smith Papyrus* verwys nie.

(b) Herstel van sig

'n Verdere voorskrif vir die herstel van swak sig het volgens die *Eybers Papyrus* (LXII) (Joachim 1973:95) bestaan uit 'n oogspoelmiddel (gewoonlik rooswater), heuning, groen malagiet, lasuursteen en groenspaan (koper asetaat, $\text{Cu}(\text{O}[\text{Ac}]_2)$). Groenspaan is 'n groen neerslag op koperimplimente wat vir 'n lang tydperk aan klam lug blootgestel was, bestaande basies uit koperkarbonaat, koperroes, groen roes, groenspaan of spaansroes, ook bekend as

koper asetaat (Odendal *et al* 1991:323). Die bestanddele moes gemeng, fyngemaal en aan die oë gesmeer word.

Verpoeierde malagiet was selfs vir die behandeling van bakteriële infeksies soos *Staphylococcus aureus* en *Pseudomonas aeruginosa* wat moontlik swak sig veroorsaak het, gebruik (Nunn 1996:147). Nog 'n resep vir die behandeling van swak sig in die *Eybers Papyrus* (LVIII) (Joachim 1973:87) het bestaan uit een deel van die volgende bestanddele: stibium (swart oogverf), ink, uie, Gesfensaad en oogspoelmiddel. Die bestanddele moes gemeng en aan die oë gesmeer word.

Volgens Plinius (*Nat Hist*, Boek XXIII. Vol. XLVII. ixii) het balsemolie ook die sig verbeter en newels voor die oë opgeklaar (Jones 2010:475). Nunn (1996:147) is egter onseker of Egiptenare malagiet vir die anti-bakteriële- of die dekoratiewe effek van die groen kleur gebruik het. Ek is egter van mening dat die Egiptenare dit moontlik vir beide redes gebruik het, omdat beide voordele wat groen malagiet vir hulle ingehou het, baie belangrik was. 'n Ander resep wat die *Eybers Papyrus* (LVII) (Joachim 1973:85) vir 'newels voor die oë' aanbeveel, het slegs uit een deel droë ontlasting van 'n klein kind bestaan, waarby een deel heuning gevoeg is, met melk gemeng was en in die oë geplaas moes word.

Vir 'water in die oë' (moontlik oë wat voortdurend traan) het die *Eybers Papyrus* (LX – LXI) (Joachim 1973:91-93) 'n voorskrif bestaande uit groenspaan en heuning voorgeskryf, wat met die uitspraak van towerspreuke en versoeke aan Horus en Osiris gepaard moes gaan. Die voorskrif meld nie hoe of deur wie die mengsel aangewend of toegedien moes word nie. Om 'bloed in die oë' te genees, het die *Eybers Papyrus* (LVII) (Joachim 1973:85) die volgende bestanddele aanbeveel: 'n oogspoelmiddel en heuning, een deel pigment waarmee geskryf word, rooswater, poeier van verrotte hout, uie, water en vier dele koper-asetaat. Bestanddele moes gemeng, fyngemaak en in die oë geplaas word. Dit is nie vandag duidelik of die produk werklik 'uie' was nie, aangesien die Duitse vertalers self 'n vraagteken agter die woord 'uie' plaas. Volgens die *Brooklyn Papyrus* was uie destyds byna vir elke moontlike slang- of insekby gebruik.

(c) Blindheid

Vir *sharu* (blindheid van albei oë) het die *Eybers Papyrus* (LVIII) (Joachim 1973:87) ‘n mengsel van heuning en uie wat aan die oë gesmeer moes word, aanbeveel. ‘n Voorskrif vir blindheid¹⁰⁰ was vermoedelik, volgens die *Eybers Papyrus* (LVII) (Joachim 1973:87) ‘n mengsel bestaande uit die water van twee varke se oë, een deel oogspoelmiddel, een deel loodoksied en een deel ‘rou heuning,’ moontlik onverwerkte heuning. Hierdie bestanddele moes saam gemeng en in die pasiënt ‘se oor gesprinkel’¹⁰¹ word terwyl die towerwoorde ‘Ek het dié ding na hierdie plek gelei, die krokodil is swak en magteloos’ twee keer herhaal moes word. Blykbaar het hierdie prosedure onmiddellike genesing tot gevolg gehad. Ongelukkig is mediese papiri nie altyd spesifiek nie en ontbreek belangrike inligting soms soos mates en gewigte van bestanddele, die wyse waarop, wanneer en hoe lank die behandeling toegepas moes word, maar moontlik was dit algemene kennis by Egiptiese dokters, vandaar die feit dat dit nie vermeld was nie.

Soms was preparate (met of sonder oogverf) vir die behandeling van oogsiectes gebruik soos ‘n oornagbehandeling bestaande uit kohl en gansvet, of ‘n pasta bestaande uit gelyke dele kohl, groen oogverf, lasuursteen, heuning en oker (Manniche 1989:47). Oë was soms met ‘n kohlgebaseerde mengsel van kropslaai-olie en gom behandel (Fletcher 1999:49). Beide swart en groen oogverf was soms as geneesmiddels saam met vet, heuning en minerale gemeng (Manniche 1999:137). Heuning was moontlik gebruik vanweë die kragtige anti-bakteriese en swamdodende eienskappe waaroor dit beskik het. Volgens Lucas (1962:196) het die Grieke en Romeine ook antimoon as medikasie vir oogsiectes gebruik vir die swamdodende eienskappe waaroor dit beskik het.

(d) Die bekamping van oogkwale

Om oë af te koel was fyngemaalde minerale soos jaspis (‘n half-edelsteen wat in verskeie kleure voorkom) of slangsteen (‘n groen mineraal) met water gemeng en aan ooglede

¹⁰⁰ Die verskil tussen ‘blindheid’ en ‘blindheid van albei oë’ is nie duidelik nie, moontlik het die een oog wel ‘n mate van sig gehad, terwyl blindheid van albei oë moontlik totale blindheid, of dalk nagblindheid beteken het.

¹⁰¹ In hul vertaling van die Duitse weergawe van die *Eybers Papyrus* gebruik die Cornell Universiteit in Amerika ook die woord ‘oor.’

gesmeer – twee half-edelstene wat volgens 1 Konings 10:11 met die skepe van Hiram, vanaf Ofir ingevoer was. Fyngemaakte seldery en *hennep* (dagga) was ook gebruik om die oë af te koel (Manniche 1989:47). Die warm modder afkomstig van nabygeleë warmwaterbronne by Hierapolis in Anatolië (vandag Turkye), was moontlik ‘n belangrike bestanddeel van Laodisea en Antiochië se beroemde uitvoerproduk, ‘n oogsalf (Op 3:18).

HersHKovitz (1986:50) verwys ook na ‘n doeltreffende oogsalf, *Lykion* wat geskik was om infeksies en inflammasie van die oë te genees. Hierdie salf was so gewild en kosbaar dat dit in miniatuur flessies verkoop was. Sommige flessies was selfs met die apteker se naam gestempel wat vermoedelik as waarborg vir die kwaliteit daarvan gedien het. Twee van hierdie flessies met die inskripsie ‘*AYKION*’ is by Tel Dor gevind (HersHKovitz 1986:50). In die verband verwys Van Alfen (2002:75) na die gom van ‘n struik wat as *Lykion* bekend was en in Klein Asië voorgekom het en moontlik ‘n bestanddeel van hiërdie oogsalf was. Emmet (1954:251) maak terselfdertyd melding van ‘n beroemde Frigiese poeier wat moontlik van dieselfde struik vervaardig was.

‘n Inskripsie op ‘n houer waarvan die plek van oorsprong nie vermeld word nie, meld dat dit ‘baie goeie salf’ vir die bekamping van inflammasie van die oë was (Fletcher 1999:49). Die houer dui ook aan dat dit tussen spesifieke datums gebruik moes word, vermoedelik die datums van die seisoene waartydens sekere oogsiëkte-epidemies voorgekom het. Dit kan ook wees dat tekste wat die mediese gebruike van oogverf soos ‘goed vir sig’ of ‘om bloeding te stop’ vermeld het, geleidelik deur tekste wat die kosmetiese voordele soos ‘om aan die ooglede en wimpers te smeer’, vervang is (Forbes 1965:18). Dit wil voorkom asof die toksisiteit van oogverf met verloop van tyd, ondergeskik geword het aan die kosmetiese voordele daarvan (Forbes 1965:19). In die lig van mense se liggelowigheid en onkunde, is dit egter moontlik dat sommige van die helende aansprake wat aan oogverf toegedig was, nie medies gefundeer was nie, maar op wensdenkery neergekom het.

5.2.3.3 *Kwaliteit van oogverf*

Dit wil voorkom asof die Egiptiese elite oor die algemeen baie gesteld op die kwaliteit van hul oogverf was, maar dat die kwaliteit soms veel te wense oorgelaat het. Om die suiwerste en beste kwaliteit oogverf in Egipte te gebruik, was ‘n aanduiding van die aansien en sosiale

klas waartoe 'n persoon behoort het (Draelos 2015a:267). Dit blyk uit 'n versoek uit die tweede regeringsjaar van Farao Raamses IX (*circa* twaalfde eeu v.C.), waarin die koning 'n versoek aan sy amptenare gerig het vir goeie kwaliteit *galena* (donkergrys/swart oogverf) wat 'twee keer beter is' vir die voorbereiding van sy oogdruppels (Halioua & Ziskind 2005:35) (sien Fig. 5.6).



Fig. 5.6 *Galena* in natuurlike vorm¹⁰²

Aangesien die vorige besending oogverf geen verbetering van die farao se oogkwaal tot gevolg gehad het nie, moes dit na die Hoëpriester van Amun, Ramesesnakht teruggestuur word met 'n versoek dat oogverf wat 'vier keer beter is,' na die paleis gestuur moes word (Halioua & Ziskind 2005:18). In die lig van voorafgaande, kan daar moontlik aanvaar word dat die kwaliteit van die oogverf wat die Beni Hasanhandelaars vir Khnum-hotep II gebring het, van besonder *goeie kwaliteit* was.

In 'n verdere versoek uit dieselfde tydperk rig 'n hoë amptenaar 'n versoek aan die oftalmoloog Thel vir oogverf wat so spoedig moontlik in 'n olifantttand aan Farao Raamses IX gestuur moes word (Halioua & Ziskind 2005:18) – 'n versoek wat vergesel was met 'n opdrag wat moes verseker dat die tand weer terugbesorg word. Dit is moontlik dat olifantttande destyds net so waardevol was as vandag, dat dit dalk 'n groot hoeveelheid oogverf was wat hier ter sprake was of dat 'n olifantttand dalk 'n geskikte houër vir die stoor en vervoer van groot hoeveelhede oogverf was. Uit Job 42:14 blyk dit dat horings van diere destyds gewilde houers vir die stoor van oogverf was. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat horings 'n stewige tekstuur gehad het waarin die oogverf nie beskadig kon word nie, of dat dit dalk met skoonheid geassosieer was weens die konnotasie met Job se

¹⁰² <https://blogs.discovermagazine.com/bodyhorrors/2012/04/20ophthalmology> (Geraadpleeg 20 Januarie 2019).

beeldskone dogter. Oogspesialiste het destyds oogdruppels met behulp van 'n elastiese riet of die skag van 'n aasvoëlveer in 'n pasiënt se oë toegedien (Halioua & Ziskind 2005:35).

5.2.4 Kosmetiese gebruike van oogverf

Soos reeds gemeld, was oogverf destyds vir 'n verskeidenheid doeleindes gebruik. Vir die mans en vroue wat in die *Beni Hasanskildery* uitgebeeld is, was die kosmetiese, maar ook voorkomende medisinale gebruike van oogverf in die woestyn van kardinale belang. Vir 'n bespreking van die proto-Israeliete se moontlike versiering van hul oë met oogverf sien 6.5.1.

5.2.4.1 Egipte

Hoewel argeologiese getuienis daarop dui dat die Badariërs¹⁰³ reeds 4000 jaar v.C. hul oë met groen oogverf versier het, is Yarwood (1978:113) van mening dat Egiptenare dit reeds 10000 jaar v.C. gebruik het. Volgens Peet (sa:493) was erts vir die bereiding van oogverf so dikwels in Egipte gemaal of fyngemaak, dat dit as 'n tydverdryf beskou was. Dit bring weer die vraag na vore waarom die oorhandiging van oogverf deur die handelaars aan Khnum-hotep II so spesiaal was. *Skilderye* in Thebes en ook die *Beni Hasanskildery*, toon dat almal in Egipte, selfs mans, oogverf gebruik het (Wilkinson 1878b:348) (vgl. 6.6.2).

5.2.4.2 Ou Nabye Oosterse volke

Uit geskrewe tekste en argeologiese artefakte soos beelde en skilderye kan afgelei word dat die Babiloniërs oogverf net so rojal soos die Egiptenare gebruik het (Thompson 1962a:202). Dieselfde geld vir die Assiriërs en Sumeriërs (Yarwood 1978:114), terwyl Woolley (1963:67) se opgrawings daarop dui dat die bewoners van Mesopotamië van die vroegste gebruikers van oogverf was. Hieruit kan afgelei word dat die gebruik van skoonheidsmiddels 'n lang en ryk geskiedenis het wat tyd, kultuur- en landsgrense oorskry het. In Egipte was

¹⁰³ Antieke inheemse Afrika volk wat 4000 jaar gelede noord van Luxor langs die Nyl gewoon het en toe reeds groen oogverf gebruik het. Brunton & Caton-Thompson (1924:7) se opgrawings het hier 'n palet met 'n malagietklont en 'n klein vaas met voorbereide oogverf daarin gevind, wat moontlik dui op hul gebruik daarvan.

skoonheidsmiddels nie net vir persoonlike versiering gebruik nie, maar het dit ook op 'n persoon se sosiale status en aansien in die gemeenskap gedui (Draelos 2015a:267).

Na aanleiding van 'n uitbeelding van Koning Assurbanipal (sewende eeu v.C.) wat toon dat hy oordadig met poetspoeier, verf, gestileerde hare en met 'n geparfumeerde baard, uitgebeeld is, beweer Corson (1972:25) dat Assiriërs net soveel skoonheidsmiddels as die Egiptenare gebruik het. Die afbeelding toon duidelik dat die koning se oë swaar met oogverf omlyn was. Hoewel die uitbeelding nie die gebruik van parfuim kan staaf nie, was die koning moontlik daarvoor bekend dat hy parfuim oordadig gebruik het Corson (1972:25). 'n Skildery toon twee Assiriese mans wat met donker omlynde oë en wenkbroue, gekrulde hare en baarde uitgebeeld was, terwyl die beeld van 'n Sumeriese man toon dat Sumeriërs ook oogverf oordadig gebruik het (sien Fig. 5.7 en Fig. 5.8).



Fig. 5.7 Assiriese mans¹⁰⁴



Fig. 5.8 Sumeriese man¹⁰⁵

Hierdie beeld van die Sumeriese man toon dat Sumeriërs meer klem op die versiering van hul wenkbroue gefokus het as op die versiering van hul oë en dien moontlik as getuieis vir die opvatting dat die versiering van die oë met kohl, dit groter laat vertoon. Dieselfde geld vir skilderye waarvan die oorsprong nie bekend is nie en uit die tydperk 3200 v.C. dateer, wat twee Sumeriese vroue met donker omlynde oë en wenkbroue wat ineen vloei, uitgebeeld (Corson 1972:31).

Corson (1972:31) wys ook daarop dat beide Persiese mans en vroue na die val van die Meders, oorvloediglik van skoonheidsmiddels, in besonder oogverf en gesigrome, gebruik gemaak het. Dat die Perse lief was om hul oë met oogverf te versier, blyk uit talle klein

¹⁰⁴ Corson (1972:26).

¹⁰⁵ <https://za.pinterest.com/pin/6233264046404648346337> (Geraadpleeg 16 April 2018).

keëlvormige oogverfhouertjies wat by die stede Susa en El-‘Ubeid gevind is (Corson 1972:31).

Uit bogenoemde inligting is dit duidelik dat die gebruik van oogverf internasionaal gewild was, dat die begeerte om aantreklik te lyk universeel was en dat oogverf danksy handelaars soos die Beni Hasanhandelaars, orals beskikbaar was.

5.2.5 Begrafnisgebruike van oogverf

Egiptenare het geglo dat die verf waarmee die liggaam versier was oor magiese en beskermende kragte beskik het en het dit daarom in die alledaagse lewe, sowel as in godsdienstige rituele, gebruik (Murube 2013:2; sien 5.2.1 en 5.2.2). In Egipte was ‘n mooi en goedversorgde voorkoms selfs na die dood as belangrik beskou, omdat dit ‘n goeie ontvangs in die hiernamaals sou verseker (Manniche 1999:136). Die Egiptiese begrafniskultuur het vereis dat ‘n dooie gereinig, in wit klere geklee en die oë met oogverf versier moes wees, voordat ‘n persoon voor die regbank in die ‘Saal van Geregtigheid’ kon verskyn (Manniche 1999:136). Murube meen ook dat ‘n aantreklike versierde voorkoms met behulp van oogverf nodig was om respektabel, onderdanig en aanvaarbaar te lyk wanneer die wêreld van die gode na die dood, betree moes word (Murube 2013:2).

Die magiese kragte waaroor oogverf beskik het, het moontlik die magte van die bose oog afgeweer en moontlik die regverdigmaking en herlewing van die oorledene vergemaklik en so toegang tot die ryk van Osiris gebied.¹⁰⁶ Moontlik het die amandelvormige versiering van die oorledene se oë met sowel swart as groen oogverf verseker dat sy/haar *Ka* (lewenskrag) en *Ba* (persoonlikheid) na die liggaam teruggelei sou word (Casson 1965:81). In die Egiptiese psige was groen kleur simbolies van gesondheid, vreugde en ‘n ewige paradys. ‘n Mooi versierde gesig het dus ‘n goeie ontvangs in die hiernamaals verseker.

In die Mesopotamiese begrafniskultuur het godinne oogverf gebruik om (manlike) gode seksueel te verlei, soos blyk uit ‘n mite uit die tweede millennium v.C. wat beskryf hoe die

¹⁰⁶ Osiris was die Egiptiese god van die onderwêreld – die god van opstanding en herlewing en was altyd met ‘n groen vel, die seremoniële baard van ‘n Faraon, die atef kroon met twee volstruisvere aan beide kante en die simboliese staf en klepel uitgebeeld.

Sumeriese godin van liefde Inanna (later genoem Ishtar) haar voorberei vir die reis na die hiernamaals (Nemet-Nejat 1998:157). Met haar oë wat met oogverf versier was, het sy hom met die woorde ‘kom nader, kom nader’ probeer verlei.

5.3 CHEMIESE SAMESTELLING VAN OOGVERF

Hoewel die Egiptenare daarvan oortuig was dat oogverf talle voordele vir hulle ingehou het, is die aangeleentheid of oogverf voor- of nadelig vir menslike gebruik was, steeds nie opgeklaar nie. Vir hierdie rede word die chemiese samestelling van oogverf hier bespreek, aangesien dit moontlik lig op die onderwerp kan werp en ook om te bepaal waar handelaars soos dié wat in die *Beni Hasanskildery* uitgebeeld word, die erts vir die vervaardiging daarvan bekom het. Tog wil dit vandag voorkom asof Egiptenare se chemiese kennis van die samestelling van oogverf verder ontwikkel was as wat aanvanklik vermoed was.

Verskeie voorbeelde van oogverf in die vorm van onverwerkte ertsklonte of uitgedroogde smeersel in pasta- of poeiervorm, het in houertjies behoue gebly (Manniche 1999:135). Die Louvre Museum in Parys en grafte in Egipte, Ur (sien 6.6.4.5) en elders in die ou Nabye Ooste, het verskeie houertjies met uitgedroogde oogverfsmeersel opgelewer. Die sediment van oogverf het eietydse wetenskaplikes in staat gestel om die chemiese samestelling van antieke oogverf te ontleed. Lucas (1930:43) is van mening dat minerale-bronne soos malagiet ($\text{CuCO}_3\text{Cu}[\text{OH}_2]$) of *galena* (PbS) (loodsulfied Elite persone soos konings, of belangrike privaat manlike individue se name en titels was ook soms op hul oogverfhouders aangebring (Wilkinson 1878a:348; Peck 2013:131).), aanvanklik die basis van oogverf vir persoonlike versiering in Egipte was. Dit was later deur swart kohl vervang wat die oorheersende oogverfkleur geword het.

5.3.1 Kohl

Die samestelling van antieke Egiptiese kohl (afgelei van die Arabiese woord *kohl*, Hebreeus *kahal*) is deur verskeie wetenskaplikes van verskillende instansies ontleed. In die verband beweer Hallman (2004:69) dat die werkwoord van *kahal*, *kahala*, beteken ‘om die oë te self.’ Hoewel malagiet blykbaar die eerste oogverf was wat deur die mens gebruik was, was kohl volgens Draelos (2015a:267) die vroegste bestanddeel van skoonheidsmiddels wat wye

erkenning geniet het en vandag steeds in potloodvorm beskikbaar is. Ontleding van monsters toon dat meer as 60% van oogverfsediment wat behou gebly het uit *galena* bestaan het, terwyl die res oorwegend oksiede van verskillende metale was (Lucas 1962:81).

Ontleding van klein hoeveelhede van die inhoud van kohlhouers wat uit die tydperk *circa* 2000 – 1200 v.C. dateer en in die Louvre museum in Parys gehuisves word, toon dat Egiptenare ‘nat chemie’ gebruik het (Hallmann 2004:69-72). Die kohl in hierdie houers het redelike hoeveelhede van lourioniet (PbOHC1) en fosgeniet ($\text{Pb}_2\text{Cl}_2\text{CO}_3$) bevat, wat op sigself die voorkoms van wit poeier het (Manniche 1999:136). Omdat dit nie in natuurlike vorm beskikbaar was nie, moes dit sinteties geproduseer word deur middel van ‘n tydrawende proses van vermenging en herhalende filtrasie van rotssout en/of natron (Na_3CO_3) in water (H_2O). Hierdie substans is dan by kohl, bestaande uit *galena* of serussiet (PbCO_3), ‘n loodgebaseerde mineraal in wit poeier vorm gevoeg.

Die moontlikheid bestaan ook dat sommige oogverfmonsters wat deur wetenskaplikes ondersoek is, nie werklike oogverf was nie, maar dat dit substansie was wat vir ander doeleindes aangewend was. Analisering van die sediment in 58 oogverfhouders wat deur Lucas (1930:42) ontleed is, toon dat slegs 64% daarvan *galena* was, terwyl die res uit loodkarbonaat, swart koperoksied, bruin oker, magnetiese ysteroksied, mangaanoksied, antimoonsulfied, malagiet en chrisoliet bestaan het. Uit oorblyfsels van kohl wat as smeersel verdroog het, blyk dit dat dit moontlik met water, of water en gom gemeng was, terwyl vet moontlik tydens die aanwending gebruik was (Lucas 1962:81). Vermoedelik het kohl die ultra violetstrale van die son geabsorbeer en was dit moontlik as ‘n tipe sonblok gebruik om die oë te beskerm (Draeos 2015a:267).

5.3.2 Malagiet en *galena*

Groen malagiet blyk die eerste oogverf te wees wat deur die mens gebruik was om hom/haar meer aantreklik te maak en te versier. Dit kan afgelei word uit Woolley (1963:67) se opgrawings van die koninklike grafte by Ur in Mesopotamië en Brunton & Caton-Thompson (1924:7) se opgrawings van Badariërgrafte naby Luxor in Egipte. Dit wil voorkom asof die Badariërs die eerste volk in Afrika (sien voetnota 106) was om oogverf te gebruik. Grafte hier het ‘n lang leiklippalet waarvan die twee kante uitgehol was met ‘n klont malagiet daarin,

asook 'n klein ivoorvaas met malagietsmeersel opgelewer. Woolley (1963:67) se opgrawings het verskeie *Tridacna Squamosa* skulpe met groen oogverf daarin asook ander skakerings van oogverf opgelewer (sien 6.5.4.5). Hierdie groen oogverf was blykbaar verkry van die oppervlakneerslae van koper wat lank aan lug blootgestel was. Dit was veral in die Sinaiwoestyn bekombaar (sien 6.5.5).

Galena was 'n donkerkleurige/swart oogverf (kohl) bestaande uit loodsulfied wat by Aswan langs die Nyl en in die Oostelike woestyn langs die Rooi See voorgekom het (Lucas 1962:83). Soos die gebruik destyds was, was die *galena* vermoedelik met donkiekaravane vanaf die Rooi See en die Oostelike Woestyn na die groot sentra vervoer. Ontleding van die kohl van antieke Egipte toon dat dit uit 60% *galena* bestaan het (Lucas 1962:81). *Galena* was gebruik om die oë mee te omlin en ook om die wenkbroue te verdonker.

5.3.3 Antimoon

Antimoon (Sb_2S_3) was 'n silweragtige wit vaste stof wat 'n helder glans afgegee het (Mare 1975:454) – moontlik vandaar die benaming spiesglans. Dit het egter swart verkleur sodra dit met lug in aanraking gekom het en dit kon in allooie met ander metale gebruik word om dit te versterk (Strange 1991:64) (sien Fig. 5.9).



Fig. 5.9 Antimoon in natuurlik vorm¹⁰⁷

¹⁰⁷ <https://www.compoundchem.com/2019/07/28/iypt051-antimony/> (Geraadpleeg 24 Oktober 2019)

Dit wil voorkom asof erts vir die verkryging van antimoon nie in Egipte voorgekom het nie. Volgens Astour (1995:1405) is antimoon wel by Keban in Anatolië gemyn. Egipte was dus op handelaars soos die Beni Hasanhandelaars of ekspedisies aangewese om antimoon te bekom. Koningin Hatshepshut (vyftiende eeu v.C.) se skeeps-ekspedisie na Puntland blyk die vroegste Egiptiese poging te wees om antimoon en mirre te bekom (Stieglitz 1984:135) (sien 5.3.3 – 5.4.2.1).

Emmet (1954:251) beweer dat antimoon die skoonheid van die oë beklemtoon het deur dit meer opvallend te maak. Volgens Draelos (2001b:175) was verpoeyde antimoon saam met verbrande amandels, swart koperoksied en bruin oker tot 'n smeersel gemeng om sowel die boonste as die onderste ooglid te beklemtoon. Nicholson & Shaw (2000:149) wys daarop dat antimoon vanaf die Amarnaperiode per geleentheid as oogverf in Egipte gebruik was, maar meermale in Mesopotamië. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat Naharina wat anderkant die Eufraat in Mesopotamië geleë was, ook oor antimoon beskik het en dit sodoende maklik bekombaar was.

Hoewel Puntland (sien 5.4.2) normaalweg met produkte soos welriekende gomagtige harse geassosieer was wat as wierook gebruik was (Lucas 1930:44), was dit ook as die Egiptiese hof se voorsiener van antimoon (Latyn *stibium*) bekend. Die term *stibium* (Grieks *stimmi*) was afgelei van die Egiptiese woord *mesdemet* wat 'n benaming vir swart of donkergrys oogverf in die algemeen was (Manniche 1999:136). Dit blyk vandag dat antimoon destyds vir sowel oogversiering as oogmedikasie gebruik was. Tesame met antimoon was mirre ook tydens ekspedisies na Puntland vanaf die aangrensende Zimbabwe bekom (Le Roux 2008:92, 94). Daar is egter steeds nie finaliteit oor die tipe of samestelling van die antimoon wat vanaf Puntland afkomstig was nie.

5.3.4 Sinteties vervaardigde oogverf

In teenstelling met die vroeëre opvatting dat loodgebaseerde substansie vir die mens skadelik is, wys Ravilious daarop dat Franse wetenskaplikes nou die teendeel bewys het, naamlik dat

lae dosisse lood effektief is om bakterieë te vernietig.¹⁰⁸ Chemiese analise van oogverfsediment wat in houers in die Louvre in Parys behoue gebly het, het vier ongewone loodgebaseerde substansie geïdentifiseer. Ravilious¹⁰⁹ voer aan dat lae dosisse van loodsoute in grimering moontlik voordelig kan wees wanneer dit met die vel in aanraking kom, aangesien dit die liggaam se immuunstelsel stimuleer om siektedraende bakterieë te beveg. Twee van hierdie chemiese substansie naamlik lourioniet en fosgeniet het nie normaalweg in die natuur voorgekom nie en moes deur middel van 'n tydsame chemiese proses vervaardig word. Die navorsers se bevinding was dat die Egiptenare deeglik bewus was van die voordele wat hierdie chemiese substansie ingehou het en dit doelbewus vervaardig het. Buckley (2012:443) is van mening dat die samevoeging van fosgeniet en lourioniet met behulp van delikate chemiese tegnieke en prosesse, destyds 'n grootskaalse industrie in Egipte was.

Uit die *Beni Hasanskildery* kan daar ongelukkig nie vasgestel word of die Semitiese handelaars self by die vervaardiging van oogverf, by die verkope van oogverf of net die voorsiening van die kopererts betrokke was nie. Die oogverf wat hulle vir die goewerneur gebring het was moontlik 'n welwillendheidsgeskenk of moontlik het dit deel van 'n promosieveldtog uitgemaak om die kwaliteit van die oogverf waarin hulle handelgedryf het, bekend te stel.

5.3.5 Ander soorte oogverf

Omdat mense so gesteld op oogversiering was en dit hulle nie aan vindingrykheid ontbreek het nie, het hulle (veral armes) namaaksels van oogverf moontlik as 'n goedkoop alternatief vir die duur ingevoerde produk gebruik. Forbes (1965:42) beweer dat die roet van verbrande dadelpitte, nardus of roosblare ook soms as oogverf gebruik was, hoewel hy nie vermeld waarop hy sy bewering staaf nie. Wilkinson (1878b:347) was egter van mening dat sommige Egiptenare die roet van verbrande amandels of wierook as kohl gebruik het om ooglyne mee te verf. Dit het oogverf moontlik meer bekostigbaar vir armes gemaak. Die gebruik van

¹⁰⁸ Ravilious, K 2016. Cleopatra's eye make-up warded off infections.
<https://news.nationalgeographic.com/news/2016/01/100114-cleopatra-eye-makeup-ancient-egyptians/>
(Geraadpleeg 12 Maart 2016).

¹⁰⁹ Ravilious, K 2016. Cleopatra's eye make-up warded off infections.
<https://news.nationalgeographic.com/news/2016/01/100114-cleopatra-eye-makeup-ancient-egyptians/>
(Geraadpleeg 12 Maart 2016).

blougroen/koperkleurige oogverf, $(\text{Cu,Al})_2\text{H}_2(\text{Si}_2\text{O}_5)(\text{OH}_{4.n})(\text{H}_2\text{O})$, genaamd *chrysocolia* (chrisoliet), is steeds nie duidelik nie en word selde deur skrywers vermeld (Scott 2016:195).

Deur die sediment van oogverf wat in houers behoue gebly het, chemies te ontleed, slaag wetenskaplikes wel daarin om die moontlike geografiese oorsprong daarvan te bepaal.

5.4 GEOGRAFIESE OORSPRONG VAN OOGVERF

Afgesien van koninklike ekspedisies soos dié van Koning Sahure (*circa* 2400 v.C.) en Koningin Hatshepsut (*circa* 1483 v.C.) se ekspedisies na Puntland om antimoon, mirre en ander eksotiese produkte te bekom (sien 5.4.2.1 en 5.4.2.1[c]), kan uit die *Beni Hasan-muurskildery* moontlik afgelei word dat handelaars sedert die vroegste tye 'n belangrike rol as tussengangers en verspreiders van oogverf tussen die myners (verskaffers) en die verbruikers (kopers) gespeel het. Dit wil voorkom asof die erts waarvan oogverf vervaardig was, nie orals voorgekom nie. Om oogverf te verkry moes die minerale-erts eers gemyn en na die gebruikers vervoer word voordat laasgenoemde dit kon gebruik. Na aanleiding van die twee blaasbalke op die donkies se rûe, is dit moontlik dat die handelaars oogverf nie net as 'n geskenk aangebied het nie (soos reeds vroeër aangedui), maar dat hulle moontlik ook by die ontginning van die erts, sowel as die vervoer en verwerking daarvan betrokke was.

Beit-Arieh is oortuig dat die myne in Sinaï in die suide, Kanaän se voorsiener van oogverf was (1984:22). In die lig van die hoë ekonomiese waarde van oogverf en die feit dat handelaars mense met visie was, het die Beni Hasanhandelaars moontlik nuwe handelsmoontlikhede van 'n produk wat 'n hoë prioriteit in Egipte was, geïdentifiseer en besluit om dit ekonomies tot hul voordeel te ontwikkel of te ontgin. In teenstelling met Kanaän, het Egipte oor verskeie bronne beskik, waar erts vir die vervaardiging van oogverf voorgekom het (sien 5.4.1).

In die lig hiervan kan dit wees dat die Beni Hasanhandelaars kontrakte met Khnum-hotep II wou aangaan om konsessies te verkry om minerale-erts op groot skaal in die Oostelike en/of die Sinaï-woestyne (vgl. 2.9.3) te ontgin, te verwerk en te bemark, aangesien Kanaän en die Sinaï-woestyn in hierdie stadium onder Egiptiese administrasie gestaan het. Die handelaars was moontlik daarvan bewus dat Egipte die belofte van 'n potensiële groot mark vir oogverf

ingehou het – iets wat ‘n groot inkomste vir hul belegging kon oplewer. Aangesien dit bekend was dat handelaars van land tot land gereis het om hul handelsware van die hand te sit, het hulle moontlik verwag om later ook oogverf in Kanaän van die hand te sit, aangesien die bewoners van Kanaän op handelaars aangewese was om in hul behoefte aan oogverf te voorsien.

5.4.1 Egipte

5.4.1.1 Malagiet

Soos hierbo genoem, het Egipte wel oor ertsbronne vir die vervaardiging van oogverf beskik. *Udju* (malagiet) vir die vervaardiging van *groen oogverf*, het wel in die Oostelike Woestyn (sien Fig. 2.2) in die omgewing van Quiseir (1.6 myl¹¹⁰ vanaf die Rooi See) en die Rooi See kusgebied voorgekom (Lucas 1962:22).

Argeologiese opnames en opgrawings van nedersettings in suidelike Sinäi en die Negev-hooglande, toon dat Sinäi moontlik die vroegste voorsiener van malagiet vir beide Kanaän en Egipte was. Lucas (1962:461) is van mening dat die erts vir oogverf wat vanaf Sinäi afkomstig was, aanvanklik van die oppervlakneerslae van kopererts verkry was, terwyl dit eers tydens ‘n latere tydperk deur middel van uitgrawings verkry was. Koperertsneerslae het ook suid van die Dooie See in die omgewing van die Wadi Araba voorgekom (Wright 1955:75). Die strategiese ligging en ryk neerslae van groen kopererts (malagiet) in die Sinäi-skiereiland het dit ‘n belangrike gebied van groot ekonomiese waarde gemaak, veral omdat dit vir Egipte ‘n belangrike voorsiener van erts vir die vervaardiging van oogverf was (Oren 1984:22).

Egiptiese monumente in Sinäi dui daarop dat Egipte vanaf die Derde Dinastie (*circa* 2650 – 2575 v.C.) begin het om die Sinäi kopermyne sistematies te ontgin (Oren 1973:205). Tydens die Vroeë Brons II tydperk (*circa* 2000 – 1900 v.C.) was Kanaän en Sinäi onder Egiptiese administrasie wat gekenmerk was deur wedersydse handel en nie militêre oorheersing nie (Beit-Arieh 1984:23). Tydens hierdie vreedsame tydperk het die gebied uit verskeie

¹¹⁰ 2.57 Kilometer.

onafhanklike stadstate en klein nomadiese nedersettings bestaan. Dit wil voorkom asof dit toe onafhanklik van Egiptiese beheer was, aangesien verskillende nasionaliteite by mynbou-aktiwiteite in die gebied betrokke was. Die gebied was afhangende van die reënval, periodiek ook deur nomadiese veeherders bewoon wanneer daar volop weiding beskikbaar was (Beit-Arieh 1984:22). Opgrawings in die gebied toon dat die bewoners van die gebied, dieselfde materiële kultuur as die bewoners van suidelike Kanaän gedeel het (Beit-Arieh 1984:21). Die grootste en bes gefortifiseerde stadstaat in die gebied – Arad, het moontlik politieke en ekonomiese sekuriteit vir die omgewing gebied (Beit-Arieh 1984:22).

Lucas (1962:205) is van mening dat die kopermyne in die gebied nie deur Egiptenare self ontgin was nie, hoewel hy nie die moontlike myners identifiseer nie. Volgens Beit-Arieh (1984:22) is daar aanduidings dat die setlaars self die kopermyne soos by Timna (sien Fig. 5.13) ontgin en die waardevolle metaal na Kanaän vervoer het, moontlik *via* Arad. Hierdie erts was met behulp van donkiekaravane (soos te sien in die *Beni Hasanskildery*) na Egipte en ander sentra vervoer (Kelso 1972:9-10). Volgens Beit-Arieh (1984:22) het die ekonomiese waarde van hierdie afgeleë gebied, alle logistiese pogings om kontak met die streek te behou en die roetes te beveilig, geregverdig.

Oren (1973:205) voer aan dat onverwerkte kopererts tesame met klaarvervaardigde koperartikels wat in Sinaï gevind is, daarop dui dat die hoogs ontwikkelde metaalindustrie van Kanaän, Egipte *via* die landbrug van Noord-Sinaï bereik het. Aangesien Egiptenare nie oor die gevorderde metallurgiese kennis en vaardighede van die Fenisiërs en Israeliete (dit wil sê Semiete) beskik het nie (King & Stager 2001:131; my inset), het handelaars moontlik die gaping benut om dit tot hul eie voordeel uit te buit. Moontlik het groepe soos die Beni Hasanhandelaars oor die kennis beskik om koper te verwerk of te suiwer, vandaar die blaasbalke op die donkies se rûe (Shea 1981:226).

5.4.1.2 Galena

Daar het ook hoë kwaliteit *galena* destyds in die Rooi See-kusgebied en by Aswan langs die Nyl in Bove-Egipte voorgekom (Lucas 1930:43; Manniche 1999:136). ‘n Ander bron van *galena* tydens die Middel Koninkryk (*circa* 2000 – 1776 v.C.) het by Gebel Zeit, oos van Beni Hasan voorgekom (Kamrin 2009:27). Nog ‘n plek langs die Nyl, naamlik Koptos, het

moontlik ook oor *galena* beskik. Lucas (1962:80-84, 195, 244) beklemtoon dat Egiptenare tot en met die vroeë Agtiende Dinastie (*circa* 1550 – 1292 v.C.) alle *galena* wat hulle benodig het, in die omgewing van die Nyl gekry het en dat dit nie ingevoer was nie.

5.4.2 Puntland

Puntland is die naam wat Egiptenare blykbaar vir 'n streek in Oos-Afrika gegee het waarna hulle met verloop van tyd, verskeie handelsekspedisies onderneem het (Shaw & Nicholson 2008:258). Ten spyte daarvan dat Egiptiese bronne soos die *Palermo Steen*¹¹¹ reeds tydens Koning Sahure (*circa* 2400 v.C.) se bewind van 'n skeepsekspedisie na Puntland melding gemaak het, bly die geografiese ligging van die streek of gebied steeds in onsekerheid en geheimsinnigheid gehul. Puntland se belangrikheid blyk na bewering uit die feit dat dit afgesien van *antimoon* oor verskeie eksotiese produkte soos goud, aromatiese gomme en ebbhout ('n diggegreinde gesogte gitswart hout) beskik het, produkte wat nie in Egipte en die Levant voorgekom het nie, maar wel in suidelike Afrika soos by Mosambiek (Le Roux 2010:92).

5.4.2.1 Ekspedisies na Puntland

(a) Koning Sahure

Die vroegste ekspedisie na Puntland was vermoedelik dié van Koning Sahure (*circa* 2400 v.C.) wat onder andere 80000 vate *'ntyw* (mirre) opgelewer het. Hierdie mirre was vermoedelik 'n tipe wierook wat in Egiptiese tempelrituele verbrand was. Dié ekspedisie het ook 6000 mate elektrum (natuurlike alloori van goud en silwer) opgelewer.¹¹²

¹¹¹ https://en.wikipedia.org/wiki/Palermo_Stone (Geraadpleeg 20 Februarie 2019). Een van sewe fragmente van 'n gedenknaald, bekend as die Koninklike Annale van die Ou Koninkryk van antieke Egipte, wat in Palermo, Italië gehuisves word. Die gedenknaald bevat 'n lys van konings vanaf die Eerste Dinastie (*circa* 3150 – 2890 v.C.) tot die Vyfde Dinastie (*circa* 2392 – 2283 v.C.) en die belangrikste gebeurtenisse tydens die onderskeie bewindstydperke.

¹¹² <https://www.pbs.org/wgbh/nova/article/egypt-punt/> (Geraadpleeg 22 Februarie 2019).

(b) Harkuff

Ekspedisies oor land na Puntland soos dié van die Egiptiese amptenaar Harkuff (*circa* 2278 – 2184 v.C.), was reeds vroeër onderneem (Shaw & Nicholson 2008:258), hoewel dit nie goed gedokumenteer was nie en min inligting opgelewer het. Tydens die Middel Koninkryk (*circa* 1985 v.C.) word melding gemaak van ekspedisies van 3000 man en ‘n half eeu later een van 3700 man¹¹³ na Puntland. Hierdie twee ekspedisies het blykbaar nie antimoon opgelewer nie. Moontlik was antimoon toe nog nie op groot skaal in Egipte gebruik nie, of moontlik het die ekspedisies Puntland nie bereik nie.

(c) Koningin Hatshepsut

Die bes gedokumenteerde ekspedisie na Puntland is egter dié van Koningin Hatshepsut (*circa* 1473 – 1458 v.C.). Hoewel haar tempel by Deir el’Bahari haar ekspedisie in detail uitbeeld, verskaf dit geen inligting oor die geografiese ligging van Puntland of die roete daarheen nie. Die koningin se tempel by Deir el-Bahari verskaf wel ‘n uitbeelding van ‘n skip wat een van vyf was wat die ekspedisie meegemaak het.

5.4.2.2 Moontlike liggings van Puntland

Verskeie teorieë is reeds vir die ligging van ‘Punt,’ die ‘Land van Punt’ of ‘God se Land’ (*Pawnt*) aangebied, hoewel sonder sukses. Dit is egter wenslik om verskillende scenario’s in aanmerking te neem wanneer die ligging van Puntland ter sprake is. Aangesien Puntland destyds as ‘n mitiese land beskou was, het akkurate kaarte in die verband totaal ontbreek. Onsekerheid oor die presiese ligging van Puntland kan ook toegeskryf word aan die antieke gebruik van Fenisiese en ander seelui om hul roetes en bestemmings geheim te hou of om verskillende name vir dieselfde plek te gee, om sodoende hul monopolie te behou (Velikovsky 1953:131). Die doel hiervan is nie duidelik nie, maar was vermoedelik om te verhoed dat teenstanders voordeel uit hul kennis getrek het.

¹¹³ <https://www.pbs.org/wgbh/nova/article/egypt-punt/> (Geraadpleeg 22 Februarie 2019).

In die lig hiervan is dit moontlik dat ekspedisies nie skeepsjoernale, gedetailleerde kaarte of statistieke van vroeëre ekspedisies tot hul beskikking gehad het wat moontlik leidrade in die verband kon verskaf nie. Hoewel die Egiptenare se vermoë om na Puntland te vaar, baie lank bevraagteken is, wil dit nou voorkom asof hulle wel oor die vermoë beskik het om na Puntland te vaar, met behulp van Fenisiese seemanne (Le Roux 2010:92) (sien Fig. 5.10).




Fig. 5.10 Illustrasie van 'n skip van Hatshepsut se ekspedisie¹¹⁴

'n *Reliëf* by Hatshepsut se tempel beeld die seëvierende soldate wat die ekspedisie meegemaak het uit waar hulle hul sukses vier deur hul wapens, vaandels en palmtakke ten toon te stel (Pemberton 2004:54) (sien Fig. 5.11).



Fig. 5.11 Seëvierende soldate van Puntland-ekspedisie¹¹⁵

Pemberton (2004:54) beweer dat ekspedisies na Puntland ongeveer twee jaar lank geduur het om te voltooi. Op grond van mensgemaakte grotte en 'n verskeidenheid skeepstoerusting wat by 'n uitgedroogde strandmeer by Mersa Gawasis (antieke Saww langs die Rooi See kus)

¹¹⁴ <https://www.pbs.org/wgbh/nova/article/egypt-punt/> (Geraadpleeg 22 Februarie 2019).

¹¹⁵ Pemberton (2004:54).

gevind is, is Holloway¹¹⁶ van mening dat ekspedisies moontlik hiervandaan na Puntland vertrek het.’

Verskillende gebiede word egter as moontlike bestemmings van Puntland aangebied.

(a) Nubië, Oostelike Soedan, Eritrea, Ethiopië en Somalië

Op grond van tonele in Koningin Hatshepsut se tempel by Deir el-Bahari (moderne Luxor) verbind Groom (1981:28) Puntland geografies met Nubië, in die suide van Egipte. *Reliëfs* in Hatshepsut se tempel beeld die ekspedisie in detail uit. Die reliëfs beeld onder andere tonele uit waar Negerhoofmanne geskenke aan die koningin oorhandig (Groom 1981:28) en mirrebome in houers wat op die skepe gelaai was. Meyrat (2013:5665) verbind Puntland met die Oostelike Soedan, Eritrea en die Noord-weste van Ethiopië. Hy wys daarop dat ekspedisies se skepe op die terugtog by Mersa Gawasis afgebreek en oorland met behulp van donkiekaravane na Koptos vervoer was. Manniche (1999:137) verbind Puntland ook met hedendaagse Eritrea (landstreek aangrensend aan Ethiopië).

Die moontlikheid dat Puntland in Ethiopië geleë was, blyk uit ‘n reis wat Sebnie (‘n amptenaar in diens van Pepi II *circa* 2600 v.C.) oorland onderneem het. Vanaf die Tigre hooglande het hy na Wawat en Uthek afgedaal, vanwaar hy ‘n ander koninklike amptenaar Iri en twee metgeselle gestuur het (Groom 1981:27). Laasgenoemdes het met mirre, klerasie, ‘n olifant tand en een vel teruggekeer. Op grond van die flora en fauna plaas Herzog¹¹⁷ Puntland langs die Bo-Nyl, suid van Egipte tussen die Atbara en die samevloeiing van die Wit en Blou Nyl, ‘n gebied wat oor land bereik kan word, maar nie vanaf die see nie. Deur die hare van ‘n drieduisend jaar oue gemummifiseerde bobbejaan wat in Egipte gevind is, te bestudeer en met die hare van (eietydse) bobbejane in Eritrea, Ethiopië, Somalië, Yemen, Oeganda en Mosambiek te vergelyk, is bevind dat dié bobbejaan moontlik van Ethiopië of Eritrea afkomstig was.¹¹⁸ Dat Puntland moontlik hier geleë was, is nie onwaarskynlik nie, aangesien die gebied vroeër wel oor eksotiese bome en diere beskik het.

¹¹⁶ <http://www.ancient-origins.net/myths-legend-africa/will-we-ever-discover-elusive-land-punt> (Geraadpleeg 28 Januarie 2019).

¹¹⁷ Where is Punt? <https://www.pbs.org/wgbh/nova/article/egypt-punt/> (Geraadpleeg 22 Februarie 2019).

¹¹⁸ <http://www.ancient-origins.net/myths-legend-africa/will-we-ever-discover-elusive-land-punt> (Geraadpleeg 6 Februarie 2018).

Tyson (2008)¹¹⁹ verbind Puntland met moderne Somalië, ‘n semi-onafhanklike gebied aan die Horing van Afrika. Uit beskikbare inligting is dit egter nie duidelik watter soort antimoon wel by genoemde bestemmings verkry was nie.

(b) Jemen

Wright (1988:159) is van mening dat Puntland moontlik aan beide kante van die Rooi See kus – moontlik in die omgewing van Suid-Arabië en die Somalikus geleë was. Akademici soos Potts (1995:1460) is van mening dat Puntland aan die Arabiese kant van die Rooi See by Jemen geleë was. Hoewel Jemen (antieke Sakeba) oor wierook en mirre beskik het, wys Albright (1960:208) egter daarop dat eksotiese diere nie endemies aan Arabië was nie. Le Roux (2008:2) se navorsing van mondelinge oorlewings van Afrika-gemeenskappe toon dat hierdie gemeenskappe nie in isolasie geleef het nie, maar dat hulle op ekonomiese- en kulturele gebied, in noue kontak met die Semitiese gemeenskappe van die ou Nabye Ooste was en baie van laasgenoemde se kulturele gebruike oorgeneem het. Dit geld veral ten opsigte van handel, soos die Arabiere van Saba wat hulle baie later tydens die sewende eeu v.C. aan die Ooskus van Afrika gevestig het (Le Roux 2008:5). In die verband verwys sy ook na die Lemba (Semitiese handelaars) wie se mondelinge oorlewings daarop dui dat hulle van Jemen afkomstig was en hulle later aan die Ooskus van Suider Afrika gevestig het.

(c) Palestina en Fenisië

Velikovsky (1953:129) se teorie oor Puntland kan tereg as kontroversieël beskou word. Hy verbind Puntland met eksotiese diere en fabelagtige plante, maar afgesien van die inheemse ‘Negerbevolking,’ verwys hy terselfdertyd na aantreklike wit mans wat moontlik vanaf Palestina of Fenisië, daarheen geïmmigreer het en die meerderheid van die bevolking uitgemaak het (Velikovsky 1953:127). Op grond van verskeie ooreenkomste, tipeer Velikovsky (1953:129-130) Koningin Hatshepsut as ‘n tydgenoot van Salomo wat nie vanaf Arabië of Somalië afkomstig was nie, maar vanaf Thebes. Velikovsky (1953:130) beskou Hatshepsut se reis na Puntland as ‘n reis na Palestina en Fenisië, iets wat die ‘aantreklike wit mans’ verklaar. Dit is egter nie duidelik waarop Velikovsky sy stelling baseer nie aangesien

¹¹⁹ Where is Punt? <https://www.pbs.org/wgbh/nova/article/egypt-punt/> (Geraadpleeg 22 Februarie 2019).

eksotiese diere en plante nie in die Levant voorgekom het nie. Hoewel sy teorie vergesog klink, regverdig dit nogtans verdere ondersoek.

Na aanleiding van 'n skildery waar Koningin Hatshepshut langs die skepe van haar ekspedisie uitgebeeld word en langer as die hoogste maste vertoon, is Velikovsky (1953:133) van mening dat die koningin moontlik self die reis meegemaak het. Volgens die reëls en voorskrifte van Egiptiese kuns, was kunstenaars egter nie toegelaat om koninklikes saam met gewone mense uit te beeld nie, vandaar haar uitbeelding langs die skepe. Velikovsky se teorie is belangrik vir die doel van hierdie navorsing omdat alle moontlike teorieë krities ondersoek moet word om tot 'n geloofwaardige bevinding te kom. Sy teorie bevat egter verskeie teenstrydighede. In die eerste instansie is die tydsverskil tussen die Koningin van Skeba en Koningin Hatshepshut byna vier eeue, iets wat menslik-gesproke kronologiesgewys nie haalbaar is nie. Tesame hiermee is Velikovsky die enigste akademikus wat Puntland noord van Egipte plaas.

(d) Khent Hunnefer

Dit is opvallend dat daar destyds na Puntland as 'die lande van die Suide' verwys was, maar onduidelik of die streek bekend as Khent Hunnefer ('n wye gebied suid van Egipte wat tussen die Nyl en die Rooi See geleë is), deel van die gebied uitgemaak het (Naville 1894:21). Beide streke was deur 'Negers' bewoon wat in huise op stelte gewoon het wat slegs met behulp van lere bereik kon word (Naville 1894:21-24). Daar word ook nie melding gemaak of antimoon hier verkry is nie.

(e) Mosambiek

Onlangse navorsing dui daarop dat Puntland moontlik verder suid as die Horing van Afrika, moontlik so ver suid as Sofala langs die Mosambiekse kus, geleë was (Lendering 2007 cf. Dart 1925:429 in Le Roux 2008:8). Dit bied 'n moontlike verklaring vir die antieke verwysings na 'die Lande van die Suide.' In die verband grond Le Roux (2010:92) haar stelling op wetenskaplike ontleding van ebbehout (*Dalbergia Melanoxylon*) (ook bekend as

‘*African blackwood*’¹²⁰ en die feit dat daar antimoon by Sofala gevind is (Le Roux 2010:92). Hierdie ‘Afrika swarthout’ is endemies aan hedendaagse Mosambiek en stem ooreen met dieselfde soort hout wat in Tutankhamun se graf in Egipte, asook etlike houtblokke wat in die vrag van die *Ulu Burunskewrak* (circa 1400 v.C.) gevind was. Veral die benutting van die moesonwinde aan die Ooskus van Afrika het lang seereise suidwaarts moontlik gemaak.

Na die einde van die Nuwe Koninkryk het verwysings na Puntland skaarser geword (Meyrat 2013:5665). Dit kan moontlik toegeskryf word aan groter opbrengste van die kopererts, dat die groot afstand om dit te vervoer, baie duur geword het, of dat mense eerder *galena* verkies het omdat dit goedkoper en makliker beskikbaar was.

5.5 PLEKKE WAAR HANDEL GEDRYF WAS

Handelaars was destyds as *emporos* bekend, vandaar die benaming *emporium*, ‘n plek waar handel gedryf was (Lockyer 1969:143).¹²¹ Handelsware was aanvanklik in oop ruimtes soos basaars, gewoonlik naby stadspoorte van stede of dorpe van die hand gesit (Wright 1955:50) soos by die stadspoort van Samaria (2 Kn. 7:1, 18). Planne van latere Ystertydstede dui egter aan dat oop ruimtes vir handeldryf of markte soos die *agoras*¹²² van Griekse stede, in Palestina ontbreek het (Hopkins 2000:1325).¹²³ Sommige stede het selfs verblyfplekke vir handelaars gebied. In die tweede poort van Debir (Tel Beit Mirsim) in Juda, het argeologiese opgrawings kamers opgelewer wat moontlik as ‘n publieke gastehuis vir handelaars en amptenare gedien het (Wright 1955:59).

Uit 2 Konings 7:1, 18 wil dit voorkom asof sekere gedeeltes van sommige strate wel vir handeldryf gebruik was. Dit blyk uit die latere feit dat Koning Ben-Hadad van Sirië (circa 885 – 865 v.C.) vir Koning Agab van die Noordelike Ryk toestemming verleen het om ‘n handelsgebied in Damaskus te open (1 Kn. 20:34). Uit Handeling 17:17 kan afgelei word dat markte openbare plekke was waar die publiek gesosialiseer, kinders gespeel en mense werk gesoek het. Dit is moontlik die rede waarom Boehm (2013:198) beweer dat markte later by

¹²⁰ Ebbenhout behoort tot die genus *Diospyros crassiflora* en swarthout tot die genus *Dalbergia Melanoxylon* (Palmer 1977:165).

¹²¹ In antieke tye was daar nie winkels soos ons dit vandag ken nie (Lockyer 1969:143).

¹²² Markpleine.

¹²³ Tydens Nuwe Testamentiese tye was die Romeinse ekwivalent van ‘n *agora* ‘n *forum* genoem (Hdl 28:15).

historiese hawens aangetref was, omdat handel en produksie van goedere daar plaasgevind het. In dié verband verwys Snell (1992:626) na hawens as die fokuspunt van handel, omdat skepe goedere uit ander lande hier afgelaai en verkoop het. Dokke by hawens het destyds die erkende besigheidsentrum van 'n plek geword, terwyl die naam van 'n plek soms na die hawe vernoem was (Duche 1969:16), soos die hawe van Ostia langs die Tiber.

Handelaars het hulle gewoonlik in kolonies gesentreer, veral in plekke wat sentraal geleë was. Dit is moontlik die rede waarom die Beni Hasanhandelaars na Menat-Khufu (die hoofstad van die Oryxprovinsie) waar verskillende handelsroetes ontmoet het, gereis het. Die stad Kanis (moderne Kültepe) in Anatolië (hedendaagse Turkye) was 'n voorbeeld van 'n kolonie waar Assiriese handelaars van Assur¹²⁴ hulself tydens die Middel Bronstydperk (*circa* 2200 – 1570 v.C.) gevestig het (Larsen 2008:70). Volgens Larsen (2008:71) dui argeologiese getuienis op 'n stad wat vir meer as twee eeue op die welvaart van langafstand handel floreer het. In Anatolië is 40 sulke handelaarskolonies deur argeologie blootgelê, met die grootste kolonie by Hattusa (Bögaskoy) wat die latere hoofstad van die Hetitiese Ryk sou word (Larsen 2008:71). Die moontlikheid bestaan dat die Semitiese handelaars in die *Beni Hasanskildery* in kontak was of selfs deel van die handelskolonies gevorm het (vgl. Golden 2009:86).

Na die val van die Hetitiese Ryk gedurende die dertiende eeu v.C. het talle van sy metaalsmede suidwaarts na Palestina gemigreer en blykbaar die kuns van metaalsmeewerk aan die inwoners bekendgestel (Mondriaan 2010:324). Dit verklaar moontlik waarom die latere Keniete en Midianiete (wat moontlik afstammelingen van hierdie metaalsmede was) so aktief by die ontginning van die kopermyne in die Sinai- en Negev-woestyne betrokke was (sien 2.8). Die moontlikheid bestaan steeds dat die Keniete en Midianiete en verwante groepe¹²⁵ op 'n manier verwante van die Beni Hasanhandelaars was.

5.6 PROBLEME EN GEVARE

Om handel suksesvol te bedryf, was politieke bestendigheid aan beide kante van langafstand-handelsroetes noodsaaklik (Fagan 1980:253). Dat dit nie altyd die geval was nie, blyk uit die

¹²⁴ Assur was 864 kilometer verder langs die Tigrisrivier geleë.

¹²⁵ Hul fisiese voorkoms stem ooreen met die voorkoms van die latere Hyksos (2.8.1.3).

verhaal van Wenamon (Breasted 1944:101). Die verskeidenheid wapens waarmee die wagte van die Beni Hasankaravaan toegerus was (sien 4.6.3) en *Amarnabrief* nommer agt (Richardson 2012:33), bied 'n blik op die gevare waaraan handelaars blootgestel was. In dié *Amarnabrief* maak Koning Burnaburiash van Babilon by die Egiptiese Farao (wie se naam ontbreek) beswaar omdat sy karavaan en handelaars in Kanaän beroof, geslaan en sy slawe vermoor was (Richardson 2012:33). Indien 'n transaksie skeef loop, was owerhede soms verplig om op 'n karavaan beslag te lê, soos die koning van Hasor wat op 'n Mari karavaan, tesame met die handelaars, handelsware en donkies beslag gelê het (Malamat 1983:169). Die aangeleentheid word volledig in drie *tablette in die Mari-argiewe* beskryf (Malamat 1983:173). In die verband het die *Kode van Hammurabi* bepaal dat die veronregte party, vergoeding van die owerheid waar die misdaad plaasgevind het, kon eis (Malamat 1983:173). Moontlik vir hierdie rede en om hulself te beskerm, het handelaars soms assosiasies gevorm en 'n opsigter gekies om hul belange te verteenwoordig (Sasson 2008:96).

In ruil vir die beskerming van hul karavane en handelsware was handelaars swaar deur plaaslike Anatoliese prinse belas (Wright 1985:245). Afgesien hiervan moes handelaars gevare soos bergpasse wat vir maande toegesneeu was (Parker 2012:25-26), sandstorms, dors, Bedoeïene rowers en gierige doeane-amptenare langs die pad trotseer (Husein 1986:114). Sasson (2008:96) wys daarop dat handelaars soms ook struikrowers wat deur sommige plaaslike heersers gesteun was, moes trotseer. Dit is moontlik die rede waarom handelaars soos die karavaanleier Ibsha, genoodsaak was om hulself te bewapen of gewapende wagte te huur (sien Fig. 2.3).

Tydens Salomo se bewind het die Israelitiese koninkryk, Egipte se rol as tradisionele beskermmer van die speserykaravane wat deur Palestina gereis het, oorgeneem. Om te verhoed dat handelaars sy monopolie omseil, het Salomo 'n reeks forte in die Negev gebou om die roete van Ma'in na Gasa te patrolleer (Rasmussen 1986:162). Op grond van oorblyfsels van erdewerk wat by hierdie ruïnes gevind is, verbind Cohen (1979:77) die forte met Salomo, wat die suidelike grens van sy koninkryk moes beskerm.

Verskeie wapens wat in die vrag van die *Uluburunwrak* (circa 1400 v.C.) gevind is, dui daarop dat seelui eiesoortige gevare op see in die vorm van seerowers, moes trotseer. Twee kort swaarde en twee dolke, asook verskeie ander dolke wat deel van die *Uluburunvrag* uitgemaak het, getuig volgens Pulak (2008:366) daarvan dat elke handelaar 'n wapen gedra

het. Die enigste Kanaänitiese swaard wat aan boord gevind is en waarvan die versiering van besondere hoë vakmanskap getuig, mag dalk 'n aanduiding wees dat dit aan 'n hoë offisier behoort het, moontlik die skip se kaptein (Pulak 2008:366). Ander ryklik versierde wapens wat tussen die *Uluburun* se vrag gevind is, sluit onder andere dolke in wat met ivoor en ebbehout versier was. Dolke was destyds algemene wapens, maar dolke waarvan die kante geflens was, was luukse items. Die plasing van persoonlike besittings op sekere plekke in die boeg van die skip, mag dalk 'n aanduiding wees van 'n sosiale hiërargie wat onder die bemanning geheers het (Pulak 2008:366). Hoewel die eienaars van die *Uluburun* onbekend is, kan uit die ongewone luukse aard van die vrag, die afleiding gemaak word dat dit moontlik 'n koninklike besending was (Lipinski 1995:1322-1323). Pulak (1998:220) is daarom van mening dat die besending prestige goedere aan 'n koninklike amptenaar of sy adjunk, toevertrou was om aan ander koninklikes by die skip se aankoms te oorhandig.

Casson (1959:46) wys daarop dat die gevaar van seerowery, handel spoedig oorheers het, moontlik omdat seerowery aanvanklik as 'n eerbare beroep beskou was en terselfdertyd goeie winste opgelewer het. Afgesien van seerowery was handelaars wat hul ware per skip vervoer het, aan gevare soos koraalriwwe in die Rooi See blootgestel (Husein 1986:110; Van de Mierop 2011:338). Handelaars moes ook natuurverskynsels trotseer soos onvoorspelbare weerstoestande, storms wat skepe beskadig het, windstiltes wat 'n vaart soms met lang tye kon vertraag of sterk winde wat skepe van koers afgedwing het. Seerowery het selfs mense langs die kus wat nie in ommuurde stede of dorpe gewoon het nie, genoodsaak om na die binneland te verhuis, aangesien hulle ook slagoffers van seerowers was.

5.7 BELANGRIKE HANDELSROETES VIR DIE VERVOER VAN OOGVERF EN ANDER HANDELSITEMS

Die strategiese ligging van Palestina tussen die ou Nabye Ooste en Egipte, het verseker dat handel 'n belangrike faset van die ekonomieë van die plekke waardeur hierdie handelsroetes geloop het, uitgemaak het (Aharoni 1962:15). Afgesien van verskeie streeks- en plaaslike roetes, was Palestina ook deur drie belangrike internasionale handelsroetes wat van noord na suid strek, deurkruis (King & Stager 2001:176-177). Hierdie drie roetes – die *Via Maris*, die Koningsweg en die Weg van Shur, strek tot teenaan die Egiptiese grens. Volgens Aharoni (1962:15) was handel in die hande van nomades, semi-nomades en 'n gedeeltelike monopolie van konings en heersers geleë.

Vir die doel van hierdie studie word slegs op bekende handelsroetes waarlangs items (soos oogverf, metaalerts vir die vervaardiging van oogverf, metaalitems soos wapens en musiekinstrumente en grondstowwe vir die vervaardiging van die produkte) wat in die *Beni Hasanskildery* uitgebeeld word en moontlik vervoer was, gefokus.

Tydens die Middel Bronstydperk was Kanaäniete (Semiete) reeds in uitgebreide handelsnetwerke vanaf Sirië en Anatolië in die noorde tot by Egipte in die suide betrokke (Golden 2009:86). Ten spyte van beperkte geskrewe dokumente oor die onderwerp, dui Siro-Palestynse artefakte wat in Egipte gevind is en Egiptiese artefakte wat in Siro-Palestina gevind is, daarop dat wederkerige kommersiële kontak tussen die twee streke reeds vanaf die vierde millennium v.C. bestaan het (Wright 1985:240). Ben-Tor (1991:3) verwys egter na hierdie kontak as 'sporadies' van aard. Volgens hom het gereelde kommersiële kontak tussen die twee gebiede eers 'n aanvang geneem toe aromatiese hout in groter volumes deur Egipte ingevoer was. Hierdie hout was moontlik per skip met die Middellandse Seeroete na Egipte vervoer, terwyl ander handelsitems moontlik met die *Via Maris* na Egipte vervoer was.

Dit is duidelik dat handelsnetwerke nie oornag ontstaan het nie, maar dat dit oor eeue ontwikkel het. Volgens King & Stager (2001:177) verskaf argeologie slegs beperkte indirekte inligting oor antieke paaie waarlangs goedere vervoer was, omdat dit eintlik net voetpaaie was wat nie geplavei was nie. Weens die gebroke aard van die Palestynse landskap was dit volgens Aharoni (1962:39) moeilik om nuwe paaie waarlangs handelsitems vervoer kon word, te ontwikkel, of oues te verbeter. Dit is moontlik die rede waarom karavane altyd voorheen-gevestigde roetes gevolg het. Padwerke was daarom slegs beperk tot die verwydering van klippe (Jes. 62:10), gelykmaking en verbetering van die gradiënt van padoppervlaktes op gevaarlike plekke (Jes. 40:3-4; 49:11; 57:14). Paaie was vernoem na die bestemmings waarna dit gelei het soos Uruk in Mesopotamië, maar die uitsondering was die Koningsweg (Dorsey 1997:433), moontlik omdat verskeie stede met die Koningsweg bereik kon word (King & Stager 2001:177). Oogverf wat vanaf Naharina anderkant die Eufraat na Egipte ingevoer was, was moontlik gedeeltelik met die Koningsweg vervoer.

5.7.1 Die *Via Maris*

Dat die *Via Maris* (*derek hayyām* – die Weg van die See) moontlik een van die oudste internasionale handelsroetes van die antieke wêreld was, blyk uit Jesaja se verwysing daarna (Jes. 8:23, 9:1). Dit was ook as die ‘Weg van die Land van die Filistyne’ bekend (Eks. 13:17) (King & Stager 2001:177). Onder Egiptenare was die *Via Maris* as die ‘Farao se roete’ bekend, moontlik omdat dit die gevestigde noordwaartse marsroete van Egiptiese soldate was (Aharoni 1962:47). Egiptenare het ook na hierdie roete as die ‘Weg van Horus’ verwys, moontlik omdat die suidelike deel van die *Via Maris* Palestina met Egipte verbind het en Horus met mag en beskerming geassosieer was (Aharoni 1979:46-47). Hierdie roete het aan die oostekant van die sandduine langs die Middellandse See vanaf die huidige Suezkanaal verby Gasa en Joppe noordwaarts gestrek (Kelso 1975:800). Verder noordwaarts het dit deur die Saronvlakte, die pas van Megiddo en Galilea gestrek om by ‘n belangrike verbinding by Hasor in die noorde aan te sluit, waarna dit suid van die Hulameer oor die Jordaanrivier verder noordwaarts na Damaskus gestrek het (Kelso 1975:800).

5.7.2 Die Koningsweg

Soos blyk uit Numeri 20:17 was die sogenaamde *derek hammelek* (Koningsweg) moontlik die beroemde internasionale handelsroete langs Palestina se oostelike grens, wat vanaf Eilat by die Golf van Aqaba in die suide, noordwaarts ontwikkel het (King & Stager 2001:177).

Die noordelike eindpunt van die Wierookroete en die maritieme handel vanaf die Golf van Aqaba het noordwaarts op pad na Damaskus by die Koningsweg aangesluit (Jobling 1993:105). Op die pad noordwaarts vanaf Eilat in die suide na die stad Petra, het die Koningsweg deur Edom (huidige Jordanië) (1 Kn. 9:26), Moab, Ammon, Gilead en Basan tot by Damaskus gestrek (Jobling 1993:105). Handel was aanvanklik aan beide kante van die Dooie See-vallei geforseer, maar danksy die beskikbaarheid van volop vars water (Num. 21:22) het die Koningsweg aan die oostelike kant van die Dooie See ontwikkel (Browning 1973:13).¹²⁶ Hierdie hoofweg wat die hele Trans-Jordaniese plato naby die woestyn beslaan het (King &

¹²⁶ Na die uittog uit Egipte en op die pad na die Beloofde Land (soos beskryf in die Bybelse verhale) het die koning van Edom die proto-Israeliete verbied om die roete deur sy koninkryk te gebruik en was hulle genoodsaak om ‘n ander roete te volg (Num. 20:17). In hierdie verband maak Rigters 7 ook melding van die wyse waarop die proto-Israelitiese manne onder leiding van Gideon, die Midianiete oorwin het.

Stager 2001:177), was vanaf die vroegste tye met konings geassosieer aangesien dit die roete was waarlangs konings opgetrek het om oorlog te maak. Skoonheidsmiddels wat vanaf die Verre Ooste ingevoer was het Palestina vermoedelik met behulp van een van die dwarsroetes wat uit die Koningsweg ontstaan het, bereik.

‘n Netwerk van sekondêre roetes het oos en wes van die Jordaan by die Koningsweg aangesluit (Jobling 1993:105) wat dit met die *Via Maris* verbind het (King & Stager 2001:177) (sien Fig. 5.12).



Fig. 5.12 Internasionale handelsroetes in Palestina¹²⁷

In ‘n suidwaartse rigting het roetes soos die *Via Maris* en die Weg van Shur ook tot in Egipte gestrek. Baie jare later kon die stad Petra¹²⁸ wat in die suide langs die *Koningsweg* geleë was en oor ‘n groot volume water beskik het, moontlik as ‘n *caravanserai* in die woestyn beskou word, aangesien dit ‘n verskeidenheid geriewe soos kos, water en verblyf aan handelaars verskaf het. Vanuit ‘n strategiese oogpunt kan Petra as ‘n natuurlike vesting beskou word weens die unieke rotsagtige formasie van die Wadi Musa (die Vallei van Moses) waarin dit geleë was. Vanweë hierdie strategiese ligging het Petra een van die belangrikste en

¹²⁷ https://www.biblehistory.com/maps/maps/map_ancient_trade_routes_mesopotamia.%20html_history.com (Geraadpleeg 13 Januarie 2020).

¹²⁸ Petra wat vir eeue onbekend was, is in 1930 deur die Switserse geograaf en ontdekkingsreisiger Burkhardt herontdek (Hammond 1981:30).

welvarendste stede van die antieke wêreld geword. Dit is vermoedelik in hierdie omgewing waar Moses die rots geslaan het om water vir die volk te kry (Num. 20:11).

Uit 2 Konings 7:1, 18 wil dit voorkom asof sekere gedeeltes van sommige strate wel vir handeldryf gebruik was. Dit blyk uit die latere feit dat Koning Ben-Hadad van Sirië (*circa* 885 – 865 v.C.) vir Koning Agab van die Noordelike Ryk toestemming verleen het om ‘n handelsgebied in Damaskus te open (1 Kn. 20:34). Uit Handeling 17:17 kan afgelei word dat markte openbare plekke was waar die publiek gesosialiseer, kinders gespeel en mense werk gesoek het. Dit is moontlik die rede waarom Boehm (2013:198) beweer dat markte later by historiese hawens aangetref was, omdat handel en produksie van goedere daar plaasgevind het. In dié verband verwys Snell (1992:626) na hawens as die fokuspunt van handel, omdat skepe goedere (soos hierbo na verwys) uit ander lande hier afgelaai en verkoop het. Dokke by hawens het destyds die erkende besigheidsentrum van ‘n plek geword, terwyl die naam van ‘n plek soms na die hawe vernoem was (Duche 1969:16), soos die hawe van Ostia langs die Tiber.

Dat hierdie roete later ook vir die Nabateërs van besondere belang was, blyk uit die feit dat hulle wagposte, herberge en waterreservoirs langs die roete aangebring en afstande met klippe aangetoon het (Meshel & Tsafir 1974:103, 106). Die oprigting van padtekens en oornagplekke vir karavane (voorlopers van hotelle) deur die woestyn was moontlik ook op ander handelsroetes en elders aangebring.

Die Koningsweg het Damaskus in die noorde met Eilat in die suide verbind en terselfdertyd as aansluiting vir talle primêre- en sekondêre handelsroetes gedien. Belangrik vir die doel van hierdie tesis is die roete deur die Araba en Negev, bekend as die Petra/Gasa-roete, omdat die handelaars moontlik met hierdie roete na Egipte gereis het.

5.7.3 Die Weg van Shur

‘n Derde internasionale handelsroete wat Palestina deurkruis het – die Weg van Shur (ook genoem die Heuwelweg of die Weg van die Patriarge (‘Aartsvaders’) het ook in ‘n noord-suid rigting en vanuit ‘n oos-wes rigting tussen die Koningsweg en die *Via Maris* oor die sentrale heuwels van Palestina geloop (sien Fig. 5.12). Vanaf Samaria strek die roete

suidwaarts na Jerusalem, Bethlehem en Hebron (King & Stager 2001:177) tot by Berseba in die suide en van hier tot in Egipte – moontlik tot by Shur, die laaste grensstad voor die huidige Suezkanaal (Kelso 1972:5). Dit is moontlik dat die koperproduserende gebied van Arad en die omliggende dorpe by hierdie roete aansluiting gevind het (sien Fig. 5.13).




Fig. 5.13 Geografiese ligging van koperproduserende plekke¹²⁹

Hierdie roete het egter nooit so prominent in die geskiedenis van Palestina gefigureer soos die Koningsweg of die *Via Maris* nie, moontlik omdat die hooglande deur verarmde Semiete bewoon was wat min tot die bevordering van die ekonomie en handel bygedra het. Moontlik het oogverf vanaf Sinaï die klein dorpies langs hierdie roete bereik. Voor die koms van die Romeine met hul gesofistikeerde padstelsels, was paaie in Palestina slegs ongeplaveide voetpaadjies, terwyl stedelike paaie geplavei was (King & Stager 2001:177).

¹²⁹ Archeometry 1991, 33(2) 240.

Die beste gedokumenteerde internasionale handelsroete was die uitgestrekte Assiriese netwerk van kolonies (*karums*) en handelstasies wat Assur met Kanis in sentraal Anatolië verbind het (Graf 2013:1327). Sedert die vroegste tye moes handelaars en reisigers die noordelike en suidelike lengtekromming van die Tigris en Eufraat riviere in die rigting van Aleppo, deur Sirië en Palestina volg om Egipte te bereik, die sogenaamde Vrugbare Halfmaan (Ennis 1964:112). Dit het aanleiding gegee tot die ontstaan van 'n handelsroete deur Assirië, aangesien die Siriese- en Arabiese woestyne 'n roete in 'n oos-wes rigting verhinder het. Tien handelskolonies was langs hierdie 540 myllange¹³⁰ roete versprei en het ses weke geneem om af te lê.

Die stad Kanis wat op dié roete geleë was, se argief het sowat 25000 *spykerskriftablette* wat dokumentêre getuienis van 'n goed georganiseerde en suksesvolle Assiriese handelsroete bevat, opgelewer. Dit het die aktiwiteite van 80 handelaars verteenwoordig (Graf 2013: 1327). Palmira (vroeër bekend as Tadmor – die 'Stad van Palmbome') wat op hierdie roete geleë was (Liu 2010:28), het weens die geriewe wat dit aan reisigers verskaf het, een van die belangrikste en welvarendste handelstede van die antieke wêreld geword, terwyl sy kommersiële invloed tot sover as die Persiese Golf gestrek het.

Assiriese handelaars het handelstasies langs hierdie roetes tot stand gebring, asook *caravanserais* (karavaanrushaltes) wat oornagverblyf aan handelaars en hul kamele, stoorfasiliteite, 'n kantoor en 'n tempel verskaf het (Liu 2010:31). Hierdie fasiliteite kan beskou word as noodsaaklik vir karavaanleiers om hul beroep suksesvol te beoefen. Moontlik was die *antimoon* wat Egipte vanaf Naharina ingevoer het met hierdie roete vervoer, so ook speserye en marmer. Eksotiese items vir die versiering van die elite soos sy en duursame tekstiele, was met hierdie roete geassosieer. Volgens Liu (2010:31) was slegs 'n klein persentasie van die speserye wat langs hierdie roete vervoer was, deur die voedselbedryf geabsorbeer, terwyl die res vir die vervaardiging van skoonheidsmiddels (veral parfums) gebruik was. Marmer was moontlik vir die vervaardiging van kosmetiekhoutertjies gebruik. Om handel te bevorder het Assiriese konings ook verskeie verbeterings soos padtekens, wagposte en waterputte met gereelde tussenposes langs woestynroetes aangebring (Bertman 2003:209). Kaarte wat die tydskuur tussen rushaltes aantoon, is opgetrek vir die

¹³⁰ 864 Kilometer.

gerief van koeriers, terwyl 'n koninklike boodskapperdiens ingestel was en waterputte vir reisigers se gebruik, gegrawe is (Spar 2008:209).

5.8 BELANGRIKE HANDELSROETES TER SEE

5.8.1 Agtergrond tot langafstand seeroetes

'n *Spykerskriftablet* wat by Ebla gevind is, impliseer dat handelsnetwerke ter see reeds so vroeg as 2500 v.C. in plek was (Stieglitz 1984:138). Swaar vragte handelsware was sedert die vroegste tye per skip vervoer omdat dit goedkoper en in die afwesigheid van geboude paaie, vinniger was (Wright 1988:146). Casson (1959:4-5) verwys na 40 bote met sederhout wat in 3000 v.C. in Egipte aangekom en uitgebeeld was, as die eerste grootskaalse handelsending ter see. Lang verdragings ter see weens ongunstige weerstoestande het moontlik tot die hoë koste van oogverf, gegeurde olies soos parfuums en plantmateriaal vanaf Suid-Arabië en Somalië bygedra (King & Stager 2001:280).

5.8.2 Middellandse Seeroete

Fenisiërs was die eerste volk om hul skepe met kiele toe te rus en rigting met behulp van die Poolster te bepaal (Smith 2009:23). Hierdie uitvinding het hulle in staat gestel om nagvaarte en vaarte ver weg van die kus te onderneem, destyds 'n rewolusionêre uitvinding op maritieme gebied. Die wrak van 'n Laat Bronstydperk Fenisiese handelskip – die *Uluburun* (circa 1400 v.C.), wat in 1960 naby die kus van Turkye by Bodrun ontdek is (Pulak 1998:188), word vandag as die heilige graal van skeepswrakke beskou omdat dit moontlik ons belangrikste bron van inligting oor maritieme handel tydens die Bronstydperk is.

Intensiewe marine-argologiese navorsing deur die Universiteit van Pennsylvania, moderne tegnologie soos sonar, verbeterde duiktoerusting en -tegnieke, gesofistikeerde instrumente, kartering en intensiewe ontleding van die vrage, stel navorsers vandag in staat om nuwe inligting oor handel ter see te bekom. In die lig hiervan bied die *Uluburunwrak* nuwe insigte oor die omvang van maritieme handel en roetes wat moontlik destyds gevolg was.

Artikels van die vrag wat moontlik vir skoonheidsmiddels bestem was, sluit onder andere 'n aromatiese gomsoort *pistacia* vir die vervaardiging van parfuum of ander gegeurde produkte in, asook kosmetiekhouders, artikels van ivoor en 'n groot hoeveelheid krale – moontlik vir persoonlike versiering (Pulak 1998:201, 205-206). Ronde plat glasskywe waarvan kosmetiekhoutjies of krale moontlik vervaardig kon word, het ook deel van die vrag uitgemaak. Laasgenoemde items was moontlik by 'n Fenisiese hawe ingeskeep. Bass (1987:699) is van mening dat die verskeidenheid artikels aan boord van die skip daarop dui dat dit moontlik 'n anti-kloksgewys sirkelroete in die Middellandse See-gebied gevolg het, waarskynlik vanaf Sirië-Palestina na Ciprus.

Die groot hoeveelheid yster wat deel van die *Uluburun* se vrag uitgemaak het, was vermoedelik by Ciprus ingeskeep en was moontlik vir die maak van wapens, snaar-instrumente en landbou-implemente gebruik. Vanaf Ciprus het die skip moontlik na die Egeïese See gevaar, dalk by Sardinië aangedoen en die roete voltooi deur by Noord-Afrika en Egipte aan te doen. Produkte van sewe verskillende kulture was aan boord van die skip gevind, onder andere van Griekse, Kanaänitiese, Cipriotiese, Egiptiese, Kassitiese, Assiriese en Nubiese oorsprong (Bass 1987:700). Insluitend in die vrag was Afrika swarthout ('African blackwood' – *Dalbergia Melanoxylon*) boomstompe wat vanaf Mosambiek (Le Roux 2010:92) of Madagaskar afkomstig was en wat endemies aan die gebiede was. Dit is relevant vir die doelwitte van dié studie omdat Suidelike Afrika moontlik die plek is waar handelaars antimoon vandaan kon kry (sien 5.4.2). Die buitengewone luukse aard van die vrag aan boord die wrak van die *Uluburun*, dui daarop dat dit moontlik 'n koninklike handelsending was.

Vergeleke met Bass(1987:700) se stelling, beweer Pulak (1998:220) dat ontleding van die vrag 'n groter verskeidenheid produkte afkomstig van ongeveer nege tot tien verskillende kulture toon wat moontlik by verskillende bestemmings in die Mediterreense gebied ingeskeep is. Produkte aan boord vir die luukse mark sluit ook ivoor in die vorm van olifant-en seekoeitande (moontlik vanaf Egipte), skilpaddoppe, goue- en silwer juwele in (Pulak 1998:203-206). Uit die aard van die saak is dit egter moeilik om vandag vas te stel of daar oogverf in die olifanttande vervoer was, soos moontlik destyds die gebruik was (sien 5.2.3.3). Verskeie implemente vir die aanwending en stoor van oogverf soos spatels en houtjies was destyds van ivoor vervaardig. Voorgenoemde produkte was moontlik vroeër vanaf Afrika-hawens na Fenisiese of Palestynse hawens (soos Eilat) vervoer en daar ingeskeep voordat die skip op sy vaart vertrek het. Dit dui op die omvang van seehandel in antieke tye.

Hierdie inligting is relevant vir die doelwitte van dié studie omdat Suidelike Afrika moontlik een van die plekke was waar handelaars antimoon vandaan kon kry (sien 5.4.2.2[e]). Dit dui daarop dat Egipte se handels-aktiwiteite as uitgebreid beskryf kan word, iets wat Rice (2003:241) se stelling weerspreek dat handeldryf nie vir Egiptenare die alles-oorheersende tydverdryf en belangstelling soos vir hul tydgenote was nie. Moontlik kan dit toegeskryf word aan die feit dat die Egiptiese ekonomie tydens die Ou Koninkryk, uitsluitlik in die hande van die Faraos gesetel was (Caldwell & Gyles 1966:77).

5.8.3 Indiese Oseaanroete

Anders as die geval met die Middellandse Seeroete of ander seeroetes, is min historiese- en geografiese inligting oor die Indiese Oseaan-seeroete (insluitend die Rooi See- en Oos-Afrika-roete) bekend. Dit wil vandag voorkom asof beide die Israeliete en Egiptenare met behulp van Fenisiese seelui by handel langs die Oos-Afrika kus betrokke was. Die uitgestrekte Indiese Oseaan was egter die domein van Arabiese en Indiese seemanne wat die moesonwinde gebruik het om direk oor die oseaan te vaar, in plaas van kuslangs (Duche 1969:4). Vir 'n baie lang tydperk kon die seeroete vanaf die hawens van Suid-Arabië en Oos-Afrika oor die Indiese oseaan na Indië as lank, eentonig en vol gevare, beskryf word (Erikson 1969:33). Dit het behels dat skepe en skeepslui vir maande aan die gevare van onvoorspelbare winde, storms of windstiltes uitgelewer was (Erikson 1969:33). Veranderinge in weerpatrone het 'n vertraging in die aflewering van goedere tot gevolg gehad.

In die verband beweer Herodotus (*Histories* Vol. I Boek IV. 42) dat die Fenisiërs reeds 600 v.C. rondom die suidpunt van Afrika gevaar het. In die middel van die eerste eeu n.C. is daar egter eers melding deur 'n Griekse seeman genaamd Hippalus gemaak van 'n moontlike vroeëre ontdekking wat bevind het dat die winde oor die Indiese Oseaan nie na willekeur waai nie, maar dat dit 'n definitiewe seisoenale patroon gevolg het¹³¹ (Erikson 1969:33), kennis wat skeepslui in staat gestel het om hul vaarte beter te beplan. Die moontlikheid bestaan daarom dat die Fenisiërs hierdie kennis gebruik het vir hul direkte vaarte oor die

¹³¹ 'n Unieke handleiding wat vermoedelik uit die eerste eeu n.C. dateer en deur 'n Griekse seevaarder vir ander seelui wat in die (Rooi See) gebied aktief was, inligting oor gevaarlike hawens, waters, markte en die mense wat daar betrokke was, verskaf het. Wat die dokument uniek maak, is die feit dat anders as die deursnee seeman wat bestemmings geheim gehou het, hierdie skrywer ander seelui se veiligheid in ag geneem het deur sy kennis te deel (Huntingford, GWB [trans] [ed] 1980).

oseaan na Indië. Hierdie winde het vir drie maande vanaf Mei in ‘n Noord-Oostelike rigting gewaai en dan weer gerieflikheidshalwe in ‘n Suid-Westelike rigting vanaf November, iets wat skeepslui in staat gestel het om die Indiese Oseaan direk oor te steek (Le Roux 2008:208-209) (sien Fig. 5.14).




Fig. 5.14 Internasionale handelsroetes oor land en ter see¹³²

Vir die terugvaart vanaf Indië was die alternatiewe windstelsels benut, ‘n gebruik wat moontlik vir millennia voortgeduur het (Van Beek 1960:79). Gevolglik was Indië geassosieer met produkte soos swarthout, ivoor, goud, *antimoon* en sekere diere wat in werklikheid van Afrika afkomstig was (Le Roux 2010:94).

Skepe vanaf Suid-Arabië wat na noordwes Indië moes vaar, moes vroeër drie dae kuslangs vaar en vanaf Cana of Syagrus die oop see na Barbaricum oorsteek (Van Beek 1960:79). Waar skepe vroeër op die roete na suidwes Indië, kuslangs by verskeie plekke soos Muziris, Cana, Ocelis langs die suidwestelike Suid-Arabiëse kus moes aandoen, kon dit nou die Indiese oseaan direk vanaf Cana oorsteek (Van Beek 1960:79). Hierdie kennis het moontlik aanleiding gegee tot skepe wat ‘n groter tonnemaat vrag vinniger tussen die Weste en die

¹³² Geskep deur A. Gösling (Humansdorp). Die kaart reflekteer moontlik die roetes wat in die tweede millennium v.C. in gebruik was.

Ooste kon vervoer – inligting wat moontlik ‘n verklaring kan bied vir die lang verdragings in die aflewering van goedere of vragte ter see, wat voorheen voorgekom het.

Die skrywer van die *Periplus* (Huntingford [trans] 1980: par. 39, 41-49) het ook na hierdie roete verwys. Om die roete na suidwes Indië te volg, moes skepe vanaf Cana die oop see na die hawe van Muzirus oorsteek (sien Fig. 5.14). Die terugvaart vanaf beide suidwes en noordwes Indië het normaalweg in Desember of Januarie vertrek en direk na Ocelis aan die weskus van Suid-Arabië gevaar (Van Beek 1960:79). In die geval van ongunstige weerstoestand was daar volgens die skrywer van die *Periplus* (Huntingford [trans] 1980: par. 25, 32) by Moscha aan die suid-oostelike kus van Suid-Arabië oorwinter. Dit dui op die lang afstande en gevare wat handelaars moes trotseer om handelsware te bekom om aan hul kliënte te besorg.

Voorgenoemde inligting het daartoe bygedra dat skeepsreise in korter tye afgelê kon word en dat vragte hul bestemming vinniger bereik het met die gevolglike besparing van tyd en geld. Die vroegste Egiptiese vaart langs die Oos-Afrika kus,¹³³ was moontlik, soos reeds genoem, die ekspedisie van Koning Sahure (*circa* 1400 eeu v.C.) na Puntland (sien 5.4.2.1[a]). Afgesien van Koningin Hatshepsut se ekspedisie in 1493 v.C. was daar later ‘gereelde’ ekspedisies na Puntland, maar dokumentêre inligting in dié verband ontbreek. Wierook was ook per skip vanaf die kus van Oos-Afrika na die hawe van Eilat vervoer, vanwaar dit verder noordwaarts oor land na Petra en vandaar verder noordwaarts met die Koningsweg na Damaskus vervoer was. ‘n Belangrike hawe langs die Oos-Afrika kus was volgens die skrywer van die *Periplus* die *Aromata Emporium* (Hawe van Speserye), wat aan die oostelike uitsteeksel van die kus van Somalië (Kaap Guardafui) geleë was (Gupta 2013:754).

Handelaars van Egipte, Fenisië, Kanaän, Arabië en Indië het die keuse gehad om by verskillende internasionale roetes en hawens langs die Rooi See en die kus van Oos-Afrika aan te doen. Kaap Guardafui het as ‘n ope mark gedien waar kassie, wierook, verskillende kruie en speserye verkoop was en handelskepe van Rome, Egipte en Indië aangedoen het. Gupta (2013:754) is van mening dat die verwysing na kassie moontlik daarop dui dat hierdie hawe gebruik was vir die herverskeping van speserye van een skip na ‘n ander. Kassie was ‘n

¹³³ Die vervoer van antimoon vanaf Puntland na Egipte met die Oos-Afrika roete, word breedvoerig in 5.4.2 bespreek.

gewilde aromatiëse bestanddeel vir die maak van parfuim en ander aromatiëse poeiers. Op reis na Puntland, het skepe volgens Le Roux (2010:92) so ver suid as Sofala langs die Mosambiekse kus gevaar, op soek na antimoon en ander eksotiese produkte. Skepe het ook vanaf Somaliland na Indië via Madagaskar oor die Indiese Oseaan, verby die Persiese Golf en vandaar na die weskus van Indië gevaar (Matthews 1992:227).

Dit wil voorkom asof die Rooi See-roete destyds talle gevare vir skeepsvaart ingehou het. Die groot aantal koraalriwwe in die Rooi See-gebied en 'n gebrek aan veilige hawens, het navigasie in die gebied bemoeilik. Om die koraalriwwe en die invloed van die heersende Noordewind te vermy, was daar later voorkeur aan hawens in die suide soos Berenice gegee (Petrie 1923:159). Die oorland roete van 250¹³⁴ myl na Berenice wat in 11 skofte afgelê kon word, was daarom bo die korter 90¹³⁵ myl roete oor die see tot by Quseir verkies (Petrie 1923:159). By die Rooi See-kus was skepe uitmekaar gehaal en met donkiekaravane met die Hammamatroete tot by Koptos aan die Nyl vervoer. Om handel langs die roete te vergemaklik, het Seti I (*circa* 1290 – 1279 v.C.) later tydens die Middel Koninkryk, waterputte en -opgaarplekke by buiteposte op die roete laat aanbring (Petrie 1923:160), moontlik vir die gerief van karavane.

Fenisiëse seelui het hul kennis en dienste nie net tot Fenisië beperk nie, maar het dit ook tot ander volke se beskikking gestel, soos byvoorbeeld hul vaarte in diens van die Judese Koning Salomo (sien 4.2 en 5.8.3) en die Egiptiese Koningin Hatshepshut (5.4.2.1[c]) en moontlik ook latere Farao's. Hul materiële kultuur in die Oostelike Mediterreense gebied word vandag as die 'moederkultuur' van die Israelitiese beskawing en die meeste van haar bure beskou (Stern 1993:135). Tog het die belangrikste Fenisiëse stede – Aradus, Biblos, Sidon en Tirus, weinig substansiële inligting van die Fenisiëse periode opgelewer. Ten spyte hiervan het die stede ekonomies floreer omdat hulle markte vir Egiptiese, Mesopotamiese en ander streke, produkte verskaf het (Caldwell & Gyles 1966:95). Dit wil voorkom asof die Fenisiërs moontlik die eerste volk was om kolonies te stig wat as vasalstate en afsetgebiede vir Spaanse en Noord-Afrikaanse produkte gedien het (Fagan 1980:300).

¹³⁴ 400 Kilometer.

¹³⁵ 144 Kilometer.

5.9 GEVOLGTREKKING

5.9.1 Gebruike en belangrikheid van oogverf

Afgesien daarvan dat die lede van die Beni Hasankaravaan self *oogverf vir persoonlike versiering* gebruik het, dit as *geskenk* aangebied het en moontlik *daarin handel gedryf* het, het hul ontmoeting met Khnum-hotep II dalk die moontlikheid ingehou om handelskontrakte te bekom. Dit blyk dat oogverf ook vir Egiptenare besonder *waardevol* was en dat soos reeds aangetoon, hulle dit vir 'n verskeidenheid doeleindes aangewend het.

In die vorige hoofstukke het dit om verskillende redes duidelik geword dat en waarom die Semitiese handelaars *hoë status en besondere aansien* in Beni Hasan geniet het. In hierdie hoofstuk word die vraag (onder andere) in meer diepte ondersoek, waarom die handelaars juis oogverf na Egipte, 'n land wat volgens Lucas (1930:43) *oor voldoende galena en malagiet* beskik het, geneem het. Die antwoord is eenvoudig dat oogverf destyds net so *waardevol en kosbaar as goud* geag was (Sommer 1943:34). Oogverf was dus 'n baie gepaste geskenk om *aan die elite* soos die provinsiale goewerneur, Khnum-hotep II te oorhandig, maar dit was waarskynlik nie enige oogverf nie – dit moes *hoë kwaliteit oogverf* wees om aan die Egiptiese elite se vereistes te kon voldoen. Uit die voorafgaande word dit duidelik dat sekere oogverf ook skaarser en dus duurder was. Die Semiete het ook *oor beter tegniese- en metallurgiese vaardighede* beskik en daarom was hulle produkte moontlik meer gesog as die plaaslike produkte. Dit is ook van betekenis dat die Semitiese handelaars self met oogverf uitgebeeld word. Hulle was dus self 'n *goeie advertensie* vir hulle handelsprodukt.

Die vraag kan daarom gevra word of Khnum-hotep II die geskenk van *oogverf so belangrik geag* het dat hy dit in sy graf verewig het, of het hy *die handelaars self so belangrik geag* dat hy hulle in sy graf laat uitbeeld het? Waarskynlik beide. Die goewerneur het hierdie besoekers so belangrik en welvarend geag dat hul besoek aan hom, moontlik die hoogtepunt van sy amptelike loopbaan was en daarom het hy die gebeurtenis in sy graf laat uitbeeld.

Dit is verder van betekenis dat die uitbeelding van die oorhandiging van moontlike *hoë kwaliteit oogverf* deur die handelaars juis in die graftombe van Khnum-hotep II aangebring is. Die destydse medisinale en rituele waarde van oogverf moet nie onderskat word nie. Die

‘beskermende waarde’ van oogverf (soos hierbo bespreek) teen dinge soos die ‘bose oog’ en die feit dat (goeie kwaliteit?) oogverf jou onder die *mag en beskerming van Horus* in hierdie lewe en hierna geplaas het, pas veral binne die konteks en ligging van die *muurskildery*. Almal moes kon sien dat die goewerneur van *hoë kwaliteit oogverf* voorsien was en waarskynlik daarmee vir die lewe hierna versier was.

Uit die *Eybers- en Leyden papiri* is bevind dat oogverf ‘n belangrike bestanddeel van Egiptiese *oftalmologiese medikasie* uitgemaak het en ‘n belangrike rol in die Egiptiese samelewing gespeel het. In die lig van moderne wetenskaplik-gefundeerde oftalmologiese kennis en medikasie, kan die doeltreffendheid van sommige van hierdie resepte vandag as twyfelagtig of selfs riskant beskou word. Hoewel die hoogs aangeskrewe *Eybers Papyrus* moontlik destyds as ‘n gesaghebbende mediese werk beskou was en moontlik deur oftalmoloë geraadpleeg was, kan die voorskrifte wat daarin vervat word vandag bevraagteken word, aangesien effektiewe wetenskaplik-vervaardigde medikasie vir oë en mediese ingrepe nou beskikbaar is. Ongelukkig is daar geen manier waarop ons die effektiwiteit van hierdie medikasie kan vasstel nie. Die vraag kan ook gevra word of baie van hierdie mediese voorskrifte nie net Egiptiese ‘boerate’ was nie.

Bestanddele van sommige voorskrifte soos die water van voëlbaddens vir die genesing van ‘rooi oë’ in die *Eybers Papyrus* (LVI) (Joachim 1973:6), grens vandag aan die bisarre en kon moontlik nadelige, selfs noodlottige gevolge vir pasiënte se sig of gesondheid ingehou het. Voorskrifte wat met oogverf verband gehou het, moet egter nie summier verwerp word nie, aangesien die *antibakteriese en swamdodende eienskappe* van sommige bestanddele soos heuning, moontlik resultate kon opgelewer het. Uie wat ‘n noodsaaklike bestanddeel van baie resepte was, was moontlik ‘n ander variëteit as hedendaagse uie, of moontlik ‘n ander plantsoort wat vanweë foutiewe vertalings vandag ‘uie’ genoem word.

In die afwesigheid van voorafvervaardigde medikasie, moes mense noodwendig op tradisionele kennis en dit wat in die natuur beskikbaar was, staatmaak. In ‘n samelewing waarin die individu op homself aangewese was vir oorlewing, getuig die wyse waarop Egiptenare en ander volke hul oogsiektes met behulp van oogverf ‘genees’ het, van oorspronklikheid en vindingrykheid en dwing dit bewondering af. Soos die geval met skoonheidsmiddels, het mense dit wat beskikbaar was, optimaal benut om in ‘n ongenaakbare

klimaat en wêreld te oorleef. Die feit dat mense vir duisende jare met hierdie praktyke volhard het, is dalk ‘n aanduiding dat dit *soms wel meriete gehad* het.

‘n Verdere afleiding is dat die mediese ‘voordele’ van oogverf, met verloop van tyd deur die *kosmetiese voordele* daaraan verbonde, oorskadu is. Dit blyk veral uit die talle afbeeldings van *pragtige versierde oë* met oogverf van koninginne soos Nefertiti se borsbeeld (sien Fig. 6.3.) en Nefertari (sien Fig. 6.23) en talle uitbeeldings in grafte in Egipte. Dat Egiptiese mans oogverf net so rojaal as vroue gebruik het, blyk uit talle afbeeldings van mans in Egipte (sien Fig. 6.2), Assirië (sien Fig. 5.7) en Sumerië (sien Fig. 5.8). Selfs in die Egiptiese begrafniskultuur het oogverf ‘n belangrike rol gespeel omdat dit die oorledene in die Egiptiese psige aantreklik kon maak, of die skyn van lewe kon gee, iets wat onmisbaar vir toelating tot die hiernamaals was.

5.9.2 Chemiese samestelling van oogverf

Dit is bevind dat Egiptenare se *chemiese kennis verder ontwikkel* was, as wat aanvanklik vermoed was. Die bewering word gestaaf deur die feit dat Egiptenare oor die kennis beskik het om sintetiese oogverf soos lourioniet en fosgeniet deur middel van ‘n tydsame en ingewikkelde chemiese proses op groot skaal te vervaardig (Buckley 2012:443). Deur monsters van oogverfsmeersels wat in houers behoue gebly het te ontleed, het dit akademië moontlik in staat gestel om die geografiese oorsprong van oogverf vas te stel. So het dit Lucas (1930:43) in staat gestel om tot die gevolgtrekking te kom dat Egipte aanvanklik tot en met die Negentiende Dinastie *self oor voldoende oogverfbronne beskik* het en dus nie nodig gehad het om oogverf in te voer nie. Moontlik het mense ingevoerde oogverf as ‘n beter kwaliteit as die plaaslike produk beskou, vandaar hul behoefte daaraan.

Die moontlikheid dat die chemiese bestanddele van oogverf (veral die loodinhoud) as ‘n voorkomende matriël teen *oogsiektes* gebruik kon word soos Draelos (2015a:267) beweer, het moontlik meriete gehad, aangesien die aanwending daarvan dalk die klein vliegies verhinder het om *oogsiektes aan slapendes* oor te dra. Sodoende het dit moontlik epidemies wat so kenmerkend van die *jaarlikse Nyvlloed* was, voorkom. Die saamtrekkende eienskappe van oogverf, tesame met die *anti-bakteriese eienskappe* van heuning, het moontlik in dié verband ‘n deurslaggewende rol gespeel.

As 'n *gesogte welwillendheidsgeskenk* kon oogverf destyds aanleiding gee tot goeie toekomstige handelsbetrekkinge. Deur 'n welwillendheidsgeskenk aan die goewerneur te oorhandig, kon dit die handelaars moontlik in staat stel om verdere saketransaksies in Egipte aan te knoop. In dié verband het die groot Egiptiese bevolking die moontlikheid van goeie oogverfverkope ingehou, veral ook omdat die *Oryxprovinsie* een van die *rykste gebiede* in die land was (Kanawati & Woods 2010:81).

5.9.3 Handelsroetes en wyse van vervoer

Beskikbare inligting dui daarop dat *handelsbetrekkinge* in die ou Nabye Ooste gedurende die *premonargale tydperk* 'n *hoogtepunt* bereik het, vergeleke met enige vroeëre tydperk. Die belangrikheid en betekenis van die handelstasies in Anatolië gedurende die tyd van die uitbeelding van die Beni Hasanhandelaars, moet nie onderskat word nie. Die feit dat oogverf so *waardevol, kompak, lig in gewig en klein in volume* was, het dit 'n belangrike element van die antieke luukse handel gemaak.

In die klein koninkryke soos Israel en Juda (later jare) is *langafstandhandel* bepaal deur die behoeftes van die *stedelike elite* (Hopkins 2000:1324). Dit is moontlik een van die redes waarom die handelaars vir iemand soos Khnum-hotep II, 'n *gesogte item* soos oogverf gebring het. Hoewel die handel in luukse goedere soos hoë kwaliteit oogverf net vir die klein elitistiese minderheid beskore was, was dit moontlik vir die handelaars finansiële baie voordelig om daarin handel te dryf en dit te vervoer.

Sirië-Palestina se twee *belangrikste internasionale handelsroetes* wat die land in 'n noord-suid rigting deurkruis het, die *Via Maris* en die *Koningsweg*, was moontlik die oorlandroetes waarlangs die Beni Hasanhandelaars of enige Semitiese handelaars Egipte bereik het. Moontlik was dit ook die roetes waarlangs die Sinai- en Negev-mynwerkers in die omgewing van Arad, Timna en ander plekke, hul handelsprodukte na Egipte sou vervoer. Langs hierdie roetes was daar uitsluitlik van donkiekaravane – soos in die *Beni Hasanskildery* uitgebeeld, gebruik gemaak om oogverf en ander handelsitems na Egipte te vervoer, aangesien kamele toe nog nie mak gemaak was nie. Die antimoon wat Egipte vanaf Naharina ingevoer het, was moontlik met die handelsroete deur die Siriese Woestyn op pad na Damaskus vervoer (sien 5.7.4), waarna dit verder met die Koningsweg na Egipte vervoer was. Afgesien van die

padtekens wat die Romeine later langs hoofroetes aangebring het, het ander heersers ook geriewe soos *karavaanrushaltes*, *waterputte*, *wagposte en militêre buiteposte* langs handelsroetes aangebring. Hierdie fasiliteite het moontlik karavaanvervoer baie veiliger gemaak en gevolglike vinniger aflewering van oogverf en ander produkte tot gevolg gehad.

Hoewel Lucas (1930:43) van mening is dat Egipte nie nodig gehad het om oogverf in te voer nie, aangesien dit oor voldoende erts beskik het (uitgesonderd antimoon), word daar uit die *Beni Hasanskildery* afgelei dat daar wel handelaars was wat oogverf van veraf plekke gebring het en dit moontlik ook verkoop het. Soos hierbo genoem was donkies die aangewese vervoermiddel vir oogverf vanaf die Sinai- en Oostelike Woestyne na Egipte (4.7), aangesien donkies se klein skerp hoeve goed aangepas was vir woestyntoestande (Albright 1961:33).

Danksy *Fenisiëse seelui* wat hul kennis en dienste tot die beskikking van die Israëliete en Egiptenare gestel het, kon seevaartekspedisies na plekke soos *Ofir en Puntland* onderneem word. Die bes gedokumenteerde en belangrikste van hierdie ekspedisies was dié van Koningin Hatshepsut (sien 5.4.2.1[c]). Die feit dat Egiptenare bereid was om so ver te vaar om onder andere antimoon te bekom, is 'n aanduiding hoe waardevol hulle dit geag het. Afgesien van die antimoon wat bekom was, het die *Puntland-ekspedisies* moontlik ook ander eksotiese produkte soos mirre (Le Roux 2008:92, 94) en die gesogte swart hout ('African blackwood') opgelewer (Le Roux 2010:11). Dit is moontlik dat mense soos die Beni Hasanhandelaars, die *middelmanne* was wat produkte soos antimoon vanaf hawens oorland na verskillende eindpunte vervoer het. Vandaar moontlik die opgewondenheid as sulke produkte hul eindbestemmings bereik het.

Voorgenoemde inligting dui daarop dat *handelsware gediversifiseer* moes wees om die beroep van 'n handelaar *finansieel lonend* te maak, soos blyk uit die vrag van die *Uluburunwrak* (sien 4.12.2). Langafstandhandel het later tot die *kommersialisering van die Israelitiese en Judese ekonomieë* gelei (Hopkins 2000:1324).

HOOFSTUK SES

DIE VERVAARDIGING EN AANWENDING VAN OOGVERF DEUR DIE SEMIETE EN EGIPTENARE

6.1 AGTERGROND

Soos blyk uit die *Beni Hasanmuurskildery*, was die karavaanlede bewus van die estetiese voordele wat oogverf vir 'n aantreklike voorkoms ingehou het – hulle het dit nie net as 'n geskenk aan Khnum-hotep II oorhandig nie, maar het dit ook self gebruik. Omdat die handelaars en oogverf die fokus van hierdie tesis is, sal spesiale aandag aan die vervaardiging, voorbereiding en aanwending daarvan gegee word, asook die implemente wat in die proses gebruik was.

Na aanleiding hiervan sal die volgende vrae onder die loep geneem word:

- Deur wie is oogverf vervaardig?
- Hoe is oogverf vervaardig?
- Watter implemente was gebruik om oogverf te vervaardig?
- Wie het oogverf aangewend of laat aanwend?
- Vir watter redes is dit aangewend?
- Watter tipe houers was gebruik om oogverf in te stoor?
- Watter voor- of nadele het die gebruik van oogverf vir gebruikers ingehou?
- Kan argeologie in dié verband 'n bydrae lewer?
- Hoe kan die inligting help om die Ou Testamentiese verhale beter te verstaan?

Waar moontlik sal beskikbare argeologiese en tekstuele getuienis vanuit Egipte, Palestina en ander ou Nabye Oosterse lande ingespan word. Dit is 'n verdere doelwit om te probeer vasstel wie die eerste gebruikers of vervaardigers van oogverf was. Die moontlike voor- en nadele van oogverf vir die verbruiker of verkoper, sal ook uitgelig word. Sekere van die aspekte is reeds in die voorafgaande hoofstukke te berde gebring en daarom sal van die temas soms oorvleuel.

6.2 ARGEOLOGIESE EN LITERÊRE GETUIENIS

Richard (1985:190) wys daarop dat die Egiptiese beskawing veral op argeologiese gebied 'n byna onuitputlike voorraad artefakte en dokumente vir die moderne navorser nagelaat het. Dat Egipte van alle ou Nabye Oosterse en Mediterreense lande, die mees uitgebreide inligting in dié verband nagelaat het, word deur Richard (1985:190) toegeskryf aan die feit dat Egiptiese beelde, muur- en grafskilderye die praktyk om skoonheidsmiddels te gebruik, waarskynlik die beste uitbeeld. Dit blyk veral uit goeiebewaarde artistieke uitbeeldings soos strukture, monumente, beelde, grafskilderye, mosaïeke en muurreliëfs wat behoue gebly het en deur literêre getuienis in die vorm van inskripsies op graf- en tempelmure of mediese en ander geskrifte soos die *Eybers-* en *Leyden* papiri gestaaf word.

Omdat Egipte volgens Dayagi-Mendels (1989:8) die mees omvattende en uitgebreide inligting oor persoonlike higiëne en skoonheidsprodukte (veral tydens die derde en tweede millennium v.C.) nagelaat het, word die aanname vandag gemaak dat Egipte moontlik die grondlegger en leier op die gebied van oogverf en miskien van die skoonheidsindustrie was. Dit blyk veral uit Brunton & Caton-Thompson (1924:41) se bewering dat die Badariërs die eerste mense was om malagiet tot 'n fyn poeier te maal en aan die oë te smeer. Die Badariërs was 'n primitiewe Afrika volk wat 4000 jaar gelede noord van Luxor woonagtig was omdat malagiet daar voorgekom het (Brunton & Caton-Thompson 1924:7). Grafte hier het 'n lang leiklippalet waarvan die twee kante uitgehol was met 'n klont malagiet daarin, asook 'n klein ivoorvaas met malagietsmeersel daarin, opgelewer (Brunton & Caton-Thompson 1924:7).

Die *Beni Hasanmuurskildery*, die manjifieke borsbeeld van Koningin Nefertiti en die uitbeelding van Koningin Nefertari, asook 'n magdom argeologiese artefakte in die vorm van muur- en grafskilderye en beelde, skep die indruk dat die Egiptenare die eerste gebruikers van oogverf was. Tog blyk dit dat die Mesopotamiërs moontlik die eerste was om oogverf te gebruik. In dié verband het Woolley (1963:56) se opgrawings van die koninklike grafte by Ur bevind dat die Mesopotamiërs reeds teen 4000 v.C. oor oogverf beskik en gebruik het.

Muurskilderye- en reliëfs, kuns- en handwerk wat byvoorbeeld geurige plante uitbeeld en oorblyfsels van plante wat in opgrawings gevind en destyds beskikbaar was, sowel as argeologiese bronne wat in die toekoms ontgin kan word, werp vandag lig op die skoonheidsbedryf van weleer. Van die armoedigste tot weelderigste grafte in Egipte het

inligting in die vorm van grafgoedere opgelewer. Dit geld vir artikels soos die palette in Badariese grafte in Luxor en verwe en houers met rome in Tutankhamun se graf (Manniche 1999:86). Dieselfde geld vir handspieëls en die kosmetiekkissie in Merit (vrou van die koninklike argitek Ka) se graf (sien 6.5.4.4 en 6.5.4.5). Hierdie artefakte verskaf belangrike inligting oor die skoonheidsindustrie en die hulpmiddele wat mense tot hul beskikking gehad het. Palestina het ook artefakte in dié verband opgelewer, hoewel op 'n kleiner skaal. Dit blyk veral uit Mazar se opgrawings van 'n fabriek wat balsemprodukte vervaardig het en by Engedi (Hirschfeld 2007:26) gevind is, asook Yadin (1966:56) se opgrawings van byvoorbeeld 'n handspieël met 'n koper omhulsel in grotte in die Judese woestyn. Argeologiese terreine in huidige Israel soos dié by Masada, het ook inligting oor die gebruik en vervaardiging van oogverf en enkele ander skoonheidsprodukte opgelewer.

Danksy geskrewe tekste, filologiese getuienis, leksikografiese navorsing, Egiptenare se eie unieke skrif in die vorm van hiërogliewe en die ontsyfering daarvan deur die Franse filoloog en argeoloog Champollion (1790 – 1830 n.C.) (Jordan 1976:16), het 'n magdom inligting oor die Egiptiese skoonheidsindustrie na vore gekom. Werke van Griekse skrywers soos Homerus se '*Odyssea*,' en Herodotus se '*Histories*,' verskaf ook inligting in dié verband. Enkele verwysings in die Ou Testament in die Hebreuse Bybel, die latere *Mishna* en die *Talmoed*, werp ook lig op die gebruik van oogverf, hoewel in 'n beperkte mate (sien 5.2.3, 6.2, 6.5.1.3 en 6.5.4.4).

Mediese tekste wat verband hou met die gebruik van oogverf, soos die *Eybers* en *Leyden papiri*, is reeds uitgelig (sien 5.2.3), terwyl die *Edwin Smith chirurgiese papyrus* inligting oor die versorging van die gelaat verskaf (sien 3.7 – 3.7.3.2). Skrywers van ander nasionaliteite soos die Romeinse klassieke skrywers het ook 'n bydrae in dié verband gelewer. Hoewel die Romeinse botanikus Plinius (eerste eeu n.C.) se werk '*Natural History*' swaar op die werke van Griekse botanici soos Theophrastus (*circa* 372 – 287 v.C.) se '*On Odours*' en Dioscorides (*circa* eerste eeu n.C.) se '*De Materia Medica*' gesteun het, het hy waardevolle inligting in dié verband nagelaat om sodoende inligting vanuit Egipte in perspektief te plaas.

6.3 AGTERGROND TOT DIE SKOONHEIDSINDUSTRIE

In Hoofstuk Vyf is die gebruike van oogverf in diepte bespreek, terwyl die vervaardiging en aanwending daarvan hier onder die loep kom. Die gebruik van oogverf en ander skoonheidsmiddels in Egipte was aanvanklik tot die aanwending daarvan aan die afbeeldings van gode in die tempels beperk. Later sou die versorgers van die gode self die middels gebruik (Dayagi-Mendels 1989:36) en nog later vanweë die ekstreme klimaat, is dit deur alle lae van die Egiptiese samelewing gebruik (Forbes 1965:2). Dit wil voorkom asof Egiptenare obsessief oor 'n aantreklike voorkoms was, moontlik weens die voordele wat dit vir die gebruiker kon inhou. Hierdie middels was vermoedelik ontwikkel om defekte van die gesig en liggaam te kamoefleer (Oumeish 2001:375).

Depietro (2013:1808) se siening van skoonheidsmiddels is dat dit onlosmaaklik met ritueel, handel, higiëne en seksualiteit verweef was. Dit word gestaaf deur argeologiese en filologiese getuienis, geskrewe tekste en afbeeldings op antieke monumente wat daarop dui dat veral die Egiptenare skoonheidsmiddels, soos onder andere oogverf vir 'n verskeidenheid doeleindes aangewend het (sien 5.2).

Vir die meerderheid van die proto-Israelitiese bevolking was die gebruik van oogverf en skoonheidsmiddels hoofsaaklik beperk tot spesiale geleenthede soos troues en godsdienstige feeste (Matthews 2006:755). Die belangrikheid van die versiering van die menslike liggaam met skoonheidsmiddels moet egter nie onderskat word nie aangesien dit soms sekere voordele vir die gebruiker ingehou het. Uit die Hebreeuse Bybel kan afgelei word dat die gebruik van skoonheidsmiddels ook vir Semiete voordele ingehou het, soos blyk uit die latere verhaal van die Joodse weeskind, Ester (Est. 2:7). Dit word gestaaf deur die twaalfmaandelange kursus wat sy aan die Persiese hof moes ondergaan (Est. 2:12), waarna sy deur Koning Ahasveros as sy nuwe koningin gekies is (Est. 2:17). Afgesien van die boek Ester, het die boeke Rut, Konings, Spreuke en Hooglied, ook inligting in dié verband opgelewer. Skoonheidsmiddels wat gebruik was, moes noodwendig by die estetiese standaarde van die dag aanpas, om in pas met die nuutste modes te bly.

Die belangrikste gebruik van oogverf en skoonheidsmiddels was moontlik om die gesig en liggaam te verfraai, liggaamsreuke te verbloem en veral vir vroue om aantreklik, begeerlik en

aanvaarbaar te lyk. Dit wil voorkom asof daar vir vroue meer op die spel was om hulself esteties mooi en aantreklik te maak, veral in poligame kulture waar daar wedywering tussen vroue was om hul man se aandag te kry (Marsman 2003:137). Met 'n aantrekklike en goedversorgde voorkoms kon hulle teenstanders intimideer, die naderende ouderdom kamoefleer en mans se emosies stimuleer (Oumeish 2001:375). Corson (1972:3) is van mening dat skoonheidsmiddels 'n persoon se selfvertroue versterk. Die skrywer van Spreuke 7:7 is van mening dat owerspelige vroue soms skoonheidsmiddels, veral oogverf (Spr. 6:25) gebruik het om ('onskuldige') mans te verlei. Depietro (2013:1808) vind daarby aansluiting deur te beweer dat skoonheidsmiddels gebruik was om begeerte te stimuleer.

Hoewel die aanwending van oogverf en skoonheidsmiddels 'n tydsame proses was, kon dit aantrekklike gelaatstrekke vinnig, oppervlakkig en op 'n nie-chirurgiese manier beklemtoon en minder aantrekklike gelaatstrekke verbloem. Skoonheidsmiddels het moontlik 'n persoon se ego gestreel, narsistiese neigings bevredig en selfvertroue ingeboesem, wat waarskynlik 'n gevoel van euforie by die gebruiker geskep het. Hoewel daar aanvanklik 'n noue verband tussen die sosiale posisie van mense en die kwaliteit van die skoonheidsmiddels was wat hulle gebruik het, wil dit (uit die argeologie) voorkom asof olies en salwe ten minste vir alle lae van die samelewing (in Palestina en Egipte) beskikbaar was (Forbes 1965:2). Talle gebruikers van oogverf moes egter op handelaars staatmaak vir die verkryging van oogverf.

6.4 AGTERGROND TOT DIE GEBRUIK VAN OOGVERF

Dit blyk vandag dat oogverf en ander skoonheidsmiddels hoofsaaklik van minerale, plantaardige en in 'n mindere mate van dierlike oorsprong afkomstig was (El-Kilany & Raouf 2017:1). Volgens Depietro (2013:1807-1808) was skoonheidsmiddels beskou as enige poeier, wasmiddel, mengsel, tinkture of ander samestellings wat ten doel gehad het om die liggaam uiterlik te verfraai. Egiptiese skoonheidsmiddels het volgens Lucas (1930:41) uit olies, salwe, oogverf en gesigverwe bestaan. Hierdie hoofstuk konsentreer hoofsaaklik op oogverf, aangesien dit saam met die Beni Hasanhandelaars (sien Hoofstuk Twee), die fokus van hierdie tesis is.

Dit wil vandag voorkom asof die menslike liggaam in sy natuurlike staat sedert die vroegste

tye vir die mens belangrik was en daarom wou hulle dit goed in stand hou en versorg. In primitiewe gemeenskappe was die verf van die liggaam net tot spesiale geleenthede soos rituele- of seremoniële aangeleenthede beperk (Hoebel 1965:24). Stamme in primitiewe gemeenskappe het verf gebruik om status binne die stam aan te dui, terwyl dit later vir persoonlike versiering, magiese, religieuse en mediese doeleindes gebruik was (Hardy & Rollinsen 2009:2).

Hoewel die versiering van die liggaam met verf aanvanklik vir oorlogsdoeleindes gebruik was (Forbes 1965:1), word dit nie hier behandel nie, aangesien die afleiding wat uit die *Beni Hasanskildery* gemaak kan word, daarop dui dat die handelaars se besoek van 'n vreedsame aard was en dat oogverf nie vir dié redes aangewend was nie. Hoebel (1965:24) se verklaring vir die liggaam se versiering met verf is dat dit eerder die draer se selfvertroue versterk het. Liggame wat in prehistoriese grafte gevind en met verf en oker versier was, dui daarop dat verwe en oker van die oudste skoonheidsmiddels is wat deur die mens in sy strewe om aantreklik te lyk, gebruik was (Forbes 1965:1). Die tradisie om die gesig met oogverf en ander skoonheidsmiddels 'in te kleur,' het moontlik by die elite vroue van Egipte, Anatolië, Mesopotamië en Oos Asië uit hierdie 'geverfde gesig-praktyk' ontwikkel. In Egipte was die Badariërs waarskynlik die eerste mense wat oogverf gebruik het.

In primitiewe kulture was die belangrikste doel van oogverf om die liggaam te beskerm teen bose geeste wat die liggaam kon binnedring deur kwesbare openinge soos die oë (Murube 2013:2) (vgl. 5.2.1). In meer ontwikkelde kulture was oogverf gebruik vir die behandeling van patologiese toestande soos karkatjies (Murube 2013:2) (vgl. 6.5.3.4), terwyl 'n ander belangrike rede moontlik was om die oë te versier vir 'n jeugdige en aantreklike voorkoms en sosiale mag (vgl. 5.2.4). Hallmann (2004:72) beklemtoon weer die gebruik van oogverf as begrafnisgoedere vir 'n aantreklike voorkoms en toelating tot die hiernamaals (vgl. 5.2.5).

6.5 OOGVERF

6.5.1 Semitiese gebruik van oogverf

Dit is welbekend dat Egiptenare en ander ou Nabye Oosterse volke oogverf gebruik het, maar daar is steeds onsekerheid of die proto-Israeliete oogverf gebruik het, al dan nie. Soos reeds

genoem is die enigste uitbeelding van vroeë Semiete (in die ‘aartvadertydperk’) wat oogverf oorhandig en self gebruik het (waarvan ons weet), dié wat op die *Beni Hasanmuurskildery* uitgebeeld word. Die gebrek aan uitbeeldings en oënskynlike verbod of negatiewe konnotasie aan die gebruik van oogverf in die Hebreeuse Bybel, maak dit onseker of die proto-Israeliete wel oogverf gebruik het, al dan nie. In die lig van Levitikus 19:27-28 se verbod op ‘Israeliete’ om hul liggame met tatoeëermerke (wat die aanwending van onderhuidse verf behels) te versier, versterk die gedagte dat dit nie die gebruik was nie. Die beperkte direkte en indirekte Bybelse verwysings na oogverf maak dit ook nie makliker nie. Beriggewing uit latere buite-Bybelse bronne skep die indruk dat oogverf metertyd wel gebruik is.

6.5.1.1 Direkte Bybelse verwysing

Die Hebreeuse Bybel ontbreek aan direkte verwysings oor die onderwerp afgesien van ‘n enkele bevestigende verwysing in die verband, soos Isebel se aanwending van oogverf voor Jehu se koms (2 Kn. 9:30) en moontlik deur Job se dogter Keren-Happuch (Job 42:14).

Daar moet egter daarop gelet word dat Isebel ‘n Sidoniese prinses van geboorte was (1 Kn. 16:31) en nie van Hebreeuse afkoms was nie. Moontlik het Bybelskrywers haar optrede beskou as ‘n poging om Jehu te verlei om sodoende haar lewe te spaar, of moontlik wou sy verleidelik lyk of die vloek van die ‘bose oog’ vryspring. Tesame hiermee het Isebel tot die bevoorregte elite behoort en in ooreenstemming met haar bevoorregte posisie as koningin was dit vanaf die vroegste tye van koninklike vroue verwag om die standaard vir aantreklikheid daar te stel (Romm 1992:25). Die moontlikheid bestaan ook dat die aanwending van oogverf deel van haar daaglikse skoonheidsroetine uitgemaak het.

Volgens die Hebreeuse Bybel was Job se dogters besonder mooi van aansien, soos blyk uit die verduideliking wat Thompson se *The New Chain Reference Bible* (Kirkbride 1964:541) vir hul name bied: Jemima – ‘Fraai soos die dag’ (in teenstelling met Job se nag van teëspoed en siekte), Kesia ‘kassie’ (wat geurig beteken) (in teenstelling met die slegte reuk van Job se sere) en Keren-Happuch wat ‘Kind van skoonheid,’ beteken. *Dake’s annotated reference Bible* verwys na Jemima as ‘helder soos die dag en kassie,’ na Kesia as ‘kassie’ en na Keren-Happuch as ‘horing van oogverf’ omdat Oosterse vroue destyds hul oogverf in horings gestoor het (Dake 2007:547). Volgens die Bybel met verklarende aantekeninge, Deel II,

(Geldenhuis *et al* 1976:1086) beteken Jemima egter ‘duifie,’ Kesia ‘kassie’ na aanleiding van Psalm 45:9 en Keren-Happuch as ‘poeierhorinkie.’ Oberholzer (1974:149) vertaal Keren-Happuch se naam as ‘horing vol oogself’ – ‘n swart self wat verkry was deur lood- of antimoonerts te verpoeier. Van Rensburg & Nel (2009:731) in die *Bybelmillenium* bied ‘tortelduif, kaneelblomme en oogskadu’ as verklaring vir hul name. Na Job se herstel van sy siekte sou hy voortaan nie meer bekend wees vir sy rykdom nie, maar vir sy besondere mooi dogters. Dit is moontlik die rede waarom hy die ongewone stap geneem het om sy dogters saam met hul broers te laat erf. In die Israelitiese samelewing het dogters normaalweg nie geërf nie.

In teenstelling met sommige van die negatiewe konnotasies wat die Hebreuse Bybel aan die gebruik van oogverf heg, het Job sy derde dogter, Keren-Happuch, na oogverf vernoem wat ‘horing van oogverf’ beteken (Job 42:14). Oogverf het haar moontlik nog aantrekliker laat vertoon aangesien sy onder ‘die mooistes in die land’ gereken was (Mare 1975:453).

6.5.1.2 Indirekte Bybelse verwysings

Vroue se oorhandiging van hul brons handspieëls vir die maak van die brons waskom in die Tabernakel tydens die proto-Israeliete se verblyf in die woestyn (Eks. 38:8), dui daarop dat proto-Israelitiese vroue moontlik oogverf gebruik het, aangesien ‘n spieël gewoonlik noodsaaklik was vir die aanwending daarvan (sowel as ander skoonheidsmiddels).

Later jare het die profeet Jeremia (Jr 4:30) hom sterk teen vroue se gebruik van oogverf uitgespreek en vroue wat oogverf gebruik het, as swak van karakter of as vroue wat op verleiding uit was, getipeer. In dié verband assosieer Jeremia Jerusalem met ‘n prostituut wat haar mooimaak om minnaars te lok. Die profeet Esegïel (Esg 23:40) het hom ook sterk teen vroue se gebruik van oogverf uitgespreek. Hy het vroue wat hulle hieraan skuldig gemaak het, veroordeel deur hulle met die prostitute Ohola en Oholiba te assosieer en hulle daarvan beskuldig dat hulle hulself versier het om minnaars van verafgeleë plekke te lok. Uit voorgenoemde twee verwysings wil dit voorkom asof net vroue van swak karakter in die ‘Israelitiese’ samelewing oogverf gebruik het, of dat ‘Israelitiese’ mans waarskynlik nie oogverf gebruik het nie. Spreuke 6:25 het mans ook gemaan om te waak teen vroue wat hulle met hul (geverfde?) oë wou verlei.

Koning Hiskia moes in 701 v.C. volgens die Assiriese Koning *Sanherib se annale*, oogverf in die vorm van antimoon as skatplig betaal (Thompson 1962a:202; Wright 1955:69; Mare 1975:454). Dit is 'n aanduiding dat Hiskia oogverf in voorraad gehad het, dat die Israeliete dit van elders bekom het, of dat hulle dit in hierdie stadium self gebruik het.

6.5.1.3 Buite-Bybelse verwysings

Behalwe die *Beni Hasanmuurskildery* wat bevestig dat Semiete (moontlik ook proto-Israeliete) oogverf gebruik het, dui Joodse geskryfte van latere jare soos die *Mishna*¹³⁶ en die *Talmoed*¹³⁷ wel op die moontlike gebruik daarvan.

Die *Mishna* onderskei tussen die versiering van een oog vir terapeutiese-, of twee oë vir kosmetiese doeleindes. Volgens Rabbi Shema ben Eleazar was Hebreeuse vroue wel toegelaat om een oog met oogverf te behandel vir genesingsdoeleindes (*Tosefta Shabbath*, 8:33). Hieruit kan moontlik afgelei word dat die versiering van beide oë vir kosmetiese doeleindes as ongewens beskou was. Laasgenoemde is in teenstelling met die *Babiloniese Moed Kattan*, 9b (circa sesde eeu v.C.) wat Hebreeuse vroue later jare wel toegelaat het om oogverf te gebruik, 'n paadjie in hul hare te kam en poetspoeier te gebruik. *Kelim* 16.8 verwys na 'n koker vir die kohlstokkie (ook 'n spatel genoem) saam met die houer vir oogverf (sien 6.5.4.4 en 6.5.4.5). Volgens *Kelim* 13.2 was spatels wat vir die aanwending van oogverf gebruik was en waarvan die manlike ent verlore was, as onrein beskou en daarom as ongeskik vir menslike gebruik geag. Spatels het twee ente gehad waarvan die ronde ent die manlike ent genoem is en gebruik was om die oogverf mee aan te smeer, terwyl die lepelvormige vroulike ent gebruik was om die oogverf met olie of water te meng en uit die houer te trek (sien 6.5.4.4). Dat vroue oogverf as baie waardevol beskou het, blyk uit die *Talmoed* wat melding maak van 'n vrou wat versoek het dat haar kam en houer met oogverf saam met haar begrawe word (*Babiloniese Berakhot*, 18b).

Destyds was die opvatting gehuldig dat oogverf tranes stop en die groei van wimpers bevorder (*Babiloniese Shabbath*, 109a). Joodse vroue se mans moes egter toesien dat hulle nie oogverf

¹³⁶ 'n Samevatting uit latere jare van rabbi's se kommentaar op Bybelboeke wat uit die tweede eeu n.C. dateer en betrekking het op gebruike van die Tweede-tempelperiode en vroeër.

¹³⁷ Geskrewe instruksies deur Joodse rabbi's oor die Wet en ander Ou Testamentiese gedeeltes wat uit pre-Christelike tye dateer tot ongeveer 500 n.C. (Deist 1984:168).

op die Sabbat (*Babiloniese Shabbath*, 95a) en tydens rouperiodes (*Babiloniese Moed Kattan*, 20b) gebruik nie. Die argument was dat die aanwending van oogverf as werk beskou was en strydig met die voorskrifte van die Wet was wat werk op die Sabbat verbied het (Eks. 20:10; Dt. 5:14). Die wettiese interpretasie het waarskynlik eers mettertyd in die Judaïsme ontwikkel.

Gesien in die lig van die streng godsdienstige voorskrifte wat later in die Joodse samelewing gegeld het, is dit moontlik dat vroue wel die *Mishna* se voorskrifte ten opsigte van die gebruik van oogverf op Sabbatdae en tydens rouperiodes streng nagekom het, aangesien hul mans daarvoor moes toesig hou. Dit het hulle egter nie verhinder om oogverf op ander dae of geleenthede te gebruik nie. Die inligting dra egter nie by tot die beter verstaan van die situasie gedurende die ‘Beni Hasanperiode’ nie.

6.5.2 Egiptiese gebruik van oogverf

Dat oogverf vir Egiptenare belangrik was, blyk uit die geskenk van oogverf wat die Beni Hasanhandelaars vir Khnum-hotep II gebring het (sien Fig. 2.3 en is in Hoofstuk Vyf reeds breedvoerig bespreek). Dwarsdeur die geskiedenis was Egipte bekend as die land waar almal (mans, vroue en kinders) skoonheidsmiddels (in besonder oogverf) gebruik het en die gebruik daarvan alle sosiale grense oorskrei het (Depietro 2013:1808). Hoewel die *Beni Hasanmuurskildery* baie vroeër dateer, het Griekse handelaars wat Egipte later besoek het, berig dat elke Egiptenaar reeds in 1000 v.C., skoonheidsmiddels gebruik het. Selfs afbeeldings van hul gode en menslike afbeeldings op geboue was met oogverf versier.

Talle afbeeldings soos graf- en muurskilderye van Egiptiese mans en vroue wie se oë keurig met oogverf versier was en dwarsdeur Egipte gevind is, getuig daarvan. Dieselfde geld vir hul voortdurende ekspedisies om antimoon te bekom (sien 5.4.2.1) en die talle verwysings na die Sinai- en Oostelike woestyne vanwaar hulle oogverf bekom het. Antieke mediese bronne soos die *Leyden-*, *Eybers* (*circa* 1500 v.C.) en ander papiri maak melding van mediese resepte wat oogverf as ‘n bestanddeel vermeld (sien 5.2.3.2[a] – [d]).

6.5.3 Skakerings, vervaardiging en aanwending van oogverf

6.5.3.1 Skakerings van oogverf

Moderne spektroskopiese analise van oogverf wat in die koninklike grafte by Ur gevind is, toon 'n ryke verskeidenheid skakerings van oogverf wat koninklike vroue reeds 4000 jaar v.C. tot hul beskikking gehad het (Ainley 2009:2). Kleure het onder andere swart/donkerbruin, pers, rooi, wit en wisselende skakerings van geel en groen oogverf ingesluit. Scott (2016:185) is egter van mening dat Egipte later oor die grootste verskeidenheid oogverfskakerings van alle antieke kulture beskik het. Volgens *Akkadiese tekste* was geel oogverf blykbaar van die mineraal *orpiment* (As_2S_3) verkry wat dikwels met *realgar* (rooi kopersulfied As_4S_4 of AsS) gekontrasteer is, iets wat veral in Mesopotamië baie gewild was (Forbes 1965:18).

Die groter kristalle van die erts wat die glans verskaf het, kan beskou word as die eerste voorbeeld van hedendaagse kosmetiese glans-oogverfpoeiers vir die oë wat tans so gewild is. Egiptiese kosmetiese chemici het ook 'n bydrae in dié verband gelewer. Deur loodertse soos *galena* met tussenposes teen verskillende temperature te verhit, het hulle byvoorbeeld geel- en blou oogverfskakerings verkry.¹³⁸ In die verband verwys die *Talmoed* na 'n ander kosmetiese pigment *pikas* (pers-violet).¹³⁹

Na bewering het die Egiptiese koningin, Kleopatra (eerste eeu v.C.), haar boonste ooglede met 'n diep blou oogskadu wat met goudkleurige pirietspikkels¹⁴⁰ gemeng was, versier, terwyl sy heldergroen oogverf aan die onderste ooglede gesmeer het (sien 5.2.1 en 5.2.3). Die goue kleur was afkomstig van die geel swaelpoeier in die verf. Onlangse eksperimente toon dat 'n klein hoeveelheid vet of olie gebruik was om oogverf beter te laat vaskleef (Ainley 2009:3).

¹³⁸ Handmade cosmetics in ancient times. <http://allnaturalbeauty.us/ani8.htm> (Geraadpleeg 16 April 2016).

¹³⁹ AZ. Online 11 March 2009. Ancient cosmetics and glamour. www.biblediscovered.com/biblical-women-of-israelites/ancient-cosmetics-and-glamour (Geraadpleeg 30 April 2015).

¹⁴⁰ Piriët is geel swawelhoudende ystererts (Odendal *et al* 1991:837).

6.5.3.2 Vervaardiging van oogverf

Die vraag: ‘Hoe het die mense van antieke tye oogverf uit minerale ertse vervaardig?’ word dikwels gevra. Volgens Forbes (1965:19) blyk die antwoord heel eenvoudig te wees, aangesien die vervaardiging en voorbereiding daarvan geen tegnologiese kennis of ervaring vereis het nie. Forbes (1965:19) beskryf die voorbereiding van oogverf as ‘n eenvoudige proses wat geen vette of olies benodig het nie. Miller & Miller (1978:88) wys daarop dat bestanddele (vermoedelik ertsklonte) vir die vervaardiging van oogverf by parfuumwinkels gekoop kon word. Nadat die groen kopererts of die donkergrys/swart erts gemyn is, was dit met water gewas om die sand van die klei te skei, waarna dit in die son gedroog of gebrand is om die natuurlike kleur te verbeter.¹⁴¹ Dit is nie seker of antimoon gewas of gedroog was nie. Blykbaar was dit nie nodig nie aangesien antimoon swart verkleur het sodra dit met lig in aanraking gekom het. Dat skoonheidsgebruike oor internasionale grense versprei het, blyk uit ander antieke kulture soos Persië, Mesopotamië en Assirië, wat dieselfde skoonheidsgebruike gereflekteer het.

‘n Studie deur kosmetiese chemici in die Louvre het bevind dat ertsklonte vir ongeveer ‘n uur met ‘n tradisionele klein vysel en stamper verpoeier moes word. Minerale ertsklonte was aanvanklik op ‘n klein plat klip of ‘n palet met ‘n klein stamper fyngemaak, maar later is mengbakkies ook vir dié doel gebruik (sien Fig. 6.9).¹⁴²

Thompson (1962a:202) beweer dat vroue vanaf Neolitiese tye (*circa* 4500 v.C.) reeds self hul oogverf voorberei het. Dit maak hulle moontlik die vroegste vervaardigers van oogverf. Ryk- en elite vroue het egter oor bediendes of slavinne beskik wat die voorbereiding en aanwending vir hulle gedoen het. ‘n Uitsondering hiervan is egter Isebel wat volgens 2 Konings 9:30 self haar oogverf aangewend het. Dit was moontlik vanweë die ongewone omstandighede waarin sy haar bevind het of moontlik het dit deel van haar daaglikse skoonheidsritueel uitgemaak. Oogverf was ook later kommersieel vervaardig. Poeier met ‘n ‘glinster’ is verkry deur die verpoeierde mineraal te sif of deur die doppe van sekere torre fyn te maal en daarmee te meng (Draelos 2001:175).

¹⁴¹ <https://za.pinterest.com/pin/475903885616772608/> (Geraadpleeg 23 Maart 2018).

¹⁴² <http://allnaturalbeauty.us/ani8.htm> (Geraadpleeg 16 April 2016).

6.5.3.3 Aanwending van oogverf

Uit argeologiese getuienis wil dit voorkom asof elke kultuur, oogverf op 'n eiesoortige wyse aangewend het. Soos blyk uit die *Beni Hasanmuurskildery* was mooi versierde oë ook vir Semiete belangrik omdat dit kleur aan hul voorkoms verleen het en moontlik ook medisinale voordele ingehou het. Uit Job 42:14 kan die afleiding gemaak word dat Semiete bewus was van die voordele van oogverf en dit daarom self gebruik het (soos blyk uit die *muurskildery*; vgl. 6.5.1.1). Soos reeds vermeld is daar 'n gebrek aan argeologiese of geïllustreerde uitbeeldings (uitgesonderd die Beni Hasangeselskap) en kan geen afleiding oor die wyse waarop Israelitiese vroue hul oogverf aangewend het, gemaak word nie. Die *Beni Hasanmuurskildery* is egter onvoldoende om geloofwaardige afleidings oor die aangeleentheid te maak (vgl. 2:2, 4:1, 6:4 en 7:6).

Vanuit 'n kosmetiese oogpunt was die fokus in antieke Egipte altyd op die oë (Manniche 1999:135), moontlik omdat oë groot simboliese waarde vir hulle gehad het (Buckley 2012:443) en oë in Egipte, metafoeries gesproke, as die siel van die mens beskou was (Manniche 1999:127). Daarom was oë gewoonlik met spesiale sorg versier. Vanweë die talle vermeende voordele wat oogverf vir die gebruiker ingehou het, beskou Richard (1985:100) oogverf onder die skoonheidsmiddels wat die meeste gebruik was.

Hoewel daar net twee Egiptiese amptenare in die *Beni Hasanmuurskildery* uitgebeeld is, word die Egiptiese wyse van oogversiering hier bespreek, omdat hulle bekend was vir hulle unieke amandelvormige oogversiering. Ontleding van Egiptiese skilderye toon dat 'n natuurlike voorkoms nie baie gewild in Egipte was nie (Tyldesley 1995:159). Die aanwending van kohl aan die wimpers en die omlyning van die oë het volgens Emmet (1954:251) die skoonheid van die oë beklemtoon deur dit meer opvallend te maak. Buckley (2012:444) beweer dat dit die indruk van jeugdigheid en onskuld geskep het. Die wyse waarop Egiptenare hulle oogverf aangewend het, kan tereg as sensueel beskou word. Dit wil voorkom asof die versiering van die oë 'n noodsaaklike komponent van 'n mooi gegrimmeerde en goedversorgde voorkoms was, soos blyk uit die uitbeeldings van die vroue in die *Beni Hasanskildery*, sowel as elite vroue in Egiptiese graf- en muurskilderye.

Voordat oogverf aan die oë gesmeer is, is die spatel eers in water of *gum-arabic*¹⁴³ gesteeek sodat die oogverfpoeier in die houer daaraan kon vaskleef, waarna die oog met die smeersel versier is. Beide Lucas (1962:82) en Perkin (1988:778) is van mening dat oogverf vroeër met die vinger aangewend was. Volgens Lucas (1962:81) toon sediment van oogverf wat in houers (wat vermoedelik in Egipte gekry is) en in die Louvre in Parys vertoon word, dat vet moontlik tydens die aanwending van oogverf gebruik was om dit meer kompak te maak en makliker te laat vaskleef. Die vet of olie het 'n praktiese doel gedien deur te verhoed dat stof, sand en ultra-violetstrale die oë binnedring en beskadig (Watterson 1991:115). Omdat vet of olie klewerig is het dit moontlik die stof geabsorbeer.

Aangesien modes slegs geleidelik deur die eeue verander het, kan beelde, reliëfs en skilderye van vroue wat destyds oogverf gebruik het en deur kunstenaars in hul werke verewig is, vandag vir dateringsdoeleindes gebruik word. Wanneer kunswerke in 'n verbroke toestand is, kan die grootte en vorm van die oogkontoere, 'n swaar verlengde ooglyn, 'n smal dowwe lyn of geen lyn, steeds gebruik word om kunswerke te dateer (Manniche 1999:135). In die lig hiervan kan waarskynlik aanvaar word dat die uitbeelding van die Beni Hasanhandelaars iets weerspieël van soortgelyke groepe uit die tyd van die 'aartsvaders' en hul gesinne. Met verloop van eeue het die gebruik van oogverf egter geleidelik ontwikkel tot 'n uitsluitlike vrouemode. Moontlik het mans later gevoel dat die gebruik van oogverf afbreuk aan hul manlikheid gedoen het. Hier teenoor het vroue moontlik gevoel dat die gebruik van oogverf hul aantreklikheid verhoog het en daarom het hulle met die gebruik volhard.

Na aanleiding van skilderye in Egipte wys Wilkinson (1987b:348) daarop dat mans se ooglyne met swart oogverf verleng was (sien Fig. 6.2), moontlik om die amandelvormige uitbeelding van hul oë te aksentueer. Oë was gewoonlik amandelvormig versier, vermoedelik om die oog van Horus na te boots, iets wat in die Egiptiese psige, beskerming aan die draer sou verleen (sien 5.2.1). In Egipte was wenkbroue, die binnekant van die wimpers en die boonste ooglid met 'n smeersel *galena* (donkergrys/swart loodsulfied) gekleur. Egiptenare se wenkbroue het tradisioneel altyd die kosmetiese ooglyn gevolg, terwyl groen oogverf aan die

¹⁴³ *Gum-arabic* (bekend as akasia-gom) is 'n natuurlike water-oplosbare gom gemaak van die gestolde sap van twee spesies van die akasia-boom – *Senegali Acacia senegal* en die *Vachellia seyal*. https://en.wikipedia.org/wiki/Gum_arabic (Geraadpleeg 28 Januarie 2019).

onderste lid gesmeer was (Heicksen 1975:981), moontlik om die draer teen die ‘bose oog’ te beskerm. White (1963:95) beklemtoon die feit dat ‘n kenmerk van Egiptenare se grimeerkuns was dat hul oë gewoonlik amandelvormig of katagtig uitgebeeld is.

Die swart *galena* waarmee die oë omlyn was, het vermoedelik die oë teen die nadelige gevolge van die son se ultra-violet strale beskerm. Vir mediese redes was oë in Egipte met *udju* (groen malagiet) versier vanweë die saamtrekkende en anti-bakteriese eienskappe waaroor dit beskik het. Argeologiese getuienis toon dat malagiet (sien 5.4.1.1) vanaf die vierde millennium v.C. tot die Nuwe Koninkryk (*circa* 1400 v.C.) gebruik was (Manniche 1999:135), waarna dit met swart oogverf vervang was, moontlik omdat *galena* beter beskerming aan die oë verleen het.

‘n Onbekende muurskildery in ‘n graf in Egipte (Dayagi-Mendels 1989:38) toon dat die swart kohl waarmee die lyne van die oë verleng was, vanaf die neusbrug na die buitenste hoek van die wenkbroue oor beide toe ooglede aangewend was deur ‘n streep daaroor te trek (Green 2001b:414) (sien Fig. 6.1).




Fig. 6.1 Aanwending van oogverf¹⁴⁴

Hoewel die persoon in die uitbeelding se een oog oop is, was die oog wat omlyn was, vermoedelik toe of vermoedelik was dit vir artistiese doeleindes so uitgebeeld. Uit drie kunswerke in die vorm van beelde wat uit die Derde Dinastie (*circa* 2650 – 2575 v.C.) dateer en in die Louvre in Parys is, blyk dit dat groen oogverf opsigtelik afwesig is (Manniche 1999:135) (sien 5.3). Die groen kleur het vermoedelik met verloop van tyd gedisintegreer.

¹⁴⁴ <https://za.pinterest.com/pin/834080793458883926/> (Geraadpleeg 25 April 2018).

Die omraming van die beelde se oë met koper wat met verloop van eue geoxideer het, kan egter as 'n antieke kosmetiese gebruik beskou word. Die lyne, kleur, kontoere en wyse waarop Egiptiese persone/vroue en vroue van ander ou Nabye Oosterse lande oogverf aangewend het, verskaf belangrike inligting oor modetendense van dié tydperke en die spesifieke eras waarin hulle geleef het.

Voorbeelde hiervan word deur die uitbeelding van 'n donkerkleurige manlike Egiptenaar en die borsbeeld van Koningin Nefertiti (Agtiende Dinastie) verskaf (sien Fig. 6.2 en Fig. 6.3).




Fig. 6.2 Donkerkleurige Egiptenaar¹⁴⁵



Fig. 6.3 Koningin Nefertiti¹⁴⁶

Omdat groen oogverf dikwels in grafte gevind is (sien 5.3.2), is Manniche (1999:135) daarvan oortuig dat dit steeds gewild gebly het, selfs nadat dit deur swart oogverf vervang is. Vroeër was rooi oker aan die laer traanholte in die rigting van die skouerbeen gesmeer, omdat dié geverfde deel van die wangbeen as deel van die oog beskou was (Sommer 1943:33).

6.5.3.4 Nadele van oogverf

Dit wil voorkom asof vroue soms bewustelik of onbewustelik skoonheidsmiddels gebruik het wat moontlike nadele vir hulle ingehou het (vgl. 5.2.3.2). So kon Egiptiese vroue se gebruik om oogverf aan hul pasgeborenes se oë te smeer, volgens Draelos (2015:267) tot ooginfeksies en selfs blindheid aanleiding gegee het, hoewel sy geen bewyse in dié verband verskaf nie. Sy beweer ook dat die gebruik van oogverf loodvergiftiging tot gevolg kon hê, hoewel sy versuim om voorbeelde hiervan te noem. Simptome van loodvergiftiging was vertraagde

¹⁴⁵ <https://za.pinterest.com/pin/74963300448505157/> (Geraadpleeg 6 Mei 2018).

¹⁴⁶ <https://www.biography.com/people/nefertiti-9421166> (Geraadpleeg 7 Februarie 2019).

groei, bloedarmoede en lae intelligensie. Buckley (2012:444) wys daarop dat kohl wat as maskara gebruik was om die wimpers te verdonker, karkatjies tot gevolg kon hê. Hallmann (2004:71) wys ook op die gevaar om kohl aan veral die binnekant van die ooglyn te smeer, iets wat bakteriële en swaminfeksies kan veroorsaak.

Eietydse navorsing oor die gebruik van kohl by jong kinders (6 tot 16 maande) toon dat die loodvlakke in die bloed van hierdie kinders aansienlik hoër is as kinders aan wie dit nie aangewend word nie (11.2 teenoor 4.3). Dieselfde geld vir die moeders van kinders wat self kohl gebruik teenoor diegene wat dit nie gebruik nie (5.2 teenoor 2.8) (Al Hazzaa & Krahn 1995:83-84). Al-Hazzaa & Krahn (1995:86) se slotsom is dat tradisionele kohl, afgesien van die soort wat gebruik word, hoë loodkonsentrasies bevat en dat die ‘voordele’ daaraan verbonde, bedrieglik is. Wetenskaplikes waarsku steeds teen ‘n hoë loodvlak in die bloed, asook die feit dat oogomlyners soos kohl, bakteriële en swaminfeksies kan veroorsaak, veral as dit aan die binnekant van ooglede aangewend word (Hallmann 2004:71).

Dokters van antieke tye was dus grootliks afhanklik van die gebruik van lood as ‘n hoofbestanddeel in die formules wat hulle gebruik het om pasiënte te behandel. Hierdie praktyk verklaar waarskynlik hulle oormatige gebruik van lood, weens hulle wanpersepsies oor die voordele daarvan op verskeie kindersiektes (‘n praktyk wat steeds voortduur) (Al-Hazzaa & Krahn 1995:86). Omdat Egiptenare se lewensverwagting gewoonlik nie baie lank was nie, het hulle myns insiens nie lank genoeg gelewe om die nadelige uitwerking van die loodvlakke in oogverf, op die menslike liggaam te ervaar of te aanskou nie.

6.5.4 Implemente vir die vervaardiging en aanwending van oogverf

Danksy argeologiese getuienis en grafgoedere wat in Palestina, Egipte en elders in die ou Nabye Ooste gevind is, is inligting oor die grootte, voorkoms, kleur, materiaal en doel van artikels wat vir die voorbereiding, aanwending en stoor van oogverf benodig was, geredelik beskikbaar. Hierdie implemente verskaf dikwels inligting oor die gebruikers daarvan, hul finansiële of sosiale posisie, die tydperk waarin hulle geleef het en die plek van oorsprong waar dit vervaardig of geproduseer was. Ten spyte hiervan is daar steeds meningsverskille tussen akademici oor die gebruik van sekere implemente soos byvoorbeeld spatels (sien 6.5.4.4).

6.5.4.1 Palette

Naas klippe was palette moontlik die vroegste implemente waarop minerale-ertsklonte fyngemaak en verpoeier was. Dit blyk uit Brunton & Caton-Thompson (1924:7) se opgrawings van Badariër-grafte (noord van Luxor) wat palette met oogverfklonte opgelewer het. Kuhn (2013:5007) wys daarop dat die Badariër-palette van gryswak ('greywacke') of sliksteen vervaardig was. Forbes (1965:17) beweer dat ryklik versierde palette aanvanklik met die term 'om te beskerm' verbind was. Hierdie beskerming was tweeledig van aard, nie alleen om oogsiektes te voorkom nie, maar omdat palette vermoedelik oor towerkragte beskik het (Forbes 1965:18). In die psige van die bygelowige Egiptenare het die versiering van 'n palet die gebruiker teen die gevare van die 'bose oog' beskerm (sien 5.2.1). Ander palette was gewoonlik van klip, keramiek of harde kalksteen (om marmer na te boots) gemaak (Stern 2001:93). Blykbaar het kalksteen nie destyds in Palestina voorgekom nie en was dit moontlik vanaf Egipte ingevoer (Wright 1955:68).

6.5.4.2 Vorm en versiering van palette

Hoewel die meeste kosmetiese artikels wat in Palestina gevind is, van Fenisiese oorsprong is, was dit hoofsaaklik eenvoudige alledaagse gebruiksartikels wat nie vir gesofistikeerde kopers bedoel was nie (Stern 2001:93). Moontlik het plaaslike vakmanne in Palestina nabootsings van hierdie ingevoerde artikels vervaardig (Stern 2001:93). Dit wil voorkom asof palette op die wiel gemaak was, terwyl versierings later met die hand aangebring is (Stern 2001:93).

Volgens Wright (1985:241) het die tradisie om palette te versier, tydens die Badariër-periode in Egipte ontstaan met die produksie van klippalette waarvan die hele oppervlak aanvanklik vir die maal van klonte malagiet gebruik was. Kenmerkend van die vroue van antieke tye, was dat hul kosmetiekartikels gewoonlik ryklik versier was. Versierde palette, tesame met ander oogverfimplemente was van die mees kenmerkende artikels wat met oogverf verband hou en in Palestynse argeologiese terreine soos Megiddo gevind is (White 1983:138), iets wat moontlik dui op die uitgebreide gebruik van oogverf in Palestina (sien Fig. 6.4 en Fig. 6.5).



Fig. 6.4 Rooi See skulp¹⁴⁷



Fig. 6.5 Oogverf-implemente¹⁴⁸

Yadin (1966:149) se opgrawings op Masada uit 'n baie latere periode, het soortgelyke artikels opgelewer, onder andere 'n palet in die vorm van 'n groot Rooi See skulp (sien Fig.6.4), 'n palet met twee mengholtes, twee brons spatels, twee parfuumflessies, 'n houtkam en 'n brons handspieëlhouer, implemente wat Israelitiese vroue met hulle saamgedra het (sien Fig.6.5).

Volgens Cialovicz (2001:18) was daar destyds twee soorte palette. Een soort was gewoonlik reghoekig met twee lang konvekse (bolronde) sye met twee kort konkawe (holronde) sye, terwyl die ander soort ovaalvormig gepunt was. Die belangrikste palet was egter die een wat vermoedelik aan Narmer (*circa* 1350 v.C.) behoort het. Narmer was die Egiptiese Faraos wat Bo- en Benede Egipte verenig het en die Faraos van die Eerste Dinastie geword het (Swain & Armstrong 1959:40) (sien Fig. 6.6).



Fig. 6.6 Narmerpalet¹⁴⁹

Die Narmerpalet was 'n monumentale weergawe (63.5 sentimeter/ongeveer 2 voet) van 'n alledaagse voorwerp wat vir die maal en meng van minerale stowwe gebruik was vir die vervaardiging van oogverf. Die Narmerpalet het waarskynlik 'n rituele funksie in 'n tempel vervul (Depietro 2013:1808). Artisties- en histories gesproke kan die Narmerpalet as die

¹⁴⁷ Yadin (1966:149).

¹⁴⁸ Yadin (1966:149).

¹⁴⁹ https://www.ancient.eu/Narmer_Palette/ (Gedateer 7 Desember 2019).

skeiding tussen die predinastiese- en die historiese periodes in Egipte beskou word (Wright 1985:251).

Met verloop van tyd het die versiering van palette die vorm van dekoratiewe voorwerpe soos diere, voëls en reptiele aangeneem (Peck 2013:60; Cialovicz 2001:18). Soms was dit met vlak geometriese inkeping van konsentriese sirkels met gaatjies in die middel versier, terwyl versierings soms met verf of glas aangebring was (Stern 2001:93). Ander versierings het blommotiewe soos lotusblomme, palmtakke en rosette ingesluit (Stern 2001:94).

Palette het gewoonlik 'n holte in die middel gehad en kon in grootte verskil. Later sou die maaloppervlak verminder word tot 'n klein holte aan die een kant, terwyl die res van die oppervlak versier was (Wright 1985:241). Uit hierdie periode dateer die verlengde kosmetiek palette waarvan die een kant uitgehol was. 'n Ryklik versierde voorbeeld hiervan is 'n Fenisiese voëlnes-tipe palet wat met die 'boom van die lewe,' proto-Eoliese kapitele,¹⁵⁰ uitgestrekte palmlare en die sonskyf versier was en by Rabbat-Ammon in Jordanië gevind is (Stern 2001:95) (sien Fig. 6.7).



Fig. 6.7 Voëlnestipe palet¹⁵¹

Dit blyk dat die produksie van palette teen die einde van die Ystertydperk (1200 – 1100 v.C.) gestaak is. Die rede hiervoor is nie duidelik nie, maar Cialovicz (2001:20) is van mening dat die gebruik van palette later tot alledaagse huishoudelike gebruiksartikels afgeneem het of moontlik was dit nie meer 'kommersieel' vervaardig nie. Moontlik was bevind dat die klein

¹⁵⁰ Kenmerk van Fenisiese argitektuur – spiraalvormige kapiteelversierings in die vorm van 'n palmblaar op die kolomme van paleishekke in die koninkryke van Palestina, Juda, Moab en Ammon.

¹⁵¹ Stern (2001:95).

ronde mengbakkies meer prakties vir die fynmaak van oogverf was of moontlik was klaar voorbereide oogverf toe reeds beskikbaar. Palette in grafte was gewoonlik naby die kop van die oorledene geplaas (Kuhn 2013:5007), hoewel die betekenis hiervan nie duidelik is nie. Moontlik het 'n palet die oorledene in staat gestel om die hiernamaals met mooi versierde oë en gesig te betree (sien 5.2.5). In Egipte is so baie palette in grafte naby die kop van die oorledene gevind dat dit wil voorkom asof palette noodsaaklik was vir die reis na die hiernamaals.

6.5.4.3 Mengbakkies

Die mees algemene kosmetiekartikels wat in Palestynse dorpe na die tiende eeu v.C. gevind is, is klein ronde gegroefde kalksteen mengbakkies, 'n tipe klip wat nie in suidelike Palestina voorgekom het nie (Wright 1955:68). Na my mening kan die feit dat argeologie nie vroeër iets in dié verband opgelewer het nie, moontlik toegeskryf word aan die feit dat handel met Palestina vroeër onderontwikkel was, dat die vroeëre bewoners nie oogverf gebruik het nie, dat die sentrale heuwellande waar die proto-Israeliete hulle gevestig het, vroeër onbewoon was, of dat hulle eers tydens die tiende eeu v.C. in Palestina gevestig het.

Mengbakkies was gewoonlik rond, ongeveer vier sentimeter in deursnee en van binne blink gepoleer (Heicksen 1975:981). Soms was dit van keramiek of van albas vervaardig. Hierdie bakkies was gewoonlik vlak met 'n breë plat rand, wat noukeurig met geometriese ontwerpe versier was (Wright 1955:69). Mengbakkies het vroue in staat gestel om self hul oog- en gesigverwe voor te berei. Vergeleke met die kalksteenbakkies was blou en groen glasmengbakkies wat vanaf die middel-agste tot sesde eeu v.C. dateer en langs die Fenisiese kus en in Assiriese paleise in Nimrod, Nineve en in Palestina gevind is, moontlik vir die elite mark geproduseer (Stern 2001:93). Barag (1982:11, 13) verwys egter na hierdie bakkies wat ook in Megiddo gevind is, as 'palette.'

Wright (1955:68) en Stern (2001:93) vermoed egter dat hierdie mengbakkies spesiaal vir die boerestand vervaardig was en vanaf Sirië ingevoer (sien Fig. 6.8).




Fig. 6.8 Mengbakkies ¹⁵²

‘n Klein stamper wat naby ‘n mengbakkie in Hasor gevind is, dui daarop dat oogverf moontlik met ‘n klein stamper fyngemaak was (Barag 1982:14) (sien Fig. 6.9).



Fig 6.9 Mengbakkie met stamper¹⁵³

Barag (1982:13) verdeel hierdie Israelitiese bakkies in twee groepe: een groep was onversierd, terwyl die ander groep met gesnyde of ingekerfde patrone rondom die opening versier was. Versiering het lynvormige geometriese patrone, klein ronde sirkels met ‘n gaatjie in die middel, of ‘n kombinasie van beide ingesluit (sien Fig. 6.8 en Fig. 6.9). ‘n Paar uitsonderlike motiewe was blare wat ‘n patroon gevorm het, terwyl sommige bakkies veelkleurige inlegwerk van rooi, blou en groen glas vertoon (Barag 1982:13). Twee uitsonderlike soort mengbakkies van ligblou porselein is by Megiddo gevind (Barag 1982:14). Die elite het bakkies van albas gebruik, omdat dit sterker as kalksteen was, terwyl soortgelyke bakkies met groen verf daarin (wat vroeër dateer), in Egipte gevind is. Dit wil voorkom asof die langwerpige palette later deur die ronde mengbakkies vervang is. Hierdie

¹⁵² Barag (1982:14).

¹⁵³ Dyagi-Mendels (1989:50).

mengbakkies was moontlik meer prakties om te gebruik, veral ook omdat dit meer kompak as die langwerpige palette was.

6.5.4.4 Spatels en kosmetiekkissies

Spatels (ook genoem kohlstokkies) kan beskryf word as lang dun implementjies wat van been, ivoor, brons of glas vervaardig was en gebruik was om oogverf mee aan te wend (King & Stager 2001:281). Harrison (1966:50) maak melding van 'n spatel van hematiet (rooi oker) (Fe_2O_3), terwyl spatels van hout of been ook gebruik was (sien Fig. 6.10 en Fig. 6.11).



Fig. 6.10 Spatel van hematiet¹⁵⁴



Fig. 6.11 Meervoudige kohlhouer met spatel¹⁵⁵

Volgens Lucas (1962:82) was spatels eers tydens die Elfde Dinastie (*circa* 2134 – 1991 v.C.) in gebruik geneem. Manchip White (1970:117) beweer egter dat spatels reeds tydens die Ou Koninkryk in gebruik was, aangesien dit deel van Koningin Hetepheres (Vierde Dinastie *circa* 2600 v.C.) se grafgoedere uitgemaak het. Daar bestaan egter steeds meningsverskil oor die presiese gebruik van spatels.

As versiering was spatels soms uitgekerf. Na aanleiding van spatels wat dikwels in oogverfhouers gevind is, het die opvatting ontstaan dat spatels gebruik was om oogverf uit die houer te skep en dan aan die oë te smeer. Die een punt van 'n spatel was gewoonlik gerond – in die taal van die *Mishna* - die 'manlike ent,' terwyl die 'vroulike ent' gewoonlik lepelvormig was (Dayagi-Mendels 1989:42). Destyds is die opvatting gehuldig dat die

¹⁵⁴ <https://za.pinterest.com/pin/726627721102941058/> (Geraadpleeg 27 Februarie 2019).

¹⁵⁵ Manniche (1999:124).

vroulike ent gebruik was om die oogverf te meng en uit die houer te skep, terwyl die manlike ent gebruik was om die oogverf aan te wend.

Volgens die *Talmoed* was spatels in die Israelitiese kultuur wat hul manlike ente verloor het, as onrein beskou en daarom nie geskik vir gebruik geag nie (*Kelim* 13:2). Moontlik was gebreekte spatels as onhigiënies beskou of moontlik kon dit 'n besering van die oog veroorsaak. D'Ambrosio (2001:24) is egter van mening dat die ronde punt gebruik was om ore mee skoon te maak, of om rome te meng. Volgens Van Beek & Van Beek (1990:206-208) het Petrie, Macalister, Reisner, Lamon, Harrison en Tufnell, wat spatels by verskillende terreine bestudeer het, die mening uitgespreek dat beenspatels vir 'n verskeidenheid ander doeleindes aangewend was. Volgens hulle was die skerp punt van 'n spatel gebruik vir die volgende doeleindes: om op was of klei te skryf; as implement in huishoudelike industrieë; vir die aanwending van skoonheidsmiddels; om drade in moeilike weefpatrone op te tel of vir die maak of herstel van nette

In die landelike gemeenskappe van weleer was oë baie kwesbaar vir indringing deur vreemde materie soos kaf tydens die uitwan van koring, terwyl sand of insekte ook problematies was. Volgens die Van Beeks (1990:208-209) sou 'n beenspatel 'n baie nuttige mediese implement in enige antieke huishouding gewees het (sien Fig. 6.12 en Fig. 6.13).




Fig. 6.12 Ronde punt spatel¹⁵⁶




Fig. 6.13 Skerp punt spatel¹⁵⁷

Die Van Beeks (1990:208) is daarom van mening dat spatels vir mediese doeleindes gebruik was soos om die gladde ronde punt te gebruik om die ooglid mee op te lig (sien Fig. 6.12), of

¹⁵⁶ Van Beek & Van Beek (1990:208).

¹⁵⁷ Van Beek & Van Beek (1990:208).

om 'n indringer voorwerp met die skerp punt uit die oog te verwyder (sien Fig. 6.13). Hierdie tipe spatels het beskadiging van die oog voorkom. Die moontlikheid bestaan ook dat die ronde tipe spatels uitsluitlik vir kosmetiese doeleindes gebruik was, soos om die oë te versier. Hierdie ronde tipe spatels was gewoonlik van brons, ivoor, hout of glas vervaardig (sien Fig. 6.10 en Fig. 6.11).

Intensiewe navorsing in huidige Israel, Gasa en Egipte het die Van Beeks (1990:208) egter tot 'n ander gevolgtrekking gebring, aangesien die 32 beenspatels wat hulle by Tel Jemmeh en Gasa gevind het, identies ooreenstem met antieke Arabiese oftalmologiese instrumente wat in die Islamitiese Museum in Kairo te sien is. Die Van Beeks (1990:206, 208) is daarom daarvan oortuig dat die goed gepoleerde beenspatels in antieke tye vir mediese funksies gebruik kon word. Spatels het ook deel uitgemaak van die skoonheidsimplimente en artikels wat elite vroue en mans in hul 'kosmetiekkissies' orals met hulle saamgedra of onder hul beddens geplaas het.

Kosmetiekkissies kan beskryf word as reghoekige en ryklik-versierde klein kassies waarin vroue hul handspieëls, oogverfhouders, skoonheidsmiddels, skeermeslemmetjies, parfuum, haartangetjies, allerlei houertjies en implementjies, lipverf, poetspoeiers en salwe saam met hulle gedra het, of onder hul stoel of bed geplaas het (Millard 1971:48) (sien Fig. 6.14).




Fig. 6.14 Kosmetiekkissie¹⁵⁸

¹⁵⁸ Manniche (1999:93).

Hierdie kissies was gewoonlik saam met die eienaresse begrawe, vandaar die opvatting in die Egiptiese psige dat die inhoud van die kissie, 'n aantreklike voorkoms in die hiernamaals sou verseker (Millard 1971:48). Moontlik was die opvatting gehuldig dat die inhoud van die kissie toegang tot die ryk van Osiris sou vergemaklik. Arm vroue het gewoonlik hul skoonheidsartikels in mandjies van riet of strooi gedra (Dayagi-Mendels 1989:37).

Mans wat op hul voorkoms gesteld was soos die Egiptiese koninklike amptenaar Kemuny (*circa* 1795 v.C.) het ook van kosmetiekkissies gebruik gemaak. Kemuny se kissie was van sederhout gemaak, 20 sentimeter hoog en het ook albasflessies en 'n handspieël bevat (Wattersson 1991:119).

6.5.4.5 Houers vir oogverf

In die lig daarvan dat die handelaars oogverf vir Khnum-hotep II gebring het, kan aanvaar word dat dit in 'n houer van een of ander aard (soos 'n horing) verpak was, veral omdat die handelaars moes reis. In dié verband het argeologiese terreine in Palestina, Sirië en Trans-Jordanië 'n groot aantal Fenisies-vervaardigde artikels en oogverfhouers wat met die voorbereiding en stoor van oogverf verband hou en uit die agste tot sesde eeu v.C. dateer, opgelewer (Stern 2001:93).

Egipte het ook talle plaaslik-vervaardigde houers opgelewer. Grafte het dikwels oogverf in onverwerkte vorm in klein linne- of leersakkies of in blare toegedraai, opgelewer (Forbes 1965:18), terwyl verf in voorbereide vorm in hol riete en klein vase gevind is (Lucas 1962:81; Forbes 1965:18). Soos hierbo genoem dui Job 42:14 daarop dat oogverf ook in klein horinkies gestoor is. Tydens die Agtiende Dinastie het Egiptenare ook stronke van kasterolieplante as oogverfhouers gebruik (Lucas 1962:332). Die materiaal waarvan houers vervaardig was, verskaf vandag inligting oor die gebruikers, hul sosiale of finansiële posisie of die tydperk waarin hulle gelewe het.

Soos hierbo aangedui, was oogverf weens die hoë prys daarvan in klein houertjies verpak. Die doel van die houertjies was om die kwaliteit van oogverf voor, tydens vervoer en tydens die stoor daarvan te bewaar. Kenmerkend van houers wat deur die elite gebruik was, was die kunstige vakmanskap en kosbare materiaal waarvan dit vervaardig was. In teenstelling

hiermee was armes se oogverfhouers en spatels van ‘n nederige aard soos erdewerk, blare, lappies of selfs riete (Forbes 1965:18). Die mees algemene oogverfhouers was gewoonlik lank, smal buis- of silindervormig. Soms het houers uit een of twee buise bestaan wat deur ‘n plat deksel verseël was (Dayagi-Mendels 1989:44), terwyl saamgestelde houers gewoonlik uit twee tot vier buise bestaan het. Die saamgestelde buise het volgens Wilkinson (1878a:349) en Dayagi-Mendels (1989:40, 42) moontlik verskillende kleurskakerings bevat. Twee kalsiet-oogverfhouers in die vorm van bobbejane wat mandjies met oogverf vashou en uit die tydperk 1400 v.C. dateer, is in ‘n graf naby Geser in Palestina gevind (Dayagi-Mendels 1989:44) (sien Fig. 6.15).



Fig. 6.15 Bobbejane met mandjies oogverf¹⁵⁹

Hierdie twee artefakte is tot dusver die naaste aan die tydperk van die Beni Hasanhandelaars wat in Palestina gevind is. Dit wil vandag voorkom asof skulpe moontlik as die vroegste oogverfhouers gebruik was (sien Fig. 6.16 en Fig. 6.17).



Fig. 6.16 Vergulde skulp¹⁶⁰



Fig. 6.17 *Tridacna Squamosa* skulpe¹⁶¹

¹⁵⁹ Dyagi-Mendels (1989:44).

¹⁶⁰ Manniche (1999:63).

¹⁶¹ https://en.wikipedia.org/wiki/Fluted_giant_clam (Geraadpleeg 4 Februarie 2019).

Dat skulpe van die vroegste oogverfhouders was, blyk uit Woolley (1963:67) se opgrawings van die koninklike grafte by Ur, waar Koningin Shub-ad (vandag bekend as Pu-abi) se oogverf in buitengewone groot skulpe as grafgoedere saam met haar begrawe was. Ander soorte skulpe wat moontlik as oogverfhouders gebruik was, was *Tridacna squamosa* skulpe (sien Fig. 6.17) wat vanaf die Rooi See afkomstig was en moontlik in Fenisië versier was en in Palestina en die Assiriese provinsies gevind is (Stern 2001:97).

Saamgestelde oogverfhouders met die eienares se naam daarop het dikwels uit meervoudige buise bestaan (sien Fig. 6.18 en Fig. 6.19).



Fig. 6.18 Kohlhouer - Koningin Tiye¹⁶²



Fig. 6.19 Kohlhouer - Koningin Hatshepsut¹⁶³

Hierdie buise het volgens Wilkinson (1878a:349) en Dayagi-Mendels (1978:40, 42) moontlik verskillende kleurskakerings bevat en het vermoedelik aanduidings oor die inhoud verskaf soos ‘uitstekende kohl, verbeter sig en verhoed bloeding (vermoedelik in die oë)’ (Manniche 1999:124). Koninginne en elite vroue se name was soms op hul oogverfhouders gegraveer soos die meervoudige buisvormige houers van Koningin Tiye (circa 1398 – 1338 v.C.), die moeder van die latere Faraon Akhenaton en Koningin Hatshepsut se houers met die inskripsie ‘God’s wife’. Elite persone soos konings, of belangrike privaat manlike individue se name en titels was ook soms op hul oogverfhouders aangebring (Wilkinson 1878a:348; Peck 2013:131).

‘n Ongewone naam en titel, ‘Khams, priester, oudste koninklike seun van Amen,’ verskyn op een van die oogverfhouders in die Alnwick versameling (in Engeland) (Wilkinson 1878a:348).

¹⁶² <https://za.pinterest.com/pin/474285404500706234/> (Geraadpleeg 9 Januarie 2018).

¹⁶³ <https://za.pinterest.com/pin/421649583847388900/> (Geraadpleeg 23 Februarie 2019).

Soms is sekere kenmerke van oogverf soos ‘om aan ooglede en wimpers te smeer, goed vir sig, om bloeding te stop, beste *stibium*, veroorsaak trane,’ op houers aangebring (Wilkinson 1878a: 350) (sien 5.2.3), terwyl ‘n inskripsie op ‘n riethouer aandui dat die inhoud ‘egte, baie goeie kohl’ is (Manniche 1999:136). Die toenemende getal oogverfhouders uit die baie latere Persiese en die Babiloniese ballingskapperiodes, wat deur Palestynse argeologiese terreine opgelewer is, was volgens Stern (2001:527) vanaf Egipte ingevoer. Hierdie toename dui moontlik op ‘n groter verbruik van oogverf in Palestina en dit ten spyte van die negatiewe siening daarvan in die Hebreeuse Bybel. Tydens die Egiptiese Nuwe Koninkryk het houers in die vorm van palmbome, gemaak van veelkleurige glas in omloop gekom. Dit is opvallend dat hierdie houers gewoonlik plat bome gehad het, moontlik om te verhoed dat dit omval en omdat glas maklik gebreek het.

6.5.5 Hipotese vir die oorskakeling van groen na swart oogverf

Dit wil voorkom asof die mense van antieke tye aanvanklik net groen oogverf gebruik het, soos blyk uit beskikbare argeologiese ontdekkings van Badariërgrafte naby Luxor en koninklike grafte by Ur. Dit blyk verder dat daar later na swart oogverf oorgeskakel is en dat swart oogverf die oorheersende kleur nie net vir oogversiering nie, maar ook vir talle ander doeleindes aangegewend is. Die vraag kan daarom gevra word, ‘Waarom het mense van groen na swart oogverf as oogversiering oorgeskakel?’

Die antwoord op hierdie vraag was na my mening in die natuur geleë. Dit is moontlik dat vroeëre beskawings oor ‘n baie lang tydperk en vele generasies opgemerk het dat donkerkleurige veetroppe ‘n kleiner voorkoms van oogsiektes en gewasse as diere met ‘n wit of ligte pigmentasie rondom die oë, getoon het. Dit blyk ook dat dieselfde insidensie van basaalselle en epiteelgewasse by mense met wit velle wat vir lang periodes aan die son blootgestel was, waargeneem is (Lloyd 1961:780). Veral dele van ‘n dier se vel waar daar min hare of wol aangetref word soos ongepigmenteerde ooglede en -balle, was baie kwesbaar vir die nadelige uitwerking van die son (Bailey 2015:1). Hierdie probleem word vandag by diere met seleksie en kruisteling voorkom.

Diere soos skape, bokke en beeste met swart of donkerkleurige pigment rondom die oë (soos Swartkop Persiese- of Karakoelskape) is meer bestand teen epiteelgewasse en oogsiektes as

diere met wit pigment rondom die oë (soos Merino skape) (Lloyd 1961:780). Dit is moontlik dat mense hierdie verskynsel in die natuur waargeneem en bewus geword het van die voordele van 'n donker pigmentasie, veral rondom die oë. Ek is van mening dat dit die rede is waarom mense van groen na swart oogverf oorgeskakel het. Hulle het tot die besef gekom dat swart pigmentasie beter beskerming teen die Midde Oosterse son aan hul oë sou bied.

Aangesien geen getuienis in dié verband gevind is nie, is ek nie seker presies wanneer mense tot die bevinding gekom het of wanneer die oorskakeling plaasgevind het nie. Op 27 Junie 2018 het ek die aangeleentheid van donker teenoor ligte pigmentasie by diere in 'n telefoniese gesprek met professor Jan Myburg van Onderstepoort bespreek. Hy het my vermoedens ondersteun en daarop gewys dat dit 'n erkende wetenskaplike feit is dat diere met 'n ligte pigmentasie meer vatbaar is vir die nadelige uitwerking van die son se ultra-violetstrale (veral rondom die oë), as diere met 'n donkerkleurige pigment (Lloyd 1961:780).

In die lig van hierdie waarneming het mense moontlik gepoog om 'n swart substans te soek wat hul oë dieselfde beskerming teen die nadelige uitwerking van die ultra-violetstrale van die son kon beskerm, soortgelyk aan die beskerming wat swart pigmentasie aan diere verleen het. Vir hierdie doel het hulle moontlik ondersoek gedoen na natuurlike produkte van plantaardige of minerale oorsprong wat 'n swart pigment kon verskaf. Omdat *galena* 'n donkerkleurige/swart substans is wat maklik in poeivorm berei kon word en geredelik verkrygbaar was, het dit aan hulle doel beantwoord. Gevolglik het mense begin om *galena* vir mediese (en estetiese) doeleindes te gebruik om hul oë te omlyn, omdat dit moontlik die oë teen die nadelige uitwerking van die son beskerm het.

Afgesien van die mediese voordele van swart oogverf, het mense spoedig ook die estetiese voordele daaraan verbonde besef en dit mettertyd as 'n skoonheidsmiddel gebruik. In die verband beweer Manchip White (1970:117) dat malagiet tot die einde van die Nuwe Koninkryk (*circa* 1570 – 1069 v.C.) gebruik is. Met verloop van tyd het die Egiptenare begin om hul kenmerkende amandelvormige oë met swart oogverf te aksentueer. Hierdie unieke vorm van hul swart-omlynde oë het mettertyd deel van Egiptenare se skoonheidskultuur geword en kan dit vandag in 'n sekere sin as die 'handelsmerk' van die Egiptenare van antieke tye beskou word.

6.5.5.1 Gesigverwe

Gesigverwe het meestal uit poeiers en poetspoeiers bestaan. Volgens Llewellyn Jones (2013: 1070) was 'n gladde bleek gelaat die ideaal waarna vroue van talle antieke kulture gestreef het. Manniche (1999:127) is van mening dat die gebruik van gesigverwe en die strewe na 'n aantreklike voorkoms in primitiewe gemeenskappe, net soos in die diereryk, seksuele ondertone gehad het, naamlik die voortbestaan van die spesie. 'n Bleek gelaat was destyds as 'n statussimbool beskou aangesien dit die indruk kon skep dat 'n persoon 'n hoër sosiale stand beklee het en nie in die son gewerk het nie, terwyl verdonkering van die vel as 'n manifestasie van die middel of laer sosiale klas beskou was (Murube 2013:62). Sekere skakerings van verwe het vroue egter in staat gestel om 'n bleek gelaat te bekom.

Uit die *Beni Hasanmuurskildery* wil dit voorkom asof beide die handelaars en hul vroue gesigpoeier gebruik het, aangesien die mans se gelaat dieselfde kleurskakering as dié van die vroue was. White (1983:138) beskryf natuurlike pigmente (kleurstowwe) as die belangrikste bestanddeel van skoonheidsmiddels, aangesien dit die gesig oombliklik kon verfraai en ophelder. Argeologiese getuienis in die vorm van skilderye, muurreliëfs en beelde toon dat Egiptiese vroue later 'n verskeidenheid kleurskakerings tot hul beskikking gehad het, terwyl die vroue van Babilonië rooi oker en vroue van Sumerië, geel oker as gesigverf verkies het (Perkin 1988:778).

Aangesien handelaars deur middel van hul reise, skoonheidsmiddels feitlik tot almal se beskikking gestel het, bestaan die moontlikheid dat proto-Israelitiese-, sowel as vroue van ander ou Nabye Oosterse volke, ook toegang daartoe gehad het. Die basis van poeiers was gewoonlik verpoeierde minerale. In Egipte was poeiers deur beide mans en vroue gebruik (Perkin 1988:778). Hoewel geen handspieël in die *Beni Hasanskildery* uitgebeeld word nie, was dit moontlik in hul bagasie versteek, aangesien 'n handspieël 'n noodsaaklike implement was vir die aanwending van oog- en ander verwe, behalwe as iemand 'n opgeleide persoon in diens gehad het.

Dat sommige Egiptiese vroue in skoonheidskunsies bedrewe was, blyk uit 'n reliëfbeeld in die Britse Museum wat 'n vrou toon wat self haar gesigpoeier met behulp van 'n kwas aanwend terwyl sy 'n 'handspieël' vashou, iets wat moes verseker dat sy dit esteties-korrek

aanwend (Forbes 1965:20) (sien Fig. 6.20). Vir uitbeeldings van handspieëls, sien Fig. 6.20, Fig. 6.21 en Fig. 6.22.



Fig. 6.20 Vrou met poeierkwas¹⁶⁴



Fig. 6.21 Ank spieël¹⁶⁵



Fig. 6.22 Hathor spieël¹⁶⁶

Soos dikwels genoem beskik ons ongelukkig oor geen uitbeelding van proto-Israelitiese vroue nie, behalwe die vrou wat in die *Beni Hasanskildery* en later op die *Lagisreliëfs* uitgebeeld is (waarvan laasgenoemde uiteraard onduidelik is). Anders as Griekse vroue het Egiptiese vroue blykbaar nie loodgebaseerde formules (genoem *fucus*) as gesigpoeier gebruik om hul velle 'n ligte skynsel te gee nie. Die skielike onverklaarbare wyse waarop talle Griekse vroue oorlede is, word vandag aan moontlike loodvergiftiging gewyt (Forbes 1965:41). Vergeleke met meel wat deur proto-Israelitiese vroue vir 'n bleek gelaat gebruik was, het Egiptiese vroue blykbaar die verpoeierde wit uitwerpsel van 'n spesifieke krokodilspesie gebruik, aangesien die Nyl oor verskeie spesies beskik het (Forbes 1965:42). Watson (2013:1810) wys daarop dat die uitwerpsel moontlik welriekend was aangesien dit van 'n akkedisagtige subspesie verkry is wat van geurige blomme geleef het.

Argeologiese oorblyfsels in die vorm van palette en klippe waarop pigmente fyngemaal is of klippe met rooi vlekke daarop, word vandag beskou as moontlike aanduidings dat 'n rooi pigment, moontlik rooi oker gebruik was om vroue se wange te aksentueer (Lucas 1930:44). Forbes (1965:40) is egter van mening dat die donker kleur moontlik aan swak beligting of die swak gehalte van reflektiewe spieëls gewyt kan word, hoewel dit ook 'n kwessie van persoonlike smaak kon wees. Wange was gewoonlik met 'n donkerder skakering poetspoeier

¹⁶⁴ <https://za.pinterest.com/pin/470204017315906620/> (Geraadpleeg 27 April 2018).

¹⁶⁵ <https://www.metmuseum.org/art/collection/search/search545165> (Geraadpleeg 6 Februarie 2019).

¹⁶⁶ Manniche (1999:126).

as die gesig versier om die kontoere van die wangbene te aksentueer, soos blyk uit 'n afbeelding van Koningin Nefertari (sien Fig. 6.23).



Fig. 6.23 Donker geverfde wange¹⁶⁷

Lucas (1930:44) beweer dat die donker pigment van ysteroksied (hematiet, genoem rooi oker), verkry was. Die donker skakering van Koningin Nefertari se wange op die mure van haar graftombe in die Vallei van Koninginne (ook genoem die Plek van die Skones) is 'n aanduiding van die gebruik om wange donkerder as die gelaat te kleur (Manniche 1999:138). Fletcher (2000:495) is van mening dat hare wat saam met verpoeierde skoonheidsmiddels in grafte gevind is, gebruik was om dit mee aan te wend.

6.5.5.2 Lipverf

Lipverf was gewoonlik gebruik om die lyn, vorm en grootte van die mond af te rond, te beklemtoon, te verdonker of om by die heersende mode van die dag of by die behoeftes van skoonheid aan te pas. Uit die *muurskildery* blyk dit dat die vroue in die geselskap ook hul lippe rooi geverf het (sien Fig. 2.3), iets wat moontlik tot hul keurige gesigversiering bygedra het. Later in die boek Hooglied (HI 4:3) besing die skrywer 'n mooi rooi mond en lippe as 'n skarlakenrooi lint' wat baie bekoorlik was. Dat Egiptenare die mond as 'n baie aantreklike gelaatstrek van die liggaam beskou het, blyk uit 'n nuwe Koninkryk liefdeslied wat metafores na die mond as 'n 'lotusknoppie' verwys (Llewellyn-Jones 2013:1070). 'n Egiptiese erotiese papyrus uit die Negentiende Dinastie wat in Turyn in Italië ontdek is, werp vandag lig op vroue se gebruik van lipverf gedurende antieke tye. Die papyrus beeld 'n jong

¹⁶⁷ Mannichi (1999:138).

vrou (moontlik 'n prostituut) uit wat haar lippe met behulp van 'n spatel inkleur, terwyl sy 'n dun buisvormige houer met lipverf en 'n handspieël vashou en tegelykertyd op vernuftige wyse, seksuele akrobatiese bewegings uitvoer (Depietro 2013:1808) (sien Fig. 6.24).



Fig. 6.24 Lipverf - Turyn Papyrus¹⁶⁸

Die handspieël wat sy vashou, dui daarop dat 'n handspieël noodsaaklik was vir die aanwending van skoonheidsmiddels. Hoewel daar steeds onduidelikheid oor die samestelling van lipverf bestaan, word vandag aanvaar dat rooi oker met olie gemeng was om 'n lipsmeersel te verkry (Lucas 1962:84). Volgens Lucas (1962:346-348) het rooi oker in twee natuurlike mineralepigmente wat deur die teenwoordigheid van yster beïnvloed is, naamlik rooi ysteroksied en rooi oker bestaan. Bimson (1980:77) wys daarop dat fyngemaakte hematiet persrooi van kleur is en moontlik ook as lipverf gebruik was.

Manniche (1999:140) maak verder melding van 'n addisionele rooi pigment vir lipverf tydens die Nuwe Koninkryk – realgar (rooi swael-arseen), wat moontlik nadelig vir die gebruiker kon wees. Dit verklaar moontlik die afbeeldings van vroue in Egipte wie se lippe byna swartrooi uitgebeeld is. Donker skakerings lipverf was baie populêr en het moontlik die sensualiteit van die mond verhoog. Volgens Hoebel (1965:24) was rooi die primêre kleur met die langste golflengte wat vir die oog waarneembaar is en die kleur wat die oog die meeste stimuleer. Tesame hiermee het rooi oker wydverspreid voorgekom, was dit maklik beskikbaar en was die aanwending daarvan skadeloos vir die mens. Fletcher (1999:23) beweer dat Egiptiese vroue ook jenewerbessies vir die kleur van lippe en hare gebruik het.

¹⁶⁸ Forbes (1965:19)

Dit is ook moontlik dat proto-Israelitiese vroue mirtebessies vir dié doel gebruik het, aangesien die beste mirte blykbaar in Palestina voorgekom het.

6.5.5.3 *Naelverf*

Ongelukkig kan daar nie uit die *Beni Hasanskildery* afgelei word of die handelsgeselskap se naels gekleur was of nie. Inligting in dié verband ontbreek oor die proto-Israeliete. Weens die afkeur van vroue van vreemde afkoms wat moontlik hul naels gekleur het, is dit onseker of proto-Israelitiese vroue hul naels op groot skaal gekleur het. Dit kan moontlik gewyt word aan 'n gebruik wat hierdie vroue van vreemde afkoms verplig het om hul naels af te sny, alvorens hulle met 'n proto-Israelitiese man kon trou (Dt. 21:11-12). Egiptenare het 'n natuurlike kleurmiddel – die hennaplant (*Lawsonia inermis*) gebruik om naels te verf en te kleur (Goffart 1987:100) (sien 3.6.1). Van die vroegste getuienis rakende die gebruik van henna as 'n kosmetiese produk vir die kleur van naels, is die naels van gebalsemde Farao's wat daarmee geverf was. Vir die verf van naels is droë blomme en blare van die hennaplant verpoeier en met warm water tot 'n pasta gemeng, om vinger- en toonnaels te versier (Fletcher 1999:21). Die oranje, rooi of bruin kleursel was ook gebruik om die hande te versier, aan die voetsole te smeer en om hare en lippe van mans en vroue te kleur.

6.5.5.4 *Verf as permanente versiering*

Van die vroegste kosmetiese prosedures wat permanent van aard was, was tatoeëring (Blanco-Dávila 2000:1197) en die aanbring van littekens op die vel, wat uit die pre-dinastiese periode (*circa* 4500 – 3650 v.C.) dateer (Bianchi 1996:81). Argeologie toon egter dat hierdie prosedure voortgeduur het. Tatoeëring het behels dat gekleurde pigmente (meestal swart) onderhuids toegedien was (Manniche 1999:140). Hierdie gebruik was gewoonlik tot lae klas vroue soos professionele dansers, akrobate, prostitute en soms mans beperk (Tyldesley 1995:160). Hoewel antieke Egiptiese bronne relatief swygsaam is oor die gebruik om die liggaam te tatoeër, dui argeologiese getuienis in die vorm van 'n klein, maar belangrike groepie gemummifiseerde liggame waarvan sekere ledemate met 'n verskeidenheid ingewikkelde lynvormige patrone versier is, daarop dat die praktyk wel voorgekom het (Bianchi 1996:81). 'n Voorbeeld hiervan is 'n naakte vroulike luitspeler met tatoeëermerke, wat op 'n drinkbak uitgebeeld is (Manniche 1999:141) (sien Fig. 6.25).



Fig. 6.25 Vroulike luitspeler¹⁶⁹

Selfs al is die tatoeëermerke nie met die blote oog in natuurlike lig sigbaar nie, is dit met behulp van infrarooi reflektografie maklik sigbaar (Bianucci & Mattutino 2016:199). Hierdie mummies is egter te min en te wydverspreid om geloofwaardige afleidings van te maak of te veralgemeen. Tatoeëer-ontwerpe kon op enige plek aan die liggaam soos die torso en arms aangebring word, maar was gewoonlik op vroue se dybene aangebring (Tyldesley 1995:160).

6.6 DIE ROL VAN KOSMETOLOË

Kosmetoloë kan beskou word as persone wat opgelei was in die kuns om die vel met salwe, skoonheidsmiddels en ander uitvindings te versier (Lockyer 1969:78). Die eerste geskrewe verwysings na professionele 'gesigverwers' bekend as *cosmetae* oftewel kosmetoloë, word eers so laat as die Romeinse tydperk in die werke van die Romeinse komiese dramaturg Plautus (*circa* 254 – 184 v.C.) en sy generasie, aangetref (Forbes 1965:28). Argeologie getuig in dié verband dateer egter veel vroeër. Die beroep van 'n *cosmetae* was ten nouste verbind met dié van parfumeurs, haarkappers, haarstiliste en manikuriste (El-Kilany & Raouf 2017:15) en het ten doel gehad om persone aantreklik te maak met behulp van skoonheidsmiddels. Die vroegste argeologiese getuigis waar 'n vrou vermoedelik deur 'n ander versorg word, dateer uit die Sesde Dinastie (*circa* 2400 v.C.) en word in die graf van

¹⁶⁹ Manniche (1999:141).

Ihy¹⁷⁰ in die nekropolis by el-Khokha aangetref (El-Kilany & Raof 2017:15). Hierdie uitbeelding toon 'n vrou met 'n handspieël, terwyl 'n klein figuur agter haar staan – vermoedelik 'n kosmetoloog. 'n Getekende potskerf by Deir el-Medina uit die Ramessiese periode (*circa* 1292 – 1075 v.C.) wat in die Louvre in Parys gehuisves word, toon 'n vrou wat haar kind soog terwyl 'n (opgeleide?) bediende 'n handspieël en 'n buis met kohl vir haar vashou (El-Kilany en Raof 2017:15).

Blykbaar was die aanwending van skoonheidsmiddels 'n eenvoudige proses wat deur almal beoefen kon word. Dit wil egter voorkom asof die elite verkies het om van die dienste van gespesialiseerde grimeerkunstenaars gebruik te maak om hul skoonheidsmiddels professioneel aan te wend soos blyk uit die verhaal van Ester (Est 2:9). Weens finansiële implikasies was die dienste van kosmetoloë dus nie vir armes beskore nie.

Bestudering van skrifgedeeltes in Ester 2:9 (wat in die Persiese hoofstad Susan afspeel), dui daarop dat die aanwending van skoonheidsmiddels soos salwe, olies en ander uitvindings om die gesig, hare en liggaam te versier, 'n beroep was wat gespesialiseerde opleiding vereis het en deur professionele grimeerkunstenaars (kosmetoloë) beoefen was (Lockyer 1969:78). Die aanbod van 'n skoonheidskursus van 12 maande, ses maande met mirre-olie en ses maande met lekkerruikkruid en ander skoonheidsmiddels (Est. 2:12) waaraan potensiële toekomstige Persiese koninginne onderworpe was, is 'n aanduiding dat daar toe reeds persone was wat in die kuns van grimering opgelei was. Na aanleiding van die produkte wat vir die duur van dié kursus gebruik was, kan die afleiding gemaak word dat dit 'n baie duur kursus was wat intensiewe opleiding vereis het, veral omdat die regte dieet ook gevolg moes word (Est. 2:9). Gevolglik was die dienste van kosmetoloë net vir koninklikes en die elite beskore (Matthews 2006:755).

Dat welgestelde individue hul eie persoonlike haarkapper (*ornatrix*) in diens gehad het (sien 3.3.3.2 en 3.3.5), blyk uit die sarkofaag van Koningin Kawit (*circa* 2040 v.C.) (Shaw & Nicholson 2008:134). Dit toon hoe die koningin se hare deur 'n bediende versorg word (sien Fig. 3.7). Dit is moontlik dat Israelitiese koninginne en elite vroue ook van sulke dienste gebruik gemaak het, 'n voorreg waartoe gewone vroue moontlik nie toegang gehad het nie.

¹⁷⁰ Egiptiese god van musiek en musikante. <https://ancientegyptonline.co.uk/ahy/> (Geraadpleeg 16 Januarie 2020).

Omdat vroue die oogverf en skoonheidsmiddels wat hulle kon bekostig, gebruik het, was die gebruik daarvan 'n aanduiding van die sosiale en ekonomiese stand waartoe hulle behoort het (Draeos 2015a:267). Vanweë ekonomiese oorwegings was gewone vroue genoodsaak om self hul oogverf te vervaardig en aan te wend.

Die keurige grimering en persoonlike versorging van die Beni Hasanvroue is 'n moontlike aanduiding dat hulle ook opgeleide bediendes vir dié doel in diens gehad het. Omdat die skoonheidsbedryf so gespesialiseerd was, was persone in verskillende rigtings opgelei, soos baie later blyk uit die Fajoem skilderye (eerste eeu v.C.) wat twee keurig-gegrimeerde vroue uitbeeld.

Elite vroue het egter opgeleide bediendes of slawe tot hul beskikking gehad om hul skoonheidsmiddels voor te berei en aan te wend (Tassie 2013:3036), soos blyk uit onderstaande Fajoem portrette (sien Fig. 6.26 en Fig. 6.27).



Fig. 6.26 Fajoem portret¹⁷¹




Fig. 6.27 Fajoem portret¹⁷²

¹⁷¹ https://robertarood.wordpress.com/2012/04/01/egyptian_fayum_or_mummy_portraits (Geraadpleeg 30 April 2019).

¹⁷² https://robertarood.wordpress.com/2012/04/01/egyptian_fayum_or_mummy_portraits (Geraadpleeg 30 April 2019).

6.7 GEVOLGTREKKING

6.7.1 Die vroegste gebruik van oogverf

By 'n gebrek aan voldoende literêre bronne of uitbeeldings het argeologie 'n reuse bydrae tot die verstaan van die vervaardiging en aanwending van oogverf opgelewer. *Neolitiese beskawings* het oogverf reeds vanaf 4400 v.C. gebruik. Slegs vanaf 4000 jaar v.C. het die latere twee invloedrykste beskawings van antieke tye, die Egiptenare en Mesopotamiërs, begin om oogverf te gebruik.

Hierdie inligting toon dat oogverf moontlik *een van die vroegste skoonheidsmiddels* is wat deur die mens gebruik is in 'n poging om aantreklik te lyk. In die verband het die *argeologiese opgrawings* van beide Woolley (1963) en Brunton & Caton-Thompson (1924) veral waardevolle inligting opgelewer. Alhoewel beide Egipte en Mesopotamië daarop aanspraak maak dat hulle die grondlegger van die skoonheidsbedryf is, is daar steeds nie 'n klinkklare antwoord oor die aangeleentheid nie. Die feit dat *Mesopotamië* blykbaar reeds 4000 jaar v.C. oor 'n *reeks oogverfskakerings* beskik het (Ainley 2009:2), mag die pendulum dalk in sy guns laat swaai. Dit wil voorkom asof Egipte gedurende dieselfde tydperk slegs oor *groen en swart oogverf* beskik het, soos Brunton & Caton-Thompson (1924:7) se opgrawings van Badariërgrafte in Luxor toon. Die bewoners van Egipte was egter een van die vroegste kulture wat die *konsep van persoonlike versiering* en die nut van oogverf en ander skoonheidsmiddels besef en benut het. Afgesien van persoonlike versiering, was oogverf ook vir talle *ander gebruike aangewend* (sien Hoofstuk Vyf).

6.7.2 Die vervaardiging van oogverf

Dit blyk dat die vervaardiging en aanwending van oogverf 'n eenvoudige proses was wat geen tegnologiese kennis of opleiding vereis het nie (Forbes 1965:19). Die *elite* het egter verkies dat hulle skoonheidsmiddels *professioneel deur kosmetoloë aangewend* word, soos blyk uit Fig. 3.7.

Die eenvoudige proses was moontlik die rede waarom *oogverf* so wydverspreid en op so 'n *groot skaal gebruik* was. Aangesien die vervaardiging 'n eenvoudige proses was, was elke

persoon (man of vrou) self in staat om sy/haar eie oogverf voor te berei, iets wat moontlik tot die *populariteit* van oogverf bygedra het. Dit bied moontlik 'n verklaring vir die *talle palette* wat veral in grafte in Egipte gevind en die *talle mengbakkies wat in Palestina* gevind is. Hierdie twee artikels tesame met 'n *klein stamper*, het enige persoon — Semiet of Egiptenaar, man of vrou — in staat gestel om sy/haar eie oogverf te vervaardig (sien Fig. 6.9). Volgens Buckley (2012:443) was oogverf *later kommersieel vervaardig*. Dit bied moontlik 'n verklaring waarom palette nie meer na die einde van die Ystertydperk opgegrawe is nie. Moontlik was *klaarvervaardigde oogverf* toe reeds beskikbaar en mengbakkies oorbodig.

Uit literêre getuienis blyk dit egter dat die *elite 'n beter kwaliteit oogverf* gebruik het, terwyl *armes* moontlik met 'n *swakker gehalte oogverf* tevrede moes wees. Raamses IX het byvoorbeeld per geleentheid oogverf teruggestuur wat hy ontvang het, omdat dit nie aan sy vereistes voldoen het nie (sien 5.2.3.3). Moontlik het mense *ingevoerde oogverf* as 'n *beter kwaliteit* beskou as plaaslike oogverf, veral omdat dit vanweë die afstand ter sprake, as eksotiese produkte beskou was. Vandaar moontlik die rede waarom Khnum-hotep II so opgewonde was oor die handelaars se besoek en geskenk.

6.7.3 Die aanwending van oogverf

Dit wil voorkom asof persone *in verskillende dissiplines opgelei* was om die gesig, hare en liggaam te versier - 'n beroep wat *intensiewe gespesialiseerde opleiding vereis* het en deur professionele grimeerkunstenaars (kosmetoloë) beoefen was (Lockyer 1969:78).

Die elite het verkies dat kosmetoloë hierdie skoonheidsdiens aan hulle lewer. Vanweë finansiële implikasies kon *armes* nie van hierdie dienste gebruik maak nie en was hulle genoodsaak om die produkte *self aan te wend*.

Vanweë finansiële implikasies was so 'n kursus uiteraard baie duur, aangesien produkte soos mirre-olie en lekkerruikkruie hier ter sprake was. Die afleiding wat hieruit gemaak word, is dat slegs die elite dit kon bekostig en daarom kon net *koninklikes en die elite van die dienste* van hierdie persone gebruikmaak (Matthews 2006:755). 'n *Sarkofaag* toon aan hoe Koningin Kawit se hare deur 'n *bediende gestileer* word (Shaw & Nicholson 2008:134) en die uitbeelding van 'n *elite Egiptiese vrou wat 'n bad neem*, wys hoe sy deur vier bediendes

versorg word (Wilkinson 1878c:353). Die afleiding wat hieruit gemaak word, is dat armes waarskynlik genoodsaak was om *self hul eie oogverf en ander skoonheidsmiddels* aan te wend en ook self hul hare te stileer.

Die boek Ester (2:9) in die Hebreuse Bybel, verskaf 'n aanduiding dat daar in Persië ook opgeleide grimeerkunstenaars was.

6.7.4 Implemente en houers vir die vervaardiging, gebruik en aanwending van oogverf

'n Wye verskeidenheid oogverfhouders wat in *verskeie argeologiese strata* oor 'n uitgestrekte geografiese gebied opgelewer is, bied 'n interessante blik op die skoonheidsindustrie van die verlede. Wat egter die meeste opval, is die *groot verskil tussen armes en rykes se behoeftes*. Die bevinding wat hieruit gemaak is, is dat die *armes na aan die natuur gelewe* het en meestal van *artikels uit die natuur gebruik* gemaak het vir die stoor van hul oogverf. So is bevind dat armes normaalweg hul onverwerkte *ertsklonte in blare, linne- of leersakkies gestoor* het (Forbes 1965:18) en dat hulle hul klaarvervaardigde oogverf in riete, kasterolie-stronke, *klein horinkies* of eenvoudige *klein keramiekhoudertjies* gestoor het. Dit dui moontlik ook daarop dat hulle net *klein hoeveelhede oogverf* kon bekostig. Plekke in Palestina soos Megiddo, Dan, Lagis en Geser het verskeie voorbeelde hiervan opgelewer (King & Stager 2001:282).

Die verskil tussen armes en die elite se oogverfhouders lê hoofsaaklik in die *materiaal waarvan die houers vervaardig was*. Vergeleke met die armes se eenvoudige oogverfhouders, was die *elite se houers oorwegend van duurder materiaal soos albas, marmer of edelmetale soos goud of silwer met edelstene ingelê*. 'n Olifant tand met (vermoedelike swak kwaliteit) oogverf wat deur Raamses IX geweier en teruggestuur is (Halioua & Ziskind 2005:18), getuig van die *groot hoeveelhede oogverf wat deur die elite verbruik was*, vergeleke met armes se karige voorrade oogverf. 'n Groot aantal *eksklusiewe oogverfhouders* wat in Egipte en elders ontdek is, *bevestig die gebruik van oogverf deur die elite*. Die luukse aard van hierdie houers, soos 'n *vergulde kammosselskulp in Koningin Pu-abi se graf in Ur*, en die talle *Fenisies-versierde Rooi See skulpe* wat deel van die *internasionale luukse handel* uitgemaak het, getuig ook hiervan (Manniche 1999:93).

Dieselfde geld vir die *meervoudige buisvormige houers* (vermoedelik van albas of marmer) van *Koninginne Tiye en Hatshepsut* wie se name daarop aangebring was. Ook *koninklike mans of belangrike amptenare* se name was op hul oogverfhouders aangebring. Soms het *inskripsies* op die houers *aangetoon wanneer die oogverf gebruik moes word* of waarvoor dit aangewend moes word. Uit die verskeidenheid oogverfhouders wat gevind is, blyk dit dat die *skoonheidsindustrie voortdurend tred gehou het met veranderde omstandighede, materiale en vorms van houers* om in pas te bly met die nuutste modes.

6.7.5 Die voor- en nadele van oogverf

Aangesien *Egiptenare* 'n vaste geloof gehad het in die *potensiële voordele* waarvoor oogverf beskik het, het hulle dit *optimaal benut*. Dit blyk veral uit hul geloof dat *oogverf oor magiese kragte beskik* het om hulle *teen gevare soos die 'bose oog' te beskerm* en dat dit saam met *towerspreuke*, hulle van *oogkwale kon genees*. Op kultiese gebied het oogverf ook 'n noodsaaklike rol gespeel, aangesien dit gebruik was om elke oggend die gode te laat ontwaak en te behaag wanneer hulle daarmee versier was (Manniche 1999:137). Tesame hiermee het die aanwending van oogverf aan 'n *afgestorwene se oë, vermoedelik toegang tot die ryk van Osiris vergemaklik* (Manniche 1999:136).

Afgesien van bogenoemde voordele en gebruike, was oogverf blykbaar in die Egiptiese psige, met *groot sukses op mediese gebied* aangewend. Dit blyk veral uit die opvatting dat oogverf voorkom het dat klein vliegies oogsiektes by slapendes versprei het (Perkin 1988:778). Veral mediese papiri soos die *Leyden* en die beroemde *Eybers* Papiri bevat talle resepte waar oogverf saam met ander bestanddele gemeng word om oogsiektes te voorkom, te bekamp of te genees. Alhoewel die aansprake wat in hierdie *papiri* gemaak word, vandag nie meer geverifieer kan word nie, het dit moontlik aan die liggelowige Egiptenare gemoedsrus en 'n *valse gevoel van genesing besorg*. Ongelukkig *weerspreek moderne wetenskaplike navorsing* in hierdie verband die talle aansprake van 'genesing met behulp van oogverf' gedurende antieke tye (sien 6.5.3.4). Hierdie aansprake het moontlik slegs op wensdenkery berus.

HOOFSTUK SEWE

GEVOLGTREKKING

7.1 METODOLOGIE

‘n *Kwalitatiewe-* sowel as ‘n *multi-dissiplinêre* benadering het daartoe bygedra om ‘n meer holistiese analise van die *Beni Hasanmuurskildery* sowel as van die *inskripsie* van die hofskrywer Neferhotep in *Graf BH3* te kon bewerkstellig. Myns insiens het die metode om die *Beni Hasanskildery* as vertrekpunt te gebruik om meer van die *Semitiese handelaars* (beskryf as die *Aamu*, afkomstig uit Shut) sowel as *oogverf* te wete te kom, as ‘n unieke raamwerk gedien waarbinne die navorsing aangepak kon word. Die *vergelykende studie* tussen die Semiete en die Egiptenare (soos op die uitbeelding en andersins) het ook tot nuwe insigte gelei.

Na aanleiding van die *Beni Hasanmuurskildery* is die volgende *raamwerk* (met onderafdelings) gebruik om die navorsingsvrae oor die uitbeelding van oogverf sowel as van die *Semitiese handelaars* te probeer beantwoord: die historiese en geografiese agtergrond van die *Beni Hasanmuurskildery* en die handelaars (Hoofstuk Twee); die uitbeelding van die *Semitiese handelaars* en Egiptenare (Hoofstuk Drie); die uitbeelding van handels- en ander items (Hoofstuk Vier); die gebruike, samestelling en geografiese oorsprong van oogverf (Hoofstuk Vyf) sowel as die vervaardiging en gebruike van oogverf (Hoofstuk Ses). Die fokus was deurgaans hoofsaaklik op die *Semitiese handelaars* en oogverf.

Afgesien van enkele gedeeltes in die *Hebreeuse Bybel* en sekere buite-Bybelse bronne, was die tesis hoofsaaklik aangewese op inligting wat vanuit die *argeologie* verkry kon word. So kon daar byvoorbeeld uit die *Beni Hasanmuurskildery* afgelei word dat *Semitiese handelaars* (mans en vroue) wel oogverf gebruik het, iets wat deur geen ander bron (of uitbeelding) gestaaf kon word nie. Die resultaat van bogenoemde raamwerk en ‘n *multi-dissiplinêre* benadering (veral *argeologiese benadering*) tot die tydperk waarin die *Beni Hasanhandelaars* gefunksioneer het, bied ‘n *kultuur-historiese agtergrond* waarteen verhale soos dié van die ‘aartsvaders’ in die *Hebreeuse Bybel* moontlik verstaan kan word.

7.2 DIE HISTORIESE EN GEOGRAFIESE AGTERGROND VAN DIE *BENI HASANMUURSKILDERY* EN DIE HANDELAARS (HOOFSTUK TWEE)

Die navorsing oor die historiese en geografiese agtergrond van die *skildery* het veral die betekenis en doel van die graf-outobiografieë (tydperk van die Middelkoninkryk, *circa* 2040-1640 v.C) na vore gebring en duidelik die *hoë aansien en status van die Semitiese handelaars* uitgewys (sien 2.3.1). Vir die goewerneur Khnum-hotep II moes die besoek van die Semitiese handelaars een van die hoogtepunte van sy loopbaan gewees het, anders sou dit nie op hierdie manier in sy graftombe uitgebeeld gewees het nie. Die siening hou moontlik ook verband met die *goeie kwaliteit en waarde van die oogverf* wat die handelaars aan hom kom oorhandig het. Die outobiografiese besonderhede het gewoonlik direk met die oorledene se verwagte regverdiging en goeie ontvangs in die hiernamaals verband gehou. *Versiering met oogverf* het die oorledene (selfs voor sy dood) onder die *mag en beskerming van Horus* geplaas.

Dit is moontlik dat die handelaars op ander geleenthede reeds so ‘n bestelling in Menat-Khufu afgelewer het of dat dié dalk ‘n geleentheid was om so ‘n ooreenkoms vir die toekoms te kom onderhandel en/of sluit.

Uit die navorsing het dit duidelik geword dat daar nie ‘n tekort aan grondstowwe vir die maak van oogverf in Egipte was nie, maar dat die Semitiese handelaars moontlik ‘n *skaarser oogverf* (wat dalk van ver afkomstig was) of ‘n *beter kwaliteit produk* as waaraan die Egiptenare gewoond was, kom oorhandig het. Vandaar moontlik die fanfare waarmee die handelaars in Menat-Khufu ontvang is.

Dit is ook duidelik in die uitbeelding dat die handelaars die regte *handelsprotokol* gevolg het (sien 2.7.2). Hulle word deur twee Egiptiese wachte na die goewerneur begelei wat daarop dui dat hulle die besoek van die Semitiese handelaars verwag het of dat hulle persone van *hoë aansien* was. Die leier van die handelskaravaan, Ibsha en sy ‘tweede-in-bevel’ word met *welwillendheidsgeskenke* (oogverf en twee wildsbokke - ‘n Nubiese Ibexram en ‘n gaselooi [*Gazella Dorcas*]) en geboë houding en kaal voete uitgebeeld, wat op respek en kulturele verdraagsaamheid aan die kant van die Semiete dui (sien 2.7.3.1). Die kaal voete van die leier en sy assistent beteken moontlik dat die bokke deel van ‘n kultiese fees of optog sou vorm waartydens hulle as deel van ‘n begrafnisritueel geoffer sou word (vgl. 2.7.4). Die doel van die *oogverf en die bokke* pas dus baie goed in die konteks (graftombe) waarbinne die

muurskildery aangebring is. ‘n Ander teorie is dat die bokke as offerdiere vir die Nuwejaarsfees gebring is, waartydens Khnum-hotep II homself met Horus vereenselwig het en dus ook spesiale oogverf vir die doel benodig het.

Die leier se *ampsgewaad* en ‘staf’ het hom van die res van die geselskap onderskei en weerspieël *rykdom en status* en selfs ‘n *koninklike afkoms* (sien 2.7.3.2). Sy jurk of kleed was soortgelyk aan dit waarmee die Israelitiese Koning Jehu, op die *Swart Obelisk* baie jare later uitgebeeld word (vgl. Fig. 2.11). Ook die kleur van en versierings op sy kleed was ‘n verdere aanduiding van *rykdom en status*.

Die belangrikheid van die *Beni Hasanmuurskildery* lê verder daarin dat dit ongewoon is dat ‘vreemdelinge’ of ‘buitelanders’ (soos die Semitiese handelaars) enigsins *positief* deur Egiptenare *uitgebeeld* word. Die tradisionele negatiewe siening van buitelanders as barbare, gevangenes of smekelingte teenoor die koning, verskil drasties van bogenoemde uitbeelding (Saretta 1997:70, 83). Die positiewe uitbeelding wil dus weereens die aansien en status van die ‘besoekers’ beklemtoon (sien 2.3.1 en 2.3.5).

Dat die Semitiese handelaars juis ‘n besoek in *Menat-Khufu* in die Oryxprovinsie kom aflê, is ook van betekenis (sien 2.2). Enige handelaars moes eers by die hoogste gesag in ‘n provinsie gaan aanmeld voordat hulle met hulle handelsaktiwiteite kon voortgaan. Die feit dat hulle juis dáár so *goed ontvang* is, spreek boekdele. Die Oryxprovinsie was een van die rykste provinsies in Egipte en bekend vir talle ambagte in metaal-, keramiek- en spin- en weefwerk sowel as die maak van sandale en tuinbou. Menat-Khufu was die hoofsetel van mynbou in die Oryxprovinsie. Die handelaars se produkte moes dus buitengewoon spesiaal of andersoortig gewees het om die besoek te regverdig en uit te beeld. Hulle kon dalk sekere skaars grondstowwe, spesifieke soorte oogverf, kleurstowwe vir materiale, musiekinstrumente, blaasbalke, tekstielware en selfs belangrike tegnieke of vaardighede met die Egiptenare kom uitruil of aan hulle kom verkoop het.

Die feit dat die *wagte* (en een kind) openlik met *wapens* in die teenwoordigheid van die goewerneur toegelaat word, dui daarop dat die Egiptenare geen gevaar in die besoek van die ‘vreemdelinge’ gesien het nie en dat daar op daardie tydstip ‘n vreedsame verhouding tussen die groepe bestaan het. Dit het ook beteken dat die leier van die karavaan, Ibsha, die veiligheid van sy groep op die hart gedra het en die nodige voorsorgmaatreëls getref het om

veral die *vroue en kinders* wat hulle vergesel het, maar natuurlik ook die kosbare handelsware (vgl. 2.7.2), te beskerm.

Navorsing oor die geografiese oorsprong van hul naam, van Shur en teorieë oor die herkoms van die handelaars is gedoen. Die profiel van die afstammeling van Kain, Jabal en Jubal (Gen. 4) en groepe soos die Midianiete (Gen. 37:28) en Keniete en hul aktiwiteite as nomadiese veeboere, metaalwerkers (in die Judese wildernis en Sinaïwoestyn) en vervaardigers van musiekinstrumente, stem baie ooreen met dié van Semitiese handelaars soos in die *Beni Hasanmuurskildery* uitgebeeld word (vgl. 2.8).

7.3 DIE UITBEELDING VAN DIE HANDELAARS EN EGIPTENARE (HOOFSTUK DRIE)

Die feit dat die handelaars *ligter van kleur* as die Egiptenare vertoon word, kan gewyt word aan die geel oker wat die kunstenaars gebruik het vir die uitbeelding van die Semiete. Dit kan ook 'n aanduiding wees dat hulle uit die noordelike Siro-Palestynse gebied afkomstig is en/of dat hulle as mense van aansien voorgestel word wat nie hulle brood in die hitte van die son verdien het nie. Die feit is egter dat hulle wel handelaars was wat waarskynlik lang afstande oor woestynpaaie van veraf myne of hawens moes aflê (vgl. 3.9.1). Argeologiese materiaal het aan die lig gebring dat die mense moontlik voorsorg getref het om hulle velle teen die son te beskerm, maar ook dat Semiete 'n soort meel gebruik het om hulle velle ligter te laat vertoon (sien Hoofstuk Ses).

Die kleredrag, die baard- en haarstyle en skoene bevestig dat die handelaars Semiete was. Die *netjiesgesnyde kortgeolfde of sampioenkophaarstyle* van die mans stem tot 'n groot mate ooreen met die uitbeelding van die latere 'Israeliete' in die *Lagisreliëfs* sowel as op die *Swart Obelisk* (vgl. 3.3.3 en 3.3.4). Dit dui dus op 'n konneksie tussen die handelaars en die 'Israeliete' uit 'n latere tydperk. Ander Semiete, soos die Assiriërs en die Babiloniërs het hulle hare lank gedra (soos 'heidene', vgl. 3.3.3.1). Dit onderskei die Beni Hasanhandelaars van ander Semitiese groepe en duidelik ook van die Egiptenare met hul voorkeur vir kaalgeskeerde koppe.

Die Assiriërs en Israeliete het beide baarde gedra, maar die Egiptenare het alle hare van die liggaam verwyder. Egiptenare het alle 'vreemdelinge' gewoonlik met lang onversorgde hare

en baarde uitgebeeld. Die feit dat die handelaars met *netjiese, kortgeskeerde baarde- en haarstyle* deur die kunstenaars op die *skildery* voorgestel word, dui daarop dat die Egiptenare hulle ‘posities’ ervaar het en dat hulle beslis nie Egiptenare was nie (vgl. 3.3.4.1).

Die feit dat hulle baard- en haarstyle netjies uitbeeld word, kan daarop dui dat hulle moeite gedoen het om die (meestal) haarlose Egiptenare te ontmoet en hul gebruike te respekteer. Laasgenoemde het neergesien op mense met baarde en ander hare op die lyf. Trouens, die Egiptenare het oor die algemeen *neergesien* op enige ‘vreemdelinge’, maar volgens die uitbeelding in die *skildery* lyk dit nie asof dit hier die geval was nie.

Die *vroue se haarstyle* stem ooreen met die van getroude Semitiese vroue in ander uitbeeldings (uit ‘n latere tydperk; vgl. 3.4). Dit is belangrik om daarop te let dat vroue *nie* met *hoofbedekkings* in die *skildery* uitgebeeld word soos in latere tye verwag is nie.

Die *kleurvolle klere en kledjies* van die handelaarsgeselskap (vgl. 3.8) getuig van hul kwaliteit produkte en beklemtoon die vaardighede wat Kanaäniete en ander Semiete reeds in die *tekstielbedryf* bemeester het. Ibsha, die leier se kleredrag stem baie ooreen met dié van Assiriërs en ander Midde Oosterse gemeenskappe. Die voorstelling moet waarskynlik in die lig van die tekstielindustrieë (sien 3.8.3 en 4.6.4) wat reeds sedert die 2e millennium v.C. in die Kanaänitiese stadstate, Ebla en Mari en onder ander bewoners van die Levant bestaan het (vgl. 3.8.4.2), gesien word. Dit het ook aan die lig gekom dat plekke soos Dor reeds gevorderde *weef- en kleurtegnieke* bemeester het (vgl. 3.8.3). Talle gewigte, spintolle en kleurvate is in Palestynse argeologiese terreine gevind (vgl. 3.8.4.2). Daar is ook verwysings na die kleurvolle doeke en klere wat ‘later’ volgens die Eksodusverhale (vgl. Eks. 35:25-26; 36:35) deur proto-Israeliete gemaak is en volgens die Vestigingsverhale deur die Kanaäniete van die proto-Israeliete gebuit is (vgl. Rgt. 5:30) – die veldslag tussen die Kanaäniete en die proto-Israeliete was juis in die omgewing van Dor (sien ook 2 Kr. 2:7). Selfs die klere van die meeste van die *wagte* het ‘n hoë stand en welvarendheid aangedui (vgl. 3.8.4.5). Teenoor die helderkleurige klere van die Semiete was die eenvoudige effekleurige klere van die Egiptenare in treffende kontras uitgebeeld (vgl. 3.8.4).

Die *skoene* van die handelaarsgeselskap was ook tipies van Semiete en van beter kwaliteit as dié van die Egiptenare (3.9).

Ander items wat in die uitbeelding sigbaar was, soos die *watersakke en gooihoue* was waarskynlik net deel van hul daaglikse gebruiksitens (sien 4.6).

Dit is redelik bekend dat beide *mans en vroue* in Egipte oogverf gebruik het, maar dit is van belang om daarop te let dat beide Semitiese mans en vroue in die *skildery* ook met oogverf uitgebeeld word.

Die hoofstuk bied moontlik 'n blik op die lewens van mense soos in die 'aartsvadersverhale', hulle fisonomie, hoe hulle hulself versorg en versier het, hoe hulle geklee was en wat hulle daaglikse aktiwiteite ingesluit het.

7.4 DIE UITBEELDING VAN HANDELS – EN ANDER ITEMS (HOOFSTUK VIER)

Die feit dat die Semitiese handelaars *oogverf* as welwillendheidsgeskenk aanbied, beteken nie dat hulle nie ook handel in oogverf gedryf het nie (vgl. 4.5). Daar kan ook na aanleiding van die *blaasbalke* op die donkies se rûe in die *Beni Hasanmuurskildery* afgelei word dat daar reeds gedurende die premonargale tydperk (of die [ongedateerde] tyd van die 'aartsvaders' en die stamme van Israel), reisende handelaars was wat oogverf verkoop het en terselfdertyd moontlik ook *metaalsmede* was wat by die ontginning van koper- en looderts betrokke was om oogverf te vervaardig. Die *andersoortige blaasbalke* verrai moontlik hul *gevorderde tegnologie* vir die ontginning van koper- en looderts. Dit was noodsaaklik vir die gietwerk in die metaalindustrie (vgl. 4.5.1, 4.5.2, 4.6.1, 4.6.3 en 4.10.2). Sommige navorsers is van mening dat hulle nie alleen die goewerneur met hul kwaliteit oogverf wou beïndruk nie, maar (soos hierbo genoem) dat hul dalk mynbou- en ander besigheidskonsessies wou bevorder of bespreek.

In die lig daarvan dat die handelaars moontlik metaalsmede was (soos afgelei uit die uitbeelding van die blaasbalke) wat oor gespesialiseerde tegnologiese kennis beskik het, bestaan die moontlikheid dat hulle ook self die *wapens* vervaardig het en ook in Egipte daarvoor 'n afsetgebied gesoek het (sien 4.8). Dit kan 'n verklaring bied vir hul herkoms, naamlik van gebiede ten noorde van Palestina, aangesien die Semiete se kennis van *metaalsmeewerk* welbekend was (King & Stager 2001:131). Dit sluit aan by die *tekstielindustrieë* wat in dieselfde gebied en die Levant aan die orde was (sien hierbo).

Die feit dat die mans (en een kind) openlik met *wapens* in die teenwoordigheid van die goewerneur toegelaat word, skep die indruk dat die Egiptenare geen gevaar in die besoek van die ‘vreemdelinge’ gesien het nie en dat daar op daardie tydstip ‘n vreedsame verhouding tussen die groepe bestaan het (sien 4.6.3).

Daar bestaan die moontlikheid dat die handelaars nie net *oogverf, blaasbalke en wapens* vervaardig en verkoop het nie, maar selfs *musiekinstrumente* (sien 4.5.2 en 4.6.2.1). Die lier wat die een wag bespeel, kon as advertensie dien vir musiekinstrumente (soos fluite of beuels wat ook van koper gemaak word), wat die handelaars vervaardig het. In dié verband kon hulle moontlik ‘n bydrae lewer tot die uitbreiding van die musiekindustrie in Egipte (vgl. Gn. 4:17-22; Eks. 15:20-21).

Dit is opvallend dat *vroue en kinders* wel in die *skildery* uitgebeeld word. Dit kan beteken dat hulle bloot net as ‘n uitgebreide familie saamgereis het of dit kan beteken dat die vroue ook op ‘n manier by die handel betrokke was (sien 2.7.5 en 4.6.4). Soos hierbo genoem, kon die *helderkleurige kleredrag* van die karavaanlede en *geweeftede bedekking* op die twee donkies se rûe, as advertensie dien vir *tekstiele* waarin die *karavaanvroue* moontlik handel gedryf het. In die lig van bogenoemde kan dit dus afgelei word dat handelaars hul handelsprodukte moes diversifiseer in ‘n poging om hul beroep lonend te maak.

Soos uit die *Beni Hasanskildery* afgelei kan word, was *donkies* onlosmaaklik aan handelaars en handelsware verbind, aangesien donkies die aangewese vervoermiddel van handelsartikels oor land was, veral gedurende die negentiende eeu v.C. (sien 4.7). Afgesien hiervan was donkies ook destyds die aangewese vervoermiddel vir koninklikes, soos blyk uit 2 Samuel 19:26 – 27. Veral donkies se vermoë om met gemak oor ongelyke klipperige terreine soos veral in Palestina te beweeg, het hulle die voorkeurdier vir die vervoer van mense en handelsware gemaak (Vogelsang-Eastwood 2000:292). Donkies was ideaal vir die vervoer van kopererts vanaf die Negev-, Sinäi- en Oostelike Woestyn - sien 4.7.1; 4.10.4; 5.4.1.1 en 5.4.1.2, asook die talle verwysings na donkiekaravane in *Kappadosiese-* en *Mari-tablette* (Groom 1981:33).

Die donkies in die uitbeelding is ook ‘n *simbool van rykdom* en sluit aan by die ander simbole van aansien en status soos hierbo genoem. Dit was vir die Egiptenare waarskynlik ongewoon dat donkies gebruik was om mense te vervoer – soos uitgebeeld in die *skildery* (sien 4.7). Tot

op daardie stadium was donkies in Egipte slegs vir landbou-doeleindes gebruik. Donkies se bydrae tot die ontwikkeling van die vervoerwese moet dus nie geringgeskat word nie.

Dit het verder na vore gekom dat handelaars reeds vanaf die vroegste tye 'n belangrike en noodsaaklike rol as *middelmannen of tussengangers* tussen die produsente en kopers gespeel het, sowel as in die ekonomie en vervoerwese van destyds. In teenstelling met die opvatting dat handelaars nie baie geleerd was nie, is daar bevind dat daar wel diegene was wat van die dienste van 'boekhouers' gebruik gemaak het, soos deur talle *Assiriese kleitablette* bevestig word. Sommige handelaars het ook (soos die Beni Hasanhandelaars), oënskynlik oor die vermoë beskik om die potensiële ekonomiese voordele van sekere produkte raak te sien en tot hul eie voordeel te benut. Verder blyk dit dat handelaars, afgesien van handelsartikels, ook kulturele, sosiale, ideologiese en godsdienstige opvattinge en gebruike versprei het en so tot die globalisering van die antieke wêreld bygedra het.

Om meer lig te werp op ander *handelsroetes* ter see, is verskillende teorieë oor die geografiese ligging van Puntland (sien 5.4.2.2) ondersoek. Die teorie dat die geografiese ligging van Puntland moontlik in Suidelike Afrika, naamlik in die omgewing van Mosambiek, Zimbabwe en Madagaskar is, word ondersteun (Le Roux 2008:8; 2010:92; sien 5.4.2.2) veral gesien in die lig daarvan dat die gesogte antimoon in Suidelike Afrika op dié handelstogte verkry is. Handelaars was dus vir byna 4000 jaar aktief in uitgebreide handelsaktiwiteite met die inheemse bevolking aan die Ooskus van Afrika betrokke. 'Plaaslike' handelaars soos die Semiete in die *skildery* was heelwaarskynlik verantwoordelik om sulke tipes handelsware by die relevante hawens te gaan afhaal en na afsetgebiede te versprei (soos hierbo genoem).

Die meeste items wat in die handelskaravaan uitgebeeld word naamlik *oogverf, blaasbalke, musiekinstrumente* en *wapens* dui op aktiwiteite, vaardighede en gevorderde tegnieke van die Semitiese handelaars (sien 4.5.1, 4.5.2 en 4.10.3).

Danksy die *Beni Hasanskildery* kry ons dus 'n idee hoe Semitiese handelaars in daardie stadium fisies daar uitgesien het, in watter produkte hulle handel gedryf het, asook hulle wyse van vervoer.

7.5 GEBRUIKE, SAMESTELLING EN GEOGRAFIESE OORSPRONG VAN OOGVERF (HOOFSTUK VYF)

‘n In-diepte studie van die verskillende *gebruike van oogverf* was insiggewend aangesien dit weer die waarde en betekenis daarvan as welwillendheidsgeskenk aan iemand soos die goewerneur beklemtoon het (sien 5.2). Dit is nie net vir *estetiese waarde* of verskeie *medisinale redes* gebruik of aangewend nie, maar ook vir *kultiese rituele* soos vir beskerming in die lewe maar ook in die dood. Oogverf se funksie was om die oorledene nie alleen mooi te maak vir die lewe hierna nie, maar oogverf het volgens die Egiptenare ‘n mens ook onder die *beskerming en mag van Horus* gebring. Dit is dus heel *toepaslik* en geskik dat die goewerneur die besoek van die Semitiese handelaars, wat vir hom waardevolle kwaliteit oogverf as geskenk oorhandig, op die muur van sy graftombe sou laat aanbring.

Die chemiese samestelling en geografiese oorsprong van die verskillende bronne van oogverf gee ‘n verdere aanduiding van waar die handelaars oorspronklik was of ten minste by watter *mynaktiwiteite* hulle moontlik betrokke kon wees (sien 5.3 en 5.4). Omdat die *Oostelike Woestyn*, Kanaän en die *Sinaiwoestyn* onder beheer van Egipte was, was hulle onderdane waarskynlik vry om in die gebiede rond te beweeg en handel te dryf. Veral as groepe soos die Semitiese handelaars bereid en bekwaam was om goeie kwaliteit bronne te ontgin, te verwerk en na belangrike afsetgebiede met moeite te vervoer, was dit ‘n bate. Dit is ook ‘n moontlikheid dat handelskaravane bloot die onverwerkte erts vir ‘n sekere soort oogverf (soos antimoon uit Puntland) by handelaars wat seereise onderneem het om dit te verkry, by hawens gaan afhaal het, dit verwerk het en na verskillende handelsposte versprei het.

Die belangrikheid van die *uitgebreide netwerk* van Assiriese handelstasies en kolonies wat Assur met Kanis in Anatolië verbind het, moet nie onderskat word nie. Hul handelsroetes het tot in Egipte gestrek (sien 5.7.4). Die Semitiese handelaars kon van die groepe handelaars afkomstig gewees, langs die roete handelgedryf of op ‘n manier met hulle in aanraking gewees het. Van die Assiriese en Hetitiese handelaars het in ‘n stadium met hul kundigheid in *metaalwerk* suidwaarts migreer en moontlik het latere metaalsmede soos die Midianiete en Keniete van hul vaardighede geërf.

Dit is duidelik dat handelaars soos die Beni Hasanhandelaars oor die *deursettingsvermoë* beskik het om ten spyte van waarskynlike gebrekkige geografiese kennis, onbekende lang en

gevaarlike roetes, moontlike onsimpatieke heersers, oneerlike amptenare, soos blyk uit Wenamon se verhaal, in hul taak te volhard. Dit word geïllustreer deur die feit dat die Beni Hasanhandelaars se oorhandiging van die oogverf aan Khnum-hotep II (Shea 1981:221) in ‘n feitlik onbekende deel van Egipte, naamlik by Menat-Khufu, was.

7.6 VERVAARDIGING EN AANWENDING VAN OOGVERF (HOOFSTUK SES)

Vir die vervaardiging en aanwending van oogverf in Egipte en meer nog in Sirië-Palestina, het die argeologie ‘n reuse bydrae gelewer (sien 6.2). Bybelse en buite-Bybelse verwysings sowel as fisiese uitbeeldings oor die vervaardiging en aanwending van oogverf in vroeë-Israel of die Semitiese wêreld, is uiters beperk. Die bydrae van *argeologie* in die verband kan nie onderskat word nie. Talle *oogverfhouertjies* van alle groottes en style, *spatels*, *palette* en *implementjies* vir die vervaardiging en aanwending van oogverf en so meer is in verskillende argeologiese terreine in Egipte en die Semitiese wêreld gevind. Dit getuig nie alleen van die rykes en die elite se vervaardiging en aanwending van oogverf nie, maar ook van gewone, armer mense se aktiwiteite in die verband. Die vervaardiging van oogverf was blykbaar ‘n eenvoudige proses wat vir *ryk en arm* beskore was. Literêre bronne beeld dikwels net die lewens van politici of leiers in die geestelike wêreld uit, terwyl die argeologie ook vir ons die leefwêreld van gewone mense verlig.

Die Semitiese vroue word verder met lipverf in die *skildery* uitgebeeld. Argeologiese navorsing het ook ‘n groot *verskeidenheid skakerings van oogverf, lipverf, naelverf* en selfs *gesigverwe* aan die lig gebring (sien 6.5). Dat nomade, veeboere en potensiele handelaars soos die ‘*aartsvaders*’ (en moeders), soos Abram, Isak en Jakob dalk self verbruikers van *oogverf* was om hul onder andere teen die son en insekte te beskerm, roep interessante beelde in die gedagtes op.

7.7 TEN SLOTTE

7.7.1 Oogverf

Aangesien ‘oogverf’ sowel as die uitbeelding van die ‘handelaars’ die fokus van hierdie tesis is, is daar in 5.4 eerstens gefokus op die geografiese plekke waar die erts vir die

vervaardiging van oogverf voorgekom het, naamlik die Sinäi-, die Negev- en Oostelike Woestyne, asook plekke in Egipte waar malagiet en *galena* voorgekom het (sien 5.4.1.1 en 5.4.1.2). Omdat antimoon blykbaar baie gesog vir die versiering van veral die wimpers en wenkbroue was, is spesifieke ondersoek gedoen na die Fenisiërs (namens die Egiptenare) se ekspedisies na Puntland wat volgens beskikbare bronne, die Egiptiese hof se voorsiener van antimoon was (sien 5.4.2).

Hoewel oogverf destyds blykbaar as ‘n wonderkuur vir die genesing van talle *oogsiektes* gebruik was (sien 5.2.3 – 5.2.3.2[d]), word die meriete daarvan vandag ernstig bevraagteken, veral ten opsigte van probleme soos swak sig en blindheid. Verder toon nuwe wetenskaplike navorsing dat die loodinhoud van oogverwe, moontlik nadelige gevolge vir menslike gebruik kon ingehou het, veral wanneer dit aan pasgeborenes gesmeer was (sien 6.5.3.4). My bevinding in hierdie verband is dat die talle aansprake wat destyds aan oogverf toegedig was, moontlik aan wensdenkery of liggelowigheid toegeskryf kan word, aangesien hierdie aansprake nie wetenskaplik getoets was nie. Moontlik het dit by mense ‘n valse gerustheid geskep. Die gebruik van oogverf in die Egiptiese *begrafniskultuur* het dalk meriete gehad (sien 2.4), omdat dit moontlik die oorledene aantrekliker laat vertoon het of die skyn van lewe gegee het (vgl. 5.2.5).

Daar is bevind dat verskillende volke, oogverf op verskillende wyses wat kenmerkend van ‘n spesifieke beskawing was, aangewend het. In hierdie verband blyk dit dat Egiptenare hul oogverf esteties aantreklik en tegelykertyd eiesoortig aangewend het. Die amandelvormige voorkoms van hul oë kan tereg as ‘uniek’ beskryf word. Dieselfde geld vir die Sumeriërs wat hul wenkbroue met kohl of antimoon oorbeklemtoon het (sien Fig. 5.8). Die rol van kosmetoloë (sien 6.6) in die antieke wêreld moet nie vandag geringgeskat word nie. Hul vernuf blyk moontlik uit die talle skilderye van pragtige gegrimmeerde vroue wie se afbeeldings behoue gebly het en vandag steeds van hul vernuf getuig. Kosmetoloë se rol in destyds se samelewings, het moontlik aanleiding gegee tot ‘n beroep wat vandag steeds relevant is.

Die hipotese vir die oorskakeling van *groen na swart oogverf* (6.5.5), bied dalk ‘n verklaring vir die wydverspreide gebruik van swart kohl wat vandag steeds baie gewild is. Daar is bevind dat armes selfs vernuftig was met hul kreatiwiteit om hul eie variasies van byvoorbeeld swart kohl te vervaardig. In dié verband maak Plinius (*Nat. Hist.* Boek XXIII.

LI.97 – LI.99) melding van die roet van gebrande dadelpitte wat as kohl gebruik was. Arm vroue het selfs kasterolie vir dieselfde doel gebruik as wat elite vroue met duur ingevoerde olies gedoen het.

Handelaars het 'n noodsaaklike rol op feitlik elke gebied van die samelewings van die ou Nabye Ooste en Egipte gespeel, deur in noodsaaklike, sowel as luukse produkte te voorsien wat nie plaaslik beskikbaar was nie.

Uit argeologiese getuigenis wil dit voorkom asof die Egiptiese bevolking vanaf die Nuwe Koninkryk groot veranderinge ondergaan het as gevolg van internasionale kontak en toenemende imperiale rykdom. Dit blyk uit die gedeeltelike *akkulturasië* wat later tussen die Egiptenare en die proto-Israeliete plaasgevind het, ten opsigte van die gebruik van oogverf. Dit kan moontlik toegeskryf word aan hul 400 jaarlange verblyf in Egipte en die Babiloniese ballingskap. Dit blyk verder uit verskeie bepalinge soos vervat in die *Mishna* en die *Talmoed* wat sekere beperkings op vroue se gebruik van oogverf gelê het (sien 5.2.3). Hierdie mate van akkulturasië kan slegs as gedeeltelik beskou word, aangesien hulle steeds hul monoteïstiese godsdiens en Joodse tradisies aangehang en hul helderkleurige kleredrag behou het.

Argeologiese vondse toon dat die Egiptenare moontlik ook deur die proto-Israeliete se helderkleurige kleredrag beïnvloed is. Hoewel hulle steeds met hul wit kleredrag volhard het, toon afbeeldings dat hulle dit met gekleurde versierings soos gordels en juwele opgehelder het. Die afleiding is daarom gemaak dat beide groepe mekaar moontlik tot 'n beperkte mate beïnvloed het.

7.7.2 Die identiteit van die handelaars

Die afleiding kan met redelike sekerheid gemaak word dat die handelaars soos uitgebeeld in die *Beni Hasanmuurskildery* Semiete van oorsprong is. 'n Verskeidenheid aspekte wat uit die *inskripsie* van Neferhotep verkry word ondersteun die gedagte: die benaming *Aamu*, in die Amoritiese (generies vir Kanaänitiese) dialek, kan na 'n *Wes-Semitiese* woord herlei word (vgl. 2.8.1.2); die geografiese ligging van *Shut* (waar hul vandaan kom) was moontlik in Trans-Jordanië, die omgewing van (die Bybelse) Gilead (vgl. 2.9.1.2; Gn. 43:11) of selfs in

Sinaï (vgl. 2.9.2) – waar die Midianiete en die Keniete hulle later gevestig het (sien 2.9.2, 2.9.3, 4.3 en 4.4). Shut of Shutu kon ook die hele Trans-Jordaniese streek ingesluit het (vgl. 2.9.1).

Uit die navorsing is dit duidelik dat die Semitiese handelaars mense van *hoë aansien en status* was wat op 'n baie positiewe manier deur die Egiptiese kunstenaars voorgestel word. Die leier mag selfs van *koninklike afkoms* wees. Die fisiese uitbeelding, kleredrag en dies meer bevestig ook 'n Semitiese afkoms. Die voorstelling van hul gevorderde *vaardighede* en tegnieke as mynbouers, metaalwerkers, vervaardigers van kwaliteit oogverf, klere en kleedjies (sien 3.8.3, 4.5.1, 4.5.2 en 4.6.4), blaasbalke, wapens en musiekinstrumente dra ook by tot hul aansien en moontlike rede vir die positiewe uitbeelding in die *skildery*.

Die suidwaartse beweging van 'Amoriete' (vgl. Saretta 1997:14; Mondriaan 2010:280-324 en ander; vgl. 4.3 en 2.8.1.2) het onder andere kundigheid as *metaalsmede*, *veeboere* en van die *tekstielindustrie* (vgl. 3.8.3) van Anatolië, Noord-Oos Sirië en Biblos na Kanaän gebring.

Die navorsing het ook getoon dat handelskolonies en -stasies in Assirië en Anatolië reeds so vroeg as die 20ste tot die 18de eeu v.C. (die tyd van die uitbeelding van die Semitiese handelaars) bestaan het en hulle kundigheid as metaalsmede en in die tekstielbedryf was alom bekend (vgl. 4.3 en 5.7.4). Die kans was baie goed dat die Semitiese handelaars met die handelskolonies bekend was en vreedsaam saam met die Egiptenare by Serabit el-Khadem en ander plekke in Sinaï tydens die Middel Koninkryk gewerk en ander Egiptiese myne in die omgewing ontgin het (vgl. 4.5.1 en 4.5.2).

'n Groep *metaalsmede* van die handelskolonies het die Hetitiese Ryk later tydens die dertiende eeu v.C. verlaat en moontlik hul vaardighede aan die Semiete in Sirië-Palestina bekendgestel (Mondriaan 2010:324). Dit is moontlik dat die Keniete (en Midianiete) afstammeling van die groepe was wat vroeër op een of ander wyse aan die Hetitiese kundigheid blootgestel was en later in die Sinaï-omgewing 'n bestaan as metaalsmede, vervaardigers van oogverf, musiekinstrumente en wapens gemaak het (Mondriaan 2010:388). Die profiel van die afstammeling van Kain, Jabal en Jubal (Gen. 4) en groepe soos die Midianiete (Gen. 37:28) en Keniete en hul aktiwiteite as nomadiese veeboere, metaalwerkers (in die Judese wildernis en Sinaïwoestyn) en vervaardigers van musiekinstrumente, stem baie ooreen met dié van die Semitiese handelaars soos in die *Beni Hasanmuurskildery* uitgebeeld

word. Die navorsing bied dus ook 'n beter verstaan van groepe soos die Midianiete en Keniete.

In meer as een opsig was die Semitiese handelaars waarskynlik *meer gevorderd* as die Egiptenare: die tekstielbedryf, hulle blaasbalke, die maak van wapens, klere, leerlooierij, vervaardiging van kwaliteit oogverf.

Vir elke ernstige Bybelstudent sal die *Beni Hasanskildery* ten spyte van uiteenlopende sienings en kritiek, steeds 'n waardevolle en 'n kosbare artefak bly wat Semiete uitbeeld in 'n tydperk wat moontlik verband hou met verhale wat in die Bybel vertel word.

7.7.3 Die 'aartsvaders'

Omdat die *Beni Hasanskildery* heelwaarskynlik op 'n werklike historiese gebeurtenis gebaseer is, is dit sover bekend die enigste argeologiese inligtingsbron wat lig kan werp op 'n periode waarin die aartsvaderverhale en ander verhale van Semiete of proto-Israeliete in die Hebreeuse Bybel afspeel.

In-diepte navorsing oor die handelaars en oogverf soos uitgebeeld in die *Beni Hasanmuurskildery* bied 'n *kultuur-historiese agtergrond* waarteen verhale oor veeboere, nomades en veral handelaars gedurende die 'aartsvaderstydperk' verstaan kan word. Dit het tot gevolg dat hulle nie meer net as abstrakte, legendariese figure wat in 'n paar antieke 'mitiese verhale' soos weergegee in boeke soos Genesis en Eksodus, figureer nie. Die bestaan van Semitiese handelaars van die statur en status gedurende die Middelbronsperiode, skep die vermoede dat meer sulke groepe rondbeweeg en handel gedryf het in die Ou Nabye Ooste.

Hoewel die *skildery* nie die 'aartsvaders' self uitbeeld of hul bestaan legitimeer nie, gee dit ons tog 'n goeie idee van soortgelyke groepe Semiete wat uit dieselfde tydperk kon dateer. Dit gee verder 'n aanduiding van hoe hul uiterlike voorkoms, gelaatskleur, haar- en baardstyle, kleredrag, handelsitems, gebruiksartikels, wapens ensovoorts moontlik daar uitgesien het (vgl. bv. Gn. 4; 14:14-15; 21:22, 23; 37-43; Eks. 15; Num. 22:28-31; Rgt. 5; 10:1-5; ook 2.7; 3.8; 4.6; 4.10.2 ens.).

Een van die afleidings is ook dat die Semitiese handelaars gewoon *nomadiese veeboere* was wat seisoenaal met hul uitgebreide families onder 'n gekose stamleier, met hul besittings en veekuddes agter nuwe weivelde aangetrek het. As vindingryke mense, het die handelaars hulself moontlik as vakmanne in verskillende beroepe soos koper- of ystersmeewerk bekwaam om daarop terug te val, ten tye van droogtes of ander natuurrampe. Dit bied moontlik ook 'n agtergrond vir die verstaan van die verhale van mense soos Abram (Gn. 12), Isak (Gn. 26) en Jakob (Gn. 31; 46) soos uitgebeeld in die Bybelse narratief.

Die kuns van die Egiptiese kunstenaars wat die *Beni Hasanmuurskildery* uitgebeeld het, verskaf verder aan die moderne kyker 'n unieke en insiggewende blik op die daaglikse lewe van die Semitiese handelaars, die Egiptiese elite, sowel as diegene wat in die provinsie gewoon en gewerk het (Kanawati & Woods 2010:79).

Temas vir verdere navorsing:

Daar word gehoop dat hierdie poging om 'n omvattende, dog belangrike onderwerp wat vele fasette insluit, te ondersoek en jong akademici sal aanmoedig om dit verder na te vors. Aandag kan gegee word aan aspekte soos die *voor- of nadele* verbonde aan die gebruik van *oogverf* en ander soorte skoonheidsmiddels. Dieselfde geld vir navorsing oor die geografiese ligging van plekke soos *Ofir* en *Puntland*.

BRONNELYS

AFKORTINGS

- ABD* - Anchor Bible Dictionary
- AEMT* - Ancient Egyptian Materials and Technology
- BA* - The Biblical Archaeologist
- BAIAS* - Bulletin of the Anglo-Israel Archaeological Society
- BASOR* - Bulletin of the American School of Oriental Research
- BE* - Bybelse Ensiklopedie
- BEB* - Baker Encyclopedia of the Bible
- BTB* - Biblical Theology Bulletin
- CANE* - Civilizations of the Ancient Near East
- DAE* - The Dictionary of Ancient Egypt
- DARB* - Dake's Annotated Reference Bible
- DB* - Dictionary of the Bible
- EAAE* - Encyclopedia of Archaeology of Ancient Egypt
- EAH* - The Encyclopedia of Ancient History
- EDB* - Encyclopaedic Dictionary of the Bible: Comprising Antiquities, Biography, Geography and Natural History
- EDB* - Eerdmans Dictionary of the Bible
- EWC* - The Encyclopedia of World Costume
- FBD* - Fausset's Bible Dictionary
- HBD* - Harper's Bible Dictionary
- HBD* - Holman Bible Dictionary
- HCBD* - The Harper Collins Bible Dictionary
- HEBL* - Harper's Encyclopedia of Bible Life
- IDB* - The Illustrated Dictionary of the Bible
- IDB* - The Interpreter's Dictionary of the Bible: An illustrated Encyclopedia
- IEJ* - Israel Exploration Journal
- IJSR* - International Journal of Science and Research
- ISBE* - The International Standard Bible Encyclopedia
- JAEI* - Journal of Ancient Egyptian Interconnections
- JAOS* - Journal of the American Oriental Society
- JARCE* - Journal of the American Research Center in Egypt

<i>JBL</i>	- Journal of Biblical Literature
<i>JEA</i>	- Journal of Egyptian Archaeology
<i>JEH</i>	- Journal of Egyptian History
<i>JGS</i>	- Journal of Glass Studies
<i>JNSL</i>	- Journal of Northwest Semitic Languages
<i>JS</i>	- Journal of Semitics
<i>NCRB</i>	- The New Chain Reference Bible
<i>NEA</i>	- Near Eastern Archaeology
<i>NIDB</i>	- The New Interpreters Dictionary of the Bible
<i>NIDBA</i>	- The New International Dictionary of Biblical Archaeology
<i>OCD</i>	- The Oxford Classical Dictionary
<i>ODB</i>	- Oxford Dictionary of the Bible
<i>OEAE</i>	- The Oxford Encyclopedia of Ancient Egypt
<i>OEANE</i>	- The Oxford Encyclopedia of Archaeology in the Near East
<i>OHBW</i>	- The Oxford History of the Biblical World
<i>OHAE</i>	- The Oxford History of Ancient Egypt
<i>PEQ</i>	- Palestine Exploration Quarterly
<i>UBS</i>	- United Bible Societies
<i>UHW</i>	- Universal History of the World
<i>ZPBD</i>	- The Zondervan Pictorial Bible Dictionary
<i>ZPEB</i>	- The Zondervan Pictorial Encyclopedia of the Bible

- Aharoni, Y 1962. *The Land of the Bible: A historical geography*. Rainey, AF (trans). London: Burns & Oates.
- Ahlström, GW 1993. *The history of ancient Palestine from the Palaeolithic period to Alexander's conquest*, Edelman, D (ed). Sheffield: Sheffield Academic.
- Ahituv, S 1999. s.v. 'Canaanites', in Redford, DB (ed), *Encyclopedia of Archaeology of Ancient Egypt*. New York: Oxford University Press, 188.
- Ainley, W 2009. Green eye cosmetics of antiquity. *Pharmaceutical Historian* 39(1), 1-5.
- Albright, WF 1960. *The archaeology of Palestine*. Harmondsworth: Penguin.
- Albright, WF 1961. Abram the Hebrew: A new archaeological interpretation. *BASOR* 163, 36-54.
- Al-Hazzaa, SAF & Krahn, PM 1995. Kohl: A hazardous eyeliner. *International Ophthalmology* 19, 83-88.
- Astour, MC 1995. Overland trade routes in ancient Western Asia, in Sasson, MC (ed). *Civilizations of the Ancient Near East*. Vol. III. New York: Charles Scribner, 1401-1420.
- Aufrere, SH 2002. The deserts and the Fifteenth and Sixteenth Upper Egyptian nomes during the Middle Kingdom in Friedman, R (ed) *Egypt and Nubia: Gifts of the desert*. London: British Museum, 207-214.
- Avigad, N 1961. The Jotham seal from Elath. *BASOR* 163, 18-22.
- Baines, AV 1995. The function of iconography as autobiographical narration in the tomb of Khnemhotep at Beni Hasan (Tomb 3). *JNSL* 21(2), 1-24.
- Baker-Tristram, H 2004. s.v. 'Balm', in Smith, W & Fuller, JM (eds), *Encyclopaedic Dictionary of the Bible: Antiquities, Biography, Geography & Natural History*, Vol. 2. New Delhi: Logos, 338-340.
- Baly, D 1985. 'Gazelle', in Achtemeier, PJ (ed), *Harper's Bible Dictionary*, San Francisco: Harper & Row, 138.
- Barabas, S 1963. s.v. 'Bath, Bathing, Bathe', in Tenney, MC (ed), *The Zondervan Pictorial Bible Dictionary*. Vol. 1. Grand Rapids: Zondervan, 100.
- Barabas, S 1975. s.v. 'Razor', in Tenney, MC (ed), *The Zondervan Pictorial Encyclopedia of the Bible*, Vol. 5. Grand Rapids: Regency, 41.
- Barag, DP 1982. Cosmetic glass palettes from the Eighth – Seventh centuries B.C. *JGS* Vol. 24, 11-19.
- Bard, KA 2015. *An introduction to the archaeology of ancient Egypt* (2nd ed). Chichester: Wiley Blackwell.
- Bard, KA & Fattovich, R 2015. Mersa/Wadi Gawasis and ancient Egyptian maritime trade in the Red Sea. *NEA* 78(1), 4-11.
- Barrios, GA 1962. s.v. 'Mirror', in Buttrick, GA (ed) *The International Dictionary of the Bible*, New York: Abingdon, 402-403.
- Bass, GF 1987. Oldest known shipwreck reveals splendours of the Bronze Age. *National Geographic* 172(6), 693-732.

- Batten, AJ 2010. Clothing and adornment. *Biblical Theology Bulletin*. 40(3), 148-159.
- Bayer, B 1982. The finds that could not be. *BAR* 7(1), 20-33.
- Beit-Arieh, I 1984. New evidence on the relations between Canaan and Egypt during the Proto-Dynastic period. *IEJ* 34(1), 20-23.
- Ben-Tor, A 1991. New light on the relations between Egypt and Southern Palestine during the early Bronze age. *BASOR* 281, 3-10.
- Benzel, K 2008. The horse in the ancient Near East, in Aruz, J, Benzel, K & Evans, JM (eds), *Beyond Babylon: Art, trade, and diplomacy in the Second Millenium B.C.* New York: Yale University Press, 155-159.
- Bertman, S 2003. *Handbook to life in ancient Mesopotamia*. New York: Facts on File.
- Bevan, WL 2004. s.v. 'Washing the hands and feet', in Freedman, DN (ed), *Eerdmans Dictionary of the Bible*, Vol. 10. Grand Rapids: Eerdsman, 1721.
- Bianchi, RS 1996. 'Tattooing and skin painting in the ancient Nile Valley' in Celenko, T (ed), *Egypt in Africa*. Indianapolis: Indiana University Press, 81-83.
- Bianucci, R & Mattutino, G 2016. A chrysocolla amulet in a child mummy from the Early Dynastic period, in *Science in the study of ancient Egypt*. New York: Routledge, 195-203.
- Bietak, M 2001. s.v. 'Hyksos', in Redford, DB (ed), *The Oxford Encyclopedia of Ancient Egypt*. Oxford: Oxford University Press, 140
- Bietak, M 2008a. Tell el-Dab'a in the Nile Delta, in Aruz, J, Benzel, K & Evans, JM (eds), *Beyond Babylon: Art, trade, and diplomacy in the Second Millenium B.C.* New York: Yale University Press, 110-112.
- Bietak, M 2008b. Minoan artists at the court of Avaris (Tell el-Dab'a), in Aruz, J, Benzel, K & Evans, JM (eds), *Beyond Babylon: Art, trade, and diplomacy in the Second Millenium B.C.* New York: Yale University Press, 131.
- Bimson, M 1980. Cosmetic pigments from the 'Royal cemetery' at Ur. *Iraq* 42(1), 75-77.
- Blaiklock, EM 1963. s.v. 'Ointments and perfumes', in Tenney, MC (ed), *The Zondervan Pictorial Bible Dictionaray*. Grand Rapids: Zondervan, 603.
- Blaiklock, EM & Harrison, RK (eds) 1983. s.v. 'Cosmetics', in *The New Interpreter's Dictionary of Biblical Archaeology*. Grand Rapids: Zondervan.
- Blanco-Dávila, F 2000. Beauty and the body: The origins of cosmetics. *Plastic and reconstructive surgery* 105(3), 1196-1204.
- Boehm, R 2013. s.v. 'Agora', in Bagnall, RS, Broderson, K, Champion CB, Erskine, A & Huebner, SR (eds), *The Encyclopedia of Ancient History*, Vol. 1. Chichester: Wiley Blackwell, 198-201.
- Boling, RG 1981. *Judges: introduction, translation and commentary* (4th ed). Garden City: Doubleday.
- Booth, C 2005. *The Hyksos period in Egypt*. Buckinghamshire: Shire.
- Booth, C 2011. Cleanliness is next to godliness. *Ancient Egypt Magazine*, (June/July), 20-27.
- Borowski, O 2003. *Daily life in Biblical times*. Atlanta: Society of Biblical literature.
- Bottero, J, Cassin, E & Vercoutter, J (eds) 1967. *The Near East: the early civilizations*, Tannenbaum, RF (trans). (*sine loco*): Weidenfeld and Nicolson.

- Boucharlat, R 1995. Archaeology and artifacts of the Arabian Peninsula, in Sasson, JM (ed), *Civilizations of the Ancient Near East*. Vol. II. London: Charles Scribner, 1335-1369.
- Boucher, F 1996. *A history of costume in the West*. London: Thames and Hudson.
- Breasted, JH 1944. *Ancient times: A history of the early world* (2nd ed). Boston: Ginn.
- Brier, B & Hobbs, H 1999. *Daily life of the ancient Egyptians*. Westpoint: Greenwood.
- Bright, J 1980. *A history of Israel* (3rd ed). London: SCM.
- Browning, I 1973. *Petra*. London: Chatto & Windus.
- Brunton, G & Caton-Thompson, G 1924. *The Badarian civilisation and pre-dynastic remains near Badari*. London: British School of Archaeology in Egypt University College.
- Buckley, RJ 2012. Time to wakeup to make-up. *Ophthalmic & Physiological Optics: The journal of the college of optometrists* 32(6), 443-445.
- Calabro, D 2018. Fashions and the gods. *News & Notes*, 23-33.
- Caldwell, WE & Gyles, MF 1966. *The ancient world* (3rd ed). Hinsdale: The Dryden.
- Callender, G 2000. 'The Middle Kingdom Renaissance (c 2055-1650 BC),' in Shaw, I, Oxford: Oxford University Press, 148-183.
- Callender, V 2013. s.v. 'Hatshepsut', in Redford, DB (ed), *Encyclopedia of Ancient Egypt* Vol. VI. New York: Oxford University Press. 3077-3078.
- Cansdale, GS 1983a. s.v. 'Animals of the Biblical lands', in Blaicklock, EM & Harrison, RK (eds), *The New International Dictionary of Biblical Archaeology*. Grand Rapids: Zondervan, 162.
- Cansdale, GS 1983b. s.v. 'Donkey', in Douglas, JD & Tenney, MC (eds), *The New International Dictionary of the Bible – Pictorial Edition*. Basingstoke: Marshall Pickering, 52-53.
- Casson, L 1959. *The ancient mariners: Seafarers and sea fighters of the Mediterranean in ancient times*. London: Victor Gollancz.
- Casson, L 1965. *Ancient Egypt*. New York: Time Life.
- Casson, L 1974. *Travel in the ancient world*. London: George Allen & Unwin.
- Champion CB, Erskine, A & Huebner, SR (eds), *The Encyclopedia of Ancient History*. Vol. IX. Chichester: Wiley Blackwell, 5151-5152.
- Cialovicz, KM 2001. 'Palettes', in Redford, DB (ed), *The Oxford Encyclopedia of Ancient Egypt* Vol. 3. Oxford: Oxford University Press, 17-20.
- Clark, G 1989. *Women in the ancient world*. Oxford: Oxford University Press.
- Classen, C, Howes, D & Synnott, A 1994. *Aroma – the cultural history of smell*. London: Routledge.
- Cohen, R 1979. The Iron Age fortresses in the Central Negev. *BASOR* 61-72, 236.
- Cohen, R 1982. New light on the date of the Petra-Gasa route. *BA* 45(4), 240-247.
- Cohen, S 2015. The uses and abuses of the Beni Hasan tomb paintings. *JNES* 74(1), 19-38.
- Cole, JK 2006. The history of fragrance. *The Herbalist* 72, 22-33.
- Collon, D 1995. Clothing and grooming in ancient western Asia, in Sasson, CM (ed), *CANE* Vol. I. New York: Charles Scribner, 503-515.
- Corson, R 1972. *Fashions in makeup, from ancient to modern times*. London: Owen.
- Cottrell, L 1966. *Queens of the pharaohs*. London: Evans Brothers.
- Crawford, H (ed) 2013. *The Sumerian world*. London: Routledge.

- Dake, FJ (ed) 2007. *The Dake's annotated reference Bible: The Holy Bible* Lawrenceville: Dake.
- D'Ambrosio, A 2001. *Women and beauty in Pompeii*. Los Angeles: J. Paul Getty Museum.
- Dauphin, C 1996:97. Leprosy, lust and lice: health and hygiene in Byzantine Palestine. *Bulletin of the Anglo-Israel Archaeological Society*. (15), 55-80.
- Davey, CJ 1979. Some ancient Near Eastern pot bellows. *Levant* I, 101-111.
- Dawson, WR 1964. *The beginnings: Egypt & Assyria*. New York: Hafner.
- Dayagi-Mendels, M 1989. *Cosmetics and perfumes in the ancient world*. Jerusalem: The Israel Museum.
- Dayagi-Mendels, M 1997. s.v. 'Cosmetics', in Meyers, EM (ed), *The Oxford Encyclopedia of Archaeology in the Near East*, Vol. 2. Oxford: Oxford University Press, 67-69.
- Depietro, DD 2013. s.v. 'Cosmetics, Egypt', in Bagnall, RS, Broderson, K, Champion CB, Erskine, A & Huebner, SR, (eds) *The Encyclopedia of Ancient History Vol. VI*. Chichester: Wiley Blackwell, 1807-1809.
- Dobbs-Allsopp, FW 2006. s.v. 'Beauty', in Sakenfeld, KD (ed), *The New Interpreter's Dictionary of the Bible*. Vol. I. Nashville: Abingdon, 415-416.
- Dorsey, DA 1997. s.v. 'Roads', in Meyers, EM (ed). *The Oxford Encyclopedia of Archaeology in the Near East*. Vol. 4. Oxford: Oxford University Press, 431-434.
- Doxey, DM 2000. s.v. 'Anubis', in Redford, DB (ed), *The Oxford Encyclopedia of Ancient Egypt*. Vol. I. New York: Oxford University Press, 97-98.
- Doxey, DM 2001. s.v. 'Priesthood', in Redford, DB (ed) *The Oxford Encyclopedia of Ancient Egypt*. Vol 3. New York: Oxford University Press, 85-86
- Douglas, JD & Tenney, MC (eds) 1987. s.v. 'Baths, bathing', in *The New Interpreter's Dictionary of the Bible*. Basingstoke: Marshall Pickering, 128, 411.
- Draelos, ZD 2001. Overview: cosmetics and the art of adornment. *Dermatologic Therapy* Vol. 14, 175-177.
- Draelos, ZD 2015a. Cosmetic drugs of antiquity. *Journal of cosmetic dermatology* Vol. 14(2), 267.
- Draelos, ZD 2015b. Cosmetics: The medicine of beauty. *Journal of cosmetic dermatology* 14(2), 91.
- Duche, J 1969. *The great trade routes*. London: Collins.
- Edersheim, A (ed) 1994. *Sketches of Jewish social life*. Peabody: Hendrickson.
- Edwards, DR 1992. s.v. 'Dress and ornamentation', in Freedman, DN (ed), *The Anchor Bible Dictionary*. Vol. 2. New York: Doubleday, 232-238.
- El-Kilany, E & Raouf, E 2017. Facial Cosmetics in Ancient Egypt. *Egyptian Journal of Tourism Studies* Vol. 16, No. 1, 1-19.
- Emmet, CW 1954. s.v. 'Eye', in Hastings, J (ed), *Dictionary of the Bible*. Edinburg. T & T Clark, 1.
- Ennis, AR 1964. *The land of our Lord*. Surrey: Religious Education.
- Erikson, JM 1969. *The universal bead*. New York: Norton.
- Erman, A 1971. *Life in ancient Egypt*. Tirard, HM (trans). New York: Dover.
- Everhart, JS 2009. s.v. 'Mirror', in Sakenfeld, KD (ed), *The New Interpreter's Dictionary of the Bible*. Vol. 4. Nashville: Abingdon, 108.
- Ewing, W 1954. s.v. 'Hair', in Hastings, J (ed), *Dictionary of the Bible*, Edinburg:

- T & T Clark, 325-326.
- Fagan, BM 1980. *People of the earth: An introduction to world prehistory* (3rd ed). Toronto: Little Brown.
- Fagan, BM 2012. *Ancient lives: An introduction to archaeology and prehistory* (5th ed). Santa Barbara: Pearson.
- Fagan, GG 2013. s.v. 'Baths, bathing', in Bagnall, RS, Broderson, K, Champion CB, Erskine, A & Huebner, SR (eds), *The Encyclopedia of Ancient History*. Vol. II. Chichester: Wiley Blackwell, 1064-066.
- Fausset, AR (ed) 1971. s.v. 'Anoint', *Fausset Bible Dictionary*, Grand Rapids Zondervan.
- Finkelstein, I 1995. *Living on the fringe: The archaeology and history of the Negev, Sinai and neighbouring regions in the Bronze and Iron Ages*. Sheffield: Sheffield Academic Press.
- Filer, BM 2001. s.v. 'Hygiene', in Redford, DB (ed), *The Oxford Encyclopedia of Ancient Egypt*. Vol. 2. New York: Oxford University Press, 1336.
- Fleck, MB 1973. *Salesmanship in the beauty salon*. New York: Milady.
- Fletcher, J 1999. *Oils and perfumes of ancient Egypt*. New York: Harry Abrahams.
- Fletcher, J 2000. s.v. 'Hair', in Nicholson, P & Shaw, I, in *Ancient Egyptian materials and technology*, 495 – 501.
- Fletcher, J 2009. *Cleopatra the great: the woman behind the legend*. London: Hodder & Stoughton.
- Forbes, RJ 1965. *Studies in ancient technology*. Vol. III (2nd ed). Leiden: Brill.
- Forbes, RJ 1966. *Studies in ancient technology*. Vol. V (2nd ed). Leiden: Brill.
- Fossey, E, Harvey, C, McDermott, F & Davidson, I 2002. Understanding and evaluating qualitative research. *Australian and New Zealand Journal of Psychiatry* 36, 717-732.
- Franke, DF 1995. 'The Middle Kingdom in Egypt,' in Sasson MC (ed), *CANE*. Vol. II. New York: Charles Scribner, 735-748.
- Fried, LS 2007. Why did Joseph shave? *BAR* 33(4), 36-41, 74.
- Gautsch, DR 1991. s.v. 'Cosmetics', in Butler, TC (ed), *Holman Bible Dictionary*. Nashville: Holman Bible, 304-305.
- Geldenhuis, JN. (red) 1976. *Die Bybel met verklarende aantekeninge. Deel I, Genesis tot Hooglied van Salomo*. Kaapstad: Verenigde Protestantse. 1086.
- Gispén, WH, Oosterhoff, BJ, Ridderbos, HN & Van Unnik, WC (reds) 1975. s.v. 'Kaneel' in *BE*. Kaapstad: Verenigde Protestantse.
- Goedicke, H 1984. Abi-Sha(i)'s representation in Beni Hasan. *JARCE* 21, 203-210.
- Goerwitz, RL 2003. Long hair or short hair in Ezekiel 44:20? *JAOS* 123(2), 371-376.
- Goffart, WA 1987. *Barbarian Tides: 1500 – 600 BC*. Amsterdam: Time-Life.
- Golden, JM 2009. *Ancient Canaan and Israel - An introduction*. Oxford: Oxford University Press.
- Grabbe, LL 2012. Shaman, preacher, or spirit medium? The Israelite prophet in the light of anthropological models, in Day, LL (ed), *Prophecy and the prophets in ancient Israel*. New York: Bloomsbury.
- Graf, DE 2013. s.v. 'Caravan trade', in Bagnall, RS, Broderson, K, Champion, CB, Erskine, A & Huebner, SR (eds). *The Encyclopedia of Ancient History*, Vol. II. Chichester: Wiley Blackwell, 598-599.

- Grajetzki, W 2006. *The Middle Kingdom of ancient Egypt: History, archaeology and society*. London: Gerald Duckworth.
- Graves, C 2017. The Oryx nome: An Egyptian cultural landscape of the Middle Kingdom. Unpublished Ph.D Dissertation, Birmingham: University of Birmingham.
- Green, L 2001a. s.v. 'Hairstyles', in Redford, DB (ed), *The Oxford Encyclopedia of Ancient Egypt*. Vol. 1. New York: Oxford University Press, 73-76.
- Green, L 2001b. s.v. 'Toiletries and cosmetics', in Redford, DB (ed), *The Oxford Encyclopedia of Ancient Egypt*. Vol. 3. New York: Oxford University Press, 412-417.
- Grigson, C 2012. Camels, copper and donkeys in the Early Iron Age of Southern Levant: Timna revisited. *Levant* Vol. 44(1), 82-100.
- Griffith, FLI & Thompson, H (eds) 1974. *The Leyden Papyrus: An Egyptian magical book*. New York: Dover.
- Gröning, K 1997. *Decorated skin: A world survey of body art*. London: Thames and Hudson.
- Groom, N 1981. *Frankincense and myrrh: A study of the Arabian incense trade*. London: Longman.
- Gupta, S 2013. s.v. 'Aromata Emporium (Port of spices/Spice port)', in Bagnall, RS, Broderson, K, Champion CB, Erskine, A & Huebner, SR (eds), *The Encyclopedia of Ancient History*. Vol. II. Chichester: Wiley Blackwell, 754.
- Halioua, B & Ziskind, B 2005. *Medicine in the days of the pharaohs*. De Bevoïse, MB (trans). Massachusetts: The Belknap.
- Hallmann, A 2004. Was ancient Egyptian kohl a poison? *Perspectives of Research*, 12-14, 69-72.
- Hammond, PC, 1981. New light on the Nabateans: Recent excavations at the rose red city of Petra reveal devastation by the same earthquake which destroyed Jerusalem in 363 A.D. *BAR* 1981 7(2), 22-43.
- Hardy, A & Rollinsen, G 2009. Green eye cosmetics of antiquity. *Pharmaceutical Historian* 39(1), 2-7.
- Harrison, RK 1963. *Archaeology of the Old Testament*. London: The English University.
- Harrison, RK 1966. *Healing herbs of the Bible*. Leiden: Brill.
- Harrison, RK 1983. s.v. 'Merchan', in Blacklock, EM & Harrison, RK (eds), *The New International Dictionary of Biblical Archaeology*. Grand Rapids: Regency, 311.
- Hartman, H 2013. s.v. 'Balm,' in Bagnall, RS, Broderson, Champion CB, Erskine, A.& Huebner, SR (eds), *The Encyclopedia of Ancient History*. Vol. II. Chichester: Wiley Blackwell, 1027.
- Hayman, HH 2004a. s.v. 'Beard', in Smith, W & Fuller JM (eds), *The Encyclopaedic Dictionary of the Bible*. Vol. 2. New Delhi: Logos, 754.
- Hayman, HH 2004b. s.v. 'Bath, bathing', in Smith, W & Fuller, EM (eds), *The Encyclopaedic Dictionary of the Bible: Comprising Antiquities, Biography, Geography and Natural History*. Vol. 2. New Delhi: Logos, 372-373.
- Hayes, WC 1961. *The Middle Kingdom of Egypt: internal history from the rise of the Heracleopolitans to the death of Ammenemes III*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Heicksen, MH 1975. s.v. 'Cosmetics,' in Tenney, MC (ed), *The Zondervan Pictorial encyclopedia of the Bible*, Vol I. Grand Rapids: The Zondervan, 981.

- Hepper, FN & Taylor, JE 2004. Date palms and *opobalsam* in the Madaba mosaic map. *PEQ* 136(1), 35-44.
- Hershkovitz, M 1986. Miniature ointment vases from the Second Temple period. *IEJ* 36(1), 45-51.
- Herodotus, 1916, *The history of Herodotus* Vol. 1. Rawlinson, G (Trans). London: JM Dent.
- Hirschfeld, Y 2007. The rose and the balsam: the garden as a source of perfume and medicine, in Conan, M (ed), *Middle East garden traditions: unity and diversity*. Washington: Dumbarton Oaks, 21-35.
- Hoebel, EA 1965. Clothing and ornament, in Roach, ME & Eicher, JB (eds), *Dress, ornament, and the social order*. New York: John Wiley, 15-27.
- Hopkins, DC 2000. s.v. 'Trade and commerce', in Freedman, DN (ed), *The Eerdmans's Dictionary of the Bible*. New Delhi: Logos, 1323-1325.
- Huey, FB 1976. s.v. 'Ointment', in Tenney, MC (ed), *The Zondervan Pictorial Encyclopedia of the Bible*. Grand Rapids: Zondervan, 515-518.
- Husein, RTA 1986. The early Arabian trade and marketing. *The Islamic Quarterly* Vol. 30(2), 109-117.
- James, TGH 1979. *An introduction to ancient Egypt*. New York: Harper & Row.
- Jensen, LB 1963. Royal purple of Tyre. *JNES* 22(2), 104-118.
- Jobling, WJ 1993. Southern Jordan survey: Inscriptions, rock art and overland trade. *BA* 56(2), 105-106.
- Jobling, AH 1969. 'The cosmologist', in *All trades and occupations of the Bible and fascinating study of ancient arts*. London: Pickering & Ingles.
- Joffe, AH 1997. s.v. 'Palestine in the Bronze age', in Meyers, EM (ed), *The Oxford Encyclopedia of Archaeology in the Near East*. New York: Oxford University, 212-217.
- Johnson, P 1978. *The civilization of ancient Egypt*. London: Weidenfeld and Nicolson.
- Jones, G 2010. *Beauty imagined: A history of the global beauty industry*. Oxford: Oxford University Press.
- Jordan, P 1976. *Egypt the Black Land*. Oxford: Phaidon.
- Kaiser, SB 1985. *The social psychology of clothing*. New York: Macmillan.
- Kamrin, J 1992. Monument and microcosm : The 12th Dynasty tomb chapel of Khnumhotep II at Beni Hasan. Unpublished Ph.D Dissertation. Pennsylvania: University of Pennsylvania.
- Kamrin, J 2001. s.v. 'Khnumhotep II of Beni Hasan', in Redford, DB (ed), *The Oxford Encyclopedia of Ancient Egypt*. Vol. I. Oxford: Oxford University Press, 232.
- Kamrin, J 2009. The Aamu of Shu in the tomb of Khnumhotep II at Beni Hassan. *JAIEI* 1(3), 22-36.
- Kanawati, N & Woods, A 2010. *Beni Hasan: Art and daily life in an Egyptian province* (e-book).
- Kapp, JW 1979. s.v. 'Baldness', in Bromiley, GW (ed), *The International Standard Bible encyclopedia*, Vol. 1. Grand Rapids: WB Eerdmans, 406.
- Kelso, JL 1972. Abraham as archaeology knows him. *Perspective* (Pittsburgh) 13(1), 4-22.
- Kelso, J 1976. s.v. 'Travail', in Tenney, MC (ed), *The Zondervan Pictorial Encyclopedia of the Bible*. Vol. 5. Grand Rapids: Regency, 798-807.

- Kempinsky, A 1988. Jakob in history. *BAR* 14(1), 42-47.
- Kessler, D 1987. Die Asiatenkarawane von Beni Hasan. *Studien zur altägyptischen kultur*, 14, 147-165.
- King, J & Stager, LE 2001. *Life in Biblical Israel*. Louisville: Fort Knox.
- Kirk, MA 2004. *Women of Bible lands: a pilgrimage to compassion and wisdom*. Collegeville: Liturgical.
- Kirkbride, BB 1964. Thomson: *The New Chain Reference Bible* (4th ed). Indianapolis: Kirkbride Bible, 541.
- Kitchen, KA 1980. Cosmetics and perfumery, in Golan, A & Douglas, JD in *IBH*. Sydney: Interscience Press, 320-324.
- Kocić, H, Stanković, M & Arsić, I, 2017. Nanoliposome encapsulation with donkey milk bioactive proteins and its possible application in dermatology and cosmetics. *Actafacultatis medicae Naissensis*. 34(3), 199-204.
- Kohler, C 1963. *A history of costume*. Von Sichart, E (ed), Dallas, AK (trans). New York: Dover.
- Kottek, S 2003. Medicine in ancient Hebrew and Jewish cultures, in Selin, H, (ed) *Medicine across cultures: History and practice of medicine in Non-Western cultures*. Dordrecht: Kluwer, 305-324.
- Kuhn, R 2013. s.v. 'Palette', in. Bagnall, RS, Broderon, K, Champion, CB, Erskine, A & Huebner, SR (eds), *The Encyclopedia of Ancient History*, Vol. I. IX, Chichester: Wiley Blackwell, 5007-5008.
- Larsen, MT 2008. The old Assyrian merchant colonies, in Aruz, J, Benzel, K, & Evans, JM (eds), *Beyond Babylon: Art, trade, and diplomacy in the Second Millenium B.C*. New Haven: Yale University Press, 70-81.
- Latham-Bevan, W 2004. s.v. 'Paint', in Smith, W & Fuller, JM (eds), *Encyclopaedic Dictionary of the Bible*, Vol. 8. New Delhi: Logos, 657-658.
- Laver, J 1969. *A concise history of costume*. London: Thames and Hudson.
- Lemaire, A 2010. Solomon & Sheba, Inc. new inscription confirms trade relations between "towns of Judah" and South Arabia. *BAR* 36(1), 54-59, 82.
- Lemche, NP 1988. *Ancient Israel: A new history of Israelite Society*. Sheffield:JSOT.
- Le Roux, M 2008. Ancient Near Eastern influence in sub-Saharan Africa. *Ekklesiastikos Pharos* 90(19), 1-20.
- Le Roux, M 2010. Pre-Islamic Arabic trade and religion on the East Coast of Africa. *Ekklesiastikos Pharos* 92(21), 88-108.
- Lichtheim, M 1988. *Ancient Egyptian autobiographies chiefly of the Middle Kingdom: A study and an anthology*. Freiburg: Universitätsverlag Freiburg Schweiz.
- Lipinski, E 1995. The Phoenicians, in Sasson, MC (ed), *CANE* Vol. 2. New York: Charles Scribner, 1321-1333.
- Liverani, M 2008. The Late Bronze Age: Materials, mechanisms of trade and cultural exchange, in Aruz, J, Benzel, K & Evans, JM (eds), *Beyond Babylon: Art, trade, and diplomacy in the Second Millenium B.C*. New Haven: Yale University Press, 161-168.
- Liverani, M 2014. *The ancient Near East: History, society and economy*. London: Routledge.
- Liu, X 2010. *The silk road in world history*. Oxford: Oxford University Press.

- Llewellyn-Jones, L 2013. s.v. 'Beauty', in Bagnall, RS, Broderson, K, Champion, CB, Erskine, A & Huebner, SR (eds), *The Encyclopedia of Ancient History*, Vol. I. Chichester: Wiley Blackwell, 1069-1071.
- Lloyd, LC 1961. Epithelial tumours of the skin of sheep: Tumours of areas exposed to solar radiation. Department of Veterinary pathology and Bacteriology. Sydney: University of Sydney.
- Lloyd, S 1961. *The art of the ancient Near East*. Norwich: Jarrold.
- Lockyer, H 1969. *All the trades and occupations of the Bible: A fascinating study of ancient arts*. London: Pickering & Ingles.
- Lucas, A 1930. Cosmetics, perfumes and incense in ancient Egypt. *JEA* 16(1/2), 41-53.
- Lucas, A 1962. *Ancient Egyptian materials and industries* (4th ed). London: Edward Arnold.
- Malamat, A 1983. 'Silver, gold, and precious stones from Hazor' in a new Mari document. *BA* 1983, 169-174.
- Mallowan, MEL 1965. *Early Mesopotamia and Iran*. London: Thames and Hudson.
- Malul, M 2002. *Knowledge, control and sex: Studies in Biblical thought, culture and worldview*. Jaffa: Archaeological Centre.
- Manchip White, JM 1970. *Ancient Egypt: Its culture and history*. London: George Allen & Unwin.
- Manniche, L 1989. *An ancient Egyptian herbal*. London: British Museum.
- Manniche, L 1999. *Sacred luxuries: fragrance, aromatherapy and cosmetics in ancient Egypt*. London: Opus.
- Mare, WH 1975. s.v. 'Eyepaint', in *The Zondervan Pictorial Encyclopedia of the Bible* Vol. 2, Grand Rapids: Regency, 453-454.
- Markoe, G 1996. The personal adornment of ancient Egyptian women. *Minerva* 7(6), 40-44.
- Markoe, G 2000. *Phoenicians: Peoples of the past*. London: The British Museum.
- Marsman, HJ 2003. *Women in Ugarit and Israel: Their social and religious position in the context of the ancient Near East*. Leiden: Brill.
- Marwick, A 1988. *Beauty in history: society, politics and personal appearance c 1500 to the present*. London: Thames and Hudson.
- Maspero, G 1897. *The dawn of civilization: Egypt and Chaldea*. Sayce, AH (ed), McClure, MI (trans), (3rd ed). New York: D. Appleton.
- Matthews, VH 1992. s.v. 'Perfumes and spices', in Freedman, DN (ed), *The Anchor Bible Dictionary*. Vol. 5. New York: Doubleday, 226-228.
- Matthews, VH 1993. *Manners and customs in the Bible* (rev ed). Peabody: Hendrickson.
- Matthews, VH 2006. s.v. 'Cosmetics', in Sakenfeld, KD (ed). *New Interpreter's Dictionary of the Bible*, Vol. 1. Nashville: Abingdon, 754-755.
- Matthews, VH 2009a. s.v. 'Nard', in Sakenfeld, KD (ed), *New Interpreter's Dictionary of the Bible*, Vol. 4. Nashville: Abingdon, 322.
- Matthews, VH 2009b. s.v. 'Ointment', in Sakenfeld, KD (ed), *The New Interpreter's Dictionary of the Bible*. Vol. 4. Nashville: Abingdon, 323-324.
- Mattingly, GL 1988. s.v. 'Mirror', in Ellwell, WA (ed) *Baker Encyclopedia of the Bible*. Vol. 2. Grand Rapids: Baker, 1474:
- McCormick, D 1985. Hair, in Roddick, A (ed), *The body shop book*. London: Macdonald, 17-52.

- Meijer, F 1986. *A history of seafaring in the Classical world*. London: Croom Helm.
- Meshel, Z & Tsafir, Y 1974. The Nabatean road from 'Avdat to Sha 'Ar-Ramon. *PEQ* (Jan-Jun), 103-108.
- Meyrat, P 2013. s.v. 'Punt', in Bagnall, RS, Broderson, K, Champion, CB, Erskine, A & Huebner, SR, *The Encyclopedia of Ancient History*. Vol. X. Chichester: Wiley Blackwell, 5665-5666.
- Milgrom, J 1983. Of hems and tassels: Rank, authority and holiness were expressed in antiquity by fringes on garments. *BAR* 9(3), 61-65.
- Millard, A 1971. *Egypt*. London: Hart-Davis.
- Miller, MS & Miller, JL (eds) 1976. s.v. 'Merchants', in *Harper's Encyclopedia of Bible Life*. San Francisco: Harper & Row, 226.
- Miller, MS & Miller, JL (eds) 1978. s.v. 'Balm', in *Harper's Encyclopedia of Bible Life*. San Francisco: Harper & Row, 88.
- Miller, RL 2013. s.v. 'Hygiene, Pharaonic Egypt', in Bagnall, RS, Broderson, K, Champion CB, Erskine, A & Huebner, SR (eds), *The Encyclopedia of Ancient History*, Vol. VI, 3354-3356. Chichester: Wiley Blackwell.
- Mixter, R 2004. s.v. 'Hair', in Smith, W & Fuller, JM (eds), *The Encyclopaedic Dictionary of the Bible: Comprising Antiquities, Biography, Geography and Natural Dictionary* Vol. 8. New Delhi: Logos, 15-16.
- Mondriaan, M 2010. The rise of Jahwism: The role of marginalised groups. Unpublished Ph.D Dissertation, Pretoria: Pretoria University.
- Montet, P 1968. *Egypt and the Bible*, in Keylock, LR (trans). Philadelphia: Fortress.
- Morley, N 2007. *Trade in classical antiquity*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Mourad, AL 2014. Rise of the Hyksos: Egypt and the Levant from the Middle Kingdom to the early Second Intermediate Period. Unpublished Ph.D Dissertation, Sydney: Maquarie University.
- Mugg Bailey, MJ 2000. s.v. 'Alabaster', in Freedman, DN (ed), *Eerdmans Dictionary of the Bible* Vol. X, William Eerdmans Publishing, 39.
- Murray, MA 1964. *The splendor that was Egypt*. London: Sidgwick and Jackson.
- Murube, J 2013. Ocular cosmetics in ancient times. *The Ocular Surface* 11(1), 2-7.
- Murube, J 2013. Ocular cosmetics in modern times. *The Ocular Surface* 11(2), 60-64.
- Naville, E 1894. *The temple of Deir el Bahari: Its plan, its founders and its first explorers: introductory memoir*. London: K Paul, Trench, Trübner.
- Negev, A 1988. Understanding the Nabateans. *BAR* 14(6), 26-45.
- Nemet-Nejat, KR 1998. *Daily life in ancient Mesopotamia*. Peabody: Hendrickson.
- Neufeld, E 1970. Hygiene conditions in ancient Israel (Iron Age). *Journal of the history of medicine and allied sciences* 25(4), 414-437.
- Neufeld, E 1971. Hygiene conditions in ancient Israel (Iron Age). *BA* 34(2), 42-66.
- Newberry, PE 1893. *Archaeological survey of Egypt, Beni Hasan part I-IV*, Griffith, FL (ed). London: Kegan Paul, Trunch & Tubner.
- Nicholson, PT & Shaw, I 2000. *Ancient Egyptian materials and technology*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Nunn, JF 1996. *Ancient Egyptian Medicine*. Oklahoma: Oklahoma University Press.

- Oberholzer, JP 1974. Kleredrag en liggaamsorg, in Fensham, FC & Oberholzer, JP, *Bybelse aardrykskunde, oudheidkunde en opgrawings*. Pretoria: Interkerklike Uitgewerstrust.
- Odendal, FF, Schoonees, PC, Swanepoel, CJ, Du Toit, SJ & Booysen, CM 1991. *HAT Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. (2^{de} uitgawe, 4^{de} druk). Johannesburg: Perskor.
- Oren, ED 1973. The overland route between Egypt and Canaan in the Early Bronze Age. *IEJ* 23(4), 198-205.
- Oumeish, OY 2001. The cultural and philosophical concepts of cosmetics in beauty and art through the medical history of mankind. *Clinics in dermatology* 19, 375-386.
- Oxford, J 2000. s.v. 'Cosmetics', in Freedman, DN (ed), *The Eerdmans' Dictionary of the Bible*. Cambridge: WB Eerdmans, 287.
- Palmer, E 1977. *A field guide to the trees of Southern Africa*. Johannesburg: Collins.
- Papyrus Ebers: Das ältes Buch über Heilkunde*, 1973. Joachim, H (trans). Berlyn: Walter de Gruyter.
- Parker, P 2012. *The great trade routes: A history of cargoes and commerce over land and sea* (ed). London: Conway.
- Payne, JB 1979. s.v. 'Bathe', in Brommily, GW (ed), *International Standard Bible Encyclopedia*. Vol. I. Grand Rapids: WB Eerdmans, 439.
- Peck, WH 2013. *The material world of ancient Egypt*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Peet, TE (sa) Early Egyptian life and culture, in Hammerton, JA (ed) *UHW* Vol. 1. London: The Educational Book, 481-509.
- Pemberton, D 2004. *The glories of ancient Egypt: Treasures of the Pharaohs*. London: Duncan Baird.
- Perdu, O 1995. Ancient Egyptian autobiographies, in Sasson, JM (ed), *CANE* Vol. IV. New York: Charles Scribner, 2243-2254.
- Perkin, HW 1987. s.v. 'Occupation and professions', in Douglas, JD & Tenny, MC (eds). *The New Interpreter's Dictionary of the Bible*. Basingstoke: Marshall Pickering, 716-726.
- Perkin, HW 1988. s.v. 'Fashion and dress', in Elwell, WA (ed), *Biblical Encyclopedia of the Bible*. Vol I. Grand Rapids: Baker, 778-780.
- Pernigotti, S 1997. Priests, in Donadoni, S (ed), *The Egyptians*. Chicago: The University of Chicago Press, 121-150.
- Periplus of the Erythraean sea* 1980 (unknown author). Huntingford, GWB (trans) (ed). London: The Hakluyt Society.
- Petrie, WMF 1923. *Social life in ancient Egypt*. London: Constable.
- Pitard, WT 1998. Before Israel: Syria-Palestine in the Bronze Age, in Coogan, MD (ed), *The Oxford History of the Biblical World*. Oxford: Oxford University Press, 33-78.
- Pliny, 1991. *Pliny the Elder: Natural history – a selection*, in Healy, JF (trans). London: Penguin.
- Potts, DT 1995. Distant shores; ancient Near Eastern trade with South Asia and Northeast Africa, in Sasson, CM (ed), *CANE* Vol. III. New York: Charles Scribner, 1451-1463.
- Prouser, OH 1996. Suited to the throne: the symbolic use of clothing in the David and Saul narratives. *JSOT* 71(5), 27-37.

- Pulak, C 1998. The Uluburun shipwreck: An overview. *The International Journal of Nautical Archaeology* 27(3), 188-224.
- Pulak, C 2008. Canaanite merchants, in Aruz, J, Benzel, K & Evans, JM (eds) *Beyond Babylon: Art, trade, and diplomacy in the Second Millenium B.C.* New Haven: Yale University Press, 366-367.
- Quirke, LL & Quirke, S 2000. Painting materials, in Nicholson, PJ & Shaw, I, *Ancient Egyptian Materials and Technology*. Cambridge: Cambridge University Press, 104-120.
- Rasmussen, CG 1986. The economic importance of caravan trade for the Solomonic Empire, in Kaiser WC & Youngblood, RF (eds), *A tribute to Gleason Archer*. Chicago: Moody, 153-166.
- Rawlinson, G 1886. *The story of nations: Ancient Egypt* (9th ed). London: T. Fisher Unwin.
- Reines, CW 1975. Beauty in the Bible and the Talmud. *Judaism* 24(1), 100-107.
- Redford, DB 1992. *Egypt, Canaan, and Israel in ancient times*. Princeton: Princeton University Press.
- Redford, DB 2006. *A history of ancient Egypt: Egyptian civilization in context*. Dubuque: Kendall/Hunt.
- Reese, DS 1988. The new engraved Tridacna shell from Kish. *JNES* 47(1), 35-41.
- Rice, M 2003. *Egypt's making: The origins of Ancient Egypt 5000 – 2000 BC*. New York: Routledge.
- Richard, SL 1985. s.v. 'Cosmetics', in Achtemeier, PJ (ed), *Harper's Bible Dictionary*, New York: Harper & Row, 190.
- Richard, SL 1996. s.v. 'Cosmetics', in Achtemeier, PJ (ed), in *The Harper Collins Bible Dictionary*. San Francisco: Harper & Row, 207, 690.
- Richardson, S 2012. The old Assyrian trade, in Parker, P (ed) *The great trade routes: The history of cargoes and commerce over land and sea*. London: Conway, 25-26.
- Richardson, S 2012. The Mediterranean in the Late Bronze Age in Parker, P (ed), *The great trade routes: The history of cargoes and commerce over land and sea*. London: Conway, 30-33.
- Roach, ME & Eicher, JB 1965. *Dress, adornment and the social order*. New York: John Wiley & Sons.
- Robins, G 1993. *Women in ancient Egypt*. London: British Museum.
- Robins, G 1999. 'Hair and the construction of identity in ancient Egypt', in *Journal of the American Research Center in Egypt*, 180 – 190.
- Roia, FC 1966. The use of plants in hair and scalp preparations. *Economic Botany* 20(1), 17-30.
- Romm, S 1992. *The changing face of beauty*. St. Louis: Mosby-Year.
- Rosner, FR 1977. *Medicine in the Bible and the Talmud: Selections from classical Jewish sources*. New York: Ktav, Yeshiva University Press.
- Röthlin, G A 2009. Gold and silver for a kingdom: The Judean economy in the Iron Age II: Possible sources for King Hezekiah's wealth. Unpublished MA Dissertation, Pretoria: Unisa.
- Rousseau, JJ & Arav, R 1995. *Jesus and his world: an archaeological and cultural dictionary*. Minneapolis: Fortress.

- Ruffle, J 1977. *The Egyptians: An introduction to Egyptian archaeology*. New York: Cornell University Press.
- Saretta, P 1997. Egyptian perceptions of West Semites in art, and literature during the Middle Kingdom (An archaeological, art historical and textual survey). Unpublished Ph.D Dissertation, New York: New York University.
- Sasson, JM 2008. Texts, trade, and travellers, in Aruz, J, Benzel, K_& Evans, JM (eds), *Beyond Babylon: Art, trade, and diplomacy in the Second Millenium B.C*. New Haven: Yale University Press, 95-100.
- Scheffler, E 2000. *Fascinating discoveries from the Biblical world*. Pretoria: Biblia.
- Schneider, T 2008. Egypt and the Levant, in Aruz, J, Benzel, K & Evans, JM (eds), *Beyond Babylon: Art, trade, and diplomacy in the Second Millenium B.C*. New Haven: Yale University Press, 61-62.
- Schneider, T 2013. *Ancient Egypt investigated, 101 important questions and intriguing answers*. Lorton, D (trans). London: I.B. Tauris.
- Scott, DA 2016. A review of ancient Egyptian pigments and cosmetics. *Studies in Conservation* 61(4), 185-201.
- Scramuzza, VM & Mac Kendrick, PL 1958. *The ancient world*. New York: Holt, Rinehart and Winston.
- Selin, H 2003. *Medicine across cultures: History and practice of medicine in Non-Western cultures*. London: Kluwer.
- Sha, H 2017. The role and status of women during the pre-monarchic period (1200-1050 B.C.). Unpublished MA Dissertation, Pretoria: Unisa.
- Shafik, A & Elseesy, WR 2003. Medicine in ancient Egypt, in Selin, H, (ed) *Medicine across cultures: History and practice of medicine in Non-Western cultures*. Dordrecht: Kluwer, 27-47.
- Shaw, I & Nicholson, P (eds) 2008. s.v. 'Hair', *The British Museum Dictionary of ancient Egypt*. London: The British Museum, 134.
- Shea, WH 1981. Artistic balance among the Beni Hasan Asiatics. *BA* 44, 219-228.
- Shewell-Cooper, WE 1975. s.v. 'Spikenard', in Tenney, MC (ed), *The Zondervan Pictorial Encyclopedia of the Bible*. Vol. 5. Grand Rapids: Regency, 502.
- Shorter, AW 1932. *Everyday life in ancient Egypt*. London: Sampson Low.
- Sieberhagen, M 2011. Interdisciplinêre argeologiese navorsing van musiekinstrumente in antieke Israel/Palestina gedurende die Ysterperk. Ongepubliseerde MA Verhandeling. Pretoria:Unisa.
- Smith, RL 2009. *Premodern trade in world history*. London: Routledge.
- Smith, S 2010. A portion of life solidified: Understanding ancient Egypt through the integration of archaeology and history. *JEH*3(1), 159-189.
- Snell, DC 1992. s.v. 'Trade and commerce', in Freedman, DN (ed), *The Anchor Bible Dictionary*. Vol. 6. New York: Double Day, 625-629.
- Sommer, W 1943. The meaning of בַּיִת in the Old Testament. *JBL* 62(1), 33-35.
- Spanel, DB 2001. s.v. 'Beni Hasan', in Redford, DB (ed). *The Oxford Encyclopedia of Ancient Egypt*. Vol. 1. New York: Oxford University Press, 175-177.

- Spar, I 2008. The Amarna letters, in Aruz, J, Benzel, K & Evans, JM (eds), *Beyond Babylon: Art, trade, and diplomacy in the Second Millenium B.C.* New Haven: Yale University Press, 168-169.
- Spekke, A 1957. *The ancient amber routes and the geographical discovery of the Eastern Baltic.* Stockholm: M. Goppers.
- Starr, CG 1974. *A history of the ancient world.* New York: Oxford University Press.
- Steindorff, D & Seele, RC 1957. *When Egypt ruled the East.* Chicago: The University of Chicago Press.
- Stern, E 1975. Israel at the close of the period of the monarchy: An archaeological survey. *BA* 38(2), 26-54.
- Stern, E 1993. The material culture of the Phoenicians. *BA* Sept, 135-137.
- Stern, E 1998. Buried treasure: The silver hoard from Dor. *BAR* 24(4), 46-51, 62-63.
- Stern, E 2001. *Archaeology of the land of the Bible: Assyrian, Babylonian, and Persian periods 732 – 332 BCE.* Vol. II. New York: Doubleday.
- Stieglitz, RR 1984. Long-distance seafaring in the ancient Near East. *BA* 47(3), 134-142.
- Stol, M 2016. *Women in the ancient Near East.* Berlin: Walter de Gruyter.
- Strange, JF 1991. s.v. 'Antimony', in Butler, TC (ed), *Holman Bible Dictionary.* Nashville: Holman Bible, 64.
- Streit, K 2017. A maximalist interpretation of the execration texts - archaeological and historical implications of a high cronology. *JAEL.* Vol. 13. 59-69.
- Strouhal, E, Vachala, B & Vymazalova, H 2014. *The medicine of the ancient Egyptians: Surgery, gynecology, obstetrics, and pediatrics.* Cairo: The American University in Cairo Press.
- Swain, JW & Armstrong, WH 1959. *The peoples of the ancient world.* New York: Harper & Row.
- Tanzer, HH 1939. *The common people of Pompeii: a study of the graffiti.* Baltimore: The John Hopkins.
- Tassie, GJ 2013. s.v. 'Hair, hairstyling, Pharaonic Egypt', in Bagnall, RS, Broderon, K, Champion, CB, Erskine, A & Huebner, SR (eds), *The Encyclopedia of Ancient History.* Vol. VI. Chichester: Wiley Blackwell, 3036-3-39.
- Taylor, JH & Antoine, D 2014. *Ancient Lives: new discoveries eight mummies, eight stories.* London: The British Museum.
- Theophrastus, 1980. *Enquiry into plants and minor works on odours and weather signs.* Vol. II, Hort, A (trans). London: William Heinemann.
- Thompson, JA 1962a. s.v. 'Eyepaint', in Buttrick, GA (ed), *The Illustrated Dictionary of the Bible.* Vol. A-D. New York: Abingdon, 202-205.
- Thompson, JA 1962b. s.v. 'Cosmetics', in Buttrick, GA (ed), *The Interpreter's Dictionary of the Bible:* Vol. E-J. New York: Abingdon, 701-702.
- Thompson, JA 1975. s.v. 'Mirror', in Tenney, MC (ed), *The Zondervan Pictorial Encyclopedia of the Bible.* Vol. 4. Grand Rapids: Regency, 251.
- Thomson, JO 1948. *History of ancient geography.* Cambridge: Cambridge University Press.
- Tyldesley, J 1995. *Daughters of Isis: Women of ancient Egypt.* London: Penguin.

- Van Alfen, PG 2002. PANT'AGATHA – Commodities in Levantine Aegean trade during the Persian Period (6 – 4th c.B.C.). Unpublished PhD Dissertation, Austin: University of Texas.
- Van Beek, GW 1952. Recovering the ancient civilization of Arabia. *BA*15(1), 2-18.
- Van Beek, GW 1960. Frankincense and myrrh. *BA* 23(3), 69-95.
- Van Beek, G & O 1990. The function of the bone spatula. *BA* 53(4), 205-209.
- Van de Mierop, M 2011. *A history of ancient Egypt*. Chichester: Wiley-Blackwell.
- Van der Toorn, K 1995. Ritual resistance and self-assertion: The Rechabite in early Israelite religion, in Platvoet, J & Van der Toorn, K. *Pluralism and identity: Studies in ritual behaviour*. Leiden: E.J. Brill, 229-259.
- Van Dijk, J 2000. The Amarna period and the later New Kingdom (c. 1352-1069 B.C.), in Shaw, I (ed), *The Oxford History of Ancient Egypt*. Oxford: Oxford University Press, 272-313.
- Van Duyn, J 1974. *The Egyptians: Pharaohs and craftsmen*. London: Cassell.
- Van Rensburg, FJ & Nel, M 2009. *Die Bybel millennium 'n eenvolume kommentaar* (1ste uitg.) Vereeniging: Christelike.
- Van Seters, J 1966. *The Hyksos: A new investigation*. New Haven: Yale University Press.
- Velikovsky, I 1953. *Ages in chaos: From the Exodus to king Akhnaton*. Vol. 1. Glasgow: Collins.
- Vercoutter, J 1992. *The search for ancient Egypt*. New York: H.N. Abrahams.
- Vickers, M & Wright, FA 2012. s.v. 'Cosmetics', in Hornblower, S & Spawforth, A (eds) in *The Oxford Classical Dictionary* (4th ed). Oxford: Oxford University Press, 388.
- Vogelsang-Eastwood, G 2000. Textiles, in Nicholson, PJ & Shaw, I, *Ancient Egyptian Materials and Technology*. Cambridge: Cambridge University Press, 268-298.
- Walter, P, Martinetto, P, Tsoucaris, G, Bréniaux, R, Lefebvre, MA, Richard, G, Talabot, J, & Dooryhee, E 1999. Making make-up in ancient Egypt, in *Nature* Vol. 397, 483-484.
- Wasserman HP 1997: *Geneeskunde in die Bybel*. Pretoria: Van Schaik.
- Watson, P 2013. s.v. 'Cosmetics, Greece and Rome', in Bagnall, RS, Broderson, K, Champion, CB, Erskine, A & Huebner, SR (eds), *Encyclopedia of Ancient History* Vol. IV. Chichester: Blackwell Wiley, 1809-1810.
- Watterson, B 1991. *Women in ancient Egypt*. New York: St. Martin's.
- Wax, M 1965. Themes in cosmetics and grooming, in Roach, ME & Eicher, JB (eds) *Dress, adornment, and the social order*. New York: John Wiley, 36-45.
- Weeks, S 2012. Predictive and prophetic literature: Can Neferti help us read the Bible in Day, J (ed), *Prophecy and the prophets in ancient Israel*. London: Bloomsbury, 25-42.
- Weinstein, JM 1996. s.v. 'Hyksos', in Achtemeier PJ (ed), *The Harper's Collins Bible Dictionary*. San Francisco: HarperCollins, 444.
- Weitzman, S 2011. *Solomon: The lure of wisdom*. New Haven: Yale University Press.
- Wellard, J 1977. *Samarkand and beyond: A history of desert caravans*. London: Constable.
- Wells, FV & Billot, M 1981. *Perfumery technology – art: science: industry* (2nd ed). Chichester: Ellis Horwood.
- White, JM 1963. *Everyday life in ancient Egypt*. London: B.T. Batsford.
- White, JM 1970. *Ancient Egypt: Its culture and history*. London: George Allen & Unwin.

- White, REO 1988. s.v. 'Ointment', in Elwell, WA (ed), *Baker Encyclopedia of the Bible*, Vol. 2. Grand Rapids: Baker, 1586.
- White, W 1983. s.v. 'Cosmetics', in Blaiklock, EM & Harrison, RK (eds), *The New International Dictionary of the Bible*, Basingstoke: Marshall Pickering, 138.
- Wilkinson, JG 1878a. *The manners and customs of the ancient Egyptians*. Vol. I. London: John Murray.
- Wilkinson, JG 1878b. *The manners and customs of the ancient Egyptians*. Vol. II. London: John Murray.
- Wilkinson, JG 1878c. *The manners and customs of the ancient Egyptians*. Vol. III. London: John Murray.
- Woolley, CL 1963. *Excavations at Ur: A record of twelve years' work by Sir Leonard Woolley* (4th ed). London: Ernest Benn.
- Wright, GE 1955. Israelite daily life. *BA* 18(3), 50-79.
- Wright, M 1985. Contacts between Egypt and Syro-Palestine during the Protodynastic period. *BA* 48(4), 240-253.
- Wright, M 1988. Contacts between Egypt and Syro-Palestine during the Old Kingdom. *BA* 51(3), 143-161.
- Wright, WA 2004. s.v. 'Mirror', in Smith, W & Fuller, JM (eds), *Encyclopaedic Dictionary of the Bible: Antiquities, Biography, Geography & Natural History*. Vol. 6. New Delhi: Logos, 383.
- Yadin, Y 1963. *The art of warfare in Biblical lands in the light of archaeological discovery*. London: Weidenfeld and Nicholson.
- Yadin, Y 1966. *Masada – Herod's fortress and the Zealots' last stand*. London: Weidenfeld & Nicholson.
- Yadin, Y 1971. *Bar-Kochba: The rediscovery of the legendary hero of the last Jewish Revolt against Imperial Rome*. Jerusalem: Weidenfeld & Nicholson.
- Yamauchi, EM 2004. *Africa and the Bible*. Grand Rapids: Baker.
- Yarwood, D (ed) 1978. *The illustrated encyclopedia of world costume*. Mineola:Dover.
- Zarins, J 1978. The camel in ancient Arabia: a further note. *Antiquity* (52), 44-46.
- Zias, J 1991. Death and disease in ancient Israel. *BA* 54(3), 146-159.
- Zias, J & Gorski, A 2006. Capturing a beautiful woman at Masada. *NEA* 69(1), 45-48.
- Zimmerl, W 2013. s.v. 'Perfumes and unguents, Pharaonic Egypt', in Bagnall, RS, Champion, CB, Erskine, A & Huebner, SR (eds), *The Encyclopedia of Ancient History*, Vol. IX. Chichester: Wiley Blackwell, 5151-5152.

ARTIKELS ELEKTRONIES VERKRY

- AZ. Online 11 March 2009. Ancient cosmetics and glamour.
www.biblediscovered.com/biblical-women-of-israelites/ancient-cosmetics-and-glamour
 (Geraadpleeg 30 April 2015).
- Bailey, G 2015. Cancer eye in cattle. www.dpi.nsw.gov.au (Geraadpleeg September 2015).

Ravilious, K. Online 12 December 2016. Cleopatra's eye makeup warded off infections. <https://news.nationalgeographic.com/news/2010/01/100114-cleopatra-eye-makeup-ancient-egyptians/> (Geraadpleeg 12 Maart 2016).

Handmade cosmetics in ancient times. <http://allnaturalbeauty.us/ani8.htm> (Geraadpleeg 16 April 2016).

Cosmetic use in ancient Egypt, 2016. Online www.historyofcosmetics.net/cosmetic-history/ancient-egypt-cosmetics (Geraadpleeg 26 September 2016).

<http://www.bbc.com/news/health-13208989> (Geraadpleeg 4 Desember 2016).

Ancient Egyptian cosmetics. Aanlyn <https://helloworldciv.com/blog/ancient-egyptian-cosmetics> (Geraadpleeg 28 November 2017).

<https://za.pinterest.com/pin/475903885616772608/> (Gedateer 23 Maart 2018).

<https://www.brittanica.com/topic/Venus-of-Willendorf> (Gedateer 8 April 2018).

<https://za.pinterest.com/pin/861524603691228523/> (Gedateer 4 November 2018).

<https://www.ancient.eu/article/886/the-tale-of-sinuhe/> (Geraadpleeg 27 November 2018).

https://en.wikipedia.org/wiki/Gum_arabic (Geraadpleeg 28 Januarie 2019).

Where is Punt? <https://www.pbs.org/wgbh/nova/article/egypt-punt/> (Geraadpleeg 22 Februarie 2019).

<https://www.bladesmithforum.com/index.php?topic/27917-bronze-ducbill=axe> (Geraadpleeg 26 November 2019).

<https://www.dictionary.com/brows/semite?5=t> (Geraadpleeg 18 Februarie 2020).

Cohen, S 2016. The Beni Hasan tomb painting and scholarship of the southern Levant. Online <http://www.asor.org/onetoday/2016/07/the-beni-hasan-tomb-painting-and-scholarship-of-the-southern-levant/> (Geraadpleeg 18 Februarie 2020).

<http://www.asor.org/onetoday/2016/07/the-beni-hasan-tomb-painting-and-scholarship-of-the-southern-levant> (Geraadpleeg 18 Februarie 2020).

FOTOS ELEKTRONIES VERKRY

<https://za.pinterest.com/pin/474285404500706234> (Geraadpleeg 9 Januarie 2018).

<https://za.pinterest.com/pin/552816922981961377> (Geraadpleeg 10 Januarie 2018).

<https://za.pinterest.com/pin/6233264046404648346337> (Geraadpleeg 16 April 2018).

<https://www.ancient.eu/Ashurbanipal> (Geraadpleeg 20 April 2018).

<https://za.pinterest.com/pin/834080793458883926> (Geraadpleeg 25 April 2018).

<https://za.pinterest.com/pin/470204017315906620> (Geraadpleeg 27 April 2018).

<https://za.pinterest.com/pin/74963300448505157> (Geraadpleeg 6 Mei 2018).

<https://za.pinterest.com/pin/415105105290640720741> (Geraadpleeg 7 September 2018).

<https://za.pinterest.com/pin/84526942378752448> (Geraadpleeg 6 November 2018).

https://en.wikipedia.org/wiki/Bow_and_arrow (Geraadpleeg 11 November 2018).

https://www.sassonancientart.com/artwork_show_347.html (Geraadpleeg 11 November 2018).

https://en.wikipedia.org/wiki/Nubian_ibex#/media/File:PikiWiki_Israel_39769_Male_Ibex.jp (Geraadpleeg 21 November 2018).

<https://www.khanacademy.org/humanities/ancient-art-civilizations/egypt-art-/new-kingdom/a/paintings> (Geraadpleeg 1 Desember 2018).

https://en.wikipedia.org/wiki/Dorcac_gaselle (Geraadpleeg 15 Desember 2018).

<http://www.ask-aladdin.com/egypt-gods/anubis> (Geraadpleeg 15 Desember 2018).

<http://www.ourendangeredworld.com/species/landmammals/arabian-oryx/> (Geraadpleeg 17 Januarie 2019).

<https://blogs.discovermagazine.com/bodyhorrors/2012/04/20ophthalmology> (Geraadpleeg

20 Januarie 2019).

<https://en.wikipedia.org/wiki/Horus> (Geraadpleeg 1 Februarie 2019).

<https://en.wikipedia.org/wiki/Ra> (Geraadpleeg 1 Februarie 2019).

https://en.wikipedia.org/wiki/Leyden_papyrus_X (Geraadpleeg 1 Februarie 2019).

<http://www.ancientpages.com/2016/02/03/the-eybers-papyrus-most-famous-plant-medicine-encyclopedia-of-ancient-egyp> (Geraadpleeg 3 Februarie 2019).

https://en.wikipedia.org/wiki/Fluted_giant_clam (Geraadpleeg 4 Februarie 2019).

<https://www.metmuseum.org/art/collection/search/545165> (Geraadpleeg 6 Februarie 2019).

<https://www.biography.com/people/nefertiti-9421166> (Geraadpleeg 7 Februarie 2019).

https://en.wikipedia.org/wiki/Palermo_Steen (Geraadpleeg 20 Februarie 2019).

<https://www.pbs.org/wgbh/nova/article/egypt-punt> (Geraadpleeg 22 Februarie 2019).

<https://za.pinterest.com/pin/421649583847388900> (Geraadpleeg 23 Februarie 2019).

<https://za.pinterest.com/pin/726627721102941058> (Geraadpleeg 27 Februarie 2019).

<https://robertarood.wordpress.com/2012/04/01/egyptian-fayum-or-mummy-portraits> (Geraadpleeg 30 April 2019).

<http://www.egyptorigins.org/rahotepandnofret.htm> (Geraadpleeg 22 September 2019).

<https://www.compoundchem.com/2019/07/28/iypt051-antimony> (Geraadpleeg 24 Oktober 2019).

https://www.ancient.eu/Narmer_Palette/ (Geraadpleeg 7 Desember 2019).

https://www.wikiwand.com/en/List_of_ancient_Egyptian_towns_and_cities (Geraadpleeg 22 Januarie 2020).